# DIE VORMINGSJARE

# VAN DIE KERKLEIER J D [KOOT] VORSTER

# 1909 - 1956

deur

REINIER WILLEM LOUW

voorgelê ter vervulling van die vereistes vir

die graad

MAGISTER THEOLOGIAE

in die vak

KERKGESKIEDENIS

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: PROFESSOR C J BOTHA

NOVEMBER 1994

OPGEDRA AAN:

ELMARIE

GRIZELLE

# VOORWOORD

Dit is met groot dankbaarheid teenoor die Here dat hierdie studie afgehandel word.

Dankbaarheid:


-- vir 'n vader en moeder wat die Here geken het en ons kinders na die beste van hul vermoë met liefde en begrip opgevoed het in die vrese van die Here.

-- teenoor UNISA vir die bystand en hulp wat ek sedert 1965, toe ek vir my eerste graadkursus hier ingeskryf was, ervaar het.

-- vir 'n studieleier soos prof. Botha wat die studieveld afgebaken het en doelgerig, maar met soveel deernis, vir my begelei het.

-- vir APK Piketberg wat so vriendelik was om vir my sekere dae van die week verlof te gee vir studie.

-- vir die opoffering wat Elmarie en Grizelle gewillig was om te maak.



Dr. J. D. Vorster

(1909–1982).

# INHOUDSOPGAWE

INLEIDING, 1

HOOFSTUK 1: DIE BESONDERE OMGEWING WAAR KOOT VORSTER GROOTGEWORD HET EN KARAKTERTREKKE WAT HY VAN SY VOORSATE GEERF HET.

Die besondere omgewing, 10

1.Stormberg, 10

1.1 Ligging, 11

1.2 Topografie, 12

1.3 Geologie, 12

1.4 Grondtipes, 15

1.5 Plantegroei, 15

1.6 Klimaat, 17

1.7 Reënval, 20

1.8 Ekonomiese Bedrywighede, 21

1.8.1 Boerdery, 21

1.8.1.1 Landerye, 21

1.8.1.2 Veeteelt, 21

1.8.2 Handelsbedrywighede, 22

1.9 Dorpstigting, 23

1.10 Jamestown, 23

1.10.1 Aanloop tot stigting, 24

1.10.2 Eerste Setlaars, 26

1.10.3 Stigting van Jamestown, 27

1.10.4 Ligging, 27

1.10.5 Stigterslede, 27

1.10.6 Verkoping van eerste erwe, 28

1.10.7 Geesdrif vir nuwe dorp, 28

1.10.8 Jamestown se eerste jare, 30

1.10.8.1 Geboue, 30

1.10.8.2 Eerste perdewedrenne, 30

1.10.8.3 Eerste sterfgeval, 30

1.10.8.4 Eerste kommunikasie-geriewe, 30

1.10.8.5 Eerste dorpsraad, 31

1.10.8.6 Eerste hof, 32

1.10.8.7 Eerste kerk, 32

1.10.8.8 Wagenaar-familie se invloed, 33

1.10.9 Dorpswapen, 33

1.10.10 Kultuur-samestelling in Jamestown, 34

1.10.10.1 Engelssprekendes, 34

1.10.10.2 Duitse Setlaars, 35

1.10.10.3 Jode en ander kultuurgroepe, 36

1.10.11 Gevolg van kultuur-samestelling, 36

Besondere karaktertrekke van dr. Koot Vorster se voorgeslagte, 36

2. Wagenaar-voorgeslag, 36

2.1 Trots, grootdoenerigheid, indiwidualisme, selfvertroue, leierskap en dryfkrag, 37
2.1.1 Johannes Petrus [Piet] Wagenaar, 38
2.1.2 Johannes Jacobus [Groot Koot] Wagenaar, 39
2.1.3 Elizabeth Sophia [Bettie] Wagenaar, 41

2.2 Gasvryheid, mensliewenheid en jammerhartigheid, 46
2.2.1 Groot Koot Wagenaar, 46
2.2.2 Koot Wagenaar [Junior], 48
2.2.3 Bettie Wagenaar, 48
2.3 Godsdienssin, 50
2.3.1 Bettie Wagenaar, 50
2.4 Storievertellers, 51
2.4.1 Bettie Wagenaar, 51
3. Vorster-voorgeslag, 52
3.1 Liefde vir kerk en godsdienssin, 57
3.1.1 Oelf Vorster, 57
3.1.2 Willem Vorster, 57
3.2 Naasteliefde, 58
3.2.1 Oelf Vorster, 59
3.2.2 Willem Vorster, 60
3.3 Volksliefde en liefde vir politiek, 62
3.3.1 Willem Vorster, 62
3.4 Beginselvastheid en onbuigsaamheid, 64
3.4.1 Oelf Vorster, 64
3.4.2 Willem Vorster, 65
3.5 Hardwerkendheid, 68
3.5.1 Willem Vorster, 68
4. Slot, 68

HOOFSTUK 2: DIE VORMING VAN DR. KOOT VORSTER GEDURENDE SY KINDERJARE EN AS SKOLIER.
1. Voorskools, 71
2. Laerskool, 79
2.1 Staatkundige terrein, 81
2.2 Onderwys, 91
2.3 Kerklik, 93
3. Hoërskool, 101

HOOFSTUK 3: VERDERE AKADEMIESE VORMING VAN DR. KOOT VORSTER
1. Universitêre opleiding, 108
2. Du Plessis-saak, 112
3. Historiese en kerkregtelike denkwyse van Vorster, 119
4. Hervorming se vrugte in Nederland, 123
5. Calvyn se siening van kerkreg, 124
6. Verspreiding van Calvinisme na o.a. Nederland, 125
7. Vrugte van Hervorming in Suid-Afrika, 129

8. Bydrae deur gereformeerde immigrante, 133

8.1 Franse Hugenote, 134

8.2 Engelse, 134

9. Aanslag teen die Gereformeerde leer, 141

10. "Die Ou Paaie", 146

11. Die klag teen Prof. du Plessis, 154

12. Die Oxford Groep en oplewing van Calvinisme, 160

HOOFSTUK 4: VORSTER SE EERSTE JARE IN DIE BEDIENING EN DIE VORMING WAT DIT OP HOM GEHAD HET.

1. Prop. Vorster beroepbaar, 165
2. Koot Vorster en Steynsburg, 167
3. Prop. Vorster as hulpprediker te Prins-Albert, 169
4. Prop. Vorster beroep na De Nieuwe Kerk, 176
5. Agtergrond van De Nieuwe Kerk, 176
6. Hertzog-saal, 186
7. Pastorale werk en vergaderings se vorming, 197
8. Kerkregtelike ontwikkeling van Vorster, 203
   8.1 Hoe regeer Christus Sy kerk?, 205
   8.2 Verskillende kerkregtelike sisteme, 209
   8.3 Gereformeerde Stelsel van Kerkregering, 210
      8.3.1 Ontstaan van Gereformeerde Kerkorde, 210
      8.3.2 Kenmerke van Gereformeerde Stelsel, 211
      8.3.3 Elemente van Gereformeerde Kerkregering, 216
         8.3.3.1 Kerkvergaderings, 216
         8.3.3.2 Gesag van Kerkvergaderings, 217
         8.3.3.3 Bevoegdheid v. Kerkvergaderings,218
         8.3.3.4 Besluite van Kerkvergaderings, 219
9. Kerkregering in die N G Kerk in 19de eeu, 220
10. Kerkregering in die N G Kerk in 20ste eeu, 223
11. Kritiek vanaf Gereformeerde Kerk se kant, 232
12. Verdere vorming van Vorster in die bediening, 240

HOOFSTUK 5: VORSTER SE BETROKKENDHEID OP DIE BREER KERKLIKE TERREIN EN DIE VORMING WAT DIT OP HOM GEHAD HET. 295

1. Ringsverband, 296
2. Kaapse Sinode, 298
3. Federale Raad, 300
4. Algemene Sinode, 300
5. Ekumeniese betrekkinge, 301
6. Kuratorium, 302
7. Tussenkerklike Kommissie, 302
8. Regskommissie en Toesig en Kontrole, 303
9. N. G. Kerk-Uitgewers, 304
10. Kerklike verenigings en organisasies, 304
    10.1 Christelike Strewers, 304
    10.2 Konvensionele Christen-Studentevereniging, 305
    10.3 Anti-Kommunistiese Aksiekommissie [Antikom], 306
11. Redaksies van Kerklike Tydskrifte, 307
    11.1 Koers in die Krisis, 307
    11.2 Gereformeerde Vaandel, 308
    11.3 Ned. Geref. Teologiese Tydskrif [NGTT], 309
12. Briefwisseling, 309

HOOFSTUK: 6 DIE VORMING WAT BETROKKENDHEID OP DIE KULTURELE EN POLITIEKE TERREINE OP VORSTER GEHAD HET, 331

1. Groot Trek Eeufees 1938, 333
2. Aparte Woonbuurt-organisasie, 337
3. Nasionale Party, 339

4. Afrikaner-Broederbond, 342

5. Ossewa-Brandwag, 346

6. Kroon teen Vorster, 353

HOOFSTUK 7: VORMING WAT GEVANGENIS EN VERDERE STUDIE OP VORSTER GEHAD HET, 372

SLOT, 388

BRONNE GERAADPLEEG, 393

# OPSOMMING

Dr. J D Vorster het gedurende sy bedieningstyd in die N.G.Kerk [1935-1978] ontwikkel en gegroei tot 'n invloedryke kerkleier. Die faktore en omstanighede wat tot sy vorming bygedra het is die onderwerp van hierdie studie.

Die feit dat hy in die Stormberge gebore en getoë is asook karaktereienskappe wat hy van sy voorsate geërf het, was belangrike komponente in sy vorming. Boustene soos godsdiens en volksliefde het in sy ouerhuis die grondslag gelê vir sy teologiese beskouings wat op universiteit ontwikkel het.

Sedert 1935 is hy in die bediening verder gevorm deur pastorale werk, kerklike vergaderings en briefwisselings. Kulturele en politieke betrokkenheid asook gevangenisstraf het hom bekend gemaak en gebrei.

'n Doktorsgraad in die Kerkreg was verder die regte skoling vir die amp van Aktuarius - 'n pos wat met soveel deeglikheid uitgevoer is dat hy later as kerkleier erken is met sy verkiesing as Moderator.

SUMMARY


During his ministry in the D.R.Church, dr.J D Vorster developed and grew to become an influential church leader. The subject of this study is the factors and circumstances which contributed to his forming.

The fact that he was born and bred in the Stormberge as well as the characteristics he inherited from his ancestors were important components in his forming. Building stones such as religion and nationalism in his parents home laid the foundation of his theological views which developed at university.

He was further formed in his ministry through pastoral work, church meetings and correspondence. Cultural and political participation as well as imprisonment made him well-known and tough.

His doctorate in church law put him on the right track for the post of Actuary - an office which he filled with so much efficiency that his leadership in the church was recognised with his election as Moderator.

Dutch Reformed Church leader; Characteristics inherited; Born and bred in Stormberge; Nationalism in parents home; Influencies during University years; Pastoral work and correspondence; Cultural participation; Imprisonment; Actuary; Moderator.


Die Stormberge
(binne die swaar omlyning) en
aanverwante gebiede.
Verklaring
Berge en voetheuwels
Riviere en spruite
Spoorweë
Paaie
ALIWAL-NOORD
Lady Grey
SPIOENKOP
Bamboeskloof
Paardeverlies
Bosjeslaagte
Kraairivier
Kraaifontein
Ruigtefontein
LUIPERDSKOP
Sonskyn
Jachtpoort
LEEUKOP
JOUBERTSKOP
Elandslaagte
Platkoppiesdrif
Kalkoenkrans
HOPLEY'S BERG
Kerringmelkspruit
Windvoëlspruit
Vaalbank
Vineyard
Kraairivierpoort
Leeuspruit
KINGS CROWN
Clanville
DREUNBERG
AASVOËLKRANS
Dwaalfontein
Floukraal
BURGERSDORP
Tafelspruit
Ararat
VENTERSKOP
Patrysheuwel
TELEMACHUSKOP
KLIPKOP
Roodenek
Telemachusspruit
MONTAGU HILL
RHEEDERSKOP
Westbankspruit
Woltemade
Witkopspruit
Vredelus
Driefontein
Jamestown
KOMMANDOKOP
Skulpspruit
BAKENKOP
WINTERHOEKBERG
WITKOP
WATERKOP
ROODBERG
Swempoort
Stormbergspruit
Skilderkrans
Predikantskop
KORNETSKOP
Wolwespruit
Laggende Water
BAKENSKOP
Gouwsvlakte
Lauriston
Hartbeeshoek
Rustmynziel
DRIE KOPPIES
LEEUKOP
Bamboes
Holspruit
Damside
MIDDELBERG
TORINGBERG
MACKAY'S KOP
Kikvorsfontein
JAKKALSKOP
Buffelsfontein
Vogelvlei
DORDRECHT
MOLTENO
Withoogte
WITHOOGTEKOP
Clarks
Boshoffskraal
WOLWEKOP
Zeekoegat
LANGBERG
OLD CAPE COLL
COLLIERY
Sylfergat
PENHOEKPAS
Koppsleegte
THEODORUSRAND
SALPETERBERG
ROSSMANSHOEKPAS
Halseton
Penhoek

# INLEIDING

Gedurende die sestiger- en sewentigerjare het 'n al groterwordende getal teoloë, predikante en lidmate binne die Ned. Geref. Kerk ongemaklike vrae begin vra oor die feit dat die kerk se lidmaatskap alleenlik tot Blankes beperk was. By die onderskeie kerkvergaderings is al sterker daarop aangedring dat enige Christen in Suid-Afrika 'n lidmaat van die Ned. Geref. Kerk. behoort te kan word.

Meer behoudende lidmate in die kerk het teen so 'n gedagterigting weerstand gebied. In dié stryd sou hulle in dr. Koot Vorster een van hulle grootste bondgenote vind asook hul sterkste spreekbuis. Dr. Vorster, wat in die Kerkreg gepromoveer het, was as Aktuarius bekend vir die kerkregtelike leiding wat hy oor baie jare aan gemeentes gegee het. As konserwatiewe Afrikaner was hy met sy hele wese teen so 'n gedagte en sou nie die stryd maklik gewonne gee nie. Hy was 'n onverbiddelike vegter vir 'n saak as hy geglo het dat dit reg is en daarom was hy vir hulle die regte man op die regte tyd. Hulle het hom as 'n kerkleier van formaat beskou en telkens maar weer as Aktuarius verkies. Hy is selfs ook eenmaal as Moderator verkies.

Die vraag ontstaan wie hierdie besonder kleurryke figuur werklik is en hoe hy vir hierdie groot taak gevorm is. Dit is dan die onderwerp van hierdie studie.

Ek wil met hierdie studie probeer aantoon dat daar baie faktore was wat bygedra het tot die feit dat Koot Vorster later in 'n invloedryke kerkleier ontwikkel het.

Eerstens sou ek graag na die omstandighede in die Stormberge in Oos-Kaapland wou kyk, want dit is in hierdie besondere harde wêreld dat Koot Vorster gebore en getoë is. Daarmee saam sal indringend gekyk word na die karaktereienskappe wat hy van sy voorsate geërf het.

Sy kinderjare in Jamestown en Sterkstroom sal vervolgens ondersoek word om te kyk watter vorming vanuit sy ouerhuis en skool op hom uitgegaan het. Wat sy jare op universiteit betref, sal gekyk word in watter mate hy vir prof. E E van Rooyen as rolmodel geneem het vir sy lewens- en wêreldbeskouing en watter invloed prof. B B Keet as kerkregtelike op sy teologiese beskouings gehad het.
Dit sal ook aan die lig kom dat Koot Vorster gedurende die Du Plessis-stryd kant gekies het teen prof.Du Plessis en as 'n leier onder die "Oupajane" opgetree het.

Koot Vorster se siening van die Calvinisme sou ook sy standpunt oor sake soos die Kerkreg, Metodisme, Oxford-

groep, Verenigings in die kerk, Doleansie ens. raak. Dit alles het gedurende sy lang bediening van 44 jaar in sy pastorale werk en op kerklike vergaderings neerslag gevind. Daarom is dit nodig om te kyk hoe hy, ten spyte van ernstige siekte, tog tydens sy bediening geleef en gewerk het.

Hy het vroeg in sy bediening al op die breër kerklike terrein begin dien en dit sou hom uitstekend vorm vir kerklike leierskap. Hierdie studie wil ook aantoon in watter mate sy betrokkenheid op daardie terreine hom geskool het vir die verantwoordelikhede wat hy later op sy skouers sou neem.

Gedurende die stormagtige oorlogsjare het Koot Vorster betrokke gebly by die kulturele en politieke strewes van die Afrikaner. Hy sou in politieke vaarwaters beland en gevangenisstraf uitdien. Dit was op sigself ook 'n geweldige stuk vorming wat hy deurgemaak het en hierdie studie hoop om dit uit te wys. Die feit dat hy die verleentheid van tronkstraf omskep het in 'n geleentheid van studie, het hom gehelp in sy nagraadse studie in die kerkreg. Dit het uitgeloop op 'n doktorsgraad in kerkreg en sy pad gevolglik oopgemaak vir die amp van Aktuarius. Deur sy deeglike hantering van kerkregtelike sake het lidmate vertroue in hom gekry. Veral ook toe hy op die regte tyd as spreekbuis van die behoudende lidmate begin optree het en sy broer terselfdertyd ook Staatspresident geword het.

Sy pad was oop vir die amp van Moderator en in hierdie amp sou hy die kerk wat hy so lief gehad het nog verder met hom meeneem. Hierdie studie hoop om aan te dui watter faktore vir hom gehelp het om so iets te kon doen.



Willem Vorster

(1869–1936)



# Bettie Vorster

(1875–1951)

# HOOFSTUK 1

## DIE BESONDERE OMGEWING WAAR KOOT VORSTER GROOTGEWORD HET EN KARAKTERTREKKE WAT HY VAN SY VOORSATE GEERF HET

### Inleiding

"Aanskou die rots waaruit julle gekap is....".-Jes.51:1.

[Inskripsie op die graf van dr. J.D.Vorster in die begraafplaas van Steynsburg in Oos-Kaapland]

In Suid-Afrika se jong geskiedenis van sowat 340 jaar het hy ook sy kwota burgers opgelewer wat met hulle besondere karaktertrekke en bydraes altyd onthou sal word. Een van hierdie persone is dr. Koot Vorster.

Met sy demissie in 1979 het 'n geesgenoot en jarelange vriend van hom, prof. F J M Potgieter, in 'n voorlopige huldeblyk van hom gesê: "Sewentig jaar gelede is daar in Jamestown 'n seuntjie wat die naam Jacobus Daniël sou ontvang vir die Vorster-gesin gebore. Hy was bestem om 'n besondere rol in ons vaderland en met name in die Nederduitse Gereformeerde Kerk te speel. Dit is inderdaad merkwaardig dat uit een huisgesin 'n staatspresident en 'n

moderator van die Algemene Sinode van die grootste kerk hier te lande aan ons gegee is." [Potgieter 1979:272]

In dieselfde jaar is Koot Vorster deur een van sy kollegas as "een van die kleurrykste figure in die Nederduitse Gereformeerde Kerk" bestempel. [Cronje 1978:14]. Van Vorster sê Cronje verder: "Hy is al op baie maniere deur mense beskrywe. Hy is onverskrokke, stroomop, meedoënloos. Hy is 'n formidabele spreker. Hy stuit vir geen duiwel nie! En tog ken sy eie mense, sy familie en vriende hom ook anders; vir hulle is hy by uitstek 'n gesinsmens; huislik, saggeaard, mensliewend, vol sprankelende humor.." [Cronje 1978:14]

Prof. F J M Potgieter sê verder van Vorster: "Aan hom sal ons bly dink as stoere kampvegter vir die geopenbaarde waarheid wat in die kern van sy persoonlikheid aangegryp is deur die woorde van sy Here en Heiland: 'Laat julle lig so skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is verheerlik.' So het sy mense hom leer ken en waardeer." [Potgieter 1979:275] En oor hom as persoon: "Wie intiem met hom kennis gemaak het, het egter ook geniet van sy fyne humor en agter die forse figuur ook die minsame vriend, vader van sy huis en geliefde herder van diegene wat die Here aan sy sorg toevertrou het, ontdek." [Potgieter 1979:275]

Diegene wat Koot Vorster geken het kan getuig dat bogenoemde beskrywings inderdaad korrek is. Deur sy lang bediening in die N.G.Kerk sou hy 'n baie prominente persoon word en bly. Nie alleen oor wat hy alles gesê en gedoen het op die kerklike sowel as die breër volkslewe nie, maar ook oor die wyse waarop hy gepraat en gedoen het. So, byvoorbeeld, was sy vertolking van die Calvinisme en die besliste wyse waarop hy dit op alle lewensterreine uitgeleef en bevorder het een van die sake wat hom as leierfiguur laat uitstaan het.

Maar mense het verskil in hul siening van hom en niemand het dit beter geweet as hyself nie. Vir diegene wat sy siening gedeel het, by name die konserwatiewe Afrikaner, was hy 'n baie getroue bondgenoot, mede-stryder en amper 'n geestelike vader - die verpersoonliking van dit waarmee hulle grootgeword het en waarin hulle self ook geglo het. Hulle het hom geëer vir die onverskrokke wyse waarop hy vir sy beginsels geveg het.

Aan die ander kant het persone wie se siening van hom verskil het hom gesien as 'n gedugte teenstaander. Sommige het hom selfs verkwalik omdat hy, volgens hulle, soms op liefdelose wyse sy standpunte op ander mense sou probeer afdruk het. Vir diesulkes was hy 'n norse mens wat almal wou manipuleer om sy standpunt te aanvaar en iemand van wie hulle glad nie gehou het nie.

Soos reeds gesê, was Koot Vorster goed bewus van andersdenkendes maar dit het hom oënskynlik glad nie gehinder nie. Hy het, inteendeel, altyd die indruk gewek dat hy dit baie geniet het om 'n debat te voer met mense wat van hom verskil het. In my persoonlike aanraking met hom het ek onder die indruk gekom dat hy altyd baie trots was op die feit dat, so het hy geglo, almal presies geweet het wat sy standpunt is. Gedagtig hieraan het hy in latere jare altyd groot betekenis geheg aan die uitnodigings wat verenigings en organisasies aan hom gerig het om hulle toe te spreek. 'n Organisasie, so het hy geglo, het nie maar vir Koot Vorster as spreker genooi net om 'n spreker te hê nie. Hierin was sy oordeel reg, want die mense het geweet hy het 'n standpunt wat hy onomwonde stel en dit wou hulle hoor, of hulle daarmee sou saam stem of nie.

Vir my persoonlik, en ek glo ook baie ander, was die kerk- en volksleier Koot Vorster iemand wat groot respek afgedwing het. Iemand waarvan en waaroor 'n mens meer te wete sou wil kom. Iemand wat 'n mens laat wonder hoe dit gebeur het dat hy geword het wat hy was en waarom hy gedoen het wat hy gedoen het. Wat het alles tot sy vorming bygedra? Groter duidelikheid oor hierdie mens, wat as skolier en student, maar veral later as predikant, kerkleier en volksleier vir 'n paar dekades 'n besondere groot invloed op die Afrikaner-volkslewe uitgeoefen het, is nodig. Hierdie studie is 'n beskeie poging om te probeer vasstel watter faktore alles

bygedra het tot die vorming van hierdie interessante en invloedryke persoonlikheid. Daarvoor is dit nodig om meer lig te werp op o.a. die rol van:

[1] die besondere omgewing waarin hy opgegroei het en die karaktertrekke wat hy van sy voorsate geêrf het;
[2] vorming in sy kinderjare op laer- en hoërskool
[3] vorming tydens sy studentejare
[4] vorming tydens sy gemeentelike bediening;
[5] vorming in die breër kerklike lewe;
[6] vorming op die breër volkslewe en politiek;

Daar is in hierdie hoofstuk swaar geleun op die werk van twee boorlinge van die Stormberge. Een van Koot Vorster se familie-lede, dr. Ella Wagenaar, het met die dorp Jamestown se 100-jarige herdenking 'n feesbrosjure saamgestel. Daarin het sy Vorster se voorouers en die omgewing waarin hy opgegroei het breedvoerig beskryf. Aangesien daar min ander bronne oor Vorster se voorouers is, is daar met groot erkentlikheid van haar gegewens gebruik gemaak.

'n Ander Stormberger is die bekende skrywer Hennie Aucamp wat in 1971 'n bundel oor sy geboortewêreld die lig laat sien het. Medewerkers aan hierdie lesenswaardige en interessante werk was o.a.: Hélene de Villiers, Rina Gouws, Joan Jordaan, Johannes Meintjies, William Plomer, San Steyn, Willie Steyn, Sandy Stretton en Ella Wagenaar.

DIE BESONDERE OMGEWING WAAR KOOT VORSTER GROOTGEWORD HET EN KARAKTERTREKKE WAT HY VAN SY VOORSATE GEERF HET.

DIE BESONDERE OMGEWING

Jacobus Daniël (Koot) Vorster is 'n kind van die Stormberge in Oos-Kaapland waar hy op 26 November 1909 gebore is as die negende kind van Willem en Bettie Vorster.

1 STORMBERG

Die gebied wat as Stormberg bekend staan, kry sy naam van die bekende Stormbergreeks in Oos-Kaapland. Onsekerheid bestaan oor die presiese herkoms van die woord Stormberg. Sommige sê die bergreeks is vernoem na 'n sekere Boesmankaptein, Storm, terwyl ander sê dit was die naam van 'n trekos wat deur naturelle gesteel is. 'n Meer aanneemlike verklaring is miskien die "wisselvallige en dikwels onstuimige weersomstanighede wat oor die bergreeks heers." [Aucamp 1971:Woord Vooraf]

Oor hierdie geboortewêreld van beide Koot Vorster en Hennie Aucamp skryf laasgenoemde pragtig as hy sê: "Die bekoring van die Stormberge is nie voor-die-hand-liggend nie. Wat die besoeker onmiddellik opval, is die bleek, gestroopte landskap;_eers teen die aand wyk die strakheid voor wisselende skakerings van ligroos en pers, en raak die omgewing vir die vreemdeling aanneemlik." [Aucamp 1971:Woord Vooraf]_ Bly 'n besoeker_lank genoeg op die Stormberge, sê Aucamp, sal hy "verdere deugde van die streek ontdek" en die "volle omvang en grootsheid van die Stormberge leer waardeer: 'n golwende, eensame berglandskap." [Aucamp 1971:Woord Vooraf]

## 1.1. Ligging

Die Stormbergreeks is geleë in die noordoostelike deel van Kaapland maar is eintlik 'n suidwestelike verlenging van die groot Drakensberge. Die Stormberg-gebied lê tussen die dorpe Dordrecht, Molteno, Jamestown en Sterkstroom met Aliwal-Noord en Burgersdorp net daar buite. Hierdie gebied strek hom uit oor sowat tagtig kilometer van oos na wes en vier-en-sestig kilometer in die breedte. [Aucamp 1971:Woord Vooraf] In die Ooste vorm Wolwespruit die grens, in die noorde is die grens die suidwaartse verlenging van die bovlak van Elandsberg, in die weste is dit die Stormbergspruit, terwyl die Stormbergreeks die suidelike grens is. [Aucamp 1971:Woord Vooraf]

## 1.2. Topografie

Die Stormberg se topografie wissel baie. Dis 'n gebroke, bergagtige landskap met berge so hoog as 2200 meter wat afgewissel word met laer liggende vlaktes en selfs vleie. [Aucamp 1971:Woord Vooraf] Die berge is ruwe berge met steil hange en diep klowe terwyl van die vlaktes weer van los heuwels en koppies oortrek is.

## 1.3. Geologie

Geologies vorm die Stormberggebied deel van die Serie Stormberg wat nie alleen die Stormberg insluit nie, maar ook byna die hele opvanggebied van die Oranjerivier bo 1500 meter. [Stretton 1971:138] Hierdie Serie Stormberg bestaan o.a. uit die volgende lae:

1] Molteno-lae
2] die Rooilae
3] die Holkranssandsteen
4] die Vulkaniese lae of Stormberg-lawas.
[Stretton 1971:138]

Die eersgenoemde drie lae is sedimentêre gesteentes, hoofsaaklik sandsteen, terwyl die heel boonste eenheid - die

vulkaniese lae of basalt - oorblyfsels van gesmelte lawa verteenwoordig. [Stretton 1971:138]

Die Stormberge is 'n goeie voorbeeld van Rooilae wat gedeeltelik deur Holkrans-sandsteen bedek word. Die hele bergreeks ten weste van Jamestown bestaan uit hierdie Rooilae terwyl Olifantskop, noordwes van Jamestown, 'n goeie voorbeeld is van Holkranssteen bo-op die Rooilae. Predikantskop, 'n rotsformasie op die plaas waar Koot Vorster gebore is in die Jamestown-distrik, is die beste voorbeeld van hierdie twee formasies. Witkop, noordwes van Jamestown, is weer 'n voorbeeld van 'n Vulkaniese nek - 'n krater, nie met lawa gevul nie, maar met 'n stof wat ooreenkoms toon met Sandsteen. Ander vulkaniese nekke in die distrik van Jamestown is gevul met vloeibare basalt wat op sommige plekke bo-op die holkranssteen behoue gebly het en vandag as swart turf te sien is. [Wagenaar 1974:12 ]

Die hele gebied het 'n tekort aan minerale. [Stretton 1971:138] Steenkool van minderwaardige gehalte is wel in 1859 by Cyphergat ontdek en vir plaaslike behoeftes ingespan. Op 'n stadium is dit selfs aan die diamantvelde te Kimberley voorsien voordat beter graad steenkool in Natal en Transvaal ontgin is. [Stretton 1971:138] Buiten steenkool kan Dolemiet en Ysterklippe ook hier gevind word. [Wagenaar 1974:12]

Erosie deur die eeue het vir 'n interessante verskynsel in die Stormberge gesorg. Op een plek is die Holkranssteen deur erosie tot 'n lang, smal vallei [canyon] gevorm. Die jare se erosie het die vallei se walle tot mooi vorms uitgevreet en vandaar die naam Wonderpoort. Dit het in die verlede 'n ideale blyplek vir Boesmans geword en vandag is baie van hulle tekeninge nog daar te sien. [Wagenaar 1974:12]. Die meeste van die tekeninge het egter deur die jare verdof omdat die tekenoppervlakte, die sagte Stormbergsteen maklik deur reën en son verweer. Ander is weer deur diere en vandale vernietig. [Steyn 1971:1]

Hierdie rotstekeninge beeld, volgens kenners, 'n groot verskeidenheid van onderwerpe uit soos bv. elande, hartbeeste, kwaggas, ribbokke, springbokke, olifante, leeus, seekoeie, vlakvarke, jakkalse, bobbejane, sekretarisvoëls, aasvoëls, visse en mak diere soos perde, beeste, skape en honde. [Steyn 1971:1] Op die plaas Spitskop, wat op 'n stadium aan Willem Vorster behoort het, is daar selfs 'n Boesman-tekening wat 'n partytjie uitbeeld-- iets wat volgens kenners nêrens anders in S.A. voorkom nie.

Die Boesmans van die Stormberge het, soos in ander dele van Suid-Afrika, ook uitgesterf. In hulle aanraking met die Blankes en die Bantoe was daar kultuuroordrag na weerskante toe. Namate ander jagters egter op die toneel verskyn het en wild uitgedun is het die kosskaarste die Boesmans op vee

laat aanlê. "Die poging was rampspoedig vir die Boesman, want nog die Blanke nog die Bantoe sou die steel van hul vee gedoog." [Steyn 1971:8]

## 1.4.. Grondtipes

'n Verskeidenheid grondtipes kom in hierdie deel van die land voor a.g.v. 'n verskeidenheid van moedermateriaal soos sandsteen-formasies, doloriet en basalt. Grondtipes afkomstig van die sandsteen-formasies is die vrugbaarste en die van basalt die onvrugbaarste. [Wagenaar 1974:14]

## 1.5. Plantegroei

Wat die Stormberge se natuurlike plantegroei betref haal Stretton [1971:142] uit Accocks se werk: Veld Types of South Africa aan as hy die volgende indeling maak:

1] Stormbergplato-soetveld

2] Hoë bergveld

3] Oorgangstipe [Cymbopogon-Themeda-] veld

4] Droë [Cymbopogon-Themeda-] veld

5] Karoo- [Danthonia-] bergveld

6] Hoëland-suurveld

Gras maak die belangrikste deel van die Stormberg-flora uit. Hiervan is die rooigras, haasgras, koperdraad, buffelgras, elsgras, terpentyngras, vingergras, suurpolgras,

rooisaadgras, blousaadgras, Stormberg-platblaar en verdompsterkgras die belangrikste. [Stretton 1971:142-144]

Van die belangrikste kleiner struike en bossies is die bitterharpuis, bloudraaibos, kraakstewel, bitterbos, karoobossie, renosterbos, pakan, besembos, kankerbossie, soetdoring, witaarbossie en kareebos. [Stretton 1971:142-144] Al die bome wat in hierdie streek voorkom is volgens die inwoners uitheemse bome wat van buite ingebring en aangeplant is. [Steenkamp 1992] Vandag word die speekhout, saliehout, blinkblaar, ouhout, olienhout, witstinkhout, kiepersol en kanferhout daar aangetref. [Stretton 1971:144] Danksy Koot Vorster is daar ook 'n doringboom by Spitskop. Steenkamp, wat op Spitskop boer, wys 'n enkele doringboom teen die pad uit. Volgens hom is die doringboom wat daar opgekom het die werk van Koot Vorster want laasgenoemde het die gewoonte gehad om van tyd tot tyd wanneer hy op Spitskop gekom het boomsaad langs die pad te saai. Hierdie gebruik het hy sedert sy universiteits-vakansies volgehou. Na Koot Vorster se dood het die doringboom daar opgekom as 'n stille getuie van sy onvermoeide en getroue saaiwerk. [Steenkamp 1992]

Wat blomme betref, is daar 'n groot verskeidenheid wat in die Stormberge voorkom. Enkele van die blomme is o.a. die seeroog, berglelie, sewejaartjies, grasaalwyne, vygies, vingerplakkies, vleilelies, kalkoentjies, aandblomme,

vuurlelies, lobelia, vrouehaar, varkblom, Stormberg-pypie en grasblom.

Bogenoemde plantegroei verskaf kos en huisvesting aan 'n groot verskeidenheid insekte en diere wat o.a. die slang, akkedis, dassie, waaierstertmeerkat, stokstertmeerkat, witstertmeerkat, vlakhaas, rooihaas, stinkmuishond, kleinkolmuskeljaatkat, vaalboskat, silwerjakkals, bakoorjakkals, rooijakkals, otters en skilpaaie insluit. Groter wildsoorte soos die ribbok, steenbok, vlakvark, springbok, swartrenoster, swartwildebees, hartbees, kwagga, olifant, eland, luiperds, leeus en buffels, om 'n paar te noem, was vroeër volop in hierdie wêreld maar is deur die jare uitgedun sodat baie nie meer hier te sien is nie. [Stretton 1971:145]

Volgens Stretton [1971:148-150] spog die Stormberge met nie minder nie as 170 verskillende voëlspesies. Hieronder tel die bergwagter, bergkatlagter, langtoon-kliplyster, streepkoppie, kalkoentjie, Afrikaanse kwartel, bergpatrys, tarentale, bloukorhaan, veldpou, bloukraanvoël, arende, uile, witgatspreeu, jangroentjie, mossie, hadidas, kolgans en janfrederik.

## 1.6. Klimaat

Die klimaat van die Stormberge is kenmerkend van die hoë plato's van Suid-Afrika naamlik veranderlik met swaar donderstorms en afwisselende droogtes gedurende die somermaande en nagtemperature onder die vriespunt in die wintermaande. [Stretton 1971:137]

Somer-temperature in die Stormberge is gematigd en die aande is deurgaans koel vanweë 'n suidewind wat oor die platorand kom. [Steenkamp 1992] Die dae kan in die somer ook maar goed warm word en ligte hittegolwe is nie uitgesluit nie, maar dis altyd dan weer die koue, suidoostelike winde wat saans veroorsaak dat die temperatuur binne 'n paar uur geweldig kan daal. [Stretton 1971:137]

Volgens die inwoners vind hulle die temperatuur nie baie bevorderlik vir die kweek van vrugte en sekere soorte groente nie. In die Jamestown-distrik is die gesegde dan ook dat die inwoners daar in die winter maar 'n ou-ooi moet slag vir bykos. [Wagenaar 1974:12]

Seker een van die vernaamste kenmerke van die Stormberge se klimaat is egter die ontsettende koue in die wintermaande. Temperature op die grond van minus 14 grade Celsius is op sulke tye nie buitengewoon nie en daar is selfs al 'n temperatuur van minus 20 grade Celsius aangeteken. [Stretton 1971:137] Sneeu kom soos klokslag in die winter voor en veral in die streke wat hoër lê. Volgens Stretton

[1971:137] gaan daar selde 'n winter sonder sneeu verby. Hy noem die groot sneeuvalle van Junie 1902, wat dikwels die Vrede-sneeu genoemword, en die sneeuval van Julie 1931 as waarskynlik die swaarste wat in die Stormberge aangeteken is. [Stretton 1971:137] Met sneeu wat al tot so diep as 25 meter gelê het word heinings toegeval, die gebied van die buitewêreld afgesny, selfs geteerde bergpasse gesluit en in 1853 het 'n aantal Bantoes selfs in 'n sneeustorm omgekom. In laasgenoemde geval, sê Stretton, was dit die "mees verwoestende sneeustorm wat ooit in die Suid-Afrikaanse meteorologiese geskiedenis opgeteken is." [Stretton 1971:137] Koot Vorster het in 'n gesprek gesê dat vee, soos skape en bokke, soms in die veld toesneeu sodat net die twee gaatjies voor hulle neusgate te sien is. [Vorster 1980]

In hierdie koue en betreklike droë winters kom ryp gewoonlik vanaf April tot Oktober voor. Baie swaar ryp kom voor vanaf Junie tot Augustus. [Wagenaar 1974:11]. Alhoewel dit nie die reël is nie, hou die koue soms lank aan. Koue en ryp het al soms tot in die somermaande voorgekom. Aucamp [1968:88] sê: "dis winters koud daar; dit storm daar; en ek onthou 'n somer toe dit op Kersdag op ons plaas kapok het." Van hierdie besondere geleentheid op Kersdag 1951 weet baie inwoners en het Steenkamp my ook persoonlik meegedeel. [Steenkamp 1992].

"Ons winters," se Aucamp, "is straf en lank. Dit sluk die lente in - slag op slag ryp bloeisels dood tot aan die stam." [Aucamp 1968:88] Uit sy belewing van winter op ie Stormberge sê hy dat die winter altyd onder die Stormbergse oppervlak lê. "Winter is nie 'n seisoen by ons nie, " se hy, "dis 'n lewenswyse. Nêrens, by my wete, word dit so winter soos op die Stormberge nie. Winter tot op die been toe. Klippe en rantjies steek soos gebeentes bo die verbleikte gras uit." [Aucamp 1968:88] Talle inwoners beaam dit en wys daarop dat al wat warmgoed is in die wintermaande soggens teen dagbreek benodig word want dan slaan die koue met mening toe.

Dis in hierdie harde, koue klimaat waar Koot Vorster opgegroei het en op die plaas gehelp het - ook op die koue wintersoggende. Harde omstanighede wat sou bydra tot sy vorming as leier.

## 1.7. Reënval

Die reënval wissel aansienlik. Terwyl so min as 431 mm per jaar in die weste val, kry die hoër liggende bergstreek in die ooste en suidooste nooit minder as 635 tot 685 mm per jaar nie. [Stretton 1971:137] Vir die streek werk die gemiddelde reënval op 467mm per jaar uit met die maande Februarie en Maart as die hoogtepunt van die reënvalseisoen. [Wagenaar 1974:11] Digte mis kom dikwels voor oor die

suidelike en oostelike bergstreek. [Stretton 1971:137] Die Stormberge is dus 'n somerreënvalstreek met min of weinig reën in die wintermaande. [Wagenaar 1974:11] Droogtes kom soms voor en het al vir langer as twaalf maande geduur. [Stretton 1971:138] Gelukkig is dit die uitsondering.

## 1.8. Ekonomiese Bedrywighede

### 1.8.1. Boerdery

Die boerderybedryf is die belangrikste bedryf van die Stormberg-mense. Op plase wat gemiddeld 650 hektaar groot is maak sowat 10 tot 15 persent daarvan bewerkte landerye uit, terwyl die res weiveld is.

#### 1.8.1.1. Landerye

Op die landerye word hoofsaaklik voergewasse in die vorm van kleingrane vir winter-graanvoer, lusern, rape, Japanse radyse en roggras verbou. Vir "kontantoeste" [ook genoem gelukoeste omdat die toestande nie altyd gunstig is daarvoor nie] word koring, hawer, gars, rog en aartappels verbou.

#### 1.8.1.2. Veeteelt

Veeteelt is egter die vernaamste boerdery-vertakking. In die meeste gevalle word met skape [hoofsaaklik Merinos] geboer.

Vleisbeeste en suiwelbeeste [veral Fries] word ook aangetref. Die boerdery met beeste en skape stel hoë eise aangesien die klimaattoestande van die moeilikste in die land is. [Wagenaar 1974:13]

In die volksmond sou die Stormbergstreek dus as 'n harde wêreld tipeer kon word. Iets wat beslis 'n invloed sou uitoefen op die mense wat daar bly, asook op die kinders wat daar grootgeword het.

1.8.2. Handelsbedrywighede

Aan die begin van hierdie eeu was daar heelwat belangrike handelsbedrywighede in die Stormberge. In 'n dorp soos Jamestown was 'n paar algemene handelaars, bouers , messelaars, 'n hotel, 'n mark, wamakers, skrynwerkers, grofsmede, meulenaars en prokureurs.
Soos elders op die Suid-Afrikaanse platteland het ook hierdie streek baie ontvolk in die laaste paar dekades. Besighede wat jare gelede daar floreer het, is of gesluit of is baie afgeskaal. Dorpe wat op 'n hoofroete geleë is geniet tans nog die ondersteuning van deurverkeer, maar dorpe weg van die hoofroete mis ook hierdie koopkrag wat by tye nogal groot kan wees. In die Stormberg-streek is Aliwal-Noord, Jamestown en Queenstown gelukkig om op die hoofroete tussen Johannesburg en Oos-Londen te lê. Volgens die inwoners is Jamestown vir hierdie voorreg groot dank verskuldig aan die

ywer van die Wagenaar-familie - voorsate van Koot Vorster. Dit was veral Jacobus Wagenaar wat as 'n groot vegter vir Jamestown se belange onthou word.

1.9. Dorpstigting

Dorpe wat mettertyd in die Stormberge gestig is, is:

Burgersdorp in 1846

Aliwal- Noord in 1850

Dordrecht in 1856

Molteno in 1874 en

Jamestown in 1874

Nadat Burgersdorp en Aliwal-Noord gestig is, het die Stormberge baie "kosmopolities" geword. Dit was a.g.v. "oud-gediendes van die Napoleontiese oorloë, Duitse legioensoldate, emigrante uit Holland en afstammelinge van die Britse Setlaars." [Wagenaar 1971:17] Hierdie mense het hulle as sendelinge, skoolmeesters, bouers en handelaars in die Stormberge kom vestig. Hierdie vestiging het die stigting van die ander dorpe verhaas.

Dis in die distrik van Jamestown waar Koot Vorster op 26 November 1909 gebore is.

1.10. Jamestown

1.10.1. Aanloop tot die stigting van die dorp Jamestown

Die eerste Afrikanerboere het reeds teen 1820 oor die Stormbergspruit getrek. Hierdie spruit was destyds die noord-oosgrens van die Kaapkolonie. Teen 1832 was daar reeds sowat 200 families [meer as duisend mense] oos van die Stormberge en hulle getalle het vinnig aangegroei. [Wagenaar 1974:43] Van die algemeenste vanne onder hierdie families was Venter, Greyling, Kruger, De Klerk, Coetzee, Alberts, Wagenaar en Vorster. Lg. families was die voorsate van Koot Vorster.

Baie boere het egter opgesien teen vestiging in so 'n ongenaakbare deel van die land. In 'n brief aan sir Andries Stockenstrom in 1837, skryf 'n klompie boere vanuit die Stormberge en sê: "Ons woon op 'n stukkie weggooigrond." [Wagenaar 1971:9] Dit was eintlik 'n goeie beskrywing van hierdie deel van die wereld in daardie jare. Blankes wou nie met hul ossewaens oor die "uitgestrekte bergketting met sy hoe sandsteenkruine " [Wagenaar 1971:9] trek nie. Bantoes wou ook nie daar bly woon nie sodat dit net die Boesmans was wat met hulle primitiewe bestaan dit kon uithou. Met behulp van hulle gifpyle het hulle onder die wild gemaai en hulle in hul bergskanse beveilig.

Iets wat vestiging ook bemoeilik het was die teenwoordigheid van die Bantoes rondom hulle. Dit was, volgens Wagenaar

[1971:11], vir die Boere altyd 'n potensiële gevaar. Temboeland, die tuiste van die Tamboekies, het gegrens aan die Wodehouse-distrik in die Stormberge. In die jare rondom 1823 het baie gevlug om weg te kom voor Tsjaka se moordbendes. In die proses het baie Tamboekies die trekboere langs die Stormbergspruit aangeval en hulle besittings geplunder. [Wagenaar 1971:12] Hierdie plundertogte het gedurende die jare 1850-1853, gedurende die Agste Xhosa-oorlog, sulke afmetings aangeneem dat Wagenaar [1971:20] dit die Stormberge se krisisjare noem. Tamboekies het die Albert-distrik binne geval waar die boere hulle dikwels weer moes verdrywe.

Die boere wat wel vir die landstreek kans gesien het, was trekboere wat, soos hulle voorouers, 'n nomadiese lewe gelei het en met hulle ossewaens van fontein tot fontein getrek het agter weiveld en vryheid aan. Baie het nie 'n huis gebou of die plase verbeter nie en telkens maar weer wanneer hulle vryheid aan bande gelê is of wanneer hulle probleme met die owerheid van die dag of die inboorlingstamme rondom gehad het, voortgetrek op soek na vryheid en beter lewensomstanighede.

In die omgewing van die huidige Jamestown het baie boere ook uitgespan, hul vee laat wei en hul hartbeeshuisies opgerig. Maar die ruwe wêreld met sy koue winters was vir baie nie aantreklik genoeg om hulle daar te hou nie. Dit het veral

vir die suidekant van die huidige Jamestown gegeld. Na die ander drie kante toe het dit beter gelyk vir voornemende inwoners aangesien dit nie so bergagtig was nie en daar ook meer en beter weiding en vuurmaakhout was.

Maar daar was ook ander probleme waarmee die trekkers rekening moes hou. Hierdie deel van die land het op daardie stadium buite die grense van die Kaapkolonie gelê en daar was dus geen beskerming teen die rooftogte van die Tamboekies, Basoetoes, Hottentotte en Boesmans nie. In sulke omstanighede het die boere telkens maar weer verder getrek.

### 1.10.2. Eerste Setlaars

Nie al die boere het weggetrek nie. 'n Klompie van hulle het besluit om op die "stukkie weggooigrond" te bly woon. Na baie lyding en frustrasie het hulle, die eerste ware Stormbergers, hullewortels ingeslaan en dié barre wêrelddeel begin mak maak. Nog ander boere sou kans sien vir die uitdagings en het hulle pionier-makkers se voorbeeld gevolg, sodat bestendigheid mettertyd begin intree het. Dit het veral gebeur nadat Sir Harry Smith in 1848 die gebied tussen die Stormbergspruit, Oranjerivier en die Wittenberge as die Albertwyk van die Kaapprovinsie geproklameer het.

Soveel mense het na hierdie deel van die land gekom dat nog meer dorpe mettertyd gestig is om in al hul behoeftes te

voorsien. Die lang afstande wat die boere moes aflê om die kerk by te woon was altyd een van die belangrikste oorwegings vir dorpstigting. Hulle godsdiens was die anker waaraan hulle vasgehou het gedurende die jare van swaarkry en nood. Daarom wou die boere, afgesien van doop, troues, aanneming van die katkisante en begrafnisse ook gereeld die Nagmaal bywoon. Dit is dus te verstane waarom hulle positief was teenoor die stigting van meer dorpe.

1.10.3. Stigting van Jamestown

1.10.4. Ligging

Jamestown word beskryf as een van die mees skilderagtige en geskiedkundig dorpe in die Noordoos-Kaap. Dit is geleë op die 31 07 suider breedte lyn en op 26 48 ooster lengte en 1631m bo seespieël. [Wagenaar 1974:11] Volgens 'n landkaart lê dit 43km vanaf Dordrecht, 63km vanaf Aliwal-Noord, 71km vanaf Molteno en 90km vanaf Queenstown.

1.10.5. Stigterslede en hul ooreenkoms

In 1874 het Johannes Jacobus Wagenaar, die grootvader van Koot Vorster, saam met twee ander persone t.w. Alexander James Kidwell en Thomas Joseph Bradfield 'n ooreenkoms aangegaan om'n maatskappy te vorm met die doel om 'n dorp te stig op 'n deel van Wagenaar se plaas Plessiskraal, suid van

die Schulpspruit. Die deel waarop die nuwe dorp aangelê sou word, was 1,359 morge groot en sou in 405 erwe opgesny word. Aangesien die drie here blykbaar bang was dat hulle beplande dorpstigting nie sou slaag nie, het hulle in die ooreenkoms sekere voorwaardes laat aanteken wat die ooreenkoms nietig sou verklaar indien die eerste verkoping van erwe misluk. [Wagenaar 1974:21]

### 1.10.6. Verkoping van eerste erwe

Die verkoping van erwe het op 22 Desember 1874 per publieke veiling plaasgevind. Op daardie dag is 167 van die 405 erwe verkoop [Wagenaar 1971:24] vir die totale som van R8,172. Na hierdie suksesvolle verkoping het die stigters besluit om die voorlopige ooreenkoms finaal te maak en Jamestown het werklikheid geword.

### 1.10.7. Geesdrif vir nuwe dorp

Die stigting van die nuwe dorp, Jamestown, is met groot geesdrif begroet. Die koerant Frontier Guardian het byna liries oor die nuwe dorp berig in 'n verslag wat in die uitgawe van 17 April 1875 verskyn het. Dit sê o.a. :"This newly formed township shows signs of going rapidly ahead." Die berig vermeld verder dat baie boere deklarasies vir oordragte geteken het en dat die stigters op een dag 129 na Aliwal- Noord gestuur het. Sodra oordragte gegee is, sou die

bouery, waarvoor so baie gewag het, in alle erns begin. Een van die stigters, die winkelier A.J.Kidwell, se winkel was volgens die berig, amper voltooi en met sy woonhuis se oprigting ook 'n begin gemaak. Die naam van 'n sekere P.Lang word ook genoem. Hierdie welbekende bouer en kontrakteur, sê die berig, het in Jamestown kom woon waar hy met 'n groot en knap span werksmense aan die werk was sodat daar na verwagting 'n klomp geboue binne 'n paar maande in Jamestown sou verrys. [Wagenaar 1974:22]

Die Frontier Guardian sê verder: "Jamestown possesses unusual advantages as a township. It is situated some 60 miles from Queenstown, 40 miles from Aliwal-North and 30 from Dordrecht, on the main road to the Orange Free State and Basutoland, and in the midst of a rich and enterprising farming community whose settled aim seem to be to make the new dorp a success. "[Wagenaar 1974:22]

Die koerant wys verder op die voordeel wat die nuwe dorp het in die vorm van volop en suiwer water wat vir die meeste erwe beskikbaar was asook volop bousteen naby die erwe.
In die nuwe dorp was daar groot bedrywigheid van transport-waens , spekuleerders , erfeienaars en bouers. [Wagenaar 1974:22]

1.10.8. Jamestown se eerste jare

1.10.8.1. Geboue

Die Frontier Guardian berig in sy uitgawe van September 1875 dat bouery steeds druk aan die gang is in Jamestown en dat huise oral in die nuwe dorp opspring. [Wagenaar 1974:23]

1.10.8.2. Eerste perdewedrenne

Soos die omliggende dorpe, Dordrecht en Aliwal-Noord, het Jamestown ook baie gou sy eie perdewedrenne gehou. Ook skietwedstryde is georganiseer. Tydens so 'n skietwedstryd het J.J.Wagenaar, medestigter van Jamestown en beter bekend as Groot Koot, die prys gewen as die beste merker. [Wagenaar 1974:23]

1.10.8.3. Eerste sterfgeval

Die dood sou ook nie uitbly nie, want stigterslid Alexander Kidwell se dogter is dood kort nadat hy hom op Jamestown gevestig het. Dit was die dorp Jamestown se eerste sterfgeval. In 'n brief aan 'n vriend skryf Kidwell dat dit sy "treurige lot was om in die veld rond te stap en 'n geskikte plek vir sy dogter se graf te soek". So is die huidige kerkhof van Jamestown aangelê. [Wagenaar 1974:23]

1.10.8.4. Eerste openbare kommunikasie-geriewe

Daar het baie gou na dorpstigting by die inwoners 'n behoefte aan beter kommunikasie ontstaan en reeds in Maart 1875 het die inwoners van Jamestown 'n versoekskrif aan J.W.Sauer gestuur waarin gevra is vir 'n telegraafkantoor. Die versoek is toegestaan en in November 1875 het 240 telegraafpale op die dorp aangekom. In Januarie 1876 het die eerste poskantoor in A.J.Kidwell se winkel tot stand gekom. Die eerste posdiens was 'n koets met 4 perde wat Jamestown met die omliggende dorpe verbind het. [Wagenaar 1974:23]

1.10.8.5. Eerste dorpsraad

Soos elke ander dorp moes Jamestown ook bestuur word. Op 25 April 1881 is 'n openbare vergadering gehou ten einde 'n Dorpskomitee aan te stel. Vyf lede is aangewys om regulasies op te stel wat aan die regering voorgelê kon word. In 1883 het 'n Raad van Bestuurders die Dorpskomitee vervang. Op hierdie stadium is water reeds uit Schulpspruit na 'n besproeiingsdam gelei en die Raad van Bestuurders het begin met die aanplanting van bome en 'n boorgat is op die markplein aangebring. Geen belasting is gehef nie, maar die Raad het vermoedelik sy uitgawes gedek deur die heffing van uitspanfooie op transportwaens. In Augustus 1884 het die Raad besluit om 'n belasting van 1d in die pond op belasbare eiendom te hef. [Wagenaar 1974:24]

1.10.8.6. Eerste hof

Onmiddellik na die stigting van die dorp het die inwoners geagiteer vir 'n hof op Jamestown. In 1876 is 'n spesiale Vrederegtershof geproklameer om in Jamestown se behoeftes te voorsien. Stigterslid en winkelier Kidwell was die eerste Vrederegter. In 1884 is 'n periodieke hof vir Jamestown geproklameer en die magistraat van Aliwal-Noord het een maal per maand sake op Jamestown kom verhoor. [Wagenaar 1974:24]

1.10.8.7. Eerste kerk

Toe erwe in 1874 vir die dorp opgemeet is, het die stigters erwe toegestaan aan al die kerkgenootskappe wat miskien grond vir boudoeleindes nodig sou kry. Die eerste kerk wat van hierdie aanbod gebruik gemaak het, was die Ned. Geref. Kerk. Mnr. Jessie Walker het 'n kerkgebou opgerig vir R2,000 en die kerk se hoeksteen is op 22 Maart 1876 gelê. Volgens die <u>Frontier Guardian</u> van 25 Maart 1876, het ten minste 400 mense hierdie plegtigheid bygewoon. Die drie stigterslede van die dorp het nie alleen in die optog na die kerk 'n prominente plek ingeneem nie, maar Bradfield het ook namens die stigterslede 'n bedrag van R1,000 aan die kerk gegee. Dit was uitvoering van 'n belofte wat die stigterslede voor dorpstigting gemaak het. [Wagenaar 1974:47]

Dit was egter eers op 28 Desember 1891 dat Jamestown 'n afsonderlike gemeente geword het. Ds. W.A.Alheit was die eerste konsulent en Cornelis Wagenaar van die eerste diakens.

In Maart 1892 is die eerste dankoffer-basaar gehou en is die som van 170 pond ingesamel. Op 25 Maart 1893 is proponent T.Meyer as eerste predikant in die gemeente bevestig. [Wagenaar 1974:49]

1.10.8.8. Wagenaar-familie se invloed

In die gemeenskap van Jamestown sou die voorsate van Koot Vorster, en by uitstek die Wagenaar-familie, nie alleen as stigterslede nie, maar ook as gemeenskapsleiers, 'n groot rol speel in die daaropvolgende jare. Die Wagenaars, of "Waenaars" soos hulle ook genoem is, het op haas elke terrein leiding geneem of ten minste 'n aandeel in gehad. Jamestown se hele geskiedenis is dus ook ineengevleg met dié van die Wagenaar-familie en dit is onmoontlik om van Jamestown melding te maak sonder om ook aan die Wagenaars te dink.

1.10.9.Dorpswapen

Jamestown se Dorpswapen getuig ook hiervan, want'n deel van die wapen, wat in 1968 ontwerp is, het 'n goue wiel wat 'n

tweeledige betekenis het: Die wiel staan so direk in verband met vervoer dat dit die snelle moderne vervoer deur die dorp andermaal benadruk. Maar dit is ook 'n simbool wat geneem is uit die familiewapen van Wagenaar wat een van die stigterslede was. Die van "Wagenaar" beteken in plat Afrikaans eintlik wamaker en vandaar ook die wawiel in die familie-wapen. [Wagenaar 1974:10].

Oor die naam van die dorp, Jamestown, is daar verskil van mening. Die afstammelinge van Alexander James Kidwell beweer dat die dorp na hom vernoem is. Ander sê dit is vernoem na Wagenaar wie se tweede naam Jacobus in Engels met James vertaal word. "'n Ander oorlewering, en baie aanneemlik, is dat die naam 'n kompromis tussen die twee aanspraakmakers was." [Wagenaar 1971:24]

1.10.10. Kultuur-samestelling in Jamestown.

Alhoewel Jamestown in die een uithoek van die Kaapkolonie geleë is en dit meestal uit Boere-gesinne bestaan het, was dit alles behalwe 'n geslote Boere-gemeenskap. Verskeie ander kultuurgroepe sou deel van die dorp se inwonertal uitmaak. Hier word veral gedink aan die Engelssprekendes, Duitsers, Libanese en Jode.

1.10.10.1. Engelssprekendes

Heelwat Engelssprekendes, hoofsaaklik afstammelinge van die Britse Setlaars, het hul weg na Jamestown gevind. Vir baie jare het hulle die gemeenskap gedien as onderwysers, geneeshere, handelaars, bankbestuurders, bouaannemers en ambagsmanne. Stigterslid Alexander Kidwell, die handelaar, het vir baie jare leiding geneem in Jamestown. Hy was die kleinseun van 'n Britse setlaar. Dieselfde geld vir die geliefde predikant ds. William Eaton wat ook die kleinseun van 'n Britse Setlaar was. Hierdie Engelsprekendes het 'n groot bydrae gelewer t.o.v. dorpstigting, en die bou van paaie en spoorlyne. Hulle was die draers van gewoontes, houdings en 'n breër kultuur na 'n ver afgeleë plek. [Wagenaar 1974:44]

1.10.10.2. Duitse Setlaars

'n Groot aantal Duitse Setlaars het vanaf hulle plasies op die Oosgrens weggetrek. Party het weer die land verlaat maar ander het hulle iewers in die binneland gevestig en ten volle met die Boere geassimileer en gehelp om die dorpe te vestig en uit te bou. Sulke Duitsers het 'n groot rol gespeel in die vroeë geskiedenis van Jamestown. Afgesien daarvan dat die handel aanvanklik in die hande van Duitsers was, was die geneesheer, ene Mengerhausen, en die eerste telegrafis en latere posmeester, Carl Friedrich von Hirschberg, ook Duitsers. [Wagenaar 1974:45]

1.10.10.3. Jode en ander kultuurgroepe

Joodse winkeliers soos o.a. Julius en Meltzer het deur die jare belangrike skakels in die ekonomiese organisasie van die dun bevolkte binneland gevorm. Daar was ook selfs Lebanese soos Maroun en Bahige Cahi wat in later jare 'n kafee op Jamestown geopen het. Hulle sou nog later die hotel op die dorp oorneem en as lid van die Munisipaliteit waardevolle diens aan Jamestown lewer. (Wagenaar 1974:46)

1.10.11. Gevolg van hierdie besondere kultuur-samestelling

Die aanwesigheid van bg. anderstaliges in Jamestown gedurende sy wordingsjare, het 'n beslissende invloed uitgeoefen op die dorp se inwoners, maar veral op die kinders wat hier opgegroei het. So was dit dan ook die geval met die Vorster-kinders. In hulle aanraking en omgang met hierdie "vreemde" kulture is hulle lewensuitkyk in 'n sekere sin verbreed. In 'n ander opsig is die liefde vir hulle eie taal en kultuur weer versterk in die "stryd" met die ander kulture en het dit die gevoel van Afrikaner-eiesoortigheid by hulle versterk.

BESONDERE KARAKTERTREKKE VAN DR. KOOT VORSTER SE VOORGESLAGTE

2. <u>WAGENAAR-VOORGESLAG</u>

Johan Peter Wagenaar het in die jaar 1764 vanaf Echersbagh via Holland na Suid-Afrika gekom. Op 2 Junie 1769 trou hy met Maria de Wege, weduwee van ene Carel Frederick Pitzer. Hulle 4de kind was Johannes Jacobus Wagenaar wat op 19 Maart 1775 gedoop is. Hy trou eers op 6 April 1806 met Jacoba Johanna Viviers en later met Elizabeth Magdalena Roelofse. 'n Seun, Johannes Petrus, is op 20 Augustus 1808 uit die eeste huwelik gebore, op 12 Maart 1809 gedoop en later met Catharina Christina Oelofse getroud. Hulle het 10 kinders gehad met die name Johannes Jacobus, Nicolaas, Cornelius, Hansie, Pieta [getroud met Steyn], Miem [getroud met Steyn], Catharina [getroud met Bekker], Chrissie [getroud met Jacobs] en Lettie [getroud met De Wet]. Die oudste, Johannes Jacobus, is met Johanna Maria Elizabeth Wepener getroud. Laasgenoemde was 'n dogter van die oudste broer van Kommandant Louw Wepener. Die egpaar het 10 kinders gehad en hul jongster dogter, Elizabeth, is met Willem Carel Vorster getroud.

Hierdie Wagenaar-voorgeslag van dr. Koot Vorster het sekere belangrike karakter-eienskappe openbaar wat ook in sy eie lewe na vore gekom het. Van die mees uitstaande is o.a. die volgende:

2.1. <u>Trots, grootdoenerigheid, indiwidualisme, selfvertroue, leierskap en dryfkrag</u>.

2.1.1. Johannes Petrus (Piet) Wagenaar

Piet Wagenaar, die oupa-grootjie van Koot Vorster het teen die jaar 1840 op die plaas Witkop, in die Jamestown-distrik, ingetrek. Hy was toe alreeds aan die mense van die distrik bekend aangesien hy vroeër gereeld uit Uniondale se wêreld met droëvrugte en brandewyn op die Stormberge kom handel dryf het.

Hy was bekend as 'n persoon wat mense tot rasens toe geirriteer het met sy trotsheid en grootdoenerigheid. Veral as hy vir 'n doodgewone middagete hom in 'n swart lakense pak gaan uitvat het. Een of ander tyd sou dit vir mense een te veel word. So het hy dan ook eenkeer glo, volgens oorlewering, met sy onnodige spoggerigheid by die ete 'n oom van Sterkstroom se wêreld baie geirriteer. Die oom het gevolglik met opset 'n groot lepel vet op Piet Wagenaar se swart pak laat uitval. Op sy beurt het Piet Wagenaar toe 'n hele skottel warm pampoen op sy ou vriend se kop omgekeer sodat sy vrou die volgende dag die waterblasies met 'n sker moes oopknip! [Wagenaar 1974:33]

Soos dit ook uit die pampoen-episode blyk, was Piet Wagenaar iemand wat daarvoor bekend was dat hy sy man kon staan. Hy het by geleentheid 'n paar trekboere, wat sy eiendom

beskadig het, met 'n sambok bygedam om skadevergoeding van hulle te eis. Dit het hy dan ook ontvang.

2.1.2 Johannes Jacobus (Groot Koot) Wagenaar

Piet se seun Koot (ook bekend as Groot Koot], die oupa van Koot Vorster, is op 23 April 1837 gebore en is op 14 Mei 1837 te George gedoop. Hy trou met Johanna Maria Elizabeth Wepener wat op 12 April 1837 gebore is. Sy was een van 10 kinders en, soos reeds gesê, 'n dogter van die oudste broer van Kommandant Lourens (Louw) Jacobus Wepener. Louw Wepener, die held van Thaba Bosigo, was die seun van Frederik Jacobus Wepener, afstammeling van Frederik Jacobus Wepener wat in Stockholm gebore is en as geneesheer na die Kaap gekom het.

Groot Koot Wagenaar het baie van sy vader se karaktertrekke by hom geërf. Dis hy wat alreeds genoem is, en wat op die plaas Plessiskraal langs die Schulpspruit gewoon het. Met sy kenmerkende dryfkrag, trots en individualisme was hy, soos reeds aangedui is, in 1874 een van die stigterslede van die dorp Jamestown wat op 'n gedeelte van sy plaas aangelê is.

Indien dit wel so is dat Jamestown na hom vernoem is [na aanleiding van sy tweede naam Jacobus], kan dit aanvaar word dat hy self nie 'n geringe aandeel in so 'n besluit sou gehad het nie. Hy was in daardie jare 'n alombekende persoon in daardie deel van die wêreld. Twee verslaggewers van die

koerant Frontier Guardian and Dordrecht Advocate het enkele dae voordat daar met die verkoop van erwe op Plessiskraal begin sou word, spesiaal 'n reis na die nuwe dorpsaanleg onderneem om eerstehandse inligting van die projek te bekom. In hulle verslag wat in die uitgawe van 19 Desember 1874 verskyn het, vertel hulle van al hul ontberinge op pad daarheen.

In die verre onbekende landstreek kon die Engelssprekende joernaliste en Hollandssprekende boere mekaar nie verstaan nie. Dit het tot gevolg gehad dat hulle baie verdwaal het en toe nog deur baie reën en ook 'n haelstorm op die pad heeltemal ontwrig is. Niemand het geweet waar die nuwe dorpsaanleg gaan kom nie. Hulle rapporteer :"Discovering another Kafir herding sheep, we galloped up and enquired for het "nieuwe dorp", which produced in reply a shake of the head. Mentioning Mr. Wagenaar's name, he showed signs of comprehending our meaning and indicated the point we were to make for." [Wagenaar 1974:16]

Groot Koot was baie spoggerig. So word vertel dat hy een aand in die teenwoordigheid van 'n paar toeskouers 'n vyf pond noot in die kers gehou en sy pyp daarmee opgesteek het. Dit was tipies van sy geweldige trots en grootdoenerigheid. [Wagenaar 1974:87] Eintlik was hierdie trots van hom niks anders as snobisme nie, want hy het by geleentheid, toe 'n nederige familielid op Jamestown kom woon het, selfs sover

gegaan om hom 'n saal en toom te betaal as hy sy naam sou verander. [Wagenaar 1974:33]

Oor die beoogde dorp wat hulle sou aanlê was hy net so trots. Hy het die Frontier Guardian met groot entoesiasme aangeraai om hulle drukkery na Jamestown te verskuif. [Wagenaar 1974:18]

Sy kinders het ook sy individualisme geërf. Sy dogter Johanna, wat eers met Pieter de Villiers en later met Hansie Wagenaar getroud is, het op die ouderdom van 85 in die Oue-Tehuis op Aliwal-Noord ingetrek en vir haar 'n kamer op die boonste verdieping uitgesoek sodat "die ou vroumense my nie kan kom pla nie." [Wagenaar 1974:34] 'n Seun van hom, Koot, het 100 jaar oud geword sonder enige tekens van fisiese of geestelike agteruitgang. Iemand wat ook baie van hierdie karaktertrekke by haar pa geërf het, was sy dogter Bettie.

2.1.3. Elizabeth Sophia (Bettie) Wagenaar

Bettie Wagenaar, dogter van Groot Koot Wagenaar en moeder van Koot Vorster is op 10 Junie 1874 gebore.
Sy het o.a. die trotsheid van haar vader geërf. Mense wat haar goed geken het sê sy was bekend vir haar adelrige, hoogvaardige en eintlik astrante gedrag. [Prins 1992] Inwoners van Jamestown en Sterkstroom, waar hulle ook 'n tyd gewoon het, onthou haar as die netjiese, trotse vrou met die

fier en regop gestalte as sy in die dorp beweeg het. Sy was effens langer as haar man en die kinders het altyd baie meer van haar gepraat as van hulle vader. Diegene wat haar nie goed geken het nie, het haar hele voorkoms, houding en optrede as uiters hoogmoedig en hoogvaardig beskou. Dit was die indruk wat mense maklik van haar kon kry.

Trots en netjies was sy beslis. Anders as haar man, Willem Vorster, met wie sy in April 1898 getroud is en wie hom nooit aan klere en sy voorkoms gesteur het nie, was sy altyd korrek geklee. [D'Oliveira 1977:8]
Voordat enigeen van haar kinders nog gebore was, het sy gereeld gerou wanneer 'n familielid gesterf het. Eenkeer, terwyl sy nog in rou verkeer het, het haar man Willem opgemerk dat sy baie goed lyk in swart. Baie tevrede met sy goedkeuring, het sy van daardie dag af nooit weer iets anders aangetrek as swart nie. Ten spyte van die beperkings van swart met bypassende grys en wit het sy die mees moderne en bes geklede vrou van die omgewing gebly. [D'Oliveira 1977:9]

As 'n netjiese en modieuse vrou het sy daarvan gehou om altyd deftig aan te trek. Die mense onthou haar soos sy altyd Sondae gelyk het as sy kerk toe stap--onberispelik deftig in 'n swart rok met 'n wit kantkraag of beffie. Die hoed was altyd volgens die mode van die tyd hoog op die kop en so effens skuins met 'n sluiertjie wat net oor die oë

kom. En om die uitrusting mee af te rond, was sy nooit sonder 'n paar stringe krale of lang hangoorkrabbertjies nie. Hierdie oorkrabbertjies het haar seun Hans eendag laat opmerk: "Ma sal kerkklokke aan haar ore hang as sy net die goed te koop kan kry." [Wagenaar 1971:85]

Bettie Vorster het altyd netjies gelyk. Wagenaar [1971:85] wonder hoe 'n boervrou soos Bettie Vorster dit reggekry het om veertien kinders groot te maak met al die lap- en stopwerk, klere-verstelling, broodbak [twee maal per week agtien brode] en algemene huishouding wat daarmee saamgaan en dan nog tot aan die einde van haar lewe soos 'n vorstin te lyk. Want sy het ten spyte van al haar verpligtinge nooit by iemand die beeld gelaat van "tant Bettie as die afgesloofde moeder van 'n groot gesin nie." [Wagenaar 1971:85]

'n Bril het sy tot die dag van haar dood nie gedra nie, omdat iemand eendag vir haar gese het dat sy lelik lyk met 'n bril. Sy het hiermee volgehou ten spyte van die feit dat sy later baie swak gesien het en selfs by tye die gesangboek onderstebo gehou het in die kerk. [Wagenaar 1974:34] So het haar tydgenote haar geken, maar hulle het ook geweet dat dit by haar nie soseer ydele vertoonsig was nie, maar dat haar kleredrag die uiterlike bevestiging van haar trotse gees was. Trots was sy beslis want dit is bekend dat sy selfs in die moeilikste dae haar kinders vermaan het met: "Koppe hoog

hou, hoor, koppe hooghou, al steek net 'n mens se neus se punt bo die water uit." [Wagenaar 1971:85] Teenoor mense het sy geredelik erken dat sy te veel van 'n trotse mens was.

Later is van die Vorster-gesin getuig: "Selfs noudat die deel van die plaas waarop die woonhuis staan, in ander hande oorgegaan het, herinner Predikantskop jou nog altyd aan die Vorsters en is dit asof die koppie met sy stewige kontoere en trotse kruintjie iets weerspieël van die gees en karakter van die twee mense wat soveel jare aan sy voet geleef en gewerk het" [Wagenaar 1971:85]

Bettie het o.a. haar kinders daaraan herinner dat Louw Wepener, die held van Thaba Bosigo, hulle grootoom is. Hulle moes ook altyd onthou dat hulle direkte afstammelinge was van goewerneur Zacharias Wagenaar. Dit was eers lank na haar dood dat een van haar kleinkinders die treurige waarheid ontdek het dat hulle stamvader maar van 'n baie nederige afkoms was en glad nie familie van die goewerneur nie!
Sy het 'n sterk persoonlikheid gehad en almal het altyd presies geweet wat sy dink en voel.

Sy was ook baie onbuigsaam. Wanneer iemand haar, na haar mening, in die steek gelaat het, het sy hom of haar nie maklik vergewe nie. Dit is baie goed geillustreer tydens 'n insident in 1941 toe Koot in die Hooggeregshof skuldig bevind is en geappelleer het. Aangesien die regter wat

uitsluitsel moes gee, regter N.J.de Wet, haar neef was, was sy vol vertroue dat Koot se appel sou slaag. Toe dit nie gebeur nie en Koot se 3 jaar gevangenisstraf gehandhaaf bly, was sy gevolglik baie teleurgesteld, Sy het haar voorgeneem om nooit weer met hierdie neef van haar te praat nie. Later daardie selfde jaar, terwyl regter De Wet as Goewerneur-Generaal waargeneem het, het hy van die familie in die distrik opgesoek. Een van hulle het die Vorsters gebel. Die dogter Mona het geantwoord. Sy vertel verder:"Ek onthou hierdie tante van my wat aan my gesê het dat die regter my ma wou kom opsoek. Ek het aan my tante gesê dis goed, my ma sou tuis wees. Maar toe ek aan my ma sê dat oom Nick haar later in die dag sou kom besoek, was sy baie kwaad, want sy het mos maande gelede al gesê sy sou nooit weer met hom praat nie. Sy wou egter nie toelaat dat ek my tante bel om haar in te lig nie.

Sy het haar beste klere aangetrek - hy was immers die waarnemende Goewerneur-Generaal - en my ma het mos geglo mens moet dinge reg doen. Toe hy aan die voordeur klop, stuur my ma die bediende om aan hom te sê dat sy nie beskikbaar is nie. Die huis was egter so gebou dat hy haar duidelik kon sien sit. Maar sy het verseg om hom te ontvang en spoedig het die hele dorp gepraat oor hoe my ma die waarnemende Goewerneur-Generaal weggestuur het. Ek onthou dat van die familie haar gebel het en gevra het hoe sy dan so iets kon doen. Haar antwoord was eenvoudig: 'Ek het mos

gesê ek sal nooit weer met hom praat nie. Ek hou my altyd aan my woord.' So was sy maar altyd." [D'Oliveira 1977:10]

Hierdie karaktertrek het haar seun John, wat later Staatspresident geword het, geopenbaar toe hy verklaar het: "Daar is party mense met wie ek eenvoudig klaar is en een van daardie mense is Albert Hertzog. Ek gee hom nie die hand nie, want ek is klaar met hom." [D'Oliveira 1977:251]

So tree haar seun Koot ook op nadat hy meen dat die voormalige Administrateur-Generaal van Suidwes-Afrika, regter Theunis Steyn, hom te na gekom het. By die lughawe D.F.Malan in Kaapstad het hy met 'n kleinkind in die arms gestaan toe regter Steyn na hom kom om hom te groet. Koot Vorster het egter sy rug op hom gekeer en dieselfde gedoen by 'n volgende probeerslag van die regter. Hy het sy optrede verklaar deur te sê dat hy eenvoudig maar by sy besluit gebly het. [Vorster 1979 ]

## 2.2. Gasvryheid, mensliewenheid en jammerhartigheid

### 2.2.1 Groot Koot Wagenaar

Groot Koot was iemand met 'n stentorstem en 'n uitbundige lewensvreugde. Sonder twyfel was hy ook 'n besondere groothartige en gasvrye mens. Verslaggewers wat Jamestown rondom die stigtingsjare besoek het, het almal met baie

groot lof gepraat oor sy vriendelikheid en gasvryheid. So rapporteer die Frontier Guardian van 17 April 1875 :"Mr.Wagenaar [who never does things by halves] had slaughtered an ox, a pig and innumerable poultry. Our readers may take it for granted that full justice was done to Mr. Wagenaar's hospitality, and that there was great feasting at 'Plessiskraal'." [Wagenaar 1974:22]

Mense wat hom geken het sê hy sou, soos die spreekwoord lui, letterlik sy broek vir 'n ander uittrek. Sy kinders het vertel dat hy dikwels 'n arm man langs die pad so jammer gekry het dat hy sy baadjie vir hom gegee het en self half-verkluim by die huis aangekom het. [Wagenaar 1974:33] So het hy ook by 'n ander geleentheid vir Generaal Smuts een van sy broeke geleen. Dit het gebeur toe 'n Boere-kommando tydens die Tweede Vryheidsoorlog op sy plaas aangekom het en Generaal Smuts se broek in 'n gehawende toestand was. Die probleem was egter dat die Generaal aan die skralerige kant was en gevolglik die groot man se broek tot onder sy arms moes optrek. [Wagenaar 1974:33]

Groot Koot was baie lief vir mense. Hy het daarvan gehou om met sy medemens te kommunikeer en gevolglik was hy baie lief daarvoor om vir mense poetse te bak---al was sommige van sy poetse 'n bietjie geniepsig. Dit word vertel dat hy as luitenant van die Jamestown Korps gedurende die Tamboekie-oorloë, 'n mede-soldaat so 'n lelike streep getrek het. Die

man, 'n vangenoot wat nie familie was nie, was baie lief vir gebakte skaapkop. Hy het soms vir hom 'n skaapkop onder warm kole begrawe. Moeg en honger het hy een aand na patrollie weer sy skaapkop uitgehaal en geëet maar onraad gemerk toe hy die skaapkop se gevaarlike slagtande sien. Groot Koot het vroeer die dag 'n rondloperhond keel-af gesny en die skaapkop onder die kole met die hondekop vervang. [Wagenaar 1974:33]

2.2.2. Koot Wagenaar (Junior)

Koot Wagenaar, seun van Groot Koot, was 'n besondere mens. Op Koot Vorster het sy moeder se broer, Koot, 'n groot indruk gemaak en hy sê van hom: "En wie kan oom Koot Wagenaar vergeet? Hy was altyd vir ons die mens wat die naaste aan sondeloosheid gekom het. Miskien het hy nie baie gewerk nie, maar so het sy moeder hom in sy kinderdae beskerm dat hy lank na haar dood nog, as ons hom geterg het dat hy nie baie gewerk het nie, gese het: "Kits, ek het baie gewerk, gaan vra vir oorlede ma." Hy het nooit van iemand kwaad gepraat nie, het ook geen vyand gehad nie, en was lief vir die geselskap van dames en kinders. Geen wonder dat hy 100 jaar oud geword het nie!" (Vorster 1974:85)

2.2.3. Bettie Wagenaar

Bettie Wagenaar, die moeder van Koot Vorster, het ook die mooi eienskap van gasvryheid en mededeelsaamheid van haar vader ontvang. Mense wat haar goed geken het, getuig hiervan.
Niemand het ooit van haar huis af weggegaan sonder dat hulle volop te ete en drinke gehad het nie. Gewoonlik het 'n kuiergas ook nog met iets in die hand, soos 'n bottel konfyt of ingemaakte vrugte, haar huis verlaat. Sy het haar altyd oor die arm mense van die dorp ontferm. Later, nadat haar man dood is, en sy na Jamestown teruggekeer het en alleen met haar dogter Mona in die familiehuis gewoon het, het sy gereeld baie kos weggegee. Haar twee seuns, Hans en Stefaans, het op daardie stadium hulle plaas Spitskop bestuur en een keer per week vir haar vleis en groente dorp toe geneem. Binne 'n dag of twee nadat sy die kos ontvang het het sy alles onder die ander mense uitgedeel gehad. Hierdie vrygewigheid van haar het tot gevolg gehad dat die seuns later tot driekeer in 'n week vir haar kos ingeneem het dorp toe. [D'Oliveira 1977:9])

Haar kinders onthou dat sy hulle hul smaakverskille gegun het en hulle toegelaat het om te eet waarvoor hulle lus was. Sy was, volgens haar kinders, 'n wonderlike kok wat al die gesinslede se uiteenlopende smake kon bevredig. Kos was ook altyd genoeg. As die gesin pas klaar geëet het en 'n hele string besoekers daag skielik daar op, het sy die groot eetkamertafel dadelik weer gedek en binne 'n halfuur het die

besoekers op die een of ander manier 'n volle maaltyd gekry --asof sy dae lank op hulle koms gewag het.

Sy het haar kinders altyd aangemoedig om hulle maats huis toe te bring. Op Sterkstroom onthou tydgenote van Koot dat die Vorster-huis altyd oorgeloop het van kinders. So was dit in die kleinerige huis wat hulle in Van Heerdenstraat vir 'n kort tydjie bewoon het maar, en veral later, toe die Vorsters na die groter huis in Van Zylstraat oorgetrek het. Dit was die vergaderplek van die dorp se jongmense. Terwyl die kinders letterlik die huis oorgeneem het en allerhande speletjies gespeel het, het Bettie haar stilweg teuggetrek en agter in die huis en in die kombuis gesorg dat daar genoeg te ete en drinke was vir die jongklomp. [Prins 1992]

## 2.3. <u>Godsdienssin</u>

### 2.3.1. Bettie Wagenaar

Bettie was, net soos haar man Willem, 'n baie godsdienstige mens. Sy het haar man ondersteun in die huisgodsdiens wat elke aand in die Vorster-huis gehou is. Sy het saans vir die kinders uit die Bybel gelees, want vir haar was godsdiens vanselfsprekend en onontbeerlik. Sondae het sy op die plaas vir die kinders Sondagskool gehou.

'n Besondere insident illustreer haar geloofslewe. Toe Koot 'n klein seuntjie was, so het sy hom later vertel, het hy eendag gesterf. Terwyl sy vader dorp toe gereis het om die nodige reëlings vir sy begrafnis te tref, het sy ernstig gebid en God gevra om sy lewe te spaar. Indien God haar gebed verhoor en sy lewe spaar, sou sy die belofte maak dat hy eendag vir predikant sou gaan leer. Met sy vader se aankoms weer op die plaas was die verbasing en blydskap groot toe die seun, wat deur die dokter as dood verklaar is, leef. Die Here het hom, so het die ouers geglo, weer aan hulle teruggegee.

Bettie was eintlik baie konserwatief en tradisievas. So het sy byvoorbeeld routye ernstig opgeneem. Met die afsterwe van haar man, Willem, het sy haar dogter, Mona, opdrag gegee om vir 3 jaar te rou. Dit was destyds die behoorlike tydperk om oor 'n ouer te rou. Bettie en Mona het toe albei vir 3 jaar gerou deur swart, grys en wit te dra. [D'Oliveira 1977:9]

## 2.4. <u>Storievertellers</u>

### 2.4.1. Bettie Wagenaar

Bettie se kinders sê hulle moeder was 'n wonderlike mens met 'n wonderlike gees. Volgens hulle was sy die beste storieverteller wat hulle nog gehoor het en sy kon 'n storie vertel soos min. [D'Oliveira 1977:11] Dis 'n gawe wat Koot

Vorster ook van sy moeder geêrf het en waarvan sy kinders en kleinkinders ook kan getuig. Sy suster, Anna Arnold, se kleindogter Elmarie Louw, vertel hoe bly hulle was as oom Koot by hulle ouma kom kuier het, sodat hulle na sy stories kon luister. By 'n ander geleentheid het hulle in die pastorie in Vredehoek as klein kindertjies op die vloer rondom Koot Vorster gesit en aandagtig geluister na al die wonderlike stories wat hy aan hulle vertel het. Dit was veral ook die wyse waarop hy dit vertel het wat hulle so geboei het. [Louw 1983] Dit was met kleur en geur vertel en vir klein kindertjies was dit nie belangrik of sommige stories hier en daar 'n stertjie by gehad het nie. Die stertjie is immers storievertellers se voorreg en soms die ding wat hulle van gewone vertellers onderskei. Dis egter 'n kuns om te weet wanneer om by te las en wanneer nie, sodat alles wat hy sê nie later onder verdenking is nie. Nêrens in Koot Vorster se openbare loopbaan is daar enige aanduidinge dat hy ongeloofwaardig deurgekom het nie.

## 3. VORSTER-VOORGESLAG

'n Forster was in die Duitssprekende lande 'n amptenaar wat belas was met die sorg vir die bos. Hy moes teen uitbrandery en bosbrande waak en veral ook toesien dat die wild nie deur

diewe gestroop word nie maar vir die eienaar gevang of bewaar word.

In Holland is so 'n man 'n "vester" genoem en die Suid-Afrikaanse van Verster het dus dieselfde betekenis as Forster wat by ons Vorster geword het. Hans Forster, die stamvader van die Vorsters, het darem nie uit Duitsland nie maar uit Switserland gekom. Hy het ook nie in die bosbou gewerk nie maar was 'n matroos afkomstig uit Bern. In 1717 het hy aan die Kaap voet aan wal gesit. Deur die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie word hy as boerkneg uitgeleen aan ds. Petrus van Aken in die Drakenstein [Paarl van vandag] en gaan later by 'n sekere W.S. van der Merwe werk. Hy ontmoet en trou hier met Elizabeth Lubbe. Hans en Elizabeth se derde kind, 'n seun met die naam Barend is op 1 Desember 1726 gedoop en op 15 Januarie 1746 tree hy in die huwelik met Dorothea Maria Smit. Hulle het 13 kinders gehad en dit verklaar waarskynlik die groot nageslag wat eers in die Oostelike distrikte en as gevolg daarvan later veral in Transvaal gewoon het. [Pama 1964:14]

Jacobus Adriaan Vorster van Graaff-Reinet was Barend en Dorothea Maria [neé Smit] Vorster se 10de kind en is op 11 Januarie 1767 gedoop. Op die 24ste Februarie 1788 tree hy in die huwelik met Martha Lubbe. Hulle eerste kind is reeds op 22 Desember 1788 gebore en op 11 April 1789 Johannes Hendrik gedoop. Op die 22ste Desember 1811 trou hy met Sophia Aletta Jacoba de Meyer. Hulle 4de kind, Oloff Abraham, was die 5de

geslag Vorster in Suid-Afrika en is op 14 November 1816 gebore. Hy was eers met Elsie Swanepoel getroud voordat hy op 11 Mei 1857 met Anna Catharina Elizabeth van der Merwe getroud is. Hulle het 9 kinders gehad voordat hy met Petronella Terblanche in die huwelik getree het. Sy 3de seun uit sy tweede huwelik was Willem Carel wat op 29 April 1869 gebore is en op 9 Junie 1869 gedoop is. Willem Carel was die 6de geslag Vorster en is gedurende April 1898 met Elizabeth Sophia Wagenaar getroud. Hulle het 15 kinders gehad - 9 seuns en 6 dogters. Koot was die 9de kind.

Oelf Vorster, die grootvader van Koot Vorster, en sy tweede vrou Nellie, wat heelwat jonger as hy was, het op 'n groot vrugbare plaas, Strydfontein gewoon. Op hierdie plaas, wat net onderkant die Elandsberg geleë was, het Oelf Vorster 'n gemengde boerdery gehad. In teenstelling met Jamestown wat baie koud word in die winter, was Strydfontein 'n lekker warm plaas sodat die familie in die wintermaande graag daarheen gegaan het. [Du Preez 1966:1]

Oelf en Nellie Vorster het beslis nie finansiële probleme gehad nie. Oelf Vorster was altyd netjies geklee in 'n swart lakense pak [dieselfde materiaal waarvan die latere manelle gemaak is] met 'n sagte wit hemp en wit nekdoek. [Du Preez 1966:2] Vir besoekers aan Strydfontein met sy ruim en stewiggeboude opstal, het dit gelyk asof alles altyd volop is. Op 'n stadium is daar elke dag twee skape geslag en nog

'n ou ooi per week vir die swart werkers se rantsoen. [Du Preez 1966:4]

Aan die binnekant het die ou opstal baie mooi gelyk. Om die vier deure, wat uit die ruim voorkamer gegaan het asook om al die vensters, was daar 'n rankie van blare en blomme geskilder sodat dit na papier gelyk het. Die mure was donkergroen geskilder en die vloere was van miershoop en lynolie ingestamp, blink, swart en glad soos glas.

In die huis se groot provisiekamer, wat langs die kombuis was, het altyd biltong en tasalletjies, spek, hamme en wors gehang. In nog twee ander kleiner kamertjies was die koring wat vir 'n jaar se meel nodig was, saaikoring vir die aanstaande saaityd en die meel, sakke gedroogde perskes, okkerneute, amandels, smeerperskes en gevlegde droë perskes [soos roltabak opgerol], toegedraai in linne. [Du Preez 1966:4].

As hartlyer het Oelf in latere jare in die voorkamer op die bank gesit en eintlik nie meer geloop nie. In die winter was daar groot plat warm klippe by sy voete. Hy het nie saam met die familie geëet nie, maar sy kos, wat spesiaal vir hom in die binne-kombuis voorberei is, in die voorkamer gekry. Elke aand het hy een of twee eetlepels egte Franse brandewyn in 'n kelkie met warm water gedrink. Hierdie Franse brandewyn is spesiaal vir hom uit Frankryk bestel deur sy

geneesheer, dr. Dumas. Al drank wat ooit in sy huis was, is brandewyn wat, soos sy tandevlos, spesiaal vir hom bestel is. [Du Preez 1966:3]

In die Vorsters se hoofslaapkamer was 'n groot hemelbed waarvan die kap binne met blink linne uitgevoer was. Rondom die bed was gordyne wat toegeskuif of oopgemaak kon word. Later het hy as 'n siek mens altyd regop in die bed gesit met 11 donskussings agter sy rug. Aan die bo-ent van die bed aan sy kant was daar 3 sakkies met onderskeidelik sterk pepermente, teesuiker en suurklontjies om aan te suig as hy nie kon slaap nie of as sy mond te droog geword het. In 'n skottel met water het 'n kers gestaan wat altyd die heel nag gebrand het. [Du Preez 1966:3] So het sy lewensstyl beslis iets van 'n aristokratiese leefwyse geopenbaar.

Die kinders van Oelf en Nellie Vorster was Piet, die oudste, wat later met Annie Bosch getroud is, Annie [getroud met Willem Roux], Poppie [getroud met Frans Gericke], Koot [wat nooit getrou het nie], Oelf [getroud met Miemie Wagenaar] en 'n tweeling Izak en Lettie wat die jongste kinders was en Willem. [Du Preez 1966:1] Willem is op 29 April 1869 gebore en is die vader van Koot Vorster.

Daar was sekere kenmerkende karakter-eienskappe wat die Vorster-voorgeslag van Koot Vorster openbaar het en wat 'n

besliste invloed op sy eie lewe gehad het. Van hierdie eienskappe was o.a. die volgende:

### 3.1. Liefde vir die kerk en godsdienssin

#### 3.1.1. Oelf Vorster

Die Vorsters was, volgens alle getuies, kerkmense gewees wat die kerk en predikant liefgehad het. Daarvan was sy diens aan die kerk en sy gereelde groot bydraes vir die kerkbasaar 'n voorbeeld. Volgens getuies was sy bydrae vir die kerkbasaar gereeld tussen R100 en R200 wat in daardie dae baie geld was. [Du Preez 1966:2]

Oelf was'n vriendelike, gasvrye, groothartige, reguit en opregte mens. As die Hooggeregshof op Aliwal-Noord gesit het, het hy altyd vir 'n tydjie in sy dorpshuis, regoor die Magistraatskantoor, gaan bly. Wanneer die advokate by sy huis verbyloop op pad hotel toe waar hulle gebly het, het hy altyd vir hulle gewink om nader te kom. Dan sou hy hulle altyd vermaan met die woorde: "Julle moet tog luister wat die mense te sê het en reg en geregtigheid doen, want onthou, julle sal ook eendag voor 'n Regter moet staan."[Du Preez 1966:5]

#### 3.1.2. Willem Vorster

Willem Carel Vorster, die vader van dr. Koot Vorster, is in April 1898 met Bettie Wagenaar, dogter van groot Koot Wagenaar, in die huwelik bevestig.

Willem, met die Vorster-familie se kenmerkende klein voetjies, was korter as Bettie. Hy was 'n stil, selfs inkennige mens maar, soos Bettie, ook iemand met 'n sterk persoonlikheid.

Soos sy vader, was Willem ook baie godsdienstig en het hy en Bettie ook die kinders so groot gemaak. Een van die Vorster-seuns het getuig van sy ouerhuis: "Ons huis en lewe het 'n vaste patroon gehad, volksgebonde en Christelik gefundeerd." [Wagenaar 1971:86] Geen maaltyd is ooit geneem sonder 'n lang gebed voor die maaltyd en danksegging daarna nie. Na die aandete is die Bybel uitgehaal en het die bediendes hulle by die gesin kom aansluit terwyl Willem uit die Boek gelees het. Na die gebed kon die bediendes en die lede van die gesin dan weer hul gang gaan. [D'Oliveira 1977:11] Elke oggend was daar 'n spesiale stiltetyd waarin elke lid van die gesin sy of haar gebed kon opsê. Elke Sondag is daar op die plaas Sondagskool vir die kinders gehou. Godsdienstigheid is dus op 'n natuurlike wyse deur die Vorsterkinders verwerf- en dit sou hulle die res van hulle lewe bybly. [D'Oliveira 1977:11]

### 3.2. <u>Naasteliefde</u>

### 3.2.1. Oelf Vorster

Oelf Vorster was ook iemand wat 'n groot hart vir sy naaste gehad het. Vir enige behoeftige was sy hande altyd oop. Trekboere het soms lank op Strydfontein oorgebly en 'n rondloper het eenkeer lank in 'n buitekamer op die plaas vertoef omdat hy geen geld gehad het om van te lewe nie. In ruil vir sy vry losies het hy skilderwerk in en rondom die huis gedoen. [Du Preez 1966:2]

Indien enige persoon in sy huis tweemaal gekla het dat hy siek voel, of selfs net hoofpyn gehad het, is daar 'n seun op die perd gesit om sy huisdokter dr. Dumas te gaan haal. Oelf se besondere gasvryheid het mooi na vore gekom toe hy met Nellie getroud is. Voor haar troue het Nellie saam met haar twee susters, Non en Kolie, gebly. Toe hulle getroud is, het Oelf egter aan haar gesê ,"die twee kinders", [bedoelende haar twee susters], "kom saam met jou". Non het dan ook by hulle gebly totdat sy getroud is en Kolie het nooit getrou nie en altyd by hulle gebly. [Du Preez 1966:5]

Sy medemens het hy ten volle vertrou. So het hy byvoorbeeld by geleentheid toe iemand, aan wie hy 'n taamlike groot som geleen het, hom 'n bewys daarvoor wou gee, gesê: "Wat moet ek met die papiertjie maak, as ek nie jou woord kan neem nie, sal die papier ook nie help nie." [Du Preez 1966:4]

Oelf was lief vir mense en het gehou daarvan om met hulle te korswel. As die dokter, dr. Dumas, uitgeroep was plaas toe vir siekte en Oelf intussen beter geword het, sou hy gesê het, op die dokter se vraag:"Wat makeer mnr. Vorster?". "Nee niks nie, jou Fransman, ek wou net weet of jy nog nie geleer het om ordentlik te praat nie", [Dr. Dumas het met 'n duidelike Franse aksent gepraat] of "ek wou sien of jy nog so lelik is." [Du Preez 1966:3] Hierdie storie van hom oor die lelikheid het hy soms ook by die kerkbasaar gehad. Dan sou hy soms sê, "al julle Aliwal se vrouens, kom staan hier voor my. Die mooiste een kan vir haar iets vir vyf pond koop en julle ander wat nie so mooi is nie, koop maar vir julle iets vir 'n pond of twee pond." [Du Preez 1966:2]

3.2.2. Willem Vorster

Willem Vorster was 'n baie minsame mens alhoewel hy dit nie juis altyd gewys het nie. Sy vriende sê van hom:"Daar was nou vir jou 'n goeie man" [Wagenaar 1971:86] en sy kinders onthou dat hulle hom nooit hard hoor lag het nie en dat hulle hom nooit kwaad gesien het nie.

Op die plaas Spitskop, maar veral ook nadat hy en sy gesin na Sterkstroom verhuis het, is die Vorster-kinders aangemoedig om hulle vriende huis toe te bring. Die jongmense van die dorp en distrik was baie gretig om by die

Vorsters aan huis te kom, aangetrek deur die warm vriendelike atmosfeer wat in die Vorster-huis geheers het; die gasvryheid en die mengelmoes van mense. Daar was altyd iets om te doen en daar was altyd mense.

Klasmaats van Koot onthou dat Willem bedags gewoonlik op die stoep gesit het en dit geniet het om in die middae en saans met van die onderwysers skaak te speel. Skaakspelers het ook nooit ontbreek nie. So het die kinders na skool en na afloop van skoolaktiwiteite altyd na die Vorsterhuis gegaan. Dit was maar altyd die bymekaarkomplek van die kinders en jongmense. [Prins 1992]

Dit was duidelik dat die Vorster-gesin 'n geborge en gelukkige huisgesin was waarin die kinders almal 'n groot liefde en respek vir hulle ouers gehad het. [D'Oliveira 1977:10]. Klasmaats onthou dat die Vorster-kinders amper nooit van "vader" gepraat het nie maar baie van "moeder", soos hulle hulle ouers genoem het. [Dis 'n respekvolle aanspreekvorm wat in Willem se huis gegeld het en later ook in Koot se huis. Koot se kinders het hulle ouers ook nooit anders aangespreek as "Vader" en "Moeder" nie.] Willem was maar altyd die stil maar besliste figuur op die agtergrond wat net gepraat het wanneer dit nodig was.

Hoewel hulle geaardhede so verskil het, was Willem en Bettie baie geheg aan mekaar. Albei was lief vir kinders en hulle

het oor 'n tydperk van 20 jaar vyftien kinders gehad. Geeneen van die kinders kan onthou dat hulle ouers ooit gestry het of met mekaar verskil het nie. [D'Oliveira 1977:10]

3.3. Volksliefde en liefde vir politiek

3.3. Willem Vorster

Willem Vorster het sy volk, die Afrikanervolk, baie liefgehad. Waar Bettie se familie ondersteuners van genl. Louis Botha was, was Willem se familie ondersteuners van genl. Hertzog. Hy was dus by uitstek in sy huis die voorstaander van 'n afsonderlike en vrye Afrikanervolk en die draer van volksnasionalisme. Wat 'n Engelssprekende joernalis as, "A passionate belief in the cause of Afrikaner nationalism " genoem het toe hy na Willem Vorster verwys het. [Norman 1978:2] So het die mense ook die vooruitstrewende boer Willem Vorster geken as 'n vurige Afrikaner wat ten volle toegewy was aan die Afrikanersaak en die Afrikaanse taal. Dit was dus vanselfsprekend dat hy kort na die stigting van die Nasionale Party, lid daarvan sou word. [D'Oliveira 1977:7]

Koot sê van sy vader Willem: "Vader was 'n stil mens met min woorde, nederig en 'n Afrikaner." [Wagenaar 1974:85). En op 'n ander keer lig hy dit so toe: "Vader was 'n baie stil

man, maar hy was 'n stoere Afrikaner, want ek onthou dat hy heel van die begin af, [toe ek 'n klein seuntjie was], een van die eerste mense in Jamestown was wat Die Burger gekry het, asook een van die eerstes wat hom by die Nasionale Party aangesluit het." [D'Oliveira 1977:7]

Sy kinders onthou dat hy baie in die politiek belang gestel het en dat hy dae deurgebring het met die ontleding van verkiesingsuitslae en -vooruitsigte. Voor 'n algemene verkiesing het hy altyd sy menigte berekenings in skooloefeningboeke gedoen en dan aan die belangstellendes vertel hoe hy gedink het dat "ons mense" sou vaar. En al kere dat hy bioskoop toe gegaan het, was wanneer hy geweet het dat die verkiesingsuitslae op die skerm geflits sou word. [D'Oliveira 1977:7]

Willem het sterk gevoelens gehad oor die toestand van die Afrikanervolk en genl. Louis Botha se, wat hy genoem het, "verraad". Hoe sterk hierdie gevoelens van sy vader was, het Koot agtergekom toe hulle een dag vir sake na Jamestown is. Hy sê van hierdie dag: "Dit was die eerste dag dat ek voor die ding wat mense "politiek" noem, te staan gekom het. Ek onthou ek moes saam met Vader dorp toe gaan om op pad die hekke oop en toe te maak. Dit was sy gewoonte om eers reguit na die poskantoor te gaan; die posmeester, mnr. Tom le Roux, was 'n ou vriend van hom. Hy het altyd die jongste nuus van mnr. Le Roux gehoor terwyl ek op die kar gesit het met die

leisels in my hand. Ek onthou daardie dag het die mense in klein groepies in die straat rondgestaan en iets baie ernstig bespreek. John Wagenaar was ook daar. Almal het maar bra bedruk gelyk. Toe kom Vader by die poskantoor uit en lyk so hoog in sy skik dat selfs ek dit dadelik kon raaksien. Onthou nou, hy het nooit met sy gevoelens te koop geloop nie, dus moes hy baie ingenome met iets gewees het. Nadat ek die hekkie net buite die dorp toegemaak het, vra ek: 'Pa, hoekom lyk Pa so bly en die ander mense so treurig?' Sy antwoord: 'My seun, Botha is dood. Nou sal ons volk tot sy reg kan kom.' Dit is hoe sterk sy gevoelens oor die dinge was." [D'Oliveira 1977:8].

Dit is net interessant dat Willem en Bettie, wat vanuit twee teenoorgestelde politieke oortuigings met mekaar getroud is en sterk sienings gehad het, volgens die kinders, nooit baie gestry of harde woorde gehad het nie. Dit kan aanvaar word dat Bettie haar, Willem se meerdere kennis en insig van die politiek, laat welgeval het. Sy het dus van politieke gesprekke weggestuur om die vrede te bewaar of waarskynlik een of ander tyd van politieke sienswyse verander.

## 3.4. Beginselvas en onbuigsaam.

--Swart of wit [nie grys nie]

### 3.4.1. Oelf Vorster

As gasvrye mens was Oelf Vorster ook 'n baie besliste mens gewees vir wie alles net altyd reg moes wees. Toe hy later as hartlyer nie meer self op Strydfontein geboer het nie, het sy twee seuns Piet en Willem na die boerdery omgesien. In die aande as dit tyd was dat die skape huis toe kom, het hy altyd op die stoep gesit en dan moes daar verslag van die dag se boerdery aan hom gedoen word. In die lamtyd wou hy weet hoeveel lammertjies daar was, hoeveel ooie hulle lammertjies weggegooi het en hoeveel skape deur die jakkalse gevang is. So moes daar ook van die beeste verslag gedoen word en van die ploeëry of van die oes, elkeen in sy seisoen. [Du Preez 1966:2]

Hierdie beslistheid van Oelf kom ook na vore in sy reaksie op mense wat in sy huis wou rook. Dis iets wat hy nooit toegelaat het nie en hy het dit reguit aan besoekers gestel. As iemand wou rook, het hy altyd gesê: "Gaan rook in die stal." [Du Preez 1966:2]
Aangesien hy lief was vir sy medemens kon dié hom baiekeer diep teleurstel. Op 'n keer het veeboere vir 'n maand op Strydfontein oorgebly en daarna het hy vir iemand gese: "Swaer, toe hulle hier gekom het, het ek gedink dis die mooiste vrou wat ek nog gesien het en die lelikste man, maar toe hulle die dag weggaan, het ek gedink dis die mooiste man en die lelikste vrou." [Du Preez 1966:2]

3.4.2. Willem Vorster

Soos sy vader, was Willem ook iemand vir wie swart swart was en wit wit met bitter min grys tussenin, soos sy dogter Mona later gesê het. As hy eers 'n besluit geneem het, het hy daarby gebly. [D'Oliveira 1977:18] Op sy stil manier het hy die koers aangedui en by mense respek afgedwing.

Terwyl hy op Sterkstroom gewoon het, het die mense hom gevra om hom as Dorpsraadslid verkiesbaar te stel. Hy het ingewillig, maar toe die verkiesing nader kom en hulle wou hê dat hy toesprake moes hou en stemme werf, het hy doodgewoon geweier en hulle sonder doekies omdraai vertel dat die mense weet wie hy is en waarvoor hy staan. Toe sit hy maar net daar op sy stoep-- hoewel die mense wat met hom wou kom gesels, heeltemal welkom was. Ten spyte van hierdie eienaardige optrede, het hy tog die verkiesing gewen, raadslid geword en jare lank as Onderburgemeester van Sterkstroom gedien. [D'Oliveira 1977:7] Hierdie selfde houding het sy seun, John, gehad toe hy in 1966 genader is met die versoek om hom vir die pos van Eerste Minister beskikbaar te stel. Toe het hy gesê: "as die koukus my wou he, sou die koukus my kies, maar ek sou geen vinger verroer om verkies te word nie en ek was geensins van plan om stemme te werf nie." [D'Oliveira 1977:169]

Toe Willem en Bettie getroud is, was hy gewillig om Bettie haar sin te gee en haar die eerste bruid in Jamestown te

maak wat met die nuwerwetse gedoente van 'n trouring in die huwelik bevestig te word. Maar toe Bettie baie jare later lol om 'n kind van hom 'n uitlandse naam te gee, het hy viervoet vasgesteek. Koot onthou dit goed: "Moeder was sterk en trots en 'n vrou wat kon raakvat. Daarom kon sy dit regkry om 14 kinders groot te maak. Hierdie verskil in geaardhede het eendag tot groot vermaak in die kerk en groot spanning tuis gelei. Die jongste en veertiende kind, 'n dogter, is gebore. 'n Verligte hoërskool-onderwyseres het moeder ingepraat dat familiename "uit" is, sommer agteraf en atjar. Nou ja, dan moes die dogtertjie 'n vreemde naam kry, nogal Leonie. Voor die doop het "Cousin" John Wagenaar gevra: "En wat is die naam van die kind, Tamelia?". Trots en hoogmoedig het moeder geantwoord: "Leonie, John". En op die vraag: "Wat sê oom Willem daarvan?", was die antwoord: "Nee, jy weet mos hy sê nie veel nie, maar hy het gesê "hmf". Oral is toe rond vertel dat die kind se naam Leonie is. Op die doopdag gaan sit die Vorsters op hulle gewone plek voor in die kerk, en die Wagenaars op hulle ou plek net aan die ander kant van die gang. By die doopvont gee Willem die doopsbriefie aan die dominee, ds. Eaton, en die lees toe: "Margaretha Johanna". Cousin John val byna van die bank af soos hy lag. Daarmee was die saak afgehandel. Tuis was dit 'n ander storie. Toe het Bettie bitter trane gestort en dit was duidelik Willem se ronde dié." [Wagenaar 1971:85]

### 3.5. <u>Hardwerkendheid</u>

#### 3.5.1. Willem Vorster

Willem het op die plaas Spitskop in die noordelike voorheuwels van die Stormberge naby Jamestown geboer met beeste, skape, koring en 'n tyd lank met perde. Die gesin het in 'n groot gemaklike huis gewoon en hoewel geen geld vermors kon word nie, het hulle geen gebrek gely nie. [D'Oliveira 1977:11]
Willem het daaraan geglo om sy kinders op die plaas te laat werk. Gedurende vakansies, en veral in die Kersvakansie, wanneer die koring gesny moes word, het die kinders met die plaaswerk gehelp. Hy het dit duidelik gestel, dat iemand wat nie weet hoe om self hard te werk nie, nooit ander mense kan beveel om te werk nie, en dat die mens wat 'n bepaalde werk nie self kan doen nie, nie van 'n ander kan verwag om daardie werk te doen nie. [D'Oliveira 1977:9].

Nadat Willem met sy gesin na Sterkstroom getrek het, het hy 'n paar koeie aangehou in 'n stal agter die huis. In hierdie stal, wat vandag nog daar is, het die kinders elke dag met die melkery gehelp. Bedags moes die kinders help om die koeie na en van die dorpsveld net buite die dorp, waar hulle bedags gewei het, aan te jaag.

## 4. SLOT

Al bogenoemde gegewens behoort nuttig te wees wanneer 'n poging aangewend word om Koot Vorster en sy vorming beter te verstaan. Dit is baie duidelik dat hy in 'n baie harde wêreld grootgeword het - 'n wêreld waar, soos hy dit self skertsend vertel het, die kinders eers getel is wanneer hulle die ouderdom van 4 bereik het. Hoewel dit 'n skertsende opmerking was, het die waarheid daarvan 'n mens tog nie ontglip nie. Daardie deel van ons land is inderdaad 'n harde wêreld en het nog altyd aan ouers en kinders groot eise gestel.

Kinders wat in die Stormberge grootgeword het, het beslis karakter-eienskappe ontwikkel wat in hul latere lewe vir hulle baie gehelp het om te volhard, moed te hou, uit te hou en in oomblikke van krisis staande te bly. 'n Gesegde in die verband is al gehoor nl. "Mense van die Stormberge word meer as lewensgroot." In hierdie deel van die wereld is leiers gekweek wat later nog 'n groot rol sou speel in die volkslewe.

Van dieselfde belang is die verskeie karaktertrekke van Vorster se voorsate wat by hom teruggevind word. Met die oog daarop is daar op sekere karakter-eienskappe van sy voorouers gekonsentreer. Daarmee is hopelik bewys dat Vorster alleenlik bekyk en verstaan kan word indien sy voorouers ook bestudeer word. Vorster se voorouers en die

besondere plek waar hulle gewoon en gewerk het, blyk dus belangrike faktore te wees wat hom help vorm het om die leier te wees wat hy later geword het.

# HOOFSTUK 2

## DIE VORMING VAN DR. KOOT VORSTER GEDURENDE SY KINDERJARE EN AS SKOLIER.

### 1.1. Voorskools

Teen die einde van die vorige eeu het Koot Vorster se ouers, Willem en Bettie, van hul huis in Aliwal-Noord na die plaas Spitskop, naby Jamestown, getrek. Spitskop, 6300 vt. bo seespieël, was een van die hoogste geleë plase in die Stormberge. Geleë op die noordelike voorheuwels van die Stormberge, was die winters lank en bitter koud. Sneeu was iets algemeen in die wintermaande terwyl die somers betreklik kort en matig was. Die plaas se grond was goed en vrugbaar met baie fonteine. Willem het met beeste, skape, koring, en 'n tyd lank met perde, geboer op die plaas wat 1400 morge groot was.

Die gesin het in 'n groot gemaklike huis gewoon, en hoewel geen geld vermors kon word nie, het hulle geen gebrek gely nie. [D'Oliveira 1977:11]. Naby die huis, wat intussen vergroot is en tans deur die Steenkamp-familie bewoon word, is Predikantskop, 'n spitskoppie wat sy naam gekry het

vanwee die besondere rotsformasie wat na 'n predikant op 'n preekstoel gelyk het.

In hierdie huis is Willem en Bettie Vorster se negende kind, Jacobus Daniël op 26 November 1909 gebore. Hy het reeds 'n oom gehad met die naam Koot en sy ouers het hom ook kortweg Koot genoem.

Willem en Bettie Vorster het 'n groot gesin gehad. Na Koot sou nog vyf kinders volg sodat dit uiteindelik 'n gesin sou word waarin altesaam veertien kinders grootgemaak is. 'n Vyftiende kind is as baba oorlede. Die feit dat Koot Vorster as deel van 'n groot huisgesin opgegroei het, het ook 'n bepaalde vormingswaarde gehad. Alhoewel al veertien kinders nie op dieselfde tyd in die huis was nie, moes hy vroeg in sy lewe reeds leer om dieselfde beperkte leefruimte met baie ander te deel. Maar dit was nie al nie. Hy moes ook leer om sy ouers se liefde, bystand en tyd met sy baie broers en susters te deel. Hy het nie die voorreg gehad om sy ouers se aandag net vir homself te hê soos wat 'n enigste kind dit kan hê nie. Dit was maar een van die dinge wat hy as deel van 'n groot gesin moes ontbeer.

Groot gesinne kan egter ook, en so is dit ook al in die meeste gevalle bewys, 'n positiewe uitwerking op kinders hê. So was dit ook in die geval van Koot Vorster. Soos in baie ander groot huishoudings, het die kleiner kinders ouer

boeties en susters se klere en speelgoed geêrf sodat nuwe dinge soms'n luukse was waaroor slegs gedroom is. 'n Gevoel van groot dankbaarheid en vergenoegdheid, selfs in moeilike omstanighede, het dikwels hieruit voortgespruit.

Die groter kinders moes verder ook hand bysit met die huishouding en "opvoeding" van die kleineres met al die verantwoordelikhede wat daarmee gepaard gaan. In sulke huise het kinders dus baie keer van jongs af 'n sterk verantwoordelikheidsbesef aangekweek en leierseienskappe aangeleer. Dit het ook so in die Vorsterhuis geskied, want omtrent al die Vorster-kinders het later groot verantwoordelikheid aan die dag gelê en hulle plekke in die samelewing met waardigheid ingeneem. Sommige soos Koot, John [13de] en Mona [14de] het na matriek verder gaan studeer en nie alleen in hul onderskeie beroepe uitgestyg nie, maar selfs leiersposisies in die land beklee.

As deel van 'n groot huisgesin het Koot se ouers uit die aard van die saak nie bedoel om hom anders te behandel as sy ander broers en susters nie. Tog sou daar in die lewe van hierdie negende kind van hulle 'n paar episodes plaasvind wat aan sy ouers, en seker ook aan homself, moontlik die versekering kon gee dat die Here hom vir groot dinge bestem het.

Een van hierdie gebeurtenisse het plaasgevind terwyl hy nog baie jonk was. Sy moeder het hom eers later die besonderhede daarvan meegedeel. Sy het aan hom vertel dat hy eendag as klein seuntjie gesterf het. Terwyl sy vader dorp toe gereis het om die nodige reëlings vir sy begrafnis te tref, het sy moeder ernstig gebid en gevra dat God sy lewe moes spaar. Sy het in haar gebed beloof dat, indien God haar gebed verhoor en haar seuntjie se lewe spaar, sy die belofte maak dat hy eendag vir predikant sal gaan leer. Met sy vader se aankoms weer op die plaas was die blydskap groot toe die seun, wat deur die dokter as dood verklaar is, leef. Sy vader is toe terug na die dokter maar die wou dit nie glo nie en sy ouers moes toe 'n ander dokter inroep. [Cronje 1978:14] Die Here het hom, so het die ouers geglo, weer aan hulle teruggegee.

Later, toe Koot as jong seun die roeping gevoel het om vir 'n predikant te gaan leer, sou hy en sy ouers sekerlik terug gedink het aan die gebeurtenis van vroeër. 'n Mens kan aanvaar dat hierdie episode aan Koot nog 'n groter versekering omtrent sy roeping sou gegee het.

'n Soortgelyke ondervinding sou jare later weer 'n keer in Koot Vorster se lewe voorkom. As 'n jong predikant sou hy baie siek word en moes hy groot operasies ondergaan. Die siekte het hom op 'n stadium sodanig verswak dat die dokters wat hom behandel het, gevrees het dat hy nie die volgende dag nog sou leef nie. Die bekende chirurg prof. Francie van

Zijl, wat ook 'n groot vriend van Koot Vorster was, het geglo dat hy in elke geval vir die res van sy lewe 'n invalide sou wees. [Potgieter 1979:273]. Koot Vorster het later vertel dat hy tydens een van die operasies gesterf het. Rondom die operasietafel het almal dit geweet en die chirurg het toe, volgens hom, die "lyk" se ingewande, soos bv. die derms, doodeenvoudig weer teruggepak soos wat iemand met 'n lyk sou doen. Daarna is die liggaam op 'n ongeërgde wyse toegewerk. Vorster se eie woorde in dié verband was "dat hy toegewerk is soos wat 'n mens 'n sak mielies sou toewerk." Daarna is die "lyk" uit die teater gestoot en in die gang gelos om later na die lykshuis geneem te word. Vorster beweer dat hy op daardie stadium inderdaad dood was. Hy kon later uitvoerig beskryf wat hy alles "anderkant" die graf beleef het. [Vorster 1979] Hierdie "terugkom" na die land van die lewendes moes vir die jong Koot Vorster seker 'n baie duidelike bewys gewees het dat sy taak, in diens van sy Meester wat hom geroep het, nog nie afgehandel was nie. Sy lewe is gespaar en hy kon weer voortgaan. Hy sou egter vir die res van sy lewe 'n soort borsrok en verbande moes dra om al sy ingewande altyd in die regte posisie te hou. [Vorster 1979]

Kenmerkend van die deursettingsvermoë van Koot Vorster, het hy na hierdie ondervinding weer uit die bed opgestaan en teruggekeer na die gemeente. Nog operasies het gevolg sodat

hy in totaal sowat 20 groot en klein operasies ondergaan het.

Ten spyte van sy swak gesondheid het Koot Vorster voluit met sy bediening voortgegaan. 'n Aktiewe bediening wat vir langer dan 40 jaar geduur het. En hierdie bediening sou baie meer wees as om net op 'n rustige wyse 'n herder te wees vir 'n klein kuddetjie teen die hange van Duiwelspiek in Kaapstad. Daarvoor was hy van die begin van sy bediening af duidelik nie te vinde nie. Eerder was hy gereed en bevoeg om dit waaraan hy geglo het met alles tot sy beskikking uit te leef in die kerk waarin hy opgegroei het. Vir hierdie taak was hy met sy besondere gawes, persoonlikheid en agtergrond goed toegerus en gevorm. 'n Vorming wat reeds lank gelede in sy ouerhuis begin het.

Soos reeds gesê, was die klein Koot gelukkig om groot te word in 'n geborge en gelukkige huisgesin waar die kinders almal 'n groot liefde en respek vir hul ouers ontwikkel het. 'n Huisgesin waarin die kinders, soos reeds verneem, byvoorbeeld nie kan onthou dat hulle ouers ooit met mekaar verskil het of gestry het nie. In die Vorsters se huis was omstanighede dus van so 'n aard dat die kinders nie hul ouers se waardes en norme, wat hulle gelukkig gemaak het, bevraagteken het nie. [D'Oliveira 1977:10]

Hierdie geborgenheid wat Koot as kind ervaar het, het hom sekerlik gehelp om selfvertroue te ontwikkel en het geen geringe rol gespeel in sy vorming nie. Met hierdie kenmerkende selfvertroue sou hy later in sy lewe enige persoon met beslistheid tromp op loop as die van hom sou verskil. As hy verseker was dat sy saak reg is sou niemand daarin slaag om hom van stryk te bring nie. Mev. Lilla Prins, 'n skoolmaat van Vorster, onthou hierdie selfvertroue en beslistheid wat hy openbaar het. Hulle het as kinders die Wagenaar-streep hierin herken want die eienskap wat hulle as groot ambisie, of selfs 'n "eie-ek" houding gesien het, kon hulle terugvoer na die Wagenaars. En veral soos dit in die lewe van die bekende Servaas Wagenaar tot uitdrukking gekom het. [Prins L. 1992]

Servaas Wagenaar, of "Cousin Servaas" soos die Vorster-kinders hom genoem het, was 'n baie eerlike en reguit mens wat, interessant genoeg, nie van die Vorsters gehou het nie. Hy was egter iemand wat met baie selfvertroue en groot beslistheid opgetree het. Hierdie karaktertrek van hom het mooi na vore gekom in 'n insident wat mnr. Barnie Steenkamp, huidige eienaar van Bo-Spitskop, nog kan onthou. Servaas Wagenaar het altyd vir die dorp se predikant groente van die plaas af ingeneem maar toe hy met 'n sekere predikant haaks was het hy steeds groente ingeneem maar slegs vinnig by die pastorie se voordeur geklop, die pampoene in die gang afgerol en onmiddellik weer vertrek! [Steenkamp, B. 1992.]

Met sy leiers-eienskappe en besondere karaktertrekke het hy op bykans alle liggame in Jamestown gedien en inwoners van Sterkstroom gaan selfs sover as om te sê dat dit hy is wat Jamestown deur die jare aan die lewe gehou het. So het hy, volgens hulle bv. hard gespook dat die teerpad, en dus die hoofroete, deur die kleiner dorp Jamestown gebou word en nie soos oorspronklik beplan nie. Hierdie selfde beslistheid en half dominerende houding was reeds van vroeg af by Koot Vorster te bespeur. 'n Houding wat party van sy skoolmaats as trots en selfs as meerderwaardigheid ervaar het. [Prins, L 1992.]

Op die plaas Spitskop het die Vorster-kinders almal 'n voorliefde vir die natuur en die buitelewe ontwikkel. Willem en Bettie het later van Bo-Spitskop, waar Koot gebore is, afgetrek na 'n huis aan die voet van die berg. Agter die huis was die berg waarin vroeër pogings aangewend is om steenkool te myn. Daar was dus baie tonnels en rotse wat die kleiner kinders en hul maats die meeste van die tyd as lekker speelplek kon gebruik. Verder het hulle kleiosse en kleimannetjies gemaak en met dolosse en kleilat gespeel sodat hulle nooit verveeld was nie. [D'Oliveira 1977:11]

Die Vorster-kinders het op die plaas soos ander gesonde kinders gespeel. Soos wat dit gewoonlik op die boereplase gebeur het waar die kinders van die eienaar en die kinders

van die werkers saam gespeel het, was dit ook op Spitskop. In die Stormberge het kinders soos Koot met die Xhosa-kinders op die plaas gespeel en" Xhosa leer praat amper voordat hulle Afrikaans kon praat." [D'Oliveira 1977:11] Koot se skoolmaats het van die naburige plase Uitkyk [waarop die Van Heerdens geboer het], Ebenaezer [plaas van George Arnold, wat van Duitse afkoms was], Klipfontein van die Wagenaars en Leliefontein [wat aan Vorsters, wat nie familie van Koot Vorster was nie, behoort het], gekom. [Steenkamp, B 1992.]

.1.2 Laerskool [1916-1922]

'n Groot deel van Koot Vorster se vorming het begin die dag toe sy skoolloopbaan in aanvang geneem het. Dit was in die plaasskool wat deur al die kinders van die omgewing bygewoon is. Volgens ou inwoners van Jamestown was hierdie skooltjie op die Vorsters se plaas Spitskop en wel 'n paar honderd meter van die Vorsters se huis aan die voetenent van die berg. Met die skool so naby aan hulle ouerhuis, het die Vorster-kinders skool-toe geloop terwyl kinders van die naburige plase met donkiekarre gekom het. [D'Oliveira 1977:12]

Wat die skoolure betref, was daar geen genade vir die jong skoliere in die Stormberge nie. Dit was asof die harde omgewing ook neerslag gevind het in die skooldag wat

besonder lank was. In die somer het die skoolure vanaf 06h30 tot 12h45 geduur met 'n ontbyt-pouse om 08h00. In die wintermaande het die skool vanaf 08h00 in die more tot 15h30 in die middag geduur met 'n middagete tussen 13h00 en 14h00 [D'Oliveira 1977:13]

Hier in die plaasskool sou Koot Vorster sy eerste formele onderwys ontvang. Die feit dat hy sy eerste onderwys in 'n plaasskool ontvang het, moet as 'n groot voordeel beskou word. Die indiwiduele aandag wat hy en sy skoolmaats daar ontvang het, was seker van die grootste voorregte waarmee hy sy skoolloopbaan kon begin het. Voeg nog daarby die feit dat die skool in 'n stil omgewing en digby sy ouerhuis was en 'n mens verstaan waarom Vorster altyd met heimwee en mooi herinneringe kon terugdink aan sy eerste skooldae.

Die plaasskool het baie beslis 'n invloed op sy latere lewe gehad. Dit sou ook nie anders kon wees nie want die plaasskool op Spitskop, soos al die ander skole, het nie in 'n lugleegte bestaan nie. Dit was wel 'n opvoedingsinstelling vir die oordrag van kennis, maar tog ook baie meer. Vir gelowige verbondsouers, waarvan Willem en Bettie Vorster 'n goeie voorbeeld was, was die nakoming van die doopbelofte 'n baie ernstige saak. Met dieselfde erns waarmee hulle hul doopbelofte teenoor die Here opgeneem het, het hulle die skool bejeën. Hulle het die skool as hulle bondgenoot geneem om hul doopbelofte gehoorsaam gestand te

doen. Van die skool is dus ook verwag om die lewens- en wêreldbeskouing van die ouergemeenskap in die opvoedingstaak te verreken en kinders daarvolgens te vorm.

Iets wat nie buite rekening gelaat kan word tydens sy skooldae nie, is die betrokke landsomstanighede wat gedurende daardie tyd aan die orde van die dag was. Gedurende Koot Vorster se laerskooldae, ongeveer 1916 tot 1922, was daar dan ook besondere landsomstanighede wat geheers het en wat 'n vormende invloed op sy latere lewe uitgeoefen het. Wat hierdie besondere omstanighede was, kan miskien die ordelikste aangedui word onder die hofies Staatkunde, Onderwys en Kerk. Alhoewel die onderskeie lewensterreine heg met mekaar ineengevleg is [en ander ook belangrik was], kan hierdie van naderby bekyk word.

1.2.1. Staatkundige terrein

Die omstandighede op die Staatkundige terrein was van so 'n aard dat dit 'n vrugbare teelaarde vir die groei van volksliefde en volksnasionalisme was.

Aan die Oos-Kaap was die Boere diep onder die indruk van die Voortrekkers wat die vorige eeu staatkundige vryheid gesoek het. Met Koot Vorster se geboorte was dit slegs maar 'n paar dekades nadat die Groot Trek van die vorige eeu as 'n groot

volksbeweging "die gedagte van die noodwendigheid van die voortbestaan van 'n staatkundig vrye en selfstandige Afrikanernasie, draer van die oorgeërfde en in die bodem gewortelde Afrikaanse kultuur" in hom saamgedra het. [Van der Walt 1965:188]

In dié verband haal Vorster [1944:10] later vir D Postma aan as hy in sy M.Div tesis skryf: "De redenen waarom de Voortrekkers verhuisden was om in een onafhanklik land te gaan wonen, en om vrye rechten te hebben op Godsdienstig zowel als op het politiek gebied." Die trekkers wou vry wees van Engelse oorheersing en sou geen offers ontsien om hulle begeerte na vryheid te verwesenlik nie.

Ironies genoeg was die Voortrekkers se strewe om uit te kom onder die Britse regering se jurisdiksie en om vryheid te gaan soek, in pas met die siening van die Britse Setlaars wat in 1820 hier aangekom het. Volgens Hanekom [1951:123], was hulle koms hierheen, "..ongetwyfeld van groot betekenis vir die ontwikkkeling van konstitusionele vryheid." Hanekom toon aan hoe hulle as arbeiders die ontwrigting in Engeland belewe het en met hul koms hierheen die wysheid, daaruit geleer, "na hul nuwe tuiste gebring [het] om hier die stryd om volksvryheid te voed op elke terrein van die lewe." [Hanekom 1951:123]

Die totstandkoming van vrye en onafhanklike Boere-republieke in die Transvaal en die Oranje-Vrystaat was dan ook die bereiking van hierdie doel. En dit is deur Brittanje erken al sou dit nie lank bestaan nie. In 1899, 'n skrale dekade voor Koot Vorster se geboorte, moes die mense van die Oos-Kaap ook verneem dat die spanning tussen Groot Brittanje en die twee Boere-republieke in so 'n mate toegeneem het dat 'n militere botsing onafwendbaar geword het. Die langverwagte en kosbare vryheid van die twee Republieke was weer op die spel. Die Tweede Vryheidsoorlog het uitgebreek.

Die Boere het vas geglo dat hulle 'n regverdige saak het. Vandaar ook die slotwoorde van Pres. Steyn as hy sy burgers tot die oorlog oproep: "Burgers van den Oranje Vrijstaat, staat op als een man tegen den verdrukker en den schender des rechts. In het voeren van den strijd, waartoe wij thans gedwongen worden, laat geen enkele uwer daden anders dan zoodanig zijn als een Christen en burger van den Oranje Vrijstaat betaamt.....Aan den God onzer Vaderen dragen wij ootmoedig de rechtvaardigheid onzer zaak op. Hij bescherme het recht; Hij zegene onze wapenen; Onder Zijne banier trekken wij ten strijde VOOR VRIJHEID EN VOOR VADERLAND!" [Breytenbach 1978:140]

Vir vryheid en vir vaderland! Met hierdie gesindheid het die boere die sterke Brittanje die stryd aangesê. Aangevuur deur hul strewe na vryheid en die feit dat hulle kinderlik geglo

het dat God hulle in hulle regverdige stryd bystaan, het dit hulle aan moed nie ontbreek nie -veral aan die begin van die oorlog toe die Boere groot suksesse behaal het nie. Een van die Boere se aanvanklike oorwinnings was juis in Koot Vorster se geboortewêreld waar die Britte in die nag van 9 Desember 1899 by die Stormberg 'n gevoelige verlies gely het teen die boere. Hierdie skermutseling, wat as Die Slag by Stormberg bekend staan, wemel van misverstande gemeng met onkunde en oormoedigheid aan die kant van die Engelse. Komiese oomblikke het ook nie ontbreek nie, sodat dit begryplik is waarom 'n skrywer soos Johannes Meintjies die verloop daarvan op 'n meesterlike wyse kon vertel. Van Generaal Gatacre, wat in beheer was in die Engelse kamp, se gretigheid om met die boere slaags te raak, "hulle te oorrompel en deur te stoot na Bloemfontein " [Meintjies 1971:61] het op niks uitgeloop nie. Die Engelse moes die onderspit delf en die verlies van sowat agt honderd man het die "sgn. 'Black Week'ingelui wat 'n gees van neerslagtigheid in Engeland veroorsaak het." [Breytenbach 1971:222]

Na die aanvanklike oorwinnings was die verdere verloop van die oorlog egter vir die Boerevolk ongunstig en teen die einde van 1900 was die hele Vrystaat en 'n groot deel van Transvaal in Britse besit. Dit het 'n groot neerdrukkende effek gehad op die gemoedstoestand van Afrikaners - ook in die Oos-Kaap. Die Boere was met hulle kinderlike geloof so

seker van hul "regverdige saak en dat God aan hulle die oorwinning sou skenk" dat hulle 'n roemlose nederlaag moeilik kon verwerk. Bitterheid teen die Engelse het ingetree en dit was gevolglik die gevoel en emosie aan Boerekant waarmee hierdie eeu ingelei is. Bitterheid veral oor die wyse waarop die Engelse met hulle beleid van "verskroeide aarde" talle boerehuise afgebrand het, baie vee doodgemaak het [of selfs in die grootste ellende laat vrek het nadat hulle dit aan die brand gesteek het], graanlande vernietig het en grasvelde en weiding voor die voet afgebrand het. Dat boere, wat lief was vir hul vee en die waarde van goeie weiveld besef het, so iets moes aanskou moes skokkend gewees het.

Voegby hierdie materiële skade, ook nog die feit dat talle vrouens en kindertjies na konsentrasiekampe afgevoer is om nooit weer lewendig daarvandaan terug te keer nie, en 'n mens het begrip vir hulle gemoedstoestand. Van 'n relatief klein volkie is, volgens Kruger [1965:434], nie minder nie as 27 927 in die konsentrasiekampe oorlede. In verhouding met die grootte van die Afrikanervolk op daardie stadium was hierdie getal wat gesterf het 'n baie groot persentasie. So ook die 1 118 wat as krygsgevangenes op verre eilande soos St. Helena, Bermuda en Ceylon of in Indië die lewe ingeskiet het. Slegs 5 071 burgers het op die slagveld omgekom terwyl 4 177 vrouens en nie minder nie as 22 074 kinders onder 16 jaar in die konsentrasiekampe gesterf het weens slegte

huisvesting, ondervoeding en gebrekkige mediese hulp. Hierdie gebeuresou die klein Boerevolk in een van sy mees traumatiese en hartseerste oomblikke van sy geskiedenis dompel.

Oud-president F W Reitz het die volk se smart met die volgende woorde probeer saamvat: "Niet langer mag de Vierkleur wapp'ren, Met tranen gaven wij haar af, Zij is met onze dode dapp'ren, Verdwenen in een eervol graf". [Kruger 1965:434] Niemand minder nie as lord Milner het die baie sterftes in die konsentrasiekampe ook betreur : "Die swart vlek...die een baie swart vlek...in die prent is die verskriklike sterfte in die konsentrasiekampe...Die hele ding soos ek dit nou sien, was 'n flater", skryf hy in 1901 aan sy regering in Brittanje. [Kruger 1965:434]

Terwyl Boere-krygers heldhaftig en tot die bittereinde toe probeer het om die Britse magte met hul oormag soldate en goeie wapentuig teë te staan, is hulle moed gebreek deur die konsentrasiekampe, hulle afgebrande plase en volksgenote wat oorgegee het of selfs verraad gepleeg het. Die noodwendige uiteinde was dat die geveg gestaak is. Teësinnig is daar tot vredes-onderhandelinge ingestem en met groot verdriet is die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 in Pretoria onderteken.

Saam met die beëindiging van die oorlog is die twee Boere-republieke se onafhanklikheid en duur verworwe vryheid natuurlik ook weggeteken. "Op staatkundige gebied het die insinking van die Afrikanerdom onrusbarende dieptes bereik." [Kruger 1965:435] Die duisende Kapenaars en Natallers wat aan die kant van hul volksgenote in die republieke geveg het, is as rebelle gestraf." [Kruger 1965:435]

Dat die nageslag van die trekkers van Bloedrivier op dié wyse hulle vryheid en onafhanklikheid aan 'n groot vreemde moondheid, wat van buite af ingedring het, moes afgee was teleurstellend en vernederend. Dit was wonde wat nie gou sou genees nie. Boere-stryders het die wapens onder protes neergelê en as verarmde blankes met die heropbou van hul geplunderde eiendom begin.

Terug op die plase en in die dorpe sou hulle nog 'n skok beleef toe hulle sien hoe goed dit gaan met ander boere wat hulle aan die kant van die Engelse geskaar het. Hulle sou die groot onreg beleef dat die sg."hensoppers" en "joiners", se eiendom nie beskadig is nie en dat hulle, om die waarheid te sê, eintlik voorspoedig vooruitgeboer het gedurende die moordende oorlog. Hierdie verraad vanuit die geledere van die eie volk was nog moeiliker om te verwerk - selfs vir vrome Christene.

Te midde van die Afrikanervolk se gevoel van verontregting en vernedering teenoor die sterk moondheid Brittanje, het hy met die moeisame proses van heropbou begin. Terselfdertyd het die volk hom voorgeneem om die stryd om vryheid voort te sit. Daarvoor sou hy alle middelle gebruik wat hy tot sy beskikking het. Die stryd sou voortduur totdat hy sy duur verworwe vryheid en onafhanklikheid weer teruggewen het--al sou dit baie jare neem. Afrikaner-ouers sou in die jare wat kom dan ook doodseker maak dat hulle kinders weet wie die mense was wat die oorlog begin het, wie die helde aan Boerekant was en wie die "hensoppers" en "joiners" was.

Na baie onderhandelinge is die Suid-Afrika-Wet, waarvolgens die Unie van Suid-Afrika tot stand sou kom, op die 20 ste September 1909, sowat twee maande voor Koot Vorster se geboorte, deur die Koning van Engeland goedgekeur. Die datum 31 Mei 1910, presies agt jaar na die Vrede van Vereeniging, is gekies as die datum vir Uniewording.

Uniewording het die Afrikaner se vryheidsdrang nie besweer nie. Met genl. Louis Botha as premier was dit genl. J B M Hertzog wat in 1912 verklaar het dat die "Afrikaners moet baas wees in hulle eie land." [Kruger 1965:485] In Januarie 1914 is die Nasionale Party gestig met o.a. as beleid die verkryging van "nasionale selfstandigheid" vir die volk asook "...die regmatige aanspraak van die volk van die Unie op onderlinge eerbiediging van sy volkseie soos sy taal,

geskiedenis, godsdiens, sedes en gebruike erken." [Kruger 1965:487]

In Augustus 1914 breek die Eerste Wêreldoorlog uit. "Hierdie oorlog het, "...op 'n baie ongeleë tydstip vir Suid-Afrika gekom. Dit was te gou na Uniewording. Die volk was nog nie verenig nie." [Kruger 1965:493] Daarby was die wonde van die Tweede Vryheidsoorlog ook nog te rou.

Volgens die insig van baie Afrikaners het Botha 'n fout gemaak om die Unie tot die oorlog te laat toetree. "Minder as 'n jaar tevore, op 16 Desember 1913 is die groot Vrouemonument in Bloemfontein ter gedagtenis aan die vroue en kinders, wat in die konsentrasiekampe omgekom het, onthul." [Kruger 1965:493] Daar was dus duisende Afrikaners wat nie bereid was om ten behoewe van dieselfde Brittanje die wapen op te neem nie. Die gevolg was dat gesiene Afrikaners en vegters gerebelleer het. Dit het grotendeels spontaan ontwikkel alhoewel Botha vermoed het dat dit goed georganiseer was. Op 12 Oktober het Botha krygswet oor die hele Unie afgekondig en burgers is opgeroep om die rebellie te onderdruk.

Die rebellie het baie gemoedere weer gaande gemaak. Veral toe kapt. Jopie Fourie vinnig deur 'n krygshof verhoor is, die doodstraf gekry het en binne 'n paar dae terreggestel is. Vir die meeste Afrikaners het dit as 'n groot skok gekom

en dit is vererger deur die feit dat genl. Jan Smuts 'n deputasie van dr. D F Malan op sy plasie te Irene ontwyk het en hom, in Malan se eie woorde, "opsetlik skuilgehou" het in sy huis. [Malan 1959:23] In die woorde van dr. Malan het "daardie skote daarna weerklink in die ore en in die harte van duisende dwarsdeur Suid-Afrika, en het dit bly weergalm dwarsdeur die daaropvolgende geskiedenis van ons volk, beide in Kerk en in Staat." [Malan 1959:24]

Dit was die staatkundige milieu waarin Koot Vorster opgegroei het, want sy ouers het ook dit alles self beleef. Soos die ander ouers van hierdie tyd sou Willem en Bettie Vorster ook seker maak dat hulle kinders die Boere se geskiedenis goed ken. Daarmee is die saad van volksliefde bewustelik en onbewustelik in die hart van die jong skoolseun, Koot Vorster, geplant. Daaruit het gegroei die strewe om die Afrikanervolk weer sy regmatige vryheid en onafhanklikheid te laat beêrwe. Dit sou in die jare wat kom 'n allesoorheersende drang by baie Afrikaners word. Ook in die lewe van die jong Koot Vorster sou dit 'n al sterker wordende dryfkrag word. Daarvoor sou hy o.a. sy volle gewig ingooi in die kultuurstrewe van die Afrikaner omdat hy geglo het dat die Afrikanervolk, "van sy wieg af vryheid begeer, verwerf en verdedig [het]." Staatkundige vryheid, maar veel meer, 'n groter vryheid naamlik "die vryheid om hulself te wees as volk." [Vorster 1979:350]

1.2.2. Onderwys

Op die terrein van die onderwys het die skole van die Afrikanervolk 'n reuse bydrae gelewer in die vorming van die kinders. Ook en veral na die Tweede Vryheidsoorlog toe," die skool as staatsinrigting saam met die republieke ondergegaan het." [Kruger 1965:436] Te midde van sy haglike omstanighede, het die Afrikaner die waarde van onderwys bly besef. Dat dit as middel sou kon dien om die voortbestaan van die volk te verseker, het hulle vas geglo. Die wekroep was: "Onze kinderen, dat is onze kerk, dat is ons nageslacht, dat is onze toekomst!". [Radloff 1980:204]

Die onderwys was egter, tragies genoeg, juis een van die terreine waar die Boerevolk dit moes ontgeld. Soos dit destyds maar gegaan het, is die lesse uitsluitlik in Engels gegee. Hierdie doelbewuste verengelsingbeleid wat in die skole toegepas is was afkomstig van die toenmalige lord Alfred Milner. Soos sy voormalige landgenoot, lord Charles Somerset, vroeër in die Kaapkolonie probeer het om Engels in die koloniste se kele af te druk, het Milner dit na die Anglo-Boereoorlog voortgesit. In 1903 het hy met 'n nuwe onderwyswet gekom waarvolgens slegs vyf uur per week aan Nederlands bestee sou word. Hy het geglo: "Dutch should only be used to teach English, and English to teach everything else". [Van der Watt 1980:204] Dis te begrype dat die meeste van die leerlinge hierdie reëling nie kon verdra nie.

Koot Vorster kon onthou dat daar van hulle verwag is om slegs Engels op die speelgrond te praat. Enige leerling wat dit sou waag om Afrikaans op die speelgrond te praat, moes 'n bord met die woorde: "I must not speak Dutch", om sy nek dra.

Ander kere weer moes hulle dieselfde woorde uitskryf. Koot het by sy vader hieroor gaan kla in die oortuiging dat die vurige ou Afrikaner nie sulke laster van sy kultuur sou toelaat nie. Willem se antwoord was egter: "As jy saam met die Engelse wil lewe en teen hulle wil veg, dan moet jy hulle taal leer". En daarmee was die saak afgehandel.
Wat die uitskryf betref, het Koot 'n slim plan bedink om sy straf te verlig deur 'n metode te ontwikkel om vier potlode saam te bind en sodoende in viervoud te skryf! [D'Oliveira 1977:12]

Koot en sommige van die ander kinders het ook sterk beswaar gemaak teen die feit dat hulle gedwing is om "God save the King" en "Rule Britania" te sing. In die omstandighede waarin hierdie Afrikanerkinders grootgeword het en gesien in die lig van dit wat hulle by hul ouerhuise omtrent die Engelse imperialisme geleer het, was hierdie hardkoppige optrede van hulle by die skool verstaanbaar.

Al hierdie pogings wat van die kant van die owerheid op 'n blatante wyse aangewend is om 'n bestaande taal en kultuur

met Engels te vervang het, soos verwag kon word, die teenoorgestelde uitwerking gehad. Kinders soos Koot Vorster het Engels geleer maar nie 'n liefde daarvoor ontwikkel nie. Dit het hulle eerder aangemoedig om nog minder van die Engelse, hulle taal en kultuur te hou.

Daarby kom nog die seer en vernedering van die Engelse Oorlog, soos die meeste Afrikaners die Anglo-Boereoorlog genoem het, wat nog te vars in die geheue was. Die verlies van familielede, vriende en volksgenote wat gesterf het en die haglike omstandighede waarin die Boere gedwing was om voort te bestaan, het die kloof tussen Engelsman en Afrikaner verdiep. Die Engelse owerheid het tevergeefs die skole vir hul doel van verengelsing probeer inspan. Al wat daardeur bereik is, is dat dit eerder gesonde volksliefde by die jong Afrikaners laat posvat het. Koot Vorster het die skool se invloed op sy latere lewe dan ook altyd met groot erkentlikheid en waardering erken.

### 1.2.3. Kerklik

Die Ned. Geref. Kerk, waarvan die Vorsters ook lidmate was, se bedrywighede het gedurende die oorlog bykans tot stilstand gekom. Die meeste vegtende burgers was N.G.-lidmate en die situasie het ontstaan dat die Boerekommando's eintlik lywige, swerwende gemeentes was wat langs die gewone gemeentes bestaan het en waarvan die grootte gedurig

gewissel het. [Van der Watt 1980:196] Alhoewel gereelde toesig en pastorale bearbeiding in sulke toestande oor die groot oppervlakte byna ontmoontlik was, het predikante tog die krygers besoek en geestelik versorg. Sowat vyf en dertig predikante het op een of ander tyd gedurende die oorlog burgers op die front besoek en 'n sestal het selfs tot op die laaste dag in die veld gebly. [Van der Watt 1980:196] In die konsentrasiekampe, wat teen die einde van die oorlog veertig getel het, en sowat 120 000 inwoners gehad het was die geestelike nood nog groter. Altesaam ses en sestig predikante het hier gearbei terwyl 'n verdere een en sestig in die krygsgevangenekampe gehelp het. [Van der Watt 1980:196] Die Ned. Geref. Kerk was dus gedurende die oorlog ten volle aan die sy van sy lidmate.

Gedurende die oorlog het die Engelse soldate ook baie kerkgeboue, pastorieë en ander eiendomme van die Ned. Geref. Kerk vernietig. Na die oorlog, egter, het die Ned. Geref. Kerk saam met die ander Afrikaanse kerke kragtig meegedoen aan die selfhandhawing en opheffing van 'n verslae volk. [Van der Watt 1980:201] Van alles wat die Afrikaner geestelik en materieël opgebou het, was dit slegs die kerk wat hy ongeskonde kon behou. [Van der Watt 1980:201]. Met die meeste vegters op die slagveld as sy lidmate het die Ned. Geref. Kerk pogings aangewend om amnestie vir sy lidmate in die gevangenisse te verkry.

Daarbenewens het die kerk ook 'n opdraande stryd gevoer om in die onderskeie gemeentes vrede te bewerkstellig tussen die terugkerende "bittereinders" aan die Boere kant en die "hensoppers" en "joiners" aan die ander kant. Waar hierdie vredespogings nie geslaag het nie, het verdeeldheid gebly en selfs in sommige gemeentes aanleiding gegee tot die stigting van die sg. "Scoutkerk". [Van der Watt 1980:187-193] Die feit is egter dat die Ned. Geref. Kerk hom ten volle aan die kant van die verarmde Afrikanervolk geskaar het in sy barmhartigheidsdiens, pastorale sorg en algemene opheffing.

Die feit dat die Ned. Geref. Kerk se eiendomme ook lelik onder die Engelse aanvalle deurgeloop het, het die solidariteit tussen kerk en volk nog verder verstewig. Op talle dorpe moes kerkgeboue en pastorieë weer met moeite opgebou word. Om nie eens te praat van die fondse wat daarvoor van die verarmde boere verhaal moes word nie!.

Dis dan ook te begrype dat mense met persoonlikhede soos Willem en Bettie Vorster hulle kinders hieromtrent volledig sou inlig. Saans het Bettie Vorster haar kinders op haar manier voorberei vir die toekoms en die plek wat hul in die lewe sou moes inneem. Min het sy geweet watter groot invloed dit op hulle latere lewe sou uitoefen. Veral as 'n mens in ag neem dat haar ander seun, John, ook later die hoogste sport in sy politieke loopbaan sou bereik met sy verkiesing as Staatspresident van die RSA.

Soos reeds gesê, het Bettie elke aand, nadat hulle gebad het, eers vir die kinders uit die Bybel gelees en gebid, want soos vir die meeste mense van haar geslag was godsdiens vanselfsprekend en onontbeerlik. Daarna, onthou Koot, het hulle op die groot dubbelbed gaan sit en het hulle verhale van Afrikaner volkshelde gelees. Een van hulle gunstelingboeke was: "Hoe zij stierven" wat gehandel het oor die Boere wat in die Driejarige oorlog deur die Engelse tereggestel is. " Die oudste het dan uit die boek begin lees totdat sy stem van emosie gebreek het. Dan het die volgende een oorgeneem totdat ook hy nie meer verder kon lees nie. En dan die derde en so voort, totdat ons op die ou end almal op die bed gesit en huil het."

Bettie het ook gesê: "'n Mens moes trots wees op die volk waaraan jy behoort. Maar die heel belangrikste was dat 'n mens moes weet waar jy vandaan kom." Daarom het sy gereeld vir hulle vertel van die dapper, trotse mense wie se bloed ook in hulle are vloei.". [Wagenaar 1971:86].

Die Vorsters erken: "Ons het baie verbitterd gevoel oor die onregverdigheid van die oorlog en oor wat die oorlog aan ons Afrikaners gedoen het. Die Engelse was die vyand en die Boere was ons helde". [D'Oliveira 1977:12] So het die Tweede Vryheidsoorlog sy oes van heldeverhale en "hensopper- en

Townguard" skandale gelewer sodat gevoelens dikwels hoog geloop het.

Dis baie duidelik dat hierdie belewing van volksliefde aan moedersknie 'n geweldige invloed op die Vorster-kinders uitgeoefen het. Op die ernstige en besadige Koot nog meer. Dit sou hom sy hele lewe bybly en sy liefde vir die Afrikanervolk verklaar. Dit sou nie vergesog wees om te sê dat die woorde:" Vir my God en my volk en my vaderland", wat hy jare later as generaal in die Ossewa-Brandwag baie sou hoor en gebruik, reeds op hierdie jong ouderdom deel van sy lewe was nie.

Van sy kinderdae sê Koot: "Mooi herinneringe is 'n groot skat, 'n pensioen waaruit jy leef as jy oud word. En Jamestown het vir sy kinders daarin gesorg." En dan vertel hy verder oor sy belewing van die kerk in daardie dae: "Ons geslag se herinneringe begin in die kerk. Ons familiebank was heel voor. Links van ons het oom Servaas Wagenaar gesit, en kon hy sing! Reg voor ons aan die oorkant was die pastoriebank en ons het ons altyd verkyk aan die manier waarop die span Eatontjies [gesin van Ds. Eaton] ingekom het en in die bank geval het - so op die tippie". [Wagenaar 1974:83]

Op sy beurt onthou Aucamp ook weer hoe die "Vorster-clan" gereeld elke Sondag die kerk ingekom het en trots gestap het

tot by hulle bank voor in die kerk met die hele gemeente se oë op hulle. Veral in later jare wanneer Koot met vakansie by die huis was en die prediking waargeneem het. Op sulke dae, sê hy, was die hele dorp in rep en roer en was amper al die inwoners in die kerk! [Aucamp 1994]

Ds. William Loftie-Eaton is op 29 Oktober 1899 in die gemeente Jamestown as leraar ontvang. Hy was Jamestown se predikant en ook net Jamestown s'n. Van hom sê Koot Vorster later : "Sy suiwer en diepsinnige preke vol Skrifwaarhede en lewenswyshede, 'n bietjie eentonig gelewer, het 'n stempel op die gemeente afgedruk." [Nel 1991:18] Ds. Eaton se erns met die gemeente se geestelike versorging, die huisbesoeke en katkisasie-klasse het hom 'n baie geliefde predikant gemaak. Na sy dood te Middelburg op 6 Mei 1953 het 'n dankbare gemeente hom, soos ook in sy vrou se geval, in die skaduwee van die kerk op Jamestown ter ruste gelê. [Nel 1991:19]

Die ernstige en toegewyde ds. Eaton het op die jong kindergemoed van Koot Vorster 'n blywende indruk gemaak. Dit was ook duidelik te bespeur in Koot se latere lewe op Hoërskool te Sterkstroom, op universiteit en selfs in sy eie bedieningstyd.

Benewens die invloed wat indiwiduele predikers soos ds. Lofty-Eaton op die geloofslewe van Koot Vorster gehad het,

het die kerkverband 'n allesoorheersende rol gespeel. Soos sy vrome voorouers, was die Vorster-familie meelewende lidmate van die Ned. Geref. Kerk wat hulle kerk baie lief gehad het. Die gesin het die kerk gereeld besoek, dankoffers getrou gegee en hartlik aan kerklike aktiwiteite meegedoen. In meer as een opsig was die kerk, wat so ten volle met die Afrikanervolk se strewes en lewens ineengevleg was, vir die gesin 'n werklike tuiste en oase.

Iets wat baie tot sy vorming bygedra het, was juis die kerk se betrokkendheid by die jaarlikse Geloftefeeste. By hierdie feeste het sy solidariteit met en liefde vir sy volk geweldig gegroei. Hy het dan ook later erken dat die sg. Dingaansfeeste een van die mees onvergeetlike herinneringe is wat hy uit sy jong kinderdae onthou. Dit is altyd op die feesterrein by Witkop gehou en die feesgangers het met ossewaens daarheen gegaan. Op die rand van 'n kloof is die waens in 'n groot laer getrek. Die toesprake is gou vergeet maar die hoogtepunt van die fees was die aanval op die laer. Kinders en jongmense het vanuit die kloof met 'n wilde geskreeu en lawaai op die laer afgestorm terwyl daar met 'n paar loskruitskote uit die laer geskiet is. Daarna is die dankdiens gehou en het die terugtog na twee dae se uitkamp begin, "diep tevrede met die wete dat ons aan 'n volk behoort wat in donker dae deur God uitgered is". [Wagenaar 1974:87]

Dis uit hierdie intense betrokkenheid en belewing van Dingaansfeeste duidelik waarom die jong Koot baie jare later as jong predikant in 1938 gekies is om die Voorsitter te wees van die Kaapse Reëlingskomitee wat die Groot Trek Eeufees moes reel. Hierdie taak het hy met geesdrif en groot bekwaamheid volvoer. In die dekades daarna sou hy genooi word om op tientalle Geloftefeeste dwarsdeur die land op te tree en met sy kenmerkende styl as prediker en spreker duisende feesgangers en volksgenote te besiel. Meestal het hy as prediker die Eredienste by die feeste gelei maar baie keer was hy die hoofspreker by die fees. Hetsy as prediker of as spreker was hy briljant en gewild.

'n Hoogtepunt in die verband was seker toe hy op 16 Desember 1971, as Moderator van die N.G.Kerk se Algemene Sinode die erediens gelei het te Bloedrivier met die ontvangs van die brons waens. By daardie geleentheid was sy jonger broer John, as Eerste Minister, die hoofspreker. Die twee broers se treffende boodskappe van daardie dag sou al die feesgangers bybly. Wat egter net so opmerklik was daardie dag, was die feit dat die twee broers met groot gemak en met dieselfde trefkrag die rolle sou kon omruil. John sou ewe gemaklik die erediens kon gelei het met sy broer Koot as die hoofspreker. Die rede hiervoor moet waarskynlik gesoek word in die feit dat die twee Vorster-broers in 'n kerk opgegroei het wat nog altyd aan hulle 'n morele tuiste vir hulle kulturele en politieke ideale gebied het. Binne die Ned.

Geref. Kerk, as grootste Afrikaanse kerk, het die Vorsters, soos ook die meeste ander Afrikaners, tuis gevoel. Dit was immers binne hierdie kerk dat hulle as diep gelowiges van kleinsaf verneem het dat "hulle aan 'n volk behoort wat in donker dae deur God uitgered is". 'n Gedagte wat in sommige gevalle selfs mag uitgegroei het tot 'n gevoel [en selfs sekerheid] dat God die Afrikanervolk uitverkies het en dus vir altyd sal behoed en bewaar - al raak die volk ook ontrou aan die Here.

Teen die tyd dat Vorster die laerskool voltooi het, was sy lewens-en wêreldbeskouing reeds in 'n baie groot mate klaar vasgelê. 'n Jong seun is met sy besondere oorgeërfde karaktertrekke en deur die hardheid van die Stormberge en die besondere omstanighede waarin sy volk verkeer het, verder geslyp en gevorm.

1.3 Hoërskool

Willem was besiel met een ideaal - dat al sy kinders so ver moontlik moet leer en so goed moontlik voorbereid moet wees vir die stryd van die volk. Hy het geglo dat hulle die beste opvoeding moes ontvang wat hy kon bekostig. Hy het meer as een keer aan sy kinders vertel dat 'n goeie opvoeding die beste erfporsie is wat hy aan hulle kon nalaat. Die laaste pak slae wat 'n seun gekry het, was dan ook omdat hy nie wou leer nie. In 1924 was dit juis die onderwys-behoeftes van sy

groot gesin wat Willem laat besluit het om na die nabygeleë Sterkstroom te verhuis. Eers het die gesin in 'n kleinerige huis in Van Heerdenstraat ingetrek en 'n tydjie daar gewoon.

Willem het later 'n ruimer huis te Van Zylstraat gekoop en die gesin het daarheen oorgetrek. Op hierdie stadium was Koot en sy broers John en Izak en sy susters Cooks, Skylie en Mona nog in die huis. Laasgenoemde nog in die laerskool. Soos op Spitskop, het die groot en gemaklike huis in Van Zylstraat ook altyd oorgeloop van die Vorstergesin en al hul vriende. Vleis en groente was volop en het van die plaas gekom wat onder die sorg van die twee oudste broers gelaat was. Hoewel geld skaars was, was daar oorgenoeg kos en die noodsaaklikhede het darem nooit ontbreek nie. [Prins 1992]

Die huis in Van Zylstraat het gedurende die jare geringe wysigings ondergaan en word vandag deur mev. Van Biljon, 'n weduwee, bewoon. Voor en aan die westekant van die huis is 'n stoep wat intussen toegebou is. Om 'n hoekie op hierdie stoep, vertel Koot se skoolmaats, het die afgetrede Willem elke dag gesit. Hy het van die oggend tot die aand daar gesit en vir elke persoon wat hy gesien het, uitgenooi vir 'n potjie skaak. Dit was meestal die onderwysers in die dorp wat van hierdie uitnodiging gebruik gemaak het en elke dag daar op die stoep gesit en skaak speel het. Mense onthou nog dat hulle hom nooit in die tuin of elders gesien werk het nie.

Daar op die stoep waar hy elke dag gesit het, het hy vir die besoekers maar effens verslons voorgekom deurdat sy baadjie altyd effens slordig aan hom gehang het. 'n Sterk kontras dus met sy netjiese vrou Bettie. Alhoewel die meubels in die huis van die plaas af saamgekom het en dus nie nuut was nie en daar heelwat kinders in die huis was, was die huis altyd netjies. Met die grootste vertrek altyd aan die klomp besoekende jongmense oorgegee en Willem met sy skaakspel op die stoep, was Bettie nooit voorlangs nie, maar altyd agter in die huis doenig. Van daar af het sy met haar kenmerkende gulhartigheid eet- en drinkgoed aan die klomp kinders voorgesit. [Prins 1992]

Die jaarlikse Sondagskoolpiekniek was 'n groot geleentheid vir al die kinders. Hulle het dit gewoonlik by die kampong net buite die dorpsgrense naby die stasie gehou. Hierdie kampong is vroeër gebou en gebruik as 'n versamelpunt vir swart mynwerkers uit die swart distrikte voordat hulle na die myne vertrek het. In hierdie leë gebou het die kinders na hartelus baljaar en speletjies gespeel. Hierdie speletjies wat hulle altyd gespeel het as 'n paar van hulle bymekaar was, was gewoonlik van Engelse oorsprong. [Prins 1992]

'n Brand het 'n gedeelte van die Sterkstroom Hoërskool in die veertigerjare in puin gelê en al die skool-rekords, uit

die aard van die saak ook die van Koot Vorster, vernietig. Gelukkig kon ek nog 'n paar van Koot se skoolmaats in Sterkstroom, Jamestown en Aliwal-Noord opspoor. Hulle gesels onderhoudend oor hulle hoërskool-dae in Sterkstroom, hulle herinneringe aan Koot Vorster en die Vorsterhuis.

In die Hoërskool op Sterkstroom sou Koot Vorster se akademiese vorming in alle erns begin. Die skool het nie keuse-vakke aangebied nie en alle kinders moes al die vakke neem. Die skoolhoof was vir baie jare mnr. P.H.Malherbe. Ander onderwysers wat vir Koot onderwys gegee het was o.a. mnre. Brink, Botha, Schoeman en Immelman. Mnr. Rene Immelman was later Staatsbibliotekaris in Kaapstad. Hy was Koot se geskiedenis-onderwyser en het daarin geslaag om geskiedenis as vak in die klas te laat leef. As aanmoediging het hy aan elke matrikulant wat 'n A-simbool in matriek behaal 5 pond geskenk. Soms het hy die oud-skolier by een of ander hoër inrigting gaan opsoek om sy geskenk aan hom of haar te oorhandig. Koot was later bekend as iemand wat baie lief is vir geskiedenis. Sy liefde vir geskiedenis asook sy kennis daarvan moet o.a. na hierdie knap en gerespekteerde onderwyser teruggevoer word. [Prins 1992] Die vak Geskiedenis sou ook vormend bygedra het tot sy liefde vir dit wat aan die Afrikanervolk eie is.

Skoolmaats onthou Koot as die besadige en ernstige skoolseun. Anders as sy broers John, Izak en ander

tydgenote, was Koot op hoërskool nooit ligsinnig nie en beslis nie baie sosiaal nie. Van sy klasmaats kan nie onthou dat hy ooit 'n meisie gehad het of selfs in meisies belanggestel het nie. [Prins 1992]

Laat in die namiddae was dit maar altyd John en Izak wat kaalvoet die koeie vanaf die munisipale grond, waar hulle bedags gewei het, huis toe gebring het om in die stal agter die huis te melk. Die stal is vandag nog aanduibaar agter die huis waarin Koot gewoon het. Volgens sy klasmaats het Koot nooit gehelp met die aanjaag van die koeie nie. Die feit dat Koot ouer as hulle was, sou sekerlik die belangrikste rede vir hierdie voorkeur-behandeling wees. Oor die moontlikheid dat Koot, wat deur sy moeder se vroeëre gebed vir sy lewe en haar belofte dat hy predikant sou word, seker 'n besondere plekkie in haar hart sou kon hê, is onbevestig maar 'n moontlikheid. Soos sy broers en susters was hy 'n goeie, slim skolier wat baie goed op skool presteer het.

In sy tyd het die skool nie klaskapteine gehad nie, maar sy klasmaats onthou dat hy beslis baie leierseienskappe gehad het en dat hulle vir hom baie respek gehad het. Dit was veral in die C.S.V.-kringe waar hy as kringleier uitgeblink het. Hy was netjies op sy persoon en sy mooi handskrif is by uitstek deur die meisies bewonder. Sy netjiese handskrif het dieselfde gebly tot by sy dood.

Soos al die ander skoliere, het hy ook aan sport deelgeneem. Daarin het hy egter nie uitgeblink nie, alhoewel hy tog by geleentheid rugbykaptein was en sy lewe lank 'n groot rugby-entoesias sou bly. [Cronje 1978:15] Op kulturele gebied het dit met die jong Koot Vorster baie beter gegaan. Daarvan getuig die gereelde debat-kompetisies waar hy goed presteer het en homself spoedig as 'n goeie spreker bewys het. Van jongs af was sy belangstelling in die godsdiens en die politiek baie groot. Wat die politiek betref, het hy dit as te ware met moedersmelk ingekry want die politieke sake, en veral ook die verdeeldheid in Afrikaner-geledere, het baie van sy ouers se gesprekke oorheers. Dit was die dae toe naastenby alle blankes of die Nasionale Party of die Verenigde Party ondersteun het. Die kinders het by die skool en op die skoolgronde ook oor die Nattes en Sappe geredeneer. Soms het die kinders, in voetspoor van hul ouers, ook lelik warm geword oor die politiek. Agterna was die politiek egter vergete en was almal weer goeie maats. [Prins 1992]

Koot se grootste belangstelling het egter rondom die godsdiens en die geestelike gesentreer. Op 'n vraag aan sy skoolmaats oor watter karakter-eienskap van Koot Vorster hulle die meeste bybly, is hulle antwoord vinnig en baie beslis: "Die goeie voorbeeld wat hy gestel het as besadige

Christen-leier". Vir sy skoolmaats was dit baie duidelik dat hy die Here geken het en met 'n oorgegewe hart gedien het. Vir hulle was dit in daardie tyd reeds 'n uitgemaakte saak dat hy vir niks anders as 'n predikant sou gaan studeer nie. [Prins 1992] Selfs toe mense later vanweë sy kennis en aanvoeling vir die politiek en sy betrokkenheid in die breë volkslewe gedink het dat hy miskien tot die politieke arena sou toetree, het hy konsekwent sy roeping as predikant voorgehou en al sodanige bespiegeling van die tafel afgevee. Hy wou niks anders as 'n "pastor" wees nie.

Met die voltooing van sy hoërskoolloopbaan aan die einde van 1927 op Sterkstroom, het hy dus na die Universiteit van Stellenbosch vertrek om vanaf 1928 daar te studeer vir dit wat hy altyd wou word nl. predikant. In 1928 registreer hy vir die graad B.A. Admissie met die oog op die Evangelie-bediening in die N.G.Kerk.

# HOOFSTUK 3

## VERDERE AKADEMIESE VORMING VAN KOOT VORSTER

### 1. Universitêre opleiding

Vanaf 1928 is Koot Vorster 'n student aan die Universiteit van Stellenbosch en lê hy by die alombekende ds. A.F.Louw belydenis van geloof af. [Cronje 1978:14]

Hier op Stellenbosch sou sy godsdiensbelewing en siening van die kerk verder gevorm word. Komende vanuit 'n ouerhuis waar 'n lewens-en wêreldbeskouing geheers het wat op 'n bepaalde siening van die Calvinisme gebou is, sou hy hier kennis maak met ander sienings. Dit wat hy in die geborgenheid van sy ouerhuis nooit bevraagteken het nie, sou hier ontleed en getoets word.

'n Belangrike vraag is: Watter invloed sou so iets hê op die jong student en voornemende predikant? Volgens F J M Potgieter, is "die Calvinistiese lewens-en wêreldbeskouing wat hy van huis uit besit het, by hom dieper ingeskerp, en hoe langer hoe meer het hy as buitengewoon begaafde student

geleer om verantwoording te doen aan elkeen wat van hom rekenskap eis omtrent die hoop wat in hom is." [Potgieter 1979:272]

Van sy Admissiejare is nie veel bekend nie behalwe dat hy 'n begaafde en toegewyde student was; iemand wat as leier onder sy mede-studente uitgestaan het. Prof. E. Brown skryf van Koot Vorster: "Hy was iemand wat hom "onomwonde identifiseer en onverskrokke sy standpunt stel. Hy was 'n leier toe hy nog student was. Iemand met 'n vaste uitgangspunt." [Brown 1979:271].

"Aan die Kweekskool het hy steeds 'n leidende rol gespeel. Die piëteit wat hy vir sy ouers gehad het, het ook sy optrede teenoor sy leermeesters gekenmerk." [Potgieter 1979:272] Dit was veral die posisie ten opsigte van prof. E. E. van Rooyen vir wie hy baie groot agting gehad het. By lg., wat ook vroeër predikant in De Nieuwe Kerk, Kaapstad was, het hy aanklank gevind omdat hulle dieselfde lewens-en wêreldbeskouing met mekaar gedeel het. Prof. van Rooyen het die siening waarmee Koot grootgeword het, waaraan hy geglo het en nooit sou laat vaar nie, bevestig en daarmee 'n onuitwisbare stempel op Koot Vorster afgedruk. Dit is verstaanbaar dat Koot Vorster om hierdie rede 'n baie intieme en amper kollegiale verhouding met sy geliefde leermeester sou gehad het. Klaarblyklik het prof. Van Rooyen

'n groot aandeel gehad in die akademiese vorming van Koot Vorster.

Op sy beurt sou prof. Van Rooyen in die student Koot Vorster 'n vertroueling vind. Volgens Koot het sy professor soms met trane in sy oë sy eie probleme met Koot bespreek. [Vorster 1980] Behalwe vir die dosent-student verhouding het daar dus ook 'n broederlike verhouding tussen die twee bestaan. Van hierdie "broederlike verhouding" sê prof. Ben Marais dat dit vir al die Kweekskool-studente van daardie jare 'n opvallende verskynsel was. Gedurende die Du Plessis-saak was hierdie Van Rooyen-Vorster kombinasie nogal 'n mate van irritasie vir die Du Plessis-ondersteuners. [Marais 1994] Jare later, toe Koot Vorster baie siek was, was prof. Van Rooyen dan ook 'n gereelde besoeker en het hy hom bemoedig en vir hom gebid. By die skielike heengaan van prof. Van Rooyen op Oudtshoorn was dit juis kort nadat hy vir Koot Vorster in die hospitaal in Kaapstad besoek het - een van die laaste persone wat hy voor sy dood besoek het. By die afsterwe van prof. Van Rooyen, het die Van Rooyen-familie Koot Vorster dadelik ontbied en hom versoek om sy geliefde leermeester se begrafnisdiens te lei. Uit die aard van die saak sou dit vir Koot Vorster 'n groot voorreg wees en het hy ingewillig. Hy het dan ook by ontvangs van die doodstyding dadelik na Oudtshoorn vertrek vir die begrafnis. [Vorster 1981]

Dat so 'n besondere vertrouensverhouding tussen 'n gerespekteerde hoogleraar en 'n jong student ontwikkel het, is iets wat nie elke dag voor kom nie en kan aangeteken word as 'n bewys van die groot mate waarin hulle sielsgenote was. Daarbenewens getuig dit ook van Koot Vorster se sterk persoonlikheid en die akademiese insig wat hy as jong student reeds gehad het. Met vrymoedigheid kan dus gekonstateer word dat prof. Van Rooyen 'n groot invloed op Koot Vorster se toekomsvisie gehad het. Dis dan ook te begrype dat Koot Vorster jare later sy proefskrif vir die verwerwing van 'n doktorsgraad aan die nagedagtenis van Prof. E E van Rooyen opgedra het. [Vorster 1956:skutbladsy]

Gedurende Vorster se studiejare op Stellenbosch was daar 'n paar gebeure wat sou uitstaan as bakens wat belangrike rigtinggewende invloed op hom uitgeoefen het en tot die vorming van sy teologiese denke bygedra het.

Met die intrapslag op Stellenbosch is Vorster, soos ook sy universiteitsmaats, dadelik met uiteenlopende akademiese rigtings gekonfronteer. 'n Mens sou kon sê dat die eerstejaars van 1928 vir hulle reg van die begin af in diep akademiese vaarwaters bevind het wat baie spanningsvol was. Agterna gesien, sal almal wat Koot Vorster geken het, seker toegee dat hy dit waarskynlik nie anders sou wou gehad het as hy self moes kies nie. Soos vir baie van sy studentemaats van daardie stormagtige jare was stryd in 'n sekere sin ook

sy suurstof. Maar die feit bly staan dat dit baie moeilike jare was. Tereg het 'n klasmaat en lewenslange vriend van Koot Vorster, prof. T. N. Hanekom, die omstandighede mooi opgesom as hy sê: "Dit was moeilike jare. Ons generasie studente het te doen gehad met moeilike spanningsjare. Die eerste faset daarvan was die geweldige depressie van 1928 tot 1934. Die tweede faset was die spanningsjare rondom die Du Plessis-saak, presies in daardie jare, 1928 tot 1934. Ook die groot politieke beweginge onder dr. Malan. Verder breek die Wêreld-oorlog in 1939 uit. Dit val in ons tyd as jong predikante." [Van Wyk, C P 1983:5] Wanneer prof. B. Marais [1987:10] na die Du Plessis-saak kyk sê hy dat, "die beroering en bitterheid wat dit meegebring het, ons kerk tot in sy grondslae geskud het. Die ou N G Kerk van my kinderdae was na die Du Plessis-stryd nooit weer dieselfde nie."

Soos Hanekom en Marais tereg gesê het, het die geweldige depressie en die gebeure rondom prof. Johannes du Plessis gedurende Vorster se studiejare vir baie spannende jare gesorg. Dit albei, maar veral die sg. kerkstryd, sou baie bydra tot Vorster se akademiese vorming.

## 2. Die Du Plessis-saak

So mooi en aangenaam soos sy verhouding met sy leermeester en sielsgenoot, prof. Van Rooyen was, so was sy verhouding

met sy ander professor, Johannes du Plessis, presies die teenoorgestelde. Nog voordat Koot Vorster op Stellenbosch aangemeld het, was daar reeds tekens van 'n broeiende stryd in die geledere van diegene wat erns gemaak het met die opleiding van predikante aan die Teologiese Seminarium te Stellenbosch. Klagtes sou teen prof. Du Plessis gelê word wat op 'n kerksaak sou uitloop. Hierdie saak was so heftig en bitter dat dit tereg deur Erasmus as 'n "stryd" aangedui word: "Die stryd rondom prof. Du Plessis, in lewe hoogleraar in die Nuwe Testament aan die Kweekskool, het sowat ses jaar geduur, vanaf 1927 tot 1932. Dit het die kerk destyds 15 000 pond gekos." [Erasmus, A S 1986:13] Bo en behalwe die finansiële koste, sou dit ook die kerk op sy ander terreine duur te staan kom.

Gesien in die lig van Vorster se geaardheid, sou hierdie strydpunt hom natuurlik nie afsydig laat nie. Soos vir sy ouers, was iets vir hom ook net wit of swart. Grys het vir hulle nie bestaan nie en daarom sou dit ondenkbaar wees om te verwag dat hy in so 'n belangrike saak neutraal sou bly. Prof. FJM Potgieter se woorde van Koot Vorster is hier ter sake: "Toe reeds het dit geblyk dat hy [Koot Vorster] onvoorwaardelik buig voor die gesag van die Woord van God en dat hy intree vir die behoud van die geloof van die vaders." [Potgieter 1979:272].

Die Du Plessis-saak het inderdaad elke ernstige lidmaat en student, dus ook Koot Vorster, gedwing om standpunt in te neem. In 'n onderhoud sê prof. Ben Marais, wat 'n jaar na Vorster was, dat die studente wat 'n probleem met prof. du Plessis gehad het na Koot Vorster opgesien het vir leiding. Hy het dus nie net standpunt ingeneem nie maar ook aktief leiding geneem vanaf die kant van die studente. Vir Marais, wat ook nie met alles saamgestem het wat prof. du Plessis gesê en geskryf het nie, was die optredes van studente soos Koot Vorster, wat hy as 'n intelligente student beskou het, onaanvaarbaar en het dit groot onsmaaklikheid teweeggebring. Selfs dosente soos prof. E E van Rooyen se optredes is bevraagteken. Dit alles het die studente [en dosente] in twee kampe geplaas.

Soos die meerderheid studente Vorster as leier gekies het, het 'n minderheid na Marais opgesien vir leiding. [Marais 1994] Na hierdie gebeure tydens hulle studentejare sou hulle min of meer in twee kampe bly en weinig kontak met mekaar hê. Volgens Marais is Vorster maklik aanvaar by Ringsittings en Sinodes omdat hy dit gesê en gepropageer het wat op daardie stadium deur die Afrikaner-Broederbond, die Nasionale Party en die grootste persentasie Afrikaners in die Ned. Geref. Kerk aanvaar is. Hyself, aan die ander kant, was gedurigdeur in stryd gewikkel omdat dit wat hy gesê het ongewild was op daardie stadium. Daarvoor het hy 'n prys betaal. Vandag egter is sy ervaring dat hy daagliks

deur al meer mense hartlik ontvang word en van ondersteuning verseker word. Hy kan nie anders as om te dink dat al meer en meer teoloë waarskynlik die insigte van prof. Du Plessis begin insien en waardeer. Alhoewel Marais nie veel wil sê oor 'n medebroer wat al oorlede is nie, laat hy tog blyk dat Koot Vorster, indien hy nog geleef het en in die bediening was, vandag binne die Ned. Geref. Kerk se sinodes slegs 'n handjievol ondersteuners sou trek vir sy standpunte. [Marais 1994]

Meer besonderhede m.b.t. hierdie saak sal hopelik aandui hoe die student Koot Vorster deur die krisis binne die Ned. Geref. Kerk gevorm is in sy teologiese denke.

Die man wat in die midde van hierdie saak gestaan het, is natuurlik prof. Johannes du Plessis, hoogleraar in Nuwe Testament aan die Teologiese Seminarium te Stellenbosch, wat op 7 Maart 1928 deur die Kuratorium van onregsinnigheid aangekla is. Hy stam uit 'n familie wat 'n lang en intieme verbintenis met die Ned. Geref. Kerk gehad het. In die Du Plessis-familie, waarvan hy 'n lid was, was hy die vierde Johannes wat 'n predikant in die N G Kerk geword het. (Meiring, P 1991:11)

Hier was dus iemand wat nie skielik iewers van buite die kerk op die toneel verskyn het nie, maar vanuit die boesem van die kerk na vore getree het. "Daar is min mense wat so

na aan die hart van die kerk gebore en geleef het", meen Meiring [1991:1] "as Johannes du Plessis, die vierde. En tog was hy die persoon wat vanweë beweerde kettery deur die einste kerk aan vervolging blootgestel is juis toe hy op die kruin van sy loopbaan as een van die kerk se grootste teoloë gekom het." [Meiring 1991:11]

Du Plessis se stamvader, Jean Prieur du Plessis, is gebore in Poitiers, die hoofstad van die distrik Poitou, grensende aan die see ten suidweste van Parys. As snydokter het hy en sy vrou Madelaine in 1688, as Franse vlugtelinge van Middelburg, Holland met die Oosterland na die Kaap gekom. Prof. Johannes du Plessis was dus 'n afstammeling van een van die aansienlikste Hugenote-familiese wat na die Kaap gekom het. [Malan 1933:20] Daarom het lidmate waarde geheg aan dit wat hy gesê en geskryf het en het die saak soveel belangstelling gaande gemaak.

Wat die gebeure nog meer hartseer gemaak het, was die feit dat prof. du Plessis so gewild was. Erasmus, wat die bekende kerksaak goed bestudeer het, tipeer Du Plessis as "'n geliefde mens en die gewildste Kweekskool-professor van sy tyd. Sy gewildheid, veral onder die Kweekskoolstudente, het saamgehang met sy Christelike hoflikheid, vriendelikheid en bedagsaamheid." [Erasmus 1986:13]

Du Plessis se bidure wat hy op Dinsdagoggende in die Kweekskool gehou het, was baie gewild. Erasmus [1986:13] bevind: "Daar het 'n vroom, nederige, afhanklike kind van die Here aan die woord gekom." Erasmus sê selfs dat studente hierdie biduur-oordenkings so goed gevind het dat hulle dit op hulle beurt in gemeentes gaan preek het. Hy was dus 'n baie nederige en gewilde professor wat gereeld vir studente in hulle kamers besoek het en hulle na sy huis genooi het. [Erasmus 1986:13]

Sy gewildheid in die Kerk het ook verder gelê in sy "evangeliese vroomheid - sy klem op die sentrale heilswaarhede van die Skrif soos sonde, bekering, heiligmaking, gebed, die Heilige Gees en sending." [Erasmus 1986:13] Hierdie "evangeliese vroomheid" waarna Erasmus hier verwys, was volgens hom deel van die oorsaak van die kerkstryd aangesien dit die strewe van Du Plessis was "om evangeliese vroomheid redelik apologeties te verantwoord aan die resultate van moderne wetenskaplike ondersoek waarmee hy die Skrif onder die loep wou neem." [Erasmus 1986:13

Jare na die Du Plessis-saak toe Koot Vorster reeds die Kweekskool verlaat het, en wel in 1935, sou 'n briefskrywer 'n lang briefwisseling in Die Kerkbode ontketen oor hierdie "Evangeliese" karakter van die Ned. Geref. Kerk wat volgens hom bedreig is deur sekere mense wat "Dopperse" invloede die kerk wou indra. Koot Vorster het toe in briefwisseling van

hom verskil met die gevolg dat hy ook as een van die "Doppers" in die Ned. Geref. Kerk beskou is.

Die stryd rondom die kop van die vriendelike en bedagsame prof. Du Plessis was dus nie maar net 'n kortstondige meningsverskil tussen teoloe nie. Dit was die gevolg van diepgaande, fundamentele verskille wat oor 'n tydperk van jare en eintlik ook eeue ontwikkel het. Iets wat die jong Vorster in sy geborge ouerhuis onbewus van gewees het, maar waarmee hy spoedig op Stellenbosch mee gekonfronteer sou word en die taak sou hê om vir homself rekenskap te gee.

Een van die strydpunte het gehandel oor die historiese kritiek. Volgens Erasmus het Du Plessis tot in 1925 min geskryf oor die historiese kritiek. Daarna het hy egter in die tydskrif Het Zoektlig meer begin vra dat die historiese kritiek en die kenotiese Christologie in die Ned. Geref. Kerk aanvaar moet word. M.a.w 'n aanvaarding van die feit dat Christus van Sy Goddelike eienskappe van alwetenheid, almag en alomteenwoordigheid afstand gedoen het toe Hy mens geword het. [Erasmus 1986:13]

Hierdie beskouing van Du Plessis is heftig teengestaan deur geleerdes soos prof. D G Malan en dr. D R Snyman van die N G Kerk en proff. J D du Toit [Totius] en P J S de Klerk van die Geref. Kerk. wat die Gereformeerde belydenis sterk verdedig het.

Prof. Du Plessis se Skrifbeskouing het, volgens Erasmus, ook heftige kritiek uitgelok van teoloë en dit het verwarring onder sy studente veroorsaak sodat party hul studie gestaak het. Hulle kon nie sy standpunt glo waarin hy verklaar het dat God se Woord in die Bybel te vinde is maar nie die Bybel self is nie.

Prof. du Plessis is dus op 7 Maart 1928 weens onregsinnigheid in die leer by die Ring van Stellenbosch aangekla. Die klag het gelui: "Naar het oordeel van het Curatorium strijden deze opvattingen [van prof. Du Plessis] tegen de Bijbel, Gods Heilig Woord, en de daarop gegronde formulieren der Nederduits Gereformeerde Kerk, alsook tegen de Kerkwet der Ned. Geref. Kerk." [Malan 1933:26] Hierdie klag het daarop neergekom dat prof. du Plessis en die Kuratorium artikels 1-7, 18 en 19 van die Geloofsbelydenis en artikel 156 van die kerkwet verskillend geinterpreteer het.

3. 'n Oorsig van die historiese en kerkregtelike denkwyse waarin Koot Vorster homself tuisgevoel het.

Soos Vorster, was die meeste lidmate binne die N.G.Kerk, erg verras en geskok toe die gewilde hoogleraar aangeval word en Kweekskool-professore, teoloë, predikante en ander geleerdes

mekaar in die pers gekritiseer het, mekaar van 'n valse leer beskuldig het en nog later mekaar selfs tot in die burgerlike hof bestry het. Kenners van die kerkgeskiedenis het egter geweet dat die oorsprong daarvan verder terug lê want die gereformeerde kerke in Suid-Afrika het ook hulle kwota van teologiese strome opgelewer. Hierdie verskille in teologiese denke is ingebind in die vaderlandse geskiedenis in Suid-Afrika wat weer op sy beurt ineengevleg is met die Europese geskiedenis en in besonder Nederland vir soverre dit ons Kerkgeskiedenis betref.

'n Studie van die wêreldgeskiedenis toon duidelik, "dat die ontdekking en besetting van nuwe wêrelddele deur Europese volke nie doelbewus was nie." [Wiid 1965:1] Lande soos Amerika en Suid-Afrika is ontdek terwyl seevaarders seeroetes na Indië gesoek het. Tog weet ons as gelowiges dat God dit so gewil het.

So het God dit reeds beskik in die tyd van Alexander die Grote [4de eeu v.C] dat die Grieke en Romeine lewendige handelsbetrekkinge met Indië en China sou aanknoop. [Wiid 1965:1] Vroeg al was dit ook die warmer en ryker Ooste wat die begeertes en avontuurlus van die Europeërs in so 'n mate geprikkel het dat 'n lewendige handelsverkeer later tot stand gekom het. Vanuit die goed geleë handelssentrum, Portugal, sou iemand soos Prins Hendrik die Seevaarder [1394-1460] nuwe stimulus gee aan die ontdekking van die

kortste roetes tussen Europa en Indië. Portugese seevaarders soos Bartholomeus Diaz en Vasco da Gama was dan ook van die eerste Europeërs wat aan die suidpunt van Afrika voet aan wal gesit het. [Wiid 1965:3]. Hierdie Portugese seevaarders was lidmate van die Roomse Kerk. In hulle vaart om die suidpunt van Afrika het die stormagtige weer hulle afgeskrik en het hulle dit die "Kaap van Storms" genoem. Hulle het dus geen oorweging geskenk aan die moontlikheid van vestiging nie. Hierdie eer sou onder Goddelike beskikking, die klein landjie Nederland te beurt val.

Dat dit juis Nederland was wat dit gedoen het, is van groot betekenis vir 'n beter begrip van die Afrikaner en Koot Vorster in die besonder. Hierdie landjie met sy klein bevolking was in die sewentiende eeu 'n moondheid van die eerste rang en het op koloniale gebied verskeie eeue lank een van die vooraanstaande lande van die wêreld gebly. [Wiid 1965:15]

As gevra word na die faktore wat daartoe aanleiding gegee het dat so 'n klein landjie met sy min mense dit kon regkry, noem historici o.a. die feit dat Nederland se ligging gunstig is vir skeepvaart. Dit is inderdaad so want geleë aan die see en min of meer in die middel van Wes-Europa, is die mondings van groot, bevaarbare riviere soos die Ryn, die Schelde en die Maas ook hier en skep dit gunstige omstanighede vir skeepvaart. Verder was die Nederlande,

bestaande uit 'n Noordelike deel [die huidige Koninkrijk der Nederlanden] en 'n Suidelike deel [die huidige België] ongeveer op die kruispunt van die groot handelsweë geleë. [Wiid 1965:16]. So het dit dus in die guns van Nederland getel.

Alhoewel 'n goeie ligging natuurlik 'n geweldige bate vir enige land is, is dit egter nie genoeg om welvaart te verseker nie. Daar moes dus in Nederland mense wees wat oor die nodige lewenskwaliteite beskik het om van die land 'n groot en welvarende land te maak. Dis dan ook presies wat gebeur het, want hierdie voorsate van die Afrikanervolk was mense wat met inisiatief en groot deursettingsvermoë grond bloot gelê het, land herwin het, landerye aangelê het en selfversorgend geraak het t.o.v. lewensmiddele. [Wiid 1965:26] Dit was mense wat kon raakvat.

Maar die Nederlanders het nog iets groters geopenbaar as hulle deursettingsvermoë en daadkrag. Volgens hitorici was die allesdeurdringende faktor hulle lewendige patriotisme en strewe na vryheid. So beskryf hulle dit: "Sonder daardie ontluikende, onweerstaanbare gevoel van vaderlandsliefde, is die Nederlandse handelsbloei van die sewentiende eeu ondenkbaar" [Wiid 1965:27]. Dit, tesame met hulle onverskrokkenheid, ondernemingsgees en stryd om staatkundige vryheid [Wiid 1965:27], het alles daartoe bygedra dat Nederland tot 'n groot moondheid ontwikkel het, lang

seereise onderneem het en nuwe wêrelddele ontdek en beset het. [Wiid 1965:15].

Die weg was daarmee gebaan vir die verspreiding van Nederlandse invloed na ander wêrelddele - ook Suid-Afrika. Vir die kerkgeskiedenis is dit van belang dat hierdie invloed van die Nederlanders ook, en veral, t.o.v. die kerklik-godsdienstige terrein gegeld het. Volgens kerkhistorici kon dit veral gebeur het as gevolg van die invloed wat die groot kerkhervorming van die 16de eeu op Nederland gehad het.

4. Die Kerkhervorming se vrugte in Nederland gedurende die 16de eeu

Op 31 Oktober 1517 was die Roomse lidmaat Martin Luther se "een papier met vijfennegentig stellingen in het latijn over de aflaat en met het verzoek daarover met hem te disputeren" [Berkhof 1967:143] natuurlik die begin van die groot Kerkhervorming. Gevolg en ondersteun deur ander persone soos o.a. Johannes Calvyn, het die Gereformeerde leer oor die hele Europa versprei en het dit ook sy weg na Nederland gevind.

Gedagtig aan Koot Vorster as 'n kerkregtelike, val dit op dat die Gereformeerde Kerkreg volgens Van der Watt [1983:3] ook sy ontstaan gehad het in die bloeityd van die

Hervorming, en dat hy van mening is dat dit veral die resultaat was van Johannes Calvyn se geniale denkarbeid. Aangesien Koot Vorster homself as 'n groot Calvinis gesien het, moes die insigte en geskrifte van Johannes Calvyn dus uit die aard van die saak 'n groot invloed op hom gehad het.

5. Calvyn se siening van die kerkreg

Calvyn het geglo dat die Skrif in 1 Kor. 14:40 'n reël bied vir die uitwendige inrigting van die kerk. Daarvolgens word dit wat betaamlik is, bewaar en iets wat wanorde tot gevolg het vermy. 'n Onderskeiding tussen "de tyrannieke verordeningen van de paus die op de gewetens drukken met een harde slavernij, en de vrome wetten der kerk waarop tucht en orden berusten" word ook hiermee deur hom aangedui. [Nauta 1971:10] Volgens hom verskil mense in so 'n groot mate t.o.v. karakter, aanleg en opvatting van mekaar dat dit absoluut noodsaaklik is vir orde in die kerklike lewe dat daar reëls sal wees. "Zonder dergelijke wetten zouden de kerkken volgens Calvijn van haar zenuwen beroofd en geheel en al gedeformeerd en te gronde gericht worden." [Nauta 1971:11]

Die Hervorming het dan ook , "as magtige beweging die kerk bevry van die menslike heerskappy van die pous en alleen Christus as Koning en Regeerder van sy kerk erken. Al die ampsdraers is dienaars van Christus en die een staan nie

hoër as die ander nie. Hieruit volg dat geen mens die reg het om kerklike bepalinge te maak wat die gewete bind nie. Die Koning van die kerk het self in sy Woord die grondbeginsels van die kerkregering neergelê. Omdat die woord "wet" ons laat dink aan die regeringsvorm van die staat, spreek die Gereformeerdes liewer van 'n kerkorde." [Du Toit 1955:195]

6. Verspreiding van Calvinisme [o.a. na Nederland]

Calvinistiese predikante in Frankryk het van tyd tot tyd oor die grens gegaan om vir Franssprekendes in Nederland die evangelie te gaan verkondig. So het die vrugte van die Hervorming tot in Nederland versprei. Op versoek van mense in Doornik het 'n student van Calvyn, wat terselfdertyd ook sy opvolger te Straatsburg was, Pierre Brully, in die Suidelike Nederland gaan werk. Brully het in die geheim gepreek en is op die 19de Februarie 1545 te Doornik verbrand. [Berkhof & De Jong 1967:196] So het hy ook, soos baie ander Protestante, vir sy geloof 'n vroeë en gewelddadige dood gesterf. Na hom het nog heelwat studente gevolg waaronder die Belg Guido de Bres. Laasgenoemde sou sy naam in die Gereformeerde wêreld vestig met die opstel van die Nederlandse Geloofsbelydenis in 1561. Toe hy op 31 Mei 1567 ter wille van sy belydenis opgehang is, het hy 'n pragtige erfenis aan die Gereformeerde kerke nagelaat in besonder t.o.v. die kerkregering. Van sy arbeid, en dan

veral t.o.v. die orde in Calvinistiese kerke, word 'n mooi getuigskrif gegee: "Hij was door het lezen van de bijbel en van evangelische geschriften tot de reformatie gekomen, verbleef even in London, werkte daarna te Rijssel en Gent, nam in 1556 de wijk naar Frankfurt en Genéve en keerde versterkt in zijn calvinistische overtuigen terug naar het grensgebied der Nederlanden. Hier werd de eigenaardige kracht van het calvinisme zigtbaar: de goede organisatie, zowel plaatselijk als regionaal. In elke gemeente 'onder het kruis', die onder schuilnaam aan de andere bekend was, werd een kerkeraad gevormd, die streng toezicht uitoefende op de leden. In het geheim kwamen synodes bijeen, predikanten verzorgden de onderlinge verbindingen." [Berkhof & De Jong 1967:197]

Die verskillende Hervormde of Gereformeerde gemeentes wat in die 16 de eeu in Nederland was, was nog nie verenig in een kerkverband onder 'n gemeenskaplike sinode nie. [Spoelstra, Pont, Keet 1973:181] Tog was die behoefte aan 'n kerkorde en geloofsbelydenis sterk aanwesig. In die hitte van die stryd, maar tog vol hoop dat hulle die oorlog teen Spanje sou wen, het hulle in 1571 'n sinode te Emden gehou om o.a. presies te bepaal waarin al die afgevaardiges glo met die oog op 'n gemeenskaplike geloofsbelydenis. Daar was dus 'n soeke na eenheid t.o.v. hulle geloofslewe. In die bestaande Heidelbergse Katagismus en Nederlandse Geloofsbelydenis het hulle 'n gemeenskaplike geloofsbelydenis of 'n formulier van

Enigheid gekry. "Op hierdie geloofseenheid is toe voortgebou om die kerk te organiseer. Alle ampsdraers moes eers die gemeenskaplike Formulier van Enigheid onderteken waarin almal bely dat Christus sy Kerk deur sy Woord regeer en dat die Woord oor alle kerklike handelinge moet regeer." [Spoelstra, Pont, Keet 1973:181] Die Hervorming het dus, sonder dat 'n spesifieke hervormer aangewys kan word en ten spyte van kwaai Roomse teenstand, goed posgevat in Nederland. Teen die jaar 1566 het die Calvinisme al 'n groot invloed gehad op 'n groot deel van die Nederlandse bevolking.

Die jaar 1566 moet tog uitgesonder word as 'n besondere jaar vir die kerklike lewe in Nederland. Dit was naamlik in hierdie jaar dat die Calviniste met hulle standpunt dat God soewerein deur Sy Woord regeer en almal, dus ook selfs konings, voor hom moet buig, heftige teenstand ondervind het. Die libertyne wou 'n skeiding tussen die onderskeie lewensterreine skep en die godsdiens buite die maatskaplike en politieke lewe hou.

Op voetspoor van die Franse is die gereformeerde beginsels wat Calvyn vroeër in Genéve gelê het, egter nagevolg. Al was daar nog nie 'n organisatoriese band tussen die onderskeie kerkrade gelê nie, het die ouderlinge saam met die predikante die regering binne die kerk behartig. Hierdie

handeling het vastigheid en koers aan die kerklike lewe gegee." [Spoelstra, Pont, Keet 1973:178]

Verskeie sinodes in Nederland het op Calvyn se werk, betreffende 'n kerkorde voortgebou, dit verder omskryf en verwerk en so die kerkorganisasie en kerkorde algaande ontwikkel. Die stryd is voortgesit teen die Roomse kerk asook diegene wat die kerk aan die staat ondergeskik wou maak soos wat o.a. ook deur volgelinge van die Hervormer, Luther, verkondig is.

Die lang en moeilike pad wat met die opstel van die Kerkorde van Dordrecht [1618/19] geloop is, kan volgens Nauta [1971:20] teruggevoer word na die Konvensie wat in 1568 te Wezel gehou is. By hierdie byeenkoms is artikels vasgepen wat vir die Nederlandse Kerk as noodsaaklik en voordelig beskou is. Daarna het die sinodes van Emden [1571], Dordrecht [1574], Dordrecht [1578], Middelburg [1581] asook 's-Gravenhage [1586] hulle daarmee besig gehou terwyl daar van owerheidsweë getrag is om 'n staatskerkorde daar te stel.

Waar die aanwesiges by Wezel [1568] nog maar vae riglyne en aanwysings vir die inrigting van die kerklike lewe gesoek het, het die daaropvolgende sinodes oorgegaan om besluite in die verband te neem en bepalings op te stel. 'n Doelbewuste poging om 'n sistematiese kerkorde daar te stel het egter

nog ontbreek. [Nauta 1971:21] Met die sinode van Dordrecht [1578] was dit al 'n ander saak want toe is die stof al in 6 hoofstukke georden. Met hierdie voorbereiding agter die rug was die pad oop vir die Middelburg-sinode van 1581 wat toe 'n corpus disciplinae van 69 artikels daargestel het vir voorlegging aan die owerheid. Lg. kerkorde met sy 69 artikels is by die volgende sinode te 's-Gravenhage in 1586 tot 79 artikels uitgebrei. Voorlegging aan die owerheid vir goedkeuring was geslaag danksy die gunstige politieke omstanighede van daardie tyd. Die sinode van Dordrecht het hierdie goedgekeurde kerkorde van 1586 geneem en 'n paar verbeterings en aanvullings gedoen na aanleiding van opmerkings wat intussen gemaak is sodat die 86 artikels weinig verskil het van die vorige een. Hierdie keer het die owerheid egter die kerkorde afgekeur. Met sy weinige verskil van die goedgekeurde een van 1586 was dit vir die lidmate egter aanvaarbaar en is dit in die kerk as kerkorde gebruik. [Nauta 1971:21]

## 7. Vrugte van die Hervorming in Suid-Afrika

Vanaf Nederland het die gereformeerde godsdiens sy weg na Suid-Afrika gevind. In 1602 het die Nederlanders die Oos-Indiese Kompanjie (O.I.K.) gestig en baie gou die behoefte aan 'n halfwegstasie tussen Holland en Indië gevoel. Dit sou vir hul skepe van groot hulp wees as hulle, so het hulle dit

gestel, by die heidendom van die Kaap, verversings kon inneem. Die stigting van 'n verversinspos aan die Kaap, so het hulle geglo, sou ook die geleentheid daarstel vir die uitbreiding van die Gereformeerde godsdiens. Die Nederlanders se erns m.b.t. die gereformeerde godsdiens kom dus baie duidelik na vore in hierdie handelswyse van hulle. Dit kom ook uit in die Remonstratie wat Leendert Janszen en Matthys Proot in 1649 aan die Kamer van Amsterdam oorhandig het. Daarin voorsien hulle dat 'n verversingspos aan die Kaap tot gevolg kan hê dat die inboorlinge as bediendes gebruik word en hul kinders 'n Christelike opvoeding sou kon kry.

Met die volksplanting aan die Kaap is die kerk terselfdertyd ook gevestig. Dit was, volgens Vorster, nie toevallig nie want "Die conservatie van het publijcque geloof was een van die gronde waarop die alleenreg tot navigatie, koophandel en oorlogvoeren in die octrooi van 22 Desember 1622 aan die V.O.C. toegestaan is." [Vorster 1956:11]

So het God dit dan beskik dat dit in 1652 die Nederlander Jan van Riebeeck, 'n lidmaat van die Gereformeerde Kerk in Nederland, sou wees wat aan die Kaap voet aan wal gesit en die volksplanting hier gelei het. Daarmee saam is ook die Gereformeerde Kerkleer op hierdie donker Afrika-kontinent oorgeplant. Hierdie volksplanting het geskied met die Statebybel, die Gereformeerde Kerk en die drie

Belydenisskrifte as hegte grondslag. Dit is dus veelseggend, maar nie vreemd nie dat Jan van Riebeeck 'n gebed gedoen het toe hy voet aan wal gesit het aan die Kaap.

Die wyse waarop Jan van Riebeeck die verversingspos gestig het, het ooreengestem met die godsdiensbeskouing van die Nederlandse regering. Hulle het, naamlik, die Gereformeerde Kerk en geloof van so 'n groot betekenis geag dat hulle die beskerming en uitbreiding daarvan reeds vroeër by wyse van 'n oktrooi vasgelê het. Daardeur was die Kompanjie dan verplig om die Gereformeerde Kerk in sy gebied voort te plant en te beskerm. Dit het beteken dat hy ook die gereformeerde stelsel van kerkregering moes eerbiedig en handhaaf. [Vorster 1956:79]

So het die Hollanders met hulle godsdienssin, vaderlandsliefde maar ook hulle ondernemingsgees en onverskrokkendheid 'n beskeie verversingspos aan die Kaap gestig. Die Portugese se "Kaap van Storms" het vir die Hollanders die "Kaap van Goeie Hoop" geword. Koot Vorster het die feit dat Roomse seevaarders van Portugal hulle nie hier gevestig het nie, maar dit aan die Gereformeerde seevaarders oorgelaat het, as 'n historiese feit van groot betekenis beskou. Daarmee, so het hy dikwels in toesprake en gesprekke laat blyk, is die gereformeerde leer deur God se voorsienigheid aan die suidpunt van Afrika geplant en het ons, by name die Afrikanervolk, dus die heerlike roeping om

hierdie kosbare gereformeerde en Calvinistiese erfenis te koester en te bewaar. Dwarsdeur Koot Vorster se bedieningstyd sou niemand ooit kon beweer dat hy nie aan hierdie roeping waarin hy geglo het, getrou gebly het nie.

Oor watter kerkorde in die Kaapse kerk gevolg sou word was daar aanvanklik onduidelikheid. Volgens Spoelstra, Pont en Keet [1973:183] het die sinode van Dordrecht die "godsdienstige karakter van die eerste volksplanting aan die Kaap bepaal." Vorster het in dié verband 'n belangrike bydrae gemaak tot kerkregering in die Ned. Geref. Kerk toe hy dit as onderwerp van sy doktorale studie geneem het. Hy bevind dan ook dat die Kaapse Kerk nooit formeel besluit het om die Dordtse Kerkorde te volg nie. Volgens hom sou so 'n besluit uit die aard van die omstandighede ook nie verwag kon word nie, want die Kaapse Kerk is nie deur 'n bepaalde en formele besluit gestig nie. [Vorster 1956:83] Namate die amptenare aan die Kaap, onder die wakende oog van die Gereformeerde Kerk in Nederland, geestelik bearbei is, het dit geleidelik uitgegroei totdat die Kaapse Kerk in 1665 geformeer is met ds. Johan van Arckel as die eerste gevestigde leraar aan die Kaap.

Uit die aard van die saak was dit in die hande van die O.I.K. wat natuurlik, alhoewel dit 'n gewone handelsmaatskappy was, nie alleen die regering van die dag gevorm het nie, maar ook oor die kerk regeer het en dus

kerkraadslede gekeur het, predikante aangestel het, vergoed, verplaas, gestraf en selfs geskors het.

Wat die kerkorde aan die Kaap betref moet daarop gelet word dat die beroepsbrief aan predikante bepaal het dat die kerkorde van die kerk in die vaderland [Nederland] gevolg sou word. Op daardie stadium was daar egter, volgens Vorster [1956:83], in Nederland ook nie eenstemmigheid oor 'n kerkorde nie. Ds. Van Arckel self het die kerkorde van Middelburg [1581] gevolg aangesien hy deur die Classis van Walcheren beroep en bevestig is en lg. nie die Dordtse Kerkorde aangeneem het nie. Ten spyte van hierdie verdeeldheid egter was "die Dordtse Kerkorde prakties die reël waarna die Gereformeerde Kerke in Nederland tot aan die begin van die 19de eeu geleef het." [Vorster 1956:85] Op grond hiervan kom Vorster dus tot die gevolgtrekking: "Suiwer teoreties en juridies gesien, was die Dordtse Kerkorde die geldige kerkorde vir die Kaapse Kerk. " [Vorster 1956:85] So het dit gedurende die hele 17de en 18de eeue gebly.

8. Die bydrae van gereformeerde lidmate uit ander lande tot die gereformeerde godsdiens aan die Kaap.

Met die oog op die Du Plessis-saak is dit belangrik om ook verder te let op die bydrae wat mense soos die Franse

Hugenote en Engelssprekende predikante tot ons vaderlandse kerkgeskiedenis gemaak het.

## 8.1 Franse Hugenote

Gedurende die laaste paar jaar van die 17de eeu, is Protestante in Frankryk op 'n wrede wyse deur die Roomse owerheid vervolg. Dit het tot gevolg gehad dat duisende Hugenote uit hulle landegevlug het en gedurende die jare 1688 tot 1700 in Suid-Afrika aangekom het. Soos die Hollanders, sou hierdie bykans 200 mense wat in Franschoek en Drakenstein gevestig was, met hulle geloofsvastigheid 'n belangrike rol speel in die ontstaan van die Afrikanervolk. Soos reeds gesien, was prof. Du Plessis 'n afstammeling van hierdie Franse Hugenote.

## 8.2 Engelse

In 1795 is die Kaap deur Engeland verower. In voetspoor van die O.I.K. het die nuwe regering ook die kerk geregeer totdat die Kaap in 1803 weer aan Holland teruggegee is. In 1806 is die Kaap vir die tweede keer deur Engeland in besit geneem en tesame met hierdie tweede besetting het hy sy verengelsing-beleid op die Hollandssprekende koloniste probeer afdruk. [Van der Watt 1980:3]. Sir John Cradock [1811-1814] het, as Britse Goewerneur, met hierdie beleid

begin maar dit was veral sy opvolger, lord Carles Somerset [1814-1826], wat die verengelsing-beleid daadwerklik probeer deurvoer het. In 1822 verklaar hy Engels as die enigste amptelike taal en probeer om op daardie wyse die Hollandse taal vir goed uit die Kaapkolonie te verdryf. Op 'n meer subtiele vlak het hy Engels bevorder deur Engelse en Skotse onderwysers vir die Afrikaanse skole in te voer. In aansluiting hierby het 'n behoefte aan meer predikante vir Somerset die geleentheid geskep om 'n paar Skotse leraars in die Ned. Geref. Kerk te plaas. Hiermee is 'n Engelse element die Kaapse kerk ingedra. [Van der Watt 1980:4]. 'n Element wat 'n bepaalde rol gespeel het in die geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk en veral ook m.b.t. die Du Plessis-saak.

Ten spyte van geweldige teenkanting deur die Hollandssprekende bevolking, is daar in so 'n mate volgehou met die invoer van Skotse predikante dat hulle op die Sinode van 1834 die grootste deel van die aanwesige leraars uitgemaak het. [Van der Watt 1980:7]. Die stryd teen die verengelsing-beleid van die owerheid is heftig voortgesit in die staatsdiens, skole en kerke.

Ten spyte van die aktiewe bevordering van die Engelse invloed aan die Kaap, vind ons tog dat die kerklike lewe aan die Kaap gedurende die 19de eeu steeds ten nouste ineengevleg was met die van Nederland. Ook wat die kerkregering betref. Prof. J A du Plessis [PU vir CHO]

[1925:129] is dit eens met prof. Royaards wat verklaar het dat die kerk in Suid-Afrika gedurende die 19de eeu die spore van Nederland gevolg het.

Alhoewel die sinode van Dordrecht 1618/19 hom uitgespreek het ten gunste van 'n Nasionale Sinode wat periodiek gehou moet word, het die owerheid dit belet. Slegs provinsiale sinodes is dus gehou onder die oplettende oog van die staat. [Algra 1976:62] Met die bewindsaanvaarding van Koning Willem 1 sou die Hervormde Kerk in Nederland 'n ander organisasie ontvang. Hierdie man, wat as 'n verligte despoot beskryf is, word verantwoordelik gehou vir hierdie organisasie alhoewel geleerdes in Nederland soos Algra aantoon dat dit eintlik die werk van 'n amptenaar J D Janssen was. Laasgenoemde, 'n oud-predikant, sou volgens Algra [1976:63] in die stilte met 'n aantal predikante saamgewerk het in die opstel van die sg. Reglement. Uit die bloute sou die verrassing toe kom: ".....en toen was alles gereed en werd de Hervormde Kerk verrast met een Koninklijk Besluit van 7 januari 1816, waarbij werd vastgesteld het Algemeen Reglement voor het bestuur der Hervormde kerk in het Koninkrijk de Nederlanden. [Algra 1976:64] Die afkondiging en toepassing van hierdie Reglement sou in die latere jare tot groot verdeeldheid in die kerke in Nederland lei en op die Doleansie uitloop.

In hierdie Reglement is "het hoogste kerkelijk bestuur" opgedra aan die Sinode wat uit 11 predikante bestaan het en deur die provinsiale sinodes benoem is. Al die lede wat vir die eerste keer sitting neem, sou deur die Koning regstreeks benoem word en daarna onregstreeks. Deur hierdie Reglement is die Hervormde Kerk onmondig gemaak, "onder voogdij gebracht van een Synode, die in wezen een staatscreatuur is, onder besturen, die van de Koning afhankelijk zijn." [Algra 1976:65]

Die aanname van hierdie Reglement het 'n nuwe hoofstuk geskryf in die kerk se geskiedenis. Sodanig so dat die gevolge daarvan tot in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis gestrek het. Die tragiese is dat, alhoewel dit algemeen aanvaar was dat die Koning se optrede onwettig was, was die Hervormde Kerk in Nederland so diep versonke dat hy dit hom laat welgeval het. [Algra 1976:65]

In die kerk het die stroom van nuwe denkbeelde, gewoontes en vermaaklikhede vanuit Engeland 'n lewenswyse bevorder waardeur die persoonlike gebedslewe en die huisaltaar verwaarloos is. Baie lidmate het gedurende die eerste helfte van die vorige eeu dan ook te midde van hierdie doodsheid, gewoontegodsdiens en vormgodsdiens, na vernuwing in hulle geestelike lewe verlang. [Van der Watt 1980:16]. Dit was veral die Skotse predikante in die Kaapse Kerk," puriteins in hul lewensuitkyk en gevoelvol in die godsdiens" wat

hierdie begeerte na geestelike vernuwing benadruk het. Tog is hulle hierin goed ondersteun deur die Hollandssprekende leraars. Die behoefte aan dieper en voller belewenis van die godsdiens was oral aanwesig. Hierdie behoefte is egter ook in die buiteland gevoel en loop in die vyftigerjare van die vorige eeu uit op grootskaalse herlewing in Amerika en die Britse Eilande.

Dat dit na Suid-Afrika sou oorspoel was te begrype. Oproepe tot gebed ter voorbereiding van die uitstorting van die Heilige Gees en gevolglike herlewing is van alle kante ontvang. Die refrein "Bid om die uitstorting van die Heilige Gees" het oral in die Ned. Geref. Kerk opgeklink. [Van der Watt 1980:17] Predikante soos G W A van der Lingen, A Faure, J H Neethling, N J Hofmeyer, John Murray en Andrew Murray was die kragtige propageerders van die noodsaaklikheid van 'n geestelike ontwaking. Die Ned. Geref. Kerk het gedurende hierdie tyd talle interkerklike konferensies saam met kerke soos die Skots-Presbiteriaanse, Independentistiese, Anglikaanse en Metodiste gehad. By hierdie konferensies het die geestelike leiers van verskillende kerke met mekaar nader kennis gemaak, die noodsaaklikheid van geestelike herlewing bespreek en so sou hierdie geleenthede 'n belangrike skakel word in die godsdienstige herlewing wat sou kom. [Van der Watt 1980:17]

In 1861 begin die Ned. Geref. Kerk Paarl met die hou van Pinksterbidure en daarvandaan sou dit oor die hele land versprei. In die herlewing en Pinkstergebeure het die kerkleiers die beskikking van God gesien. Hiermee is iets nuuts die kerklike lewe ingedra maar tog nie iets vreemds nie. Dit het sy wortels in beide die Pinksterfees by wyse van Skriftuurlike grond, en die herlewings in die middel van die 19de eeu as geskiedkundige aanleiding. [Van der Watt 1980:19]

Volgens Hofmeyer het die Ned. Geref. Kerk reeds 'n eiesoortige teologie en bedieningsstyl gehad teen die helfte van die 19de eeu. Die kerk se bediening was daarop ingestel om sy lidmate te bereik en hulle met die evangelie te konfronteer. So het die herlewing, waarvan hierbo sprake is, volgens Hofmeyer ontwikkel uit 'n evangeliese karakter wat reeds op daardie stadium in die Ned. Geref. Kerk gevestig was. [Hofmeyer 1986:6] Hierdie herlewings was 'n belangrke versterkende faktor in die verdere vestiging van 'n evangelies-teologiese lyn tesame met die inheemse Calvinistiese tradisie van die kerk. [Hofmeyer 1986:6]

Jare later is hierdie evangelies-teologiese rigting binne die Ned. Geref. Kerk ernstig bedreig deur die propagering van die nouere Calvinistiese tradisie. Dit, altans, was soos 'n briefskrywer dit in die tweede helfte van 1935 gesien het. Onder die skuilnaam "Bekommerd" het hy sy bekommernis

hieroor uitgespreek in 'n briefwisseling wat vir etlike maande geduur het en waaraan die jong leraar, Koot Vorster, ook deelgeneem het.

Gedurende die tweede helfte van die vorige eeu, was die Ned. Geref. Kerk ook in 'n stryd gewikkel teen die liberalisme wat die kerk in sy gesag en belydenis aangeval het. Dat die opwekking plaasvind in die tyd toe die liberale aanslag sterk was, was vir baie gelowiges nie sonder betekenis nie. [Van der Watt 1980:20] Die kerk het in die herlewing, met sy aksent op 'n kragtige geestelike lewe,'n kragtige wapen gesien om die ongeloof mee te bestry. Die Sinode van 1862 het dan ook verklaar: "om die suiwere leer teen die verwoestende aanslag van die ongeloof te bewaar, is nodig 'de banier van's Heeren Geest'; en dan word almal opgewek om te bid dat die Heilige Gees 'uitgestort' mag word sodat die kerk gevrywaar kan word van die liberale gevaar". Alhoewel die jare 1860-1862 die hoogtepunt van die herlewing was, sou die verlange na herlewing gedurende die volgende veertig jaar telkens weer opvlam en spesiale bekeringsdienste tot gevolg hê. [Van der Watt 1980:20] Groter nadruk op geloofsekerheid en heiligmaking het ongetwyfeld 'n innige warme vroomheid - 'n evangeliese inslag- gebring en dit het 'n karaktertrek van die Ned. Geref. Kerk se prediking geword. [Van der Watt 1980:22]

Die herlewings het egter ook sy onreëlmatighede gehad en tendense na vore gebring wat gevaarlik was vir die kerk. So het oppervlakkige gevoelsprediking plek-plek na vore gekom en is die verbondsleer verwaarloos, terwyl eredienste soms in blote "meetings" ontaard het. Terwyl die kerk dus aan die een kant die ongeloof en liberalisme die stryd aangesê het is hy nou, vanaf die anderkant, met reg van Metodisme beskuldig. [Van der Watt 1980:22] En vir sommige was die Metodisme met hulle oorbeklemtoning van die emosie en verwerping van die uitverkiesingsleer, 'n nog groter gevaar as die Liberalisme. [Van der Watt 1980:22] Volgens Buys [1975:85] se siening is die Metodisme "soos 'n antibiotiese middel: hy maak een saak reg maar hy krap tien ander om."

Die volgelinge van John Wesley, wat aan die Oxford Universiteit reeds 'n "vereniging vir vrome studente" gestig het, het as Wesleyaanse Kerk aan die Kaap groot invloed op die Ned. Geref. Kerk uitgeoefen. [Van der Watt 1980:23] Hierdie invloed op die Ned. Geref. Kerk het wel die kerk in baie opsigte verryk deurdat dit 'n besondere warme evangeliese karakter in prediking en geloofslewe in die kerk gekweek het. Aan die anderkant het dit egter tot afskeiding gelei en o.a. tot die stigting van die Gereformeerde Kerk in 1859. [Van der Watt 1980:24]

9. Aanslag teen die Gereformeerde leer

Die felste aanslag teen die Ned. Geref. Kerk het egter van die kant van die liberalisme gekom. Gebore uit die Aufklarung en die oorbeklemtoning van die mens se rede in sy sg. "mondigheid" en die Franse Rewolusie se slagkreet van Vryheid, Gelykheid en Broederskap, het die liberalisme in die 19de eeu sy invloed wyd laat geld in die staat, kerk, kultuur en samelewing. Alleen in metode het die liberale beweging afgewyk van die Rewolusie: dit wou geen gewelddadige poging wees nie; slegs trag om die grondgedagtes van die Rewolusie te verwesenlik. [Van der Watt 1980:27] Die gevolg hiervan was "die intrede van die Skrifkritiek met as resultaat 'n erg verminkte Bybel waardeur die godsdiens niks meer as 'n soort deuglikheid of moraliteit geword het nie." [Van der Watt 1980:28] Die liberalisme het met sy kreet van " Vryheid" reg teenoor die Calvinisme stelling ingeneem. Vryheid soos die liberalisme dit verkondig het, was nie langer die mens se voorreg wat met verantwoordelikheid gepaard gegaan het nie. Dit is nou verkondig as die mens se persoonlike en onvervreembare reg. Op kerklik-godsdienstige gebied het dit tot openbaring gekom as die verwerping van die gesag van die Skrif, belydenis en kerk. [Van der Watt 1980:28] Namate die rasionalisme en liberalisme in Holland toegeneem het gedurende die jare 1750-1850, is 'n vrysinnige klimaat in die kerk en teologiese skole geskep. Dit het uit die aard van die saak na die Kaap oorgewaai en hier te lande opgeduik rondom die vraag of predikante die belydenisskrifte van die kerk sonder

voorbehoud moes teken of nie. Uiteenlopende beginsel-standpunte rondom die belydenis van die kerk het vir die eerste keer na vore gekom. Die Sinode het besluit dat predikante sonder voorbehoud moes teken maar 'n sterk groep het teen die Sinode se besluit in opstand gekom en hieruit is die liberale rigting in die Kaapse Kerk gebore. [Van der Watt 1980:29]

Vir 'n paar dekades sou predikante soos di.J.J.Kotze [Darling], T.F.Burgers [Hanover], S.P.Naude [Queenstown] e.a. wat "rustelose propageerders vir hul saak was" groot beroering in die Kaapse kerk bring. [Van der Watt 1988:30] Hulle is van onregsinnigheid en dwaalleer beskuldig maar het met alles tot hulle beskikking hulle saak gestel en verweer.

Daarvoor het hulle ook 'n blad gehad wat maar te begerig was om hul saak te propageer. Hierdie blad, <u>De Onderzoeker</u>, was 'n suiwer teologiese blad wat sedert 1860 verskyn het. Hanekom [1951:224] wys daarop dat hierdie liberale blad se naam maar 'n letterlike vertaling is van <u>The Inquirer</u> wat vir die Unitariers in Engeland die stryd vir die liberalisme gestry het. Sonder om doekies om te draai het <u>De Onderzoeker</u> lidmate in Suid-Afrika vergas op die nuutste liberale denke in die wêreld. Ondersteuners was ook volop en hulle het hom "verwelkom as liberale blad." [Hanekom 1951:227] In sommige gevalle het dit selfs gebeur dat predikante, in 'n aanhaling van Hanekom, "hebben zich laten

gebruiken om het gevaarlijk tijdskrift De Onderzoeker onder de leden hunner gemeente te verspreiden." [Hanekom 1951:227] Hierdie "gevaarlijk tijdskrift" het die liberale denkrigting oor 'n periode van meer as 25 jaar ongesteurd deur Suid-Afrika versprei.

Met bogenoemde uiteensetting is 'n vlugtige blik gewerp oor die onderskeie strominge wat die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis aan die begin van die 20ste eeu vooruitgegaan het. Teen hierdie agtergrond word nou teruggekeer na die Du Plessis-saak en Vorster se beoordeling daarvan.

Prof. Johannes du Plessis was sedert November 1912 Redakteur van Die Kerkbode. Onder sy redakteurskap het Die Kerkbode se sirkulasie vanaf 1 200 binne agtien maande verdubbel en 'n jaar later verdriedubbel. Die blad het nou ook vir die eerste keer in sy beriggewing en meningsuitsprake die hele kerklike veld gedek. [Meiring 1991:11]

Die blad was so 'n sukses dat die ander provinsies by die Kaapse Sinode aansoek gedoen het om hulle eie maandblaaie by Die Kerkbode in te lyf. Dit het wel later gebeur en Du Plessis is as redakteur aangestel van die Verenigde Kerkbode. Die sirkulasiesyfer het nou tot meer as 7 000 gestyg. Du Plessis het dit gewaag om aktuele kwessies soos die naturelle-vraagstuk in artikel-reekse aan te spreek.

Volgens Meiring het "Die Kerkbode van daardie eerste dekade werklik die spreekbuis geword van 'n verligte, maar ook prakties-ingestelde wagter op die muur." [Meiring 1991:11.] Een van die terreine waarop Du Plessis hom gewaag het, was op die sg. "regsinnigheid as vernaamste faktor in die beoefening van die kerkleer." Reeds sedert 1911 het hy hom geroepe geag om te waarsku dat die kerk, wat met hand en tand aan die letter van die leer vasklem, spoedig tot koudheid en doodsheid verval en nutteloos word in die werk van die uitbreiding van die koninkryk. [Meiring 1991:11]

Uit die voorgaande is dit reeds baie duidelik dat hier 'n persoon aan die woord was wie se agtergrond en lewensbeskouing radikaal verskil het van die van 'n Koot Vorster. Al het Koot Vorster op hierdie stadium, 1911, pas die lewenslig aanskou, sou hulle paaie op Stellenbosch kruis en sou die ouere en kundige Du Plessis en die jong, onbekende Vorster met hulle sterk argumente hulle in teenoorgestelde kampe bevind.

Na Du Plessis se uittrede as redakteur van die Verenigde Kerkbode onderneem hy heelwat reise in Midde-Afrika voordat hy professor aan die Kweekskool op Stellenbosch word. In Januarie 1923 verskyn die eerste uitgawe van Het Zoeklicht onder sy Redakteurskap. Hierdie blad sou as maandblad "voor Kerk en Theologie" verskyn tot by sy dood.

Prof. Du Plessis was 'n geniale persoon met 'n geweldige werkkrag. As redakteur van Het Zoeklicht was hy vir die oorgrote gedeelte van die blad self verantwoordelik. Die name van baie professore, predikante en ander medewerkers sou met verloop van tyd as medewerkers vir hierdie blad genoem word. Onder hulle was o.a.: proff. A C Bouman, N J Brummer, H P Cruse, G B A Gerdener, B B Keet, W E Malherbe, A Moorrees, C G W Schumann, en J J Strasheim. Heelwat predikante se name verskyn ook as medewerkers asook die name van 'n paar persone wat later professore sou word. Dit is nou eers voldoende om daarop te let dat prof. Du Plessis 'n stewige korps van geleerdes binne die N G Kerk as medestaanders gehad het.

## 10. "Die Ou Paaie"

Dit wat Het Zoeklicht onder die redakteurskap van prof. Du Plessis die lig laat sien het, is nie oral goed ontvang nie. Predikante, professore en andere het toenemend in opstand gekom teen die rigting waarin die blad beweeg het.
So byvoorbeeld maak 'n ander blad sy verskyning op 15 Junie 1926. Laasgenoemde blad met die naam van Die Ou Paaie het aanvanklik op die 15de van elke maand verskyn maar vanaf Junie 1927, in sy 2de jaargang, aan die einde van elke tweede maand. Die redakteur van hierdie blad was dr. Dwight R. Snyman, Avenue-Weg, Woodstock; predikant van Woodstock en skriba van die Kuratorium van Stellenbosch. Soos prof. Du

Plessis, het dr. Snyman ook 'n stewige groep van vooraanstaande medewerkers gehad wat hom bygestaan het met sy blad wat teen tien sjielings per jaar verkoop is:

Ds. D. Lategan MA, BD; Nu Betesda, Kaap
Dr. E.E. Van Rooyen, Kweekskool, Stellenbosch
Dr. P.J.S. De Klerk
Ds. D.G. Malan MA BD; Paarl
Ds. J.W.Coetzee
Ds. C.R.Kotze, Rietfontein, Winburg, OVS
Dr. B.B.Keet
Ds. J.Rabie BA; Beaufort-Wes
Dr. J.H.Greyvenstein MA, BD, Ph.D; Bloemfontein
Dr J.S.Krige, BA, Daspoort,Transvaal
Ds. M.L.De Villiers, BA
Ds. P.J. Conradie DC, Newcastle
Ds. C.F.Leygonie, Sterkstroom
Ds. G.D. Du Toit, Murraysburg
Ds. J.J.Krige, Krugersdorp
Dr. S.H.Rossouw MA, Th.Dr.
Ds. Jac J.Muller MA, Albertinia
Dr. C.R.Kotze, Heidelberg, Kaap
Dr. G.Kikillus, Barrydale
Dr. L.P.Snyman, Brakpan
Ds. P.J.G. De Vos, Stellenbosch

By nadere ondersoek na die twee lyste van medewerkers is dit interessant dat party persone se name onder albei groepe se

lyste voorkom. 'n Meer ernstiger gevolgtrekking van die name op die onderskeie lyste is die blootlegging van hoe diep die skeur was wat op daardie stadium deur die N G Kerk geloop het. Het Zoeklicht en Die Ou Paaie het slegs maar die skeur blootgelê, skerper omlyn en, uit die aard van die saak, polarisasie verstewig.
Waar Het Zoeklicht deur die Nasionale Pers Beperk, Kaapstad gedruk is, is Die Ou Paaie deur die Paarlse Drukpers Maatskappy Beperk, Noorder Paarl gedruk.

In die eerste uitgawe van Die Ou Paaie gee dr.Snyman as redakteur die doel van die nuwe blad onder andere as volg aan: "Daar bestaan nie nou vir ons Kerk 'n blad wat die positiewe rigting wetenskaplik voorstaan nie." Verder skryf hy: "Is dit nie vreemd dat ons wat as Kerk nog vashou aan die absolute gesag van die Heilige Skrif, nie 'n wetenskaplike blad het wat daardie standpunt onomwonde handhaaf? Vir 'n lang tyd het ons stil gesit. Al meer en meer het die stroom van vrysinnigheid en afwykende rigtinge sterker geword, en tereg was die vraag gedaan: 'Waar dryf ons heen?' Die toestand van sake is te wyte aan die gebrek aan inisiatief. Die rede hiervoor is maklik om aan te wys. Dit is omdat dit ons ontbreek het aan 'n blad met 'n prinsipiële standpunt. Een van ons vooraanstaande teoloë het aan ons geskryf: "Voor onse oë is daar 'n gety van liberalisme in die Nederduitse Gereformeerde Kerk aan die kom. Daarteen kan m.i. alleen deur 'n blad van positiewe

toon 'n doeltreffende teëwig gebied word." [Snyman Junie 1926:1]

In dieselfde trant skryf prof. E.E. van Rooyen, 'n kollega van prof. Du Plessis, in 'n brief aan die blad as hy sê: "Dit was seker met 'n aandoening van blydskap dat meer as een kennis geneem het van die reëlings wat u getref het vir die uitgee van 'n nuwe teologiese blad in die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Daardie blydskap geld nie so seer die ewentuele verskyning van so 'n blad nie as die bekendmaking dat dit 'n blad sal wees wat met 'n positief-konvensionele toon gaan spreek. Dit sal volgens u aankondiging die naam dra van "Die Ou Paaie". Dit beteken in hierdie verband ongetwyfeld paaie van gehegtheid aan die offisiële leer van die Nederduitse Gereformeerde Kerk soos uitgedruk in sy drie belydenisskrifte, en aan die Heilige Skrif as die enigste rigsnoer van daardie leer.

Ek wil u geluk wens met u onderneming, ek meen stellig dat daar behoefte bestaan in die Nederduitse Gereformeerde Kerk aan 'n blad van sulk positiewe stempel.

Ek hoop dat "Die Ou Paaie" sal gelei word om op teologiese gebied altoos spykers met koppe te slaan, en om aan te toon dat die ou paaie tog maar die beste is om op te wandel ook in onse tyd". [Van Rooyen Junie 1926:25]

In dieselfde uitgawe skryf 'n ander professor : "Met belangstelling en blydskap het ek kennis geneem van u

voorneme om 'n nuwe teologiese tydskrif uit te gee, wat sal dien as gids vir diegene wat soek na die ou paaie. Dit is hoog tyd dat 'n begin gemaak word met die uitgawe van so 'n blad, want ons volk raak die ou paaie meer en meer kwyt, en loop op nuwe paaie wat dwaalweë is. Elke poging wat dien om ons jong geslag in sy dwaalgang te stuit, behoort ondersteun te word". [Snyman Junie 1926:25]

In die blad se derde uitgawe skryf die Redakteur 'n artikel met die opskrif: "Fundamentalisme en Modernisme." Hy stel die vraag wat 'n Fundamentalis is en dan antwoord hy aan die hand van 'n fondament wat die belangrike komponent in die boukuns is en die hart van die lewe. Hy sê onder andere: "Fundamentalisme is die beginsel wat wys op die noodsaaklikheid en onmisbaarheid van sekere dinge, en dit is van toepassing op elke gebied van die lewe. Hierby aansluitend sê hy verder: "En so is daar in die godsdiens fundamentele onmisbare dinge. Hier staan voorop die absolute geloofwaardigheid en gesag van die Woord van God, die Skrif." [Snyman:Augustus 1926:49]
In Oktober 1926 antwoord die redakteur vir ds. C.W. du Toit [Jeppestown] as volg in verband met die titel van die blad: "As intekenaar op "Die Ou Paaie" sal die geagte ou vader by die tyd uitgemaak het dat ons deur die titel van die blad bedoel: die handhawing van die volle gesag van God's Woord, en die verduideliking en ondersoek daarvan in al sy dele, sover moontlik. So ver van die profesieë te wil uitsluit,

wil ons in alle beskeidenheid daarop wys dat die titel juis ontleen is aan die Profesieë van Jeremia [6-16] waar simbolies gespreek word van "die oude paden" as die weg van onderwerping en gehoorsaamheid aan die bevele van God." [Snyman:Oktober 1926:112]

Een van die felste kritici van Het Zoeklicht was egter prof. E.E. van Rooyen, hoogleraar aan die kweekskool op Stellenbosch en, soos reeds gesien,'n vertroueling van Koot Vorster. In die 1926 Desember-uitgawe van Die Ou Paaie verskyn 'n artikel van hom onder die opskrif: "Enige gevare aan die Hoër Kritiek verbonde. Dit is bekend dat daar gedurende die laaste 18 maande in die geledere van die Nederduitse Gereformeerde Kerk propaganda gemaak word vir die sogenaamde 'nuwe oriëntering'. Daartoe dien as orgaan 'Het Zoeklicht'. Niks sal blykbaar vir die drywers van daardie propaganda aangenamer wees nie as dat die ganse Nederduitse Gereformeerde Kerk so spoedig moontlik die doop van Evolusionisme en Hoër Kritiek sal ondergaan".[Van Rooyen:Des.1926:157]

Teen Desember 1926 het die kritiek teen Het Zoeklicht al sodanig uitgekring dat die Ringe van Colesberg en Britstown beskrywingspunte hanteer wat lui: "De Ring van Colesberg spreke zich uit over de richting door Het Zoeklicht en sommige van onze predikanten voorgestaan" en "deze Ring [Britstown] neemt kennis van de neiging by sommige

voormannen van onze kerk om 'n moderne richting in te slaan. Hy betreurt deze neiging, en hy verlangt, dat het zuiwer Bybelse standpunt zal worden gehandhaafd". [Snyman:Des. 1926:149]

In die Junie uitgawe van Die Ou Paaie skryf die redakteur dr. D.R.Snyman as 'n Woord Vooraf: "Met hierdie uitgawe begin die tweede jaargang van Die Ou Paaie. Dit is steeds ons vaste oortuiging dat daar groot behoefte is aan 'n blad wat onbewimpeld staan vir die handhawing van 'n suiwer Bybelse standpunt, teenoor die rekonstruksie wat die sogenaamde hoër kritiese voorstel, ja die groot vraag in hierdie stryd is: 'Wat dink u van die Kristus?'"
".....onder die diepe oortuiging dat die evolusie wêreldbeskouing, wat die modernis op godsdienstige gebied toepas, in sy wese in lynregte stryd is met die openbaring wat God van homself en van die mens in die Skrif gee."
[Snyman:Junie 1927:1]

Dr. E.E. van Rooyen skryf in dieselfde uitgawe: "Met die Mei-uitgawe van Die Ou Paaie het hierdie blad sy eerste jaargang voltooi. Daarmee wil ek u gelukwens. Die blad het op 'n kritieke tydsgewrig en onder moeilike omstandighede sy verskyning gemaak." "Die Skriftuurlike en positief-christelike toon van die blad het gerusstellend en kalmerend gewerk. Die kompas-naald van die blad het in die regte rigting gewys. En nou wat die toekoms betref - die stryd

waartoe Die Ou Paaie hom aangegord het, is nog lank nie afgedaan nie, dit is 'n stryd wat nog lank sal duur. Die geniale Duitse digter en denker Goethe het in sy tyd gesê dat die diepste tema van die wêreldgeskiedenis is en bly die stryd tussen die geloof en die ongeloof. Ons lewe in 'n tyd waarin daardie stryd baie intens geword het. Meer as ooit tevore is die suiwere onverwaterde, godsdiens een teken wat weerspreek word." En dan sluit hy die brief af deur te sê: "Mag die tweede jaargang van die blad nog geseënder wees as wat die eerste jaargang was, en ook in sy nuwe jaargang daarna strewe om die vaandels van 'n gesonde en lewenskragtige ortodoksie hoog te hou". (Van Rooyen:Junie 1927:27)

Vir die studente aan die Kweekskool was die stryd tussen die sg. "Oupajane" en die "Zoekligt-manne" ewe onverkwiklik. 'n Student, F J Berning Malan, spreek hierdie probleem aan in 'n brief aan Die Ou Paaie [Desember 1927:108] onder die opskriffie: Die sienswyse van 'n Kweekskoolstudent" - "Vir hulle wat daarop uit is om vir hulself te dink, vir hulle wat meermale net 'n stippie lig in die duisternis gewaar - vir hulle word sake baie bedroewend. Op die oomblik bestaan daar die kerklike organe wat taamlik wyd en syd oor ons land gelees word t.w. De Kerkbode, Het Zoeklicht en Die Ou Paaie ...... "Wat is dan die noodwendige gevolg? Dat 'n mens sulke dinge hoor soos: "Is jy 'n "Ou Paaie-man" of 'n "Zoeklicht-man"?

"En daar is haas niemand vandag wat nie of die een of die ander huldig as die wesenlike uitspraak van sy eie sienswyses nie."........."Elke maand verskyn daar artiekels in die een blad wat direk frontaanvalle op artiekels in die ander blad maak." En dan gaan hy verder deur sy probleem meer verwytend te stel as hy sê: "Die Kweekskool-Student staan tussen die twee partye en hy voel homself noodgedwonge om te kies. Die stryd of verdeeldheid word gevoer tot in die banke van ons Kweekskool." [Malan:Des.1927:108]

Dit moes inderdaad vir al die studente, Koot Vorster ingesluit, baie spannend en verwarrend gewees het om te sit aan die voete van hoogleraars wat oor kerkleer sake uiteenlopende standpunte huldig, verkondig en leer. Iets sou aan hierdie onuithoudbare situasie gedoen moes word.

## 11. Die klag teen Prof. du Plessis

Die Kuratorium van die Teologiese Seminarium te Stellenbosch het besluit om 'n kommissie te stuur om prof. Du Plessis op 24 November 1927 te ontmoet. Op 30 November rig die Kuratorium nog 'n versoek aan prof. Du Plessis en op 31 Januarie 1928 lê die Kuratorium 'n klag teen prof. Du Plessis. Hierdie klag was 'n "Veroordeling van die teologiese standpunt van Het Zoeklicht synde in stryd met die leer van ons Kerk soos vervat in die Formuliere van Enigheid". Prof. Du Plessis se antwoord aan die Kuratorium

was op 20 Februarie 1928 waarna die Kuratorium op 7 Maart 1928 vergader het en weer op 5 April en 11 Mei vir spesiale vergaderings.

Aan die einde van Die Ou Paaie se tweede bestaansjaar verwys die Redakteur as volg na Het Zoeklicht: "Met hierdie uitgawe het ons die tweede jaargang van Die Ou Paaie voltooi. Onder gewone omstanighede sou ons seker nooit die blad uitgegee het nie, maar buitengewone omstanighede het ons daartoe gedwing. Hierdie blad is 'n kind van die nood. 'n Ander blad [Het Zoeklicht] het so vurig begin voorstaan 'n teologiese rigting wat vreemd is aan ons kerkleer, dat 'n stem van sterke protes noodsaak geword het. Dit kon alleen doeltreffend gedaan word deur middel van 'n blad wat op prinsipiële standpunt staan." [Die Ou Paaie, April 1928:164]

Enkele beskrywingspunte vir die Vrystaatse Sinode van 1928 het ook betrekking op die Du Plessis-saak. So lui een: "Die sinode spreke sig uit oor die moderne rigting deur Prof. J. Du Plessis as professor van ons Kweekskool in "Het Zoeklicht" voorgestaan."--- Predikant van Harrismith [Die Ou Paaie, April 1928:166] Nog 'n ander besprekingspunt gaan selfs verder as dit lui: "Die Sinode bespreke die wenslikheid om, saam met die susterskerke van Transvaal en Natal, 'n eie kweekskool in die Noordelike Provinsies op te rig. " ---- Predikant van Harrismith

In Kaapland spreek die Ring van Beaufort-Wes "sy verbasing uit en gee sy misnoeë te kenne oor sekere beskouinge deur prof. J. Du Plessis en andere in "Het Zoeklicht" waarin hulle met die Hoër Kritiek ooreenstem en as onwaar verwerp wat Jesus Christus Self vir waarheid gehou het." En uit Swellendam : "Die Hoogeerw. Ring spreek sy onrus en teleurstelling uit oor die rigting geopenbaar in "Het Zoeklicht" ........."en versoek die kuratore van die Kweekskool om sonder versuim onpartydige ondersoek in te stel en handelend op te tree." [Die Ou Paaie April 1928:6] Soortgelyke beskrywingspunte dien ook gedurende April by die Sinodes van Transvaal, en Natal volgens gepubliseerde lyste in Die Kerkbode.

In 1928 se April-uitgawe van Die Ou Paaie [April:165], reageer die Sinodale Kommissie van die O.V.S. ook as volg op die woelinge by die Kweekskool: "Onder die aandag van die vergadering is gebring die nadelige uitwerking van sekere uitdrukkings in Het Zoeklicht afkomstig van prof. J. Du Plessis, wat skyn in te druis teen die gesonde leer van ons kerk, en die vergadering, onder die indruk van die erns van die saak, versoek ons verteenwoordiger op die Curatorium [van die Kweekskool op Stellenbosch] om by die Curatorium aan te dring op 'n grondige ondersoek met betrekking tot die onderhawige saak, en so spoedig moontlik rapport in te lewer by die Algemene Sinodale Kommissie".

Die stryd hier in Suid-Afrika was maar deel van 'n groter stryd wat ook in Europa en Amerika gewoed het. Daarna verwys die redakteur van Die Ou Paaie in die uitgawe van Junie 1928 wat die begin van die derde jaargang ingelei het.
Dr. D.R.Snyman, skryf in sy Redaksionele kolom: "In haas al die kerke in Europa en Amerika woed daar 'n stryd tussen die onversoenbare beginsels van Fundamentalisme en Modernisme. Wat is die verskil tussen die twee? Met betrekking tot die Bybel, verklaar die Fundamentalis dat die hele Bybel die Woord van God is, terwyl die Modernis sê dat alleen sekere gedeeltes van die Bybel Godswoord is." Hy vervolg: "Met betrekking tot die Here Jesus Kristus sê die Fundamentalis dat Hy die Seun van God is in 'n sin soos geen mens dit is nie; terwyl die Modernis beweer dat Jesus 'n seun van God is in die sin waarin alle mense dit is." [Die Ou Paaie Junie 1928:1]

Dr. Snyman wys daarop dat prof. Du Plessis reeds as Redakteur van Die Kerkbode in 28 November 1912 se uitgawe ".....daarop aangedring het dat ook die predikante van ons kerk in navolging van wat in die Buiteland geskied, soms op die kansels die resultate van die Hoër Kritiek en ander wetenskappe moet behandel om die 'studerende jeug' te bevredig. " Daartoe het hy veral Henry Drummond as model prediker voorgehou. [Die Ou Paaie Oktober 1928:7]

Die woelinge rondom prof. Du Plessis sou in Koot Vorster se eerste jaar op Stellenbosch nog hewiger word toe die Ringskommissie van 13-15 Junie oor hierdie saak sitting neem, gevolg deur 'n spesiale Ringsitting te Caledon op 14 Augustus 1928. By die Sinode van 1928 en die spesiale Ringsitting van 12 Februarie 1929 kom dieselfde saak weer voor. Die Ring van Stellenbosch het die saak op sy sitting van Woensdag 11 September tot Maandag 30 September 1929 bespreek en ook 'n Spesiale Sinode op 27 Februarie 1930. Hierdie Spesiale Sinode het pof. Du Plessis "afgesit as predikant en professor weens sy 'afwykende leerbeskouings'."

Vanaf 24 November 1931 tot 10 Desember 1931 het die saak in die Geregshof gedien voor Regter-president F G Gardiner, regter E F Watermeyer en regter H M Louwrens. Malan [1933:213] vind dit veelseggend dat prof. J D du Toit van die Gereformeerde Kerke se Teologiese Skool te Potchefstroom as belangrikste getuie opgeroep is om die leer van die N G Kerk te vertolk en dat 'n heftige teenstaander soos dr. D R Snyman afwesig was. Op die 15 de Januarie 1932 is uitspraak gegee wat daarop neergekom het dat die skuldigbevinding en die vonnis teen prof. Du Plessis nietig verklaar is. Die Sinode het dus die saak verloor en moes al die koste van die saak betaal. [Malan 1933:223]

'n Groep studente rig op 13 Oktober 1932 'n versoekskrif aan die Moderator, ds. G. Hugo met die oog op behandeling by die

eersvolgende Sinode. In hierdie versoekskrif, met S.J.L.Marais as voorsteller en N. de Lange as sekondant, was Koot Vorster een van die 43 ondertekenaars. Alhoewel Polumnia voorheen dieselfde versoekskrif met 42 teenoor 21 stemme verwerp het, het die Sinode, wat op 20 Oktober begin het, die versoekskrif ter tafel gehad.

Daarmee het Koot Vorster dit belewe dat die Du Plessis-saak voorlopig tot 'n einde gekom het. Voorlopig omdat navorsers soos Olivier [1990] en andere deur hulle studie bewys het dat die saak self nie beredder is nie - slegs prof. Du Plessis is afgehandel. Talle ander geleerdes het gedurende die afgelope jare ook tot die slotsom gekom dat prof. Du Plessis inderwaarheid reg was in sy teologiese sienings.

'n Interessante aanhaling in 'n uitgawe van Die Ou Paaie van Februarie 1932, omtrent 'n waarskuwing van wyle ds. W.A.Joubert, is in latere jare baie deur Koot Vorster aangehaal. Dit lui: "Hierdie hooggeagte kneg van die Heer wat eenmaal Kurator-president was het met die vergroting en vernuwing van die Kweekskool 'n toespraak gehou onder die groot eikeboom wat voor die Kweekskool gestaan het. Dit word gesê dat Simon van der Stel daardie trotse eik self geplant het. In die toespraak van wyle ds. Joubert het hy 'n treffende iets gese. Met uitgestrekte hand het hy onder die eikeboom in sy toespraak verklaar: 'Hierdie eik sal eenmaal 'n eik der wening word as daar ooit 'n valse leer uit die

Kweekskool gaan. Nou is dit opvallend dat dieselfde dag waarop wyle ds. W.A.Joubert oorlede is, hierdie welbekende eikeboom weens ouderdom moes neergevel word." [Die Ou Paaie Februarie 1932:492]

In Desember 1932 het die laaste uitgawe van Die Ou Paaie verskyn. Vanaf Januarie 1933 sou dit net soos voorheen voortgaan maar wel onder die nuwe naam: Die Gereformeerde Vaandel met prof. D.G.Malan as nuwe Redakteur en bygestaan deur Proff. E.E.van Rooyen en D.Lategan. Soos verwag kon word het Koot Vorster hierdie blad ondersteun en het hy later ook op die redaksie van die blad gedien.

12. Die Oxford Groep en die oplewing van Calvinisme

Buiten die Du Plessis-saak het die sg. Oxford Groep ook Koot Vorster se belangstelling geprikkel. Albei hierdie sake het aan hom 'n geleentheid gebied om homself te verantwoord en 'n bydrae te lewer. Mede-studente moes Koot Vorster se vaste uitgangspunte en leierskap erken het, want gedurende sy laaste studiejaar aan die Kweekskool, en wel in Mei 1933, vra die Kalvinistiese Studentebond van Stellenbosch hom om 'n referaat te lewer. Sy onderwerp was: "Is die beginsels van die Oxford Groep verenigbaar met die Kalvinistiese Lewens-en Wêreldbeskouing?" Hy begin deur te sê: "Ek tree hier op nie as heresioloog nie, maar alleen as iemand wat

tot die oortuiging gekom het dat beide godsdiens en teologie in die Kalvinisme sy skoonste en suiwerste uitdrukking vind. En omdat iemand se godsdiens altyd 'n tere saak is, sal ons hier hoegenaamd nie ingaan op die persoonlike geestelike lewe van persone nie, maar ons alleen besig hou met die innerlike konsekwensies van die Groep." Onder die hofie: "'n Ligteken" lui sy voordrag verder: "In die duisternis en nag van politieke, ekonomiese en godsdienstige moeilikhede ontwaar ons vandag 'n helder lig wat ons besiel met nuwe hoop vir die toekoms. Daardie lig is die algemene opbloei van die Kalvinisme wat in alle lande weer die aandag trek. Met gloed word die Soewereiniteit van God weer verkondig, met 'n heldere sekerheid en vertroue word weer geglo aan die Voorsienige leiding en bestier van God, en Christene vind weer hul krag en sekerheid in die vurige belydenis van die uitverkiesing van God op grond van loutere genade, soos geleer deur die absoluut gesaghebbende Woord van God. Ook word daar met entoesiasme geywer vir 'n Kalvinistiese wysbegeerte en Christelike wetenskap. As bewys van hierdie opbloei van Kalvinisme noem ons die verskyning van so baie Kalvinistiese tydskrifte in S.A. en elders, en die menigte pragtige werke wat daar daagliks verskyn." [Vorster 1933:184-5] Hierdie aanhaling word so volledig gegee omdat dit Koot Vorster se siening van die Calvinisme in sy eie woorde so goed weergee.

Uit die aard van sy siening soos hierbo weergegee, vind Koot Vorster dit natuurlik nodig om teen die sogenaamde Oxford Groep te waarsku. Hy sê onder 'n aparte opskrif: "Gevaar" Maar nouliks het die Kalvinisme weer sterker in die strydperk van die lewe getree of 'n ander beweging maak sy verskyning. Die Oxford Groep het nl. opgekom, en het selfs die Kalvinistiese lande binne gedring. En by nie weinige Kalviniste nie, het daar twyfel ontstaan of hul hierdie beweging moet verwelkom al dan nie. Daarom sal ons dan in hierdie verhandeling die "indringer" die Oxford Groep ondersoek, en sien hoe dit vergelyk met die Kalvinisme. Tyd ontbreek egter om 'n volledige uiteensetting van die Kalvinistiese beginsels te gee, daarom sal ons volstaan met 'n uiteensetting van die herkoms, die doel, die metode, die leer en die karakter van die Oxford Groep, en 'n kritiek lewer vanuit Kalvinistiese standpunt met die Kalvinistiese lewens-en wêreldbeskouing as agtergrond en maatstaf." [_Die Gereformeerde Vaandel_ Mei 1933:185]

Nadat hy dan die herkoms en doel van die Oxford Groep behandel het kom sy sterk gevoel vir die Calvinisme in 'n gloeiende slot-paragraaf na vore: "Dis 'n skone en verhewe doel wat al die eeue deur die Kalvinisme beklemtoon is deurdat hulle dit leer: die soewereiniteit van God moet oral gehandhaaf word en alles moet gedoen word tot die eer van God. En hier is die Groep dan ook vir ons 'n bewys vir die bogemelde opbloei van die Kalvinisme. Hoe jammer tog dat die

skone Kalvinistiese ideaal bevrug geword is deur vreemde leringe en onskriftuurlike metodes." [Vorster 1933:185]

Hierdie referaat van Koot Vorster was heel lywig en is in drie dele opgeneem in Die Gereformeerde Vaandel van Mei, Junie en Julie 1933. In die laaste deel wat in Julie verskyn het, het Vorster die 20 kenmerke van die Oxford Groep se wese behandel en voorspel hy ook die Groep se toekoms.

As produk van die Stormberge en onder die invloed van sy ouers [en voorgeslagte] se bepaalde Calvinistiese lewens-en wêreldbeskouing het Koot Vorster uiteraard aanklank gevind by 'n vereniging soos Die Calvinistiese Studente Beweging op Stellenbosch. Ene P.W.Vorster was die sekretaris van die Federasie van Calvinistiese Studenteverenigings toe hy aan Die Gereformeerde Vaandel geskryf het en sy brief in die uitgawe van Oktober 1933 gepubliseer is. Daarin sê hy dat: "Die Calvinistiese Studente Beweging op Stellenbosch dateer van veel later as die van Potchefstroom [Korps Veritas Vincet]. Daar was wel in die verlede baie studente op Stellenbosch wat 'n suiwere Calvinistiese lewens-en wêreldbeskouing toegedaan was, dog die behoefte om hulle tot 'n definitiewe Calvinistiese vereniging te wend is nooit so sterk gevoel nie. Dit was eers gedurende die jare tydens die kerkstryd dat die behoefte aan so 'n Calvinistiese vereniging baie aktueel deur 'n aantal studente gevoel geword is. As gevolg van die kerkstryd waarin die

Belydenisskrifte van die Ned. Geref. Kerk ook in gedwing was, het daar nuwe belangstelling in die Belydenisskrifte ontstaan, en is hulle deur 'n aantal studente-- veral Kweekskoolstudente ywerig bestudeer en met vuur verdedig"

So is daar verder aan Koot Vorster se teologiese insigte gevorm. Hy het veral 'n liefde begin ontwikkel vir die Kerkreg. Dit skryf hy o.a. toe aan sy leermeester prof. B B Keet "vir die liefde vir die Kerkreg wat hy my ingeboesem het." [Vorster 1956: Woord vooraf] Koot Vorster het dan ook verder studeer in die Kerkreg en aan die P U vir C H O gepromoveer met die onderwerp: "Die kerkregtelike ontwikkeling van die Kaapse kerk onder die kompanjie 1652-1795" Getrou aan sy aard sou hy hierdie insigte tot sy dood verkondig en verdedig met alles waaroor hy beskik.

Koot Vorster was intelligent en hardwerkend en aan die einde van 1933 lê hy sy teologiese kandidaatseksamen met lof af. [Cronje 1978:14]. Hy is gelegitimeer en beroepbaar gestel. So kom 'n veelbewoë studietydperk in sy lewe tot 'n einde en kon hy sy groot ideaal verwesenlik naamlik om in die N.G.Kerk tot die bediening toe te tree.

# HOOFSTUK 4

## KOOT VORSTER SE EERSTE JARE IN DIE BEDIENING EN DIE VORMING WAT DIT OP HOM GEHAD HET

### 1. Prop. Vorster beroepbaar.

Gedurende die lang studiejare te Stellenbosch is die jong Koot Vorster goed voorberei vir die Evangeliebediening - iets waarna hy lank uitgesien het. Tesame met sy akademiese skoling is hy ook veral goed gevorm vir die rol wat hy later sou speel as kerkleier in die Ned. Geref. Kerk en in die breër volkslewe. In sy vorming het die stryd om prof. Johannes du Plessis en sy eie betrokkenheid as een van die sg. "Ou Paaiane" geen geringe rol gespeel nie.

Aan die begin van 1935 was die jong en dinamiese Vorster as proponent gereed vir die uitdagings wat op hom gewag het. Sy bediening in die Ned. Geref. Kerk sou inderdaad begin en daar sou hy verder gevorm word sodat hy onder die genadige hand van God 'n lang en geseënde bedieningstyd sou hê. Baie uitsonderlike gebeurtenisse gedurende sy bediening sou vir

vele hoogtepunte sorg en tesame met sy besondere geaardheid, sou hy mettertyd as 'n kleurryke figuur in die Afrikaner se kerklike lewe uitstaan.

Vele interessanthede sou oor sy pad kom. So het hy byvoorbeeld vir die volle duur van sy bedieningstyd van 44 jaar in dieselfde gemeente gestaan. Tog sou hy sy deel aan ontvangsgeleenthede en afskeidsgeleenthede hê omdat dieselfde gemeente hom nie minder nie as vier keer amptelik ontvang het en vier maal van hom afskeid geneem het. Die laaste afskeidsgeselligheid was ten tyde van sy demissie.

As jong leraar is sy voorneme om in 1936 na Holland te gaan vir verdere studie gekortwiek deurdat hy 'n ernstige operasie as gevolg van 'n leweraandoening moes ondergaan. Nog operasies sou volg en hy was by tye so siek dat spesialiste vir sy lewe gevrees het. Vir die tweede maal in sy lewe sou 'n dokter hom dood verklaar maar hierdie keer sou die dagbladpers ook 'n doodsberig voorberei - wat toe nooit gepubliseer is nie! In sy eie woorde het hy tydens een van die talle operasies gevoel dat hy sterwe. "Ek het 'n soort van gesig gehad van onder andere my ouerhuis, myself op die operasietafel - en selfs my doodsberig in Die Burger!" [Cronje 1978:14] Volgens menslike verwagting sou hy, indien hy sou bly lewe, 'n baie kort tydjie in die bediening staan of in elke geval vir die res van sy lewe 'n invalide wees. Deur God se genade en met sy verbasende

wilskrag het hy egter 'n lang en bedrywige bedieningstyd van meer as 4 dekades in die Ned. Geref. Kerk gehad.

Hierdie lang bedieningstyd van Dr. Koot Vorster is veral ook gekenmerk deur die aansienlike bydrae wat hy binne die kerk gelewer het op die terrein van die kerkregering. Dit is deur menige persoon reeds erken. Daarvan getuig prof E Brown, professor in Kerkreg aan die Teologiese Seminarium, Stellenbosch ook as hy skryf: "Gedurende die 20ste eeu het die Ned. Geref. Kerk sy regering voortgaande verwerk. Sy geskiedenis en teologiese uitgangspunte is verantwoord. Kerkregering is gepaar met kerkregtelike besinning." En dan maak hy hierdie belangwekkende stelling: "Daarvan lewer die bediening van dr. J D Vorster bewys." [Brown 1979:277] Dr. Vorster se kerkregtelike bydrae binne die Ned. Geref. Kerk verg dus verdere studie.

2. Koot Vorster en Steynsburg

Met Steynsburg het hierdie kleurryke figuur 'n interessante verbintenis gehad sowel voor as na sy bediening. In 1935 was daar te veel proponente vir die poste wat beskikbaar was. Die adresse van twee-en-vyftig proponente verskyn in Die Kerkbode met die naam Vorster, J D, Spitskop Jamestown heel laaste. [Die Kerkbode 1935:22] Die Ned. Geref. Kerk Steynsburg het vir prop. Vorster genooi om tydelike diens by

hulle te lewer. Die Kerkbode publiseer later 'n berig oor hom wat van Steynsburg ontvang is en wat baie positief was: "Eerw. Prop. J.D.Vorster het in afwesigheid van ds. Rex die bidure gelei gedurende die week van gebed. Die opkoms was bemoedigend en die gebede ernstig. Die jonge broeder het hom uitsluitlik by die gebed bepaal en het 'n baie goeie indruk gemaak. Ons wil hom die versekering gee dat die gemeente hom besonder dankbaar is vir sy oorkoms. Ons wil hom met alle vrymoedigheid aanbeveel aan enige vakante gemeente." [Die Kerkbode 1935:325] Gedagtig aan die oorskot van proponente en tekort van beroepe op daardie stadium, moes so 'n positiewe berig in die kerk se amptelike orgaan seker vir Koot Vorster tot groot dankbaarheid gestem het. Vele jare later sou lidmate in die Tafelberg-gemeente teenoor my getuig van Koot Vorster se getroue huisbesoek en meelewing met lidmate. Dit blyk dat hierdie mooi berig aangaande Koot Vorster se pastorale optrede in Steynsburg nie uit die lug gegryp is nie.

Soos reeds gesê, is dit interessant dat Koot Vorster hier op Steynsburg sy bediening sou begin en afsluit. Toe hy as proponent in hierdie gemeente gehelp het kon hy nie weet nie dat hy sowat vyf-en-veertig jaar later as emeritus in dieselfde omgewing sou kom woon, in dieselfde kerk van sy laaste boodskappe sou bring en ook daaruit begrawe sou word na sy skielike oorlye op 8 Januarie 1982.

Na sy vertrek vanaf Steynsburg, en wel gedurende die jare 1943 tot 1946, sou sy lewenslange vriend en geesgenoot F J M Potgieter, wat later hoogleraar te Stellenbosch geword het, ook in hierdie gemeente in die bediening staan.

3. Prop Vorster as hulpprediker te Prins-Albert

Intussen het die Prins-Albert gemeente van die Ned. Geref. Kerk besluit dat die leraar die steeds toenemende pligte in die gemeente nie alleen kan behartig nie en dientengevolge het die kerkraad op 9 Februarie 1935 besluit om, "prop. Vorster van Jamestown te vra om hom as hulpprediker by te staan. Prop. Vorster het hom op Fraserburgstasie gevestig, en gedurende sy verblyf in die gemeente het hy hom deur sy geesdrif en innemende geaardheid by die gemeentelede verdienstelik gemaak." [Prins Albert Eeufees 1942:84] Die Kerkbode het berig dat die Prins-Albert kerkraad vir prop Vorster vir ses maande as hulpprediker aangestel het en dat hy op Fraserburg-stasie sal woon. [ Die Kerkbode 1935:371] As hulpprediker het prop. Vorster hier in Prins-Albert met ds. H. S. Theron saamgewerk.

Met 'n belangsteling wat baie wyer loop as die Teologie, kruis Koot Vorster se paaie op Prins-Albert met die van dr. R Broom, Kurator vir Palaentologie en Fisiese Antropologie van die Transvaal Museum in Pretoria. Lg. het in die Karoo vir fossiele gegrawe en prop Vorster was hom daarmee

behulpsaam. Een van die vondse was 'n seldsame skedel van 'n besondere oer-dier wat blykbaar twintig voet lank was en wat met Pareissourus gespeel het soos 'n foxterrier met 'n rot.

Volgens Koot Vorster het dr.Broom met sy opgrawings van fossiele in die Karoo 'n wêreld van legendariese kreature wat vroeër daar gewoon het blootgelê. Hierdie diere het in groote gewissel van dié van 'n klein muisie tot dié van 'n draak. Broom beskryf van hierdie vondse in die Annale van die Transvaal Museum:153]: "The skull which forms the type of this new genus and species is not only the finest known dinocephalian skull, but probably the largest known type. It was found at Stinkfontein, the farm of mr. C. Botes, about 10 miles north of Fraserburg Road Station. The Reverend J.D.Vorster, the Dutch Reformed minister of Fraserburg Road, heard of the find and secured for me the snout. Immediately proceeded to the farm, and collected all the portions of the skull still there."
Hy gaan verder voort om die kopbeen noukeurig te beskryf asook 'n tekening daarvan te gee. Hy sluit af met:

"I have much pleasure in naming this remarkable dinocephalian after the Rev. J.D.Vorster, whose interest has led to its discovery." (Broom 1935:351)

Dis baie duidelik dat Vorster en Broom baie aangename ure in mekaar se geselskap deurgebring het. Op 24 Julie 1935 bedank dr Broom vir prop Vorster:

"Dear Mr. Vorster, I am now back in Pretoria after a very profitable time at Fraserburg Road, Luttig Letjesbosch and Beaufort West. I have quite a lot of good things. I got all the fine skull that was at Mr. Botes' farm, except a number of important pieces that have been taken away by others. I believe a Mr. Coetzee of Prince Albert took away some important pieces - most probably the anterior half of one lower jaw and perhaps a large piece of the top. If you know him or can get in touch with him you might see if he would be willing to let us have the missing pieces. We will gladly send him other things in exchange, but it is of the greatest importance that we should at least see the front of the jaw."

Hy sluit sy brief af met:

"I am sending you a copy of my recent book "The Coming of Man" as a little gift for your help. Ever yours gratefully, R. Broom." (Broom 1935)

Baie jare later, in 1974, het Vorster aan Broom geskryf om tekeninge of 'n foto van die belangrike fonds wat na hom vernoem is aan te vra. Toe hy geen antwoord van Broom ontvang nie, het hy op die 14de Januarie 1977 weer aan Broom, toe Direkteur van die Transvaal-museum, geskryf. Sy brief lui: "Ek het op 17 Januarie 1974 aan u 'n brief geskryf....u was toe in Amerika. Ek het 41 jaar gelede saam

met Prof. R. Broom, van wie ek waardevolle tekeninge van gefossileerde diere het, in die Karoo fossiele gegrawe. Ons het 'n seldsame skedel van 'n besondere oer-dier ontdek wat blykbaar 20vt. lank was en wat met Pareissourus gespeel het soos 'n "foxterrier" met 'n rot. Hy het dit na my Ediosuchus vosteri genoem. Daar ek vermoed dat u 'n tekening of 'n foto daarvan het, wil ek vriendelik vra of u nie vir my 'n fotostatiese afdruk daarvan kan stuur nie en ook of ek nie 'n afskrif of afdruk van die beskrywing daarvan, wat waarskynlik in "A few more New Fossil Reptiles from the Karoo" van u mag kry nie."

Broom het inderdaad vir Vorster vernoem want Vorster het 'n antwoord in die verband terug ontvang. 'n Brief, gedateer 3 Februarie 1977, van Dr. E S Vrba, Hoof van Paleantologie, Transvaal Museum ontvang, het gelui: "Geagte mnr. Vorster, Baie dankie vir u interessante brief van die 14de Januarie. Ek dink dat die fossiel waaroor u inligting soek, seker die is wat as Dinosuchus vorsteri deur Broom in 1936 beskrywe is. Ek stuur saam met hierdie brief 'n kopie van Dr. Broom se beskrywing en tekening." Vorster het dan ook hierdie belangrike inligting ontvang wat bestaan het uit sketse en afmetings van hoe die belangrikste dinosaurusse, wat vroeër in die Koup voorgekom het, moes gelyk het. Die sketse het hy goed bewaar en altyd met trots aan sy vriende getoon.

Ondanks Broom en Vorster se gemeenskaplike belangstelling in die paleantologie, het hulle verskillende standpunte t.o.v. die ewolusie-teorie gehuldig. Dieselfde het ook van hulle houding jeens prof. Johannes du Plessis gegeld. Broom, 'n uitgesproke ewolusionis, het 'n groot dunk van Du Plessis gehad terwyl Vorster, soos reeds gesien, een van die grootste kritici van Du Plessis was. Broom skryf in 'n artikel: "Ten gevolge van die verspreiding van die leer van die Amerikaanse Fundamentaliste is wyle prof. J.Du Plessis, van Stellenbosch--waarskynlik die grootste man destyds in die Afrikaanse Kerk -- in 1925 aangeval en 'n uiters betreurenswaardige ketterjag teen hom op tou gesit. Die kerk is tot op sy fondamente geskud en 'n skeuring het gedreig. Die bekende kerksaak het gevolg en hoewel die burgelike hof prof. Du Plessis gelyk gegee het, het hy van die toneel verdwyn en het sy teenstaanders die septer bly swaai. Daarna is 'n standbeeld vir prof. Du Plessis opgerig, maar nie waar dit behoort te wees nie nl. voor die Kweekskool, iets waarvoor Stellenbosch hom nog eendag sal skaam." [Die Brandwag 9.8.1946:12]

Dit is 'n interessante sameloop van omstanighede dat hierdie twee persone, wie se agtergrond en denkrigtings so uiteenlopend was, se paaie gekruis het en dat hulle selfs goed met mekaar oor die weg gekom het. Hierdie oënskynlike "aanpasbaarheid" van 'n man soos Koot Vorster by iemand wat grondig van hom verskil sou baie mense eienaardig kon vind.

Veral diegene wat hom leer ken het as 'n persoon wat nie gehuiwer het om 'n standpunt in te neem en dit dan met hand en tand te verdedig nie. Tog het dit dikwels gebeur dat hy goed oor die weg kon kom met mense van wie hy baie ernstig verskil het. Sy vriende het in hierdie optredes van hom 'n bewys gevind van hulle standpunt dat hy in sy verskille altyd die saak, en nie die persoon nie, in die oog gehad het. Daarbenewens was dit, volgens hulle, dan ook die bewys dat Koot Vorster in wese 'n nederige mens was en iemand wat sy medemens werklik lief gehad het. Dat hy nie die koue, harde, hartelose mens was wat liefdeloos opgetree het soos sommige van sy teenstaanders wou voorgee nie. Diegene wat nie baie van Koot Vorster gehou het nie kon egter weer in hierdie optredes van hom 'n swakheid gesien het asof hy maar te bereid was om 'n standpunt oor die hoof te sien of te "buig" as dit hom sou pas.

Wat hierdie saak van "aanpasbaarheid" betref, is 'n latere opmerking van ds. D P M Beukes in 'n voorwoord van 'n boek waarvan Koot Vorster die samesteller was, nogal interessant: "Dit het my lankal reeds opgeval", sê hy, "dat een van die grootste geheime in die lewe van 'n mens, en veral die Christenmens, die geheim van balans is. Dit wil sê om nie in 'n eensydige uiterste te verval en daarmee op loop te gaan nie. Hierdie balans is heeltemal iets anders as 'n neutrale beginselloosheid, 'n halfhartige standpuntloosheid of 'n nuttelose draadsittery." [Beukes 1978:1] Dan gaan hy verder

voort om die balans te beskryf as hy sê: "Dis die vermoë om 'n saak in sy volle perspektief, kompleksiteit, veelsydigheid en konsekwensies te kan peil en in die lig van Skrifbeginsels, soos jy dit verstaan, te beoordeel. Dit beteken om daartoe in staat te wees om vry van blinde vooroordeel of 'n ongegronde vooringenomendheid met 'n oop gemoed die standpunt van ander mense simpatiek te oorweeg en onder die dissipline van jou eie lewens- en wêreldbeskouing - wat in die geval van 'n Christen slegs in die Woord van God gefundeer mag wees - tot jou gevolgtrekkings te kom." [Beukes 1978:1] In sy optredes het dit tog geblyk of Vorster hierdie uiteensetting van Beukes ten volle onderskryf.

Wat dr. Broom se artikel en sy standpunt omtrent prof. Du Plessis betref, het ander persone en instansies ook gereageer. Prof. A B Du Preez, 'n oudstudent van prof Du Plessis, het namens die kerk op bg. artikel van dr Broom geantwoord en lg. se stellings weerlê. Volgens hom sou Du Plessis nie 'n voorstaander van ewolusie gewees het nie. [Du Preez 1946:19]

Broom, aan die ander kant, was egter 'n uitgesproke ewolusionis. So maak hy o.m. die volgende stellings: "'n Paar van die bittereinders het hulleself manhaftig ingegrawe in die stelling dat, terwyl die laer diere deur ewolusie kon ontstaan het, die mens 'n spesiale skepping van God is Hoewel die mens, met sy buitengewoon ontwikkelde brein,

iets meer in sy organisasie kan hê as enigeen van die ape of laer diere, bestaan daar nie die minste twyfel dat hy 'n afstammeling is van die een of ander aap-voorvader nie." (Broom 1946:13)

Broom lig sy artikel toe met tekeninge van 'n kop van die Taungs-seun (2 miljoen jr. oud), kop van 'n jong man van Sterkfontein (1 milj. jr. oud) en 'n kop van 'n jong man van Kromdraai (750 000 jr. oud) om sy ewolusie-teorie te staaf. Du Preez het in sy antwoord aan dr Broom hom daarop gewys dat prof Du Plessis geglo het dat die Skeppingsverhaal van Genesis juis is en dat God die mens geskep het na Sy beeld en gelykenis. (Du Preez 1946:19)

4. Prop. Vorster beroep na De Nieuwe Kerk, Kaapstad.

Vanweë die unieke omstandighede waaronder De Nieuwe Kerk gestig is en sy dekades van "stryd", was dit van besondere belang dat 'n "stryder", soos Vorster, hier begin het met sy bediening.

5. Agtergrond van De Nieuwe Kerk

Die Nederduits Gereformeerde Kerk Kaapstad [die bekende Groote Kerk], met sy kerkgebou in Adderleystraat, sou vir

baie jare die enigste N G gemeente in Kaapstad wees. Eers in 1891 sou 'n tweede gemeente in die middestad van Kaapstad gestig word met die naam "der nieuwe Nederduitsche Hervormde Kerk." Dit sou later De Nieuwe Kerk Kaapstad heet.

Eintlik kan dr. Abraham Faure wat "in 1822 uit Graaff-Reinet na die gemeente Kaapstad, ook bekend as die Groote Kerk, verplaas is, met reg die vader van die gedagte van die bou van 'n tweede kerk, by name De Nieuwe Kerk beskou word." [Brink 1991:23] Dit het gebeur omdat die inwonertal in Kaapstad gedurende die twintigerjare van die 19de eeu vinnig toegeneem het. Die lidmatetal van "die Hollandse kerk aan die Heerengracht (vandag Adderleystraat)" het byna 5 000 getel terwyl die kerkgebou slegs sitplekke aan 1 600 mense kon bied. Daarvan was min of meer die helfte ook nog verhuur. [Brink 1991:23]

Die feit dat die sitplekke in die kerk veels te min was vir die aantal lidmate, het dr. Faure genoop om die saak aan te spreek op 'n kerkraadsvergadering. Die Soeklig rapporteer hieroor as volg: "Op den 6den Julij 1829 werd door den WelEerw. Heer Abraham Faure geproponeerd om eene tweede Kerk te doen bouwen, uit hoofde van het reeds zoo talrijk en nog dagelijks toenemend getal Leden de Gemeente niet naar behooren kan worden geplaatst, en zij dus terug gehouden worden, ter Kerk te kunnen komen." [Die Soeklig 1933:115]

Die kerkraad het aanvanklik die gedagte van 'n tweede kerkgebou teengestaan maar tog later van plan verander want op 3 Augustus 1829 is daar besluit om te bou. Die Regering is genader vir toestemming vir die bou van 'n kerkgebou asook vir grond om op te bou. Na heelwat onderhandelinge is toestemming verkry om op die sogenaamde Kuipersplein te bou. Hierdie perseel, wat deur die Buitengracht-, Breë-, Leeuwen- en Pepperstrate omsluit was, het gerieflik gelê vir die minder gegoede lidmate wat aan Seinheuwel se kant gewoon het. Vanweë die ligging is daar in latere jare dikwels van die Breëstraatse of die Bovenkerk gepraat as daar na De Nieuwe Kerk verwys is. Op 2 April 1831 het die Regering transport van die eiendom aan die kerkraad oorhandig maar daar is nie voor 18 Oktober 1832 met bouwerk begin nie. [Brink 1991:23-25]

Die hoeksteenlegging was op 18 April 1833 tydens die eerste Ringsitting. Hierdie hoeksteenlegging word beskryf as "seker die grootste en indrukwekkendste plegtigheid van die aard wat die moederstad tot in daardie stadium gesien het. Die getal aanwesiges is op 12 000 geskat!" [Brink 1991:25]

In 1933, honderd jaar later, en twee jaar voordat Koot Vorster daar bevestig is, het die gemeente die 100 jarige herdenking van die kerkgebou se hoeksteenlegging met groot vreugde gevier. <u>Die Soeklig</u> [1933:115] het daardie vreugdevolle dag in die vorige eeu weer in die geheue

opgeroep: "In het vierde regeringsjaar van Willem den IV, Koning van Groot Britanje, is de Hoeksteen van dit gebouw onzer Hervormde Kerk gelegd geworden door den Gezaghebber van de Kaap de Goede hoop, Sir Galbraith Lowry Cole..."

Die blad gaan dan verder: "Het was voor den 18den dag van de vierde maand des 33sten jaars der 19de Eeuw bewaard, om een vreugde dag te zijn voor de bewoners van Zuid Afrika's uithoek, een vreugde die geen onzer tijdgenooten zich immer hadden kunnen voorstellen, een vreugde dag die nooit uit het geheugen zal kunnen worden uitgewischt. Niet ligtelijk had men kunnen vermoeden dat de oude Kerk [Groote Kerk], in 1702 gebouwd en na vergroot te zijn, nog te beknopt zoude wezen voor het zoo zeer toenemend getal van Ledematen der Nederduitche Hervormde Gemeente ter Hoofdplaatse dezer Kolonie. [Die Soeklig 1933:111]

In 'n feesbrosjure van die gemeente Tamboerskloof word daar verder oor die hoeksteenlegging berig: "Op 'n aangename herfsoggend om tienuur het die plegtighede met 'n goed bygewoonde diens in die ou kerk in die Heerengracht begin. By die ingange was daar militêre wagte opgestel en onder die speel van 'God save the King' is die 'Godsdienst vereerend krygsman,' goewerneur Sir. G Lowry Cole, deur 'Diakens en Ceremonie Meesters' die kerk binnegelei. Die ruim van die gebou was al met welgekleede Dames opgevuld." [Brink 1991:25] Nadat sangitems gelewer is en 'n rede deur die

oudste leraar van die gemeente Kaapstad, ds. J H von Manger, het die statige prossesie in Waalstraat op en met Breëstraat weg tot by Kuipersplein beweeg. Die strate was aan weerskante deur soldate belyn. Duisende feesvierende mense het in die strate, vanuit geboue en vanaf die berg se kant die optog dopgehou terwyl klokke gebeier het en vlae gewapper het. Dit was inderdaad iets wat die Kapenaars sou bybly.

Terwyl die Goewerneur die hoeksteen gelê het voor die opening waarin verskeie verseëlde koerante en dokumente gebêre is, is 'n koninklike saluut van 21 skote by die Kasteel afgevuur wat deur skepe in die baai beantwoord is. Leraars wat opgetree het, was dr. Faure self asook dr. William Robertson, ds. Van der Lingen en ds. Johannes Spyker. [Brink 1991:26]

Die vreugde van die hoeksteenlegging is egter weer vinnig gedemp want die kerkgebou se inwyding sou eers 14 jaar later geskied. Die bouwerk het dadelik begin en wel fluks gevorder maar is drie maande later gestaak toe die mure reeds sowat agt voet hoog was. Die ongunstige jaargety en 'n meningsverskil tussen die argitek en die boukommissie word deur Brink [1991:26] as een van die redes vir hierdie staking aangevoer. Deurdat daar nie verder gebou is nie, het die fondse ook opgedroog.

Belangriker as die pas genoemde redes egter, was die feit dat die ou kerkgebou in die Heerengracht skielik aandag gevra het. Pleistering het afgeval en by nadere ondersoek is gevind dat die fondament, mure en dak van so 'n aard was dat dit nie herbou kon word nie. "Die hele gebou, behalwe die toring en die konsistoriekamer moes dus afgebreek word." [Brink 1991:26] Groot ontevredenheid het onder sommige lidmate geheers. Vir hulle was sloping nie nodig nie en hulle het hulle selfs in 1837 op die Ring en Sinode beroep. Die Sinode wou hom nie by hierdie geskil inlaat nie en sloping het geskied. 'n Nuwe vergrote kerkgebou het toe verrys en is op 31 Januarie 1841 ingewy. Daar is gehoop dat dit groot genoeg sou wees vir al die lidmate en dat 'n tweede kerkgebou dus nie meer nodig sou wees nie.

Met al hierdie ontevredenheid in die gemeente het niemand dit gewaag om die probleem rondom die tweede kerkgebou aan te spreek nie. Die boukommissie van Kuipersplein het intussen ontbind en die boufondsgeld is in 'n spaarbank geplaas. Die bouwerk op Kuipersplein het bly stilstaan. Op die pleitredes van dr. Faure en sy mede-afgevaardiges het die Sinodes van 1837 en 1842 positief gereageer sodat 'n nuwe poging aangewend is om die gebou te voltooi. Veral ook toe dit duidelik was dat die vergrote kerkgebou steeds te klein was. Bouwerk is vanaf September 1844 hervat en op 27 November 1847, tydens 'n Sinodesitting, is die kerkgebou van De Nieuwe Kerk feestelik ingewy. Ds. G W A van der Lingen en

dr. William Robertson, albei by die hoeksteenlegging teenwoordig, was van die sprekers op hierdie feestelikheid. [Brink 1991:28] Vir die gemeente, maar veral vir dr. Faure, wat die noodsaaklikheid van 'n tweede kerkgebou amper 20 jaar vroeër reeds genoem het, was dit 'n baie heuglike dag.

Die wyk het nou uiteindelik oor 'n eie kerkgebou beskik maar sy stryd was nog nie verby nie. 'n Tweede probleem, naamlik duidelike grenslyne, sou opduik en langer neem om op te los! Die wyk se stryd oor grense het pas begin en hierdie "grensoorlog" tussen Groote Kerk en De Nieuwe Kerk sou dekades duur. Groot onenigheid het onder lidmate geheers. Dr. Faure was in die praktyk die leraar by die wyke teen die hange van Seinheuwel en die Nieuwe Kerk-wyk het as't ware 'n gemeente binne 'n gemeente geword. Terwyl Engels die voertaal was in Groote Kerk, is Hollands op Nieuwe Kerk se kansel gebruik en dit het ook verder daartoe bygedra dat baie lidmate 'n drang tot groter selfstandigheid ervaar het.

'n Toegewing van die kerkraad aan ds. A D Luckoff dat hy die wyk De Nieuwe Kerk in sy geheel vir sy rekening kon neem, het geblyk 'n suksesvolle proefneming te wees. Toe sy opvolger, ds. C F J Muller, die beroep na Groote Kerk aanneem was dit dan ook met die uitdruklike voorwaarde dat hy slegs die wyk De Nieuwe kerk bedien. [Die Kerkbode 1935:298]

Nog meer onenigheid tussen lidmate het afstigting verhaas en die Sinode van 1890 het die groen lig gegee sodat die nuwe gemeente De Nieuwe Kerk op 1 Januarie 1891 tot stand gekom het. 'n Aantal bepalings is egter as voorwaardes gestel wat binne 'n vasgestelde tyd nagekom moes word. Hierdie voorwaardes was die oorsaak van groot stryd vir baie jare daarna. Die voorwaardes het o.m. gelui:

1] Die nuwe gemeente moes binne ses maande 400 geregistreerde lidmate deur bewys van attestate hê; verder sou die nuwe gemeente

2] geen eiendomsreg;

3] geen grense en

4] geen fondse ontvang nie en

5] binne die sinodale verband moes bly en altyd minstens 300 lidmate tel. [Brink 1991:31]

So het De Nieuwe Kerk dus tot stand gekom, "met die eredienskollekte van hul stigtingsdag as die enigste gemeente-fondse!" [Brink 1991:31] Die gemeente het egter moedig gestry en voortgegaan. Ds. C F J Muller, wat alreeds in De Nieuwe Kerk-wyk werksaam was, is tot eerste predikant vir die nuwe gemeente beroep en hy het dit aangeneem. Hy het tot 1899 hier gearbei en is vervolgens deur ds. D J le R Marchand [1899-1912], ds. G J du Plessis [1913-1915], dr. E E van Rooyen [1916-1920], dr. S H Rossouw [1920-1921], ds. P B Ackermann [1922-1941], dr. J D Vorster [1935-1979] en ds. J A Kriel [1942-1951] opgevolg. [Olivier 1952:122]

Ds. Muller is later vanaf hierdie gemeente as 4de professor na die Teologiese Seminarium te Stellenbosch beroep waar hy in die jaar 1900 begin het. [Van der Watt 1980:72] 'n Latere leraar, dr. E. E. van Rooyen, is in 1920 as professor na dieselfde seminarium beroep. Aan die Kweekskool op Stellenbosch sou hy vir Koot Vorster as student in die klas hê. Soos reeds vroeër gesien, het hy 'n groot invloed op Vorster gehad en het hulle ook 'n goeie verstandhouding gehad. Min sou albei van die here egter kon weet dat Vorster ook later in De Nieuwe Kerk sou arbei.

In De Nieuwe Kerk is 'n lansie gebreek vir Afrikaans aangesien sowat 160 studente van die Universiteit van Kaapstad in 1921 vir die kerkraad gevra het om dienste in Afrikaans te hou. Die kerkraad het verlof gegee en sowat 600 mense het die eerste Afrikaanse diens wat in 'n Ned. Geref. Kerk gehou is, bygewoon. [Brink 1991:34]

Die kwessie van grenslyne en die kaart en transport van eiendomme wat die Groote Kerk aan De Nieuwe Kerk moes besorg, sou vir dekades lank 'n onverkwiklike stryd word en bly.

Van hierdie gemeente wat van sy ontstaan af hewige stryd geken het, sou Koot Vorster predikant word. 'n Feit wat

interessant is, is dat, soos reeds aangedui, Vorster se geliefde hoogleraar, prof. E E van Rooyen, asook ds. A A Weich, by geleentheid predikante in hierdie gemeente was. Laasgenoemde sou in 1935 onder die skuilnaam "Bekommerd" 'n lang en uitgerekte korrespondensie in Die Kerkbode voer oor die "Twee Rigtinge van die Kalvinisme". Aan hierdie briefwisseling, soos later aangedui sal word, het Koot Vorster ook deelgeneem.

Op 16 Februarie 1922 is die 37 jarige ds. Pieter Basson Ackermann as leraar van De Nieuwe Kerk Kaapstad bevestig. Na sy legitimasie in 1916 het hy die gemeentes Ceres en Kaapstad (Robben-Eiland) bedien. Hier in De Nieuwe Kerk sou hy vir bykans 20 jaar arbei totdat hy op 12 Februarie 1942 dosent geword het aan die Sending-instituut van die N.G.Kerk te Wellington en 'n paar maande later op 26 Oktober 1942 oorlede is.

Vir 'n paar jaar sou die reeds genoemde ds. A A Weich die mede-leraar van ds. Ackermann in De Nieuwe Kerk wees. By die kerkraadsvergadering van 11 Februarie 1935 word egter 'n brief van ds. Weich ter tafel geneem waarin hy sy losmaking vra. Die vergadering gee aan die skriba opdrag om aan ds. Weich 'n brief te skryf, hom daarin te bedank vir sy dienste en aan hom te se dat die kerkraad sy losmaking aanvaar. Ds. Weich word ook versoek om die kerkraad te laat weet op watter datum hy sy afskeidspreek wil lewer.

Op dieselfde vergadering word met 'n meerderheid van stemme besluit om proponent P.W.de Lange "in de plaats van ds. Weich aan te stellen, voorlopig voor een tydperk van 6 maanden tegen een vergoeden van 20 pond per maand."
Pieter Willem de Lange, B.A., M.Th., is die vorige jaar (1934) op ouderdom 28 gelegitimeer en was reeds in die gemeente behulpsaam.

By die kerkraadsvergadering van 9 April 1935, word proponent De Lange se beroeping verder bespreek. Aangesien ouderling Lootz die vergadering vroeg moes verlaat, kry hy toestemming om te praat oor die werk by die Hertzogsaal waar ook dienste gehou is. Die Hertzogsaal is vandag bekend as die pragtige ou kerkgebou van die N G Kerk Tafelberg wat styf ingeprop staan tussen al die ander groot geboue van Buitekantstraat.

6. Hertzogsaal

Volgens 'n berig in Die Kerkbode [25 Mei 1938:943], is hierdie gebou op dieselfde dag ingewy as wat die bevestiging van ds. P G J Meiring in die gemeente plaasgevind het nl. 27 Januarie 1893. Ds. Meiring is by daardie geleentheid as hulpprediker in die Nieuwe Kerk, Breëstraat georden en bevestig met spesiale werkkring in die Hertzogsaal. Die berig lui verder: "Hierdie saal is dieselfde dag ingewy as 'n geskenk van 'n sekere dame Hertzog ter gedagtenis aan

haar ouers. Die gebou was bestem vir kerk-, skool-, sending- en liefdadigheidsdoeleindes. Die testamentêre bepaling van die donatrise was dat al die werksaamhede in die Engelse taal moes verrig word..." [Die Kerkbode 25 Mei 1938:943]

'n Gedenksteen aan die voorkant van die pragtige gebou, wat intussen as Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar is, se inskripsie lui: "Hierdie Laat-Victoriaanse kerkkompleks is in 1892 opgerig in opdrag van mej. S M J Hertzog op die plek waar haar ouerhuis gestaan het. Nadat die gebou voltooi is, het sy dit in trust aan die N G Kerk gegee." Die jaartal 1892 is ook pertinent op die een hoek van die gebou ingebou.

Mej. Hertzog wou aanvanklik anoniem bly maar dit het later bekend geword dat Susanna Maria Johanna Hertzog die edelmoedige skenker van die gebouekompleks was. Haar gevoel vir die Sending was baie sterk en sy het dan ook die begeerte gehad dat sendingwerk in die geboue gedoen moes word. Voordat dit as Hertzogsaal bekend geword het, het dit dan ook "Zending-Gebouwen" [Mission Hall] geheet. [Brink 1991:34]

In 'n feesbrosjure later het 'n dankbare gemeente hom so oor mej. Hertzog uitgelaat: "Alle gemeentes het weldoeners en stigters, leidende figure wat as pilare in die gemeente van die Here geëer word, maar net die gemeente Tafelberg het 'n moeder, net een moeder - Susanna Maria Johanna Hertzog.

Onder die ganadehand van die hemelse Vader het sy, wat nooit getrou en die vreugde van die moederskap geken het nie, die geestelike moeder van 'n ganse gemeente geword." [Vorster 1969:3]

Hierdie merkwaardige dame is op 24 Januarie 1838 in Grahamstad gebore as die dogter van die Assistent-Landmeter-generaal van die Kaapprovinsie, Willem Frederik Hertzog. Laasgenoemde, die broer van genl. J B M Hertzog se grootvader, het met sy gesin in 'n huis op die hoek van Buitekant- en Boomstraat [tans Commercialstraat] gewoon. Op daardie stadium was dit een van Kaapstad se gegoede woonbuurte [Vorster 1969:3].

Mej. Hertzog se moeder Susanna Cornelia, die dogter van regter W Hiddingh, het as een van die grootste erfgename van die eerste Suid-Afrikaanse miljoenêr, Jonas van der Poel, baie geld gehad. Haar weldoener, 'n knap bankier en geldskieter, het deur sy vernuf en spaarsaamheid sy fortuin versamel. Eintlik was hy 'n baie suinige ou man oor wie se "vrekkerigheid" baie stories in omloop is. Een daarvan is dat hy glo, "dikwels by die huis sy broek uitgetrek het en sonder 'n broek geloop het om sy klere te spaar." [Vorster 1969:5]

Susanna Cornelia het, as 'n pragtige Christenvrou, niks van haar erfporsie gespaar wanneer die kerk ter sprake was nie.

"Haar Bybel en gesangboek, tans in ons besit, se knippe en beslagte was van suiwer goud. Dit is tipies van haar houding teenoor die Here en die kerk. In die diens van die Here was net die beste goed genoeg." [Vorster 1969:5] Sy het haar kinders, haar dogter Susanna Maria Johanna [SMJ] inkluis, in die vrese van die Here opgevoed. Toe laasgenoemde dood is op 8 Januarie 1897 het die Kaapse koerant die Cape Times haar een van die "Aristocratic Dutch" genoem. As 'n buitengewoon mooi meisie, intelligent, skatryk en van goeie afkoms het sy nie wêrelds geleef nie. Volgens Koot Vorster [1969:6], was haar grootste gawe, "die genadegawe van die geloof in Christus Jesus" en iemand wat "roepingsbewus God en haar naaste met goed en talente gedien het."

So het dit gekom dat mej. Hertzog, wat weinig op haarself spandeer het en "...lived more like a nun" [Cape Times 9 Januarie 1897], nie 'n groot en duur grafsteen vir haar oorlede ouers opgerig het nie, maar hulle geëer het deur al die eiendomme rondom hulle huis op te koop en aan die kerk te gee. [Vorster 1969:6]

De Nieuwe Kerk is egter nie vooraf ingelig oor die skenking nie en het ook geen deel gehad aan die voorbereiding van die hoeksteenlegging nie. In respek vir haar vader, wat 'n vrymesselaar was, was die meeste persone by die hoeksteenlegging op Vrydag 19 Februarie 1892 lede van dié beweging en is dit ook gedoen volgens vrymesselaar-gebruike.

Geen Christelike blaaie het verslag gegee van die gebeure nie. "Dit is asof 'n verslaentheid oor die kerk gekom het, want 'n hoeksteen van 'n kerk van Christus is gelê sonder dat die Naam van Christus in gebed, lied, of woord erken of uitgespreek is. In die agt-bladsye-rituaal waarin baie gebede en liedere voorkom, word die Naam van Christus nie genoem nie." [Vorster 1969:15]

Met die kompleks se inwyding op 27 Januarie 1893 was dit egter 'n ander saak. Die kerkraad was toe betrokke en 'n hele aantal predikante het die feesgeleentheid bygewoon. Mej. Hertzog het die deur oopgesluit en daarna het die koster, wat die Bybel gedra het, die prosessie die kerk binnegelei. Die Moderator, ds. A Murray het 'n gebed gedoen waarna prof. I J Marais die wydingsrede waargeneem het en ds. C F J Muller afgesluit het. [Vorster 1969:18]

As 'n baie knap sakevrou, het mej. Hertzog altyd betrokke gebly by die kerk en sy werksaamhede. Deur verdere aankope het die gebouekompleks wat 27 erwe beslaan het, later, buiten die kerkgebou, ook 'n skool, kantoorblok en 'n tehuis vir behoeftige ou dames ingesluit. [Vorster 1969:10] Nie alleen het sy tot haar dood die helfte van die leraar se salaris betaal nie, maar gereeld funksies gehou ter stywing van die kerk se fondse. T.o.v. die kerkgebou self het sy 'n ogie gehou oor die instandhouding en vir baie reparasiewerk self betaal. [Vorster 1969:7]

Die kompleks het bekend geword as die Hertzogsaal en dis na hierdie saal waarna verwys is toe die kerkraadsvergadering van 9 April 1935 verneem het dat sowel die opkomste as die kollektes by die dienste meer as verdubbel het. Hy wat ouderling Lootz is, gaan tans met lyste rond vir vaste vrywillige bydraes en hy meen dat hy 'n bedrag van 10 pond per maand sal invorder. Die mense van Duiwekop, aan die oostelike hang van Tafelberg, is begerig om te gee, maar op die voorwaarde dat 'n 2de leraar beroep moet word en by voorkeur proponent De Lange. Hierop deel die voorsitter die vergadering mee dat prop. De Lange reeds na Bellville beroep is en die kerkraad eers sy beslissing moet afwag. (Prop. De Lange het dan ook inderdaad die beroep na Bellville aangeneem, waar hy op 8 Junie 1935 as leraar georden is.) Ouderling Lootz gee kennis dat hy op die volgende kerkraadsvergadering 'n voorstel wil indien wat as volg lui: "Dat die kerkraad oor sal gaan tot die beroeping van'n 2de leraar op 'n beginsalaris van 320 pond per jaar en "bij eventueel huwelyk een vrije woning of woningtoelage."

Volgens persone wat in daardie tyd op die kerkraad gedien het, was die rustige ds. Ackermann nie gediend met die gedagte om 'n tweede leraar te beroep nie. [Theunissen, A J:1994] Die meeste lede op die kerkraad wou dit egter doen. Op 7 Mei 1935 word 'n gekombineerde en gewone kerkraadsvergadering gehou. By daardie geleentheid sou 'n leraar

beroep word. Die voorsitter, ds. P.B.Ackermann, heet die rustende broers hartlik welkom voordat hy die betrokke wetsartikels m.b.t. beroeping aan die vergadering voorlees. Toe ouderling Blom nog eens die saak van beroeping wil bespreek, word hy op 'n punt van orde buite orde gereël. Ouderling Rosing vra om tot stemming oor te gaan en as protes verlaat die broeders Blom en Le Roux die vergadering. 'n Groslys word vervolgens opgestel en die name van eerwaarde J.D.Vorster en Du Toit verskyn daarop. By stemming kry eerw. Vorster 15 stemme en Du Toit 1 stem. Eerw. Vorster is dus as 2de leraar beroep. Die vergadering gee aan die skriba opdrag om eerw. Vorster per telegram in kennis te stel van die beroep. Die beroepsbrief sou drie weke later volg.

In die beroepsbrief staan dat prop. Vorster op 7 Mei 1935 beroep is as mede-leraar van De Nieuwe Kerk, Kaapstad met opdrag om die wyk Duiwelspiek (ook Duiwekop genoem) te bearbei. Die traktament aan hierdie standplaas verbonde is 320 pond per jaar en in geval van 'n getroude persoon 'n huis of huistoelae.

Werksaam op die stil plattelandse dorp Prins-Albert het prop. Koot Vorster die tyding ontvang dat hy beroep is na die stadsgemeente De Nieuwe Kerk, Kaapstad. Hy het toe reeds ook onder beroep gestaan na die gemeente Randpoort. Hy was egter daarvan oortuig dat die Here hom gelei het om die

beroep na De Nieuwe Kerk aan te neem. Hy antwoord dan ook bevestigend en op 11 Junie 1935 word dit so by 'n kerkraadsvergadering genotuleer. Hierdie vergadering neem ook kennis van 'n brief van prop. Vorster, gedateer 9 Mei, waarin hy ontvangs van die telegram erken, asook 'n ander brief, gedateer 28 Mei, waarin hy ontvangs van die beroepsbrief erken. Die skriba kon ook die goeie nuus meedeel dat hy 'n telegram, gedateer 8 Junie, van prop. Vorster ontvang het waarin lg. die beroep aanvaar.
Oplettende lidmate van die gemeente sou reeds in hierdie eerste korrespondensie tussen die skriba en Koot Vorster bewus geraak het van die deeglikheid waarmee hy sake benader veral betreffende die regering en administrasie van die kerk.

Op hierdie vergadering van 11 Junie notuleer die skriba: "er [sic] Zal nou gewacht worden op bericht van prop. Vorster wanneer hy geordend wil worden." Oor die plek van ontvangs was almal eenstemmig maar aangesien die kerkraadslede nie kon ooreenkom of die ordening in De Nieuwe Kerk of die Hertzogsaal sal geskied nie, is die saak tot 'n ander geleentheid uitgestel. Op 'n voorstel van diaken Van Ryswyk word ds. De Lange bedank vir sy uitstekende dienste wat hy die afgelope 5 maande aan die gemeente bewys het.
Die voorsitter, ds. Ackermann, sou as Ringsvoorsitter namens die kerkraad van die beroep in kennis gestel word.

In Die Kerkbode van 19 Junie 1935:1142, verskyn die amptelike berig wat verklaar dat die Ring van Kaapstad al die nodige stukke ontvang het en die beroep van prop. Vorster na De Nieuwe Kerk kerklik goedkeur. Dit geskied onder die datum 12 Junie en met die handtekening van ds. P B Ackermann as voorsitter van die Ring. In dieselfde uitgawe van Die Kerkbode word ook amptelik gemeld dat Vorster die beroep na De Nieuwe Kerk aangeneem het.

Die proponent het die beroep aangeneem en die wiele het aan die rol gekom vir die ontvangs. Op 'n gewone kerkraadsvergadering gehou op 23 Julie 1935 word besluit dat die skriba aan prop. Vorster moet skryf dat hy self vir sy losies moet sorg maar moet laat weet wanneer hy in die Kaap aankom sodat die kerkraadslede hom op die Kaapstad-stasie kan ontmoet. Wat die plek van ordening betref, was daar verskil van mening. Tydens 'n bespreking hieroor blyk dit dat ouderling Lootz en diaken Louw van mening was dat die ordening in die Hertzogsaal moet geskied. Diakens Van Reenen en Van Ryswyk is egter van mening dat prop. Vorster in De Nieuwe kerk georden moet word aangesien hy as mede-leraar na dié kerk beroep is. Die kerkraad is egter van oortuiging dat hy spesiaal beroep is om in die Hertzogsaal te werk en lidmate daar te bearbei. Gevolglik word ouderling Lootz se voorstel met 'n groot meerderheid van stemme aangeneem. Die ordening sal dus indie Hertzogsaal wees. Op verdere voorstel van ouderling Lootz, word 'n kerkraadsvergadering

beplan vir Maandag 12 Augustus en 'n ontvangs-geselligheid vir prop. Vorster op die 13de Augustus. Alle benodigdhede vir die ontvangs sal onderling bymekaargebring word.

Op 30 Julie 1935 word 'n spesiale kerkraadsvergadering gehou en ouderling Blom dien 'n voorstel in, gesekondeer deur ouderling Du Toit, dat 'n kommissie bestaande uit brs. Lootz, Rosing, Theunissen, Smith en die skriba vir ds. Ackermann sal bystaan t.o.v. alle reëlings vir die ordening van en geselligheid vir prop. Vorster. Dit word eenparig aanvaar.

Op 10 Augustus 1935 breek prop. Vorster se groot dag aan. Dié dag waarna hy so lank en met soveel afwagting uitgesien het. Op hierdie dag word hy deur ds. P.B.Ackermann georden en bevestig nadat ds. T.J.Kotze, studente-leraar van Stellenbosch, die rede gevoer het. En so het hierdie wyk en die kerk in Buitekantstraat, Kaapstad (ook destyds algemeen genoem die Hertzogsaal) na dertig jaar ook weer 'n vaste leraar gehad.

Twee dae later woon die nuwe jong predikant, ds. Vorster, sy eerste kerkraadsvergadering by en word die teenwoordiges onder die opskrif "Presensie" as volg opgeteken: "Tegenwoordig zijn De Wel Eerw. Hr. Ds. P.B.Ackermann, De Wel Eerw.Hr. Ds. J.D.Vorster, de Brs. Ouderlingen du Toit, Rosing, Rabe, Lootz,en Blom en de Brs.Diakenen Van Reenen,

Van Ryswijk, Smith, Bartels, Louw, Gobey, Theunissen en Brand." Die Voorsitter, ds. Ackermann, open die vergadering met die lees van 'n gedeelte van Ps. 25 en doen 'n gebed. Hy verwelkom voorts vir ds. Vorster, waarop lg. met 'n paar woorde antwoord. Die skriba word opdrag gegee om almal wat van buite die gemeentegrense gekom het om in die koor te sing met ds. Vorster se bevestiging te bedank. Wat die preekbeurte betref stel ouderling Rosing voor dat die predikante twee maal in die maand kansels ruil om 'n oorloop te voorkom. Ds. Ackermann gee egter aan die hand dat die twee leraars self sal reël om eenmaal in die maand by die aanddiens om te ruil.

In <u>Die Kerkbode</u> van Woensdag 14 Augustus 1935:303 verskyn 'n amptelike kennisgewing: "Nieuwe Kerk, Kaapstad - Proponent J.D.Vorster is l.l. Saterdagmiddag georden tot medeleraar met ds. P.B.Ackermann. Hy sal meer bepaald werksaam wees in die Hertzogsaal, Buitekantstraat."

In <u>Die Kerkbode</u> van Woensdag 21 Augustus 1935:345 het die Ring verklaar dat Vorster lid van die Ring geword het: "Daar Eerw. Prop. J.D.Vorster op Saterdag 10 Augustus georden en bevestig is tot medeleraar van De Nieuwe Kerk, word hy hiermee verklaar lid te wees van die Ring van Kaapstad (Art. 206) P.B.Ackermann, Voorsitter van die Ring, Kaapstad. 11 Augustus 1935."

7. Die bydrae wat pastorale werk en kerklike vergaderings tot sy vorming gelewer het.

Tydens 'n gekombineerde en gewone kerkraadsvergadering, gehou op Maandag 16 September 1935, kon die voorsitter, ds. Ackermann, nie teenwoordig wees nie aangesien hy 'n huweliksbevestiging in die Hertzogsaal moes waarneem. Ds. Ackermann se afwesigheid het aan die jong en onervare medeleraar die geleentheid gegee om vir die eerste keer voor te sit by 'n kerkraadsvergadering. Alhoewel ds. Ackermann wel later by die vergadering aansluit en die voorsitterstoel oorneem, lei ds. Vorster die eerste deel van die vergadering. Reeds by hierdie eerste vergadering waar hul jong leraar in die voorsitterstoel is, sien kerkraadslede dat Vorster dinge op sy manier doen. Dit was reeds hier vir hulle baie duidelik dat hy iemand was wat 'n bepaalde siening van sake het en nie skroom om daarby te bly nie. Hy sou baie gou sy eie stempel op die gemeente afdruk. Hy toon bv. sy liefde vir sang by kerkraadsvergaderings en laat die teenwoordiges Ps. 116 vers 1 sing. Daarna gaan hy voor in gebed voordat hy uit Titus 1 vanaf vers 5 lees. Theunissen A J [1994], wat as diaken teenwoordig was by hierdie eerste vergaderings wat Vorster gelei het, sê dat hy en van die ander manne gevoel het dat Vorster hulle te veel laat sing het.

Tydens hierdie vergadering moes daar ook kerkraadslede gekies word en die jong ds. Vorster het 'n geleentheid gekry om sy liefde vir goeie en ordelike regering binne die kerk te illustreer. Hy besluit om eers vooraf met die kerkraad te praat oor die erns van die verkiesing van kerkraadslede. Daarna lees hy 'n paar artikels uit die kerkwet aan hulle voor. Vervolgens vra hy ouderling Rosing om in gebed voor te gaan. Eers daarna gaan die vergadering oor tot die verkiesing van kerkraadslede. As ene G. du Toit se naam ter sprake kom, is ds. Vorster vinnig by om te sê dat die persoon nie in aanmerking kan kom nie, omdat hy nie 'n lidmaat van die gemeente is nie.

Nadat ds. Ackermann op hierdie vergadering reeds weer die voorsitterstoel ingeneem het, kom 'n baie belangrike saak onder bespreking. Dit was die briewe van prokureur Dichmont (2 September 1935) en prokureur Gie (3 September 1935), asook prokureur Gie se mondelinge mededeling t.o.v. die Hertzogsaal se toestand. 'n Mens sou seker verwag het dat 'n nuweling soos ds. Vorster by die bespreking van so 'n belangrike saak eers sou swyg en goed op hoogte van sake kom voordat hy aan die bespreking deelneem om 'n eie standpunt te stel. Koot Vorster het egter vooraf sy huiswerk goed gedoen en aan die bespreking deelgeneem en nie gehuiwer om sy eie standpunt rondom die saak onomwonde te stel nie.

Een van die tipiese Vorster-trekke kom by hierdie vergadering reeds na vore t.w. die feit dat Koot Vorster vroeg in sy lewe al vir hom die gewoonte aangeleer het om nooit onvoorbereid na 'n vergadering te gaan nie. Dit het hy dan ook dwarsdeur sy lewe gehandhaaf en 'n mens kon dit aan sy optredes tydens vergaderings sien. In latere gesprekke het hy verklaar dat hy dit by staatsmanne soos wyle generaal Jan Smuts geleer het. Vorster was van mening dat voorstelle van genl. Smuts by tye al deur vergaderings aanvaar is bloot omdat lg. goed voorbereid was en iets gehad het om op die tafel te plaas toe daar nie iets anders was wat as vertrekpunt kon dien nie. [Vorster 1978] Getrou aan sy aard, was hy dus waarskynlik goed voorberei en was dit miskien die rede waarom die jong leraar met soveel selfvertroue aan hierdie bespreking rondom die Hertzogsaal kon deelneem. In hierdie onderhawige saak het hy gevoel dat die kerkraad eers van die Ring moet verneem m.b.t sy planne t.o.v gemeentegrense. Volgens Vorster sou die kerkraad in die moeilikheid wees as hulle 'n kerkgebou op Duiwekop oprig en die Ring trek intussen ander grenslyne. Hy was van mening dat die grond van die Stadsraad, weens die ligging daarvan, nie vir 'n kerkgebou geskik was nie.Hy dink ook verder dat klein reparasies aan die Hertzogsaal vermorste geld is. 'n Goeie reparasie wat miskien 1 000 pond sal kos, is hoogs noodsaaklik en die broers sal nou reeds moet dink waar die geld vandaan sal moet kom.

In die Nieuwe Kerk Kaapstad moes die kerkraad vertroue gekry het in hul jong leraar se insig en veral ook in sy erns met die Hertzogsaal-probleem, want op die kerkraadsvergadering van 8 Oktober 1935 dien 'n voorstel van diaken Van Ryswyk gesekondeer deur ds. Vorster wat lui: "..'n commissie te benoemen wat degelijk onderzoek zal doen in zake reparatie Hertzogsaal en wat zulk een reparatie zal kosten. Op de commissie zullen zitting: ds. Vorster, brs. Lootz, Booysen, Van Reenen en Van Ryswijk."

Op dieselfde vergadering spreek ds. Vorster sonder huiwering die kerklike opsig en tug aan. Die notule stel dit as volg: "Ds. Vorster deelt mede dat een ongehuwde zuster uit zijn gemeente een kind heeft van omtrent 16 maanden oud. Hij vraagt welke tucht maatregel op deze zuster moet toegepast worden? De voorzitter geeft aan de hand dat een commissie van ds. Vorster en een ouderling namens den kerkraad die zuster zullen bezoeken."

Ds. Vorster het vanaf die begin hard en getrou gewerk en, wat die bediening van sy deel van die gemeente betref, kom hy met nuwe voorstelle na die volgende kerkraadsvergadering. Hy stel voor dat die kerkraad met een ouderling en een diaken vergroot word as gevolg van uitbreiding van werksaamhede in die Hertzogsaal. Daarbenewens sal kerkraadslede in daardie deel van die gemeente vaste

maandelikse vrywillige bydraes invorder indien die kerkraad daartoe instem. Hierdie voorstelle van hom word aangeneem.

Hy doen ook by hierdie vergadering verslag van die besoek wat hy en die ouderling aan die ongehude moeder gedoen het: "Ds. Vorster deelt mede dat een ouderling en hij die zuster bezoekt hebben welke een buiten echt kind heeft. Zij hebben die zuster voor drie maanden onder censuur gezet. Zij toont berou en dat kind zal DV op 1 December gedoopt worden." Hiermee het die kerkraad vir Vorster, die latere groot kenner van die gereformeerde kerkreg, laat wegkom met iets wat nie korrekte gereformeerde prosedure was nie. Dit is onduidelik hoe hy kon gedink het dat hy en 'n ouderling die reg sou kon gehad het om op hulle eie lidmate onder sensuur te plaas.

In sy optrede in die gemeente was Vorster se doelgerigtheid opvallend en vir die kerkraad en gemeente moes dit baie duidelik gewees het dat hy na die gemeente gekom het om alleenlik in diens van sy Meester te staan en daarom nie te skroom om teen die verkeerde op te tree nie. Hierdie onverskrokke houding jeens dit wat volgens sy siening verkeerd is, was 'n tipiese Vorster-kenmerk wat hy geërf het. Dit sou ook sy hele latere lewe kenmerk.

Die kerkraads-notules van hierdie tyd maak met dankbaarheid melding van ds. Vorster se harde werk in die gemeente. By

die gekombineerde en gewone kerkraadsvergadering van 10 Desember 1935 lewer hy bv. 'n uitvoerige verslag namens die Hertzogsaal-kommissie. Sy hand is duidelik in die deeglike verslag te sien en die hele verslag asook die aanbevelings word onveranderd goedgekeur.

In ds.Vorster het die gemeente beslis 'n dinamiese en knap herder gehad. Namate hy sy voete in die bediening gevind het, is hy ook op velerlei wyse verder gevorm vir die rol wat hy later in die breër volkslewe sou speel. Wanneer notules van die onderskeie kerkvergaderinge nagegaan word, blyk dit baie duidelik dat Koot Vorster, ten spyte van ernstige siekte, sy volle gewig ingegooi het by die gemeentelike werksaamhede.

Sowat tien jaar voordat Vorster sy demissie in die Ned. Geref. Kerk Tafelberg sou ontvang, en wel in 1969, sê die gemeente van Koot Vorster: "Deur 'n dienstyd van nou reeds byna 35 jaar het hy met inset van al sy talente en kragte, met innige liefde en volhardende ywer die gemeente in die Naam van die Here gelei en gebou. Suiwer in leer, beginselvas, toegewy aan sy roeping en een met sy gemeente in hartlike menslike verhoudinge, het hy onverpoos gewerk - en werk hy steeds - tot eer van sy God en heil van sy mense. Tafelberg sonder hom is ondenkbaar - en ons is dankbaar dat dit so is." [Vorster 1969:1]

In gesprekke wat later gevoer is met lidmate van Tafelberg [die vroeere Nieuwe Kerk], was dit ook baie duidelik dat hy die pastorale werk baie geniet het. Selfs in latere jare toe hy soms vir lang tye uit die gemeente moes wees vir vergaderings het hy by sy terugkeer sy gereelde huisbesoek en besoeke by die siekes en bejaardes met groot nougesetheid voortgesit. Dit was pastorale werk wat vormend op die latere kerkleier ingewerk het.

8. Die Kerkregtelike ontwikkeling van die jong leraar.

Soos hy met sy werk in die bediening voortgegaan het, het sy eie ontwikkeling ten opsigte van sy lieflingvak, die kerkreg, ook gevorder. Kerkregtelike sake sou hom altyd interesseer. Een van die eerste kerkregtelike sake wat die jong leraar se aandag gevra het was die vraag: "Wie regeer die kerk?" 'n Vraag wat deur die eeue heen in die kerkgeskiedenis uiteenlopende antwoorde na vore gebring het en waarvan Koot Vorster ook, vanuit sy studie aan die Kweekskool te Stellenbosch, terdeë bewus was. Hy was goed bekend met die standpunt van die liberale teoloë van die vorige eeu volgens wie: "'n sigbare gemeenskap van gelowiges met 'n bepaalde organisasie geheel en al buite die bedoeling van Christus lê." [Coertzen 1981:16], dat "daar geen direkte verband tussen Christus en die kerk is nie" [Van der Watt 1983:4] en "dat die kerk se oorsprong by die mens is

en nie by God nie." [Coertzen 1981:16] Vorster het die standpunt van die liberale teoloë, waarvolgens hulle God of enige aardse instelling wat buite die mens staan verwerp het, sterk teengestaan. Hulle standpunt van: "Die mens, as vrye wese, en as indiwidu, mag aan niks, buite homself, gebind wees nie." en " Sy redelike verstand, wat sy leidsman is, is al waaraan hy gehoorsaam hoef te wees." [Spoelstra, Pont & Keet 1973:194] het Vorster verwerp. Met die Liberalisme se uitgangspunt dat Christus nie die kerk regeer nie, sou Vorster nooit mee kon saamstem nie en het hy dit gevolglik ook altyd met die grootste beslistheid verwerp.

Teenoor die liberale teoloë se opvatting, het hy, soos ander behoudende teoloë, ook die Heilige Skrif anders vertolk. Hulle het hulle beroep op Skrifgedeeltes soos Efes.4:15-16 waarvolgens Christus die Hoof van sy liggaam [die kerk] is en by implikasie dus die kerk regeer. Coertzen vertolk dit goed: "Christus is die Hoof van sy liggaam , die kerk, en dit beteken eerstens dat Hy as die tweede Adam die kerk in Homself insluit en as sodanig verteenwoordig, maar verder beteken dit ook dat Hy sy gemeente direk en persoonlik regeer." [Coertzen 1981:26] Die Skrif gee dit ook onomwonde in Efes 1:22 en 23 : "En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul." In die Heidelbergse Kategismus lui die antwoord op vraag 54 : "vergader, beskerm en onderhou"

Christus sy kerk. Hy het dus 'n kerk gestig met 'n bepaalde organisasie en daarmee saam die belofte gegee dat Hy dit tot by Sy wederkoms sal bewaar.

In Gereformeerde kerke word hierdie kerkbegrip gehuldig waarvolgens die kerk gesien word as 'n "heel besondere gemeenskap wat God in sy heilsplan gewil het" [Van der Watt 1983:4] en "die plek is van waar Hy sy mag en sy liefde wil laat geld in die ganse skepping" [Coertzen 1981:27] "Dit is duidelik dat Christus [God Drie-enig] inderdaad 'n kerk wou stig, en dit hou net nie steek om die kerk te wil sien as die produk van 'n aantal losstaande indiwidue wat vrywilliglik of onder druk van historiese omstanighede saamkom ter wille van hulle godsdienstige belewing nie." [Coertzen 1981:17] In sy prediking en geskrifte sou dit oor dekades baie duidelik blyk dat dit vir Koot Vorster 'n uitgemaakte saak was dat Christus sy kerk regeer.

## 8.1 Hoe regeer Christus sy kerk?

Met die verskillende en uiteenlopende antwoorde wat kerkregtelikes op die vraag: "Hoe Christus Sy kerk regeer?" gegee het in gedagte, moes Koot Vorster ook vir homself rekenskap gee. "Hoe regeer Christus Sy kerk? " Regeer Hy deur mense op 'n indirekte [middellike] wyse waar 'n persoon soos die pous as 'n sigbare plaasvervanger van Christus

optree? Of regeer Hy op 'n direkte [on-middellike] wyse met die gevolg dat enige vorm van kerklike ampte, vergaderings, organisasie ens. verwerp word?

Teenoor bogenoemde wyses van regeer het ds. Koot Vorster die standpunt van die Gereformeerde kerkregering ten volle onderskryf wat beide die on-middellike [deur Sy Woord en Gees] en die middellike [deur gebruikmaking van mense - m.a.w die ampte] bepaal het. Die Heilige Skrif leer volgens hom baie duidelik dat Christus die ampte gebruik om sy kerk te regeer. As bewysplaas kan aangevoer word dat daar reeds in die Ou Testament en so vroeg as in Exodus 3:16 en 24:1 en 9 melding gemaak word van die "oudstes van Israel" wat vir Moses moes bystaan. Die hulp van ouer mense is dus ingeroep om vir Moses te help. In Hand.6 verse 1 tot 7 weer, word sewe persone gekies "om die tafels te bedien" en word hulle diakens genoem. Hieruit is die ampte van ouderlinge en diakens gebore wat saam met die bedienaar van die Woord 'n kerkraad vorm. Die ampte is bloot daar as hulp en beslis nie 'n mag op homself of om Christus te vervang nie. "Dis 'n besondere instelling van Christus en deur hulle volbring Hy sy regering van die kerk." [Van der Watt 1983:7] So het Koot Vorster dit ook gesien.

Dis gepas om die belydenisskrifte wat Koot Vorster onderskryf het oor hierdie prinsipiële saak te laat meespreek. Art. 30 van die Nederlandse Geloofsbelydenis gee

ondersteuning aan die bogenoemde standpunt as dit bepaal dat die ware kerk "ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons in sy Woord geleer het, geregeer word. Daar moet naamlik dienaars of herders wees om die Woord van God te preek en die sakramente te bedien; ook ouderlinge en diakens om saam met die herders die kerkraad te vorm. Deur hierdie middel moet hulle sorg dra dat die ware godsdiens onderhou word en die ware leer oral versprei word, die oortreders op geestelike wyse vermaan en in toom gehou kan word en, dat ook die armes en bedroefdes volgens hulle nood gehelp en getroos kan word. Deur hierdie middel sal alles in die kerk goed en ordelik geskied ooreenkomstig die voorskrif wat die apostel Paulus in die brief aan Timoteus daarvoor gee, wanneer persone gekies word wat getrou is [1 Tim. 3]"

Hiermee is dan nou probeer om 'n duidelike samevatting te gee van Koot Vorster se uitgangspunt t.o.v die bogenoemde kerkregtelike vrae. Voortvloeiende hieruit moet Koot Vorster se siening van die Kerkraad asook meerdere vergaderinge se plek en taak in die kerk duideliker omlyn word. Dit was niks anders as die gereformeerde Kerkreg soos bepaal in die Dordtse Kerkorde nie. Ek dui die breë lyne aan:

Kerkreg en Kerkregering se belangrikheid vir die kerk word deur Coertzen onderstreep as hy sê: "Om gelowige te wees, is om kerk te wees en wie kerk sê, sê daarmee saam regering en

opbou van die gemeente." [Coertzen 1981:10] Kerkregering is 'n integrale deel van die kerk: "Die kerk moet vir homself duidelikheid kry oor sy plek in die koninkryk. Daar moet verantwoording wees oor presies wat die kerk is, wat sy regering behels en waarmee hy besig is wanneer die gelowiges toegerus word vir hulle dienswerk, opgebou word tot 'n woning van God in die Gees." [Coertzen 1981:13]

Binne die akademiese opset beskryf Jonker die Kerkreg se taak en terrein as volg: "As wetenskap wat hom met die bestaanswyse en die inrigting of orde van die kerk van Christus besig hou, het die kerkreg in die eerste instansie die taak om helderheid te verkry oor die vraag watter grondbeginsels vir die inrigting en orde van die kerk volgens die Woord van God behoort te geld. ..... om uit te vind wat reg is soos wat God dit vir die kerk gewil het." [Heyns & Jonker 1974:287] Hier sluit hy by Gerdener aan wat sê: "Enige vorm van kerkregering kan slegs verdedig word as ons kan bewys dat sy grondslae op die Woord van God berus." [Gerdener 1968:238] Om hierdie taak te verrig nl. om God se wil te verneem, sê Jonker, sal die kerkreg "sterk moet aanleun teen die dogmatiek en die eksegese." Maar daar is volgens Jonker ook nog 'n verdere taak van die kerkreg naamlik om "die geskiedenis van die ontwikkeling van die kerkregering vanaf die eerste eeu tot vandag na te gaan." Hiervoor, sê hy, sal die kerkreg weer swaar moet aanleun teen die kerkgeskiedenis. In sy beskrywing van die

kerkgeskiedenis sal die kerkreg moet vasstel in hoeverre die grondbeginsels van kerkregering tot sy reg gekom het. Verder sal hy die onderskeie stelsels van kerkregering krities evalueer en kyk in hoeverre dit by die heersende kerkreg inpas. [Heyns & Jonker 1974:288]

8.2 Verskillende kerkregtelike sisteme

Koot Vorster was in die bediening ook bewus van die feit dat daar verskeie vorme van kerkregering was. Hy sou homself ook moes verantwoord wat dit betref.

Volgens Van der Watt [1983:35] moes dogmatiese, liturgiese en konfessionele verskille tussen die Christelike Kerke noodwendig lei tot verskillende kerkregtelike sisteme. Hy sê verder: "Anders gestel: elke bepaalde opvatting oor wat die kerk is, het beslissende betekenis vir die kerkregering." En dan gaan hy voort om daarop te wys hoe daar in die loop van die kerkgeskiedenis 'n hele aantal stelsels van kerkregering soos byvoorbeeld die Roomse, Lutherse, Gereformeerde, Independentiste en Kollegiale ontwikkel het. [Van der Watt 1983:3] Dit was juis navolging van die lg. stelsel [kollegiale] wat Vorster aan die briefskrywer "Bekommerd" toegedig het. [Die Kerkbode 1935:821]

Volgens Du Toit oordryf die Kollegialistiese stelsel die betekenis van die kerkverband terwyl dit die betekenis van die plaaslike kerk misken. Op hierdie wyse word die kerk, volgens die Kollegialisme, as 'n vereniging en die gemeentes as takke beskou. In die plek van meerdere vergaderinge, word die kerk deur sinodale en klassikale besture geregeer. Die hoogste gesag berus, volgens hierdie stelsel, by die Sinode. [Du Toit 1955:193] In hoeverre die Kollegiale Stelsel van die Gereformeerde stelsel verskil en in watter mate die Ned. Geref. Kerk in sy regeringsvorm gereformeerd, gereformeerd presbiteriaal of gewoon kollegiaal is, kom vervolgens aan die beurt.

## 8.3 Die Gereformeerde Stelsel van Kerkregering

### 8.3.1 Ontstaan van Gereformeerde Kerkorde

Soos die briefskrywer "Bekommerd" tereg gesê het, het Koot Vorster en ander kerkregtelikes ook erken dat die Bybel nie 'n handboek vir die kerkreg of kerkregering is nie. Tog aanvaar die Gereformeerde Kerkreg-stelsel die Heilige Skrif as die enigste norm en gesag vir die inrigting van die kerk en is dit bepalend vir wat die karakter van elke aspek daarvan sal wees. [Van der Watt 1983:3] Binne die kerk was daar nog altyd 'n behoefte aan 'n bepaalde reëling. Volgens 1 Kor. 14 het dit al gegeld in die tyd van die apostels. In

die daaropvolgende eeue het konsillies uitsprake gemaak en bepalings opgestel. [Nauta 1971:8] 'n Vaste reg het hieruit ontwikkel onder die naam "kanonieke reg" wat later as "visitatieboeken" en "Kerkordeningen" bekend geword het.

Na die sinode van Middelburg [1581], het die kerkorde as "Kerckenordeninghe" bekend gestaan en met die sinodale organisasie van 1816 het Koning Willem I, in die gees van die nuwe opvatting wat op daardie stadium t.o.v die kerk bestaan het, die naam "Algemeen Reglement" daaraan gegee.

Wat die naam van hierdie stel reëls ookal op 'n bepaalde tyd was, beteken dit alleenlik maar "de algemene richtlijnen te bieden, waarnaar men zich binnen de kerk behoort te gedragen. In haar is samengebracht een verzameling van systematisch gerangschikte bepalingen, welke door de in de kerk als bevoegd optredende instantie zijn vastgesteld en onder woorden gebracht om te worden onderhouden door allen in haar midden, gewone leden zowel als amptsdragers." [Nauta 1971:9] Die Kerkorde is dus, kort saamgevat, die algemene wetgewing van die kerk. "Een nuttig en onontbeerlijk hulpmiddel. Zij heeft tot functie de kerken in staat te stellen haar taak en roeping zo goed mogelijk te vervullen." [Nauta 1971:13]

8.3.2 Kenmerke van die Gereformeerde Stelsel

Vorming van Koot Vorster, veral ook met die oog op die leiding wat hy later gegee het toe hy as voorstaander van 'n Algemene Sinode opgetree het, hou verband met sake soos die regering van die kerk en die kerkverband. Veral ook in die lig van beskuldigings van die Gereformeerde Kerk dat die Ned. Geref. Kerk in baie opsigte kollegiaal optree. Het hierdie beskuldigings steek gehou of was dit van alle waarheid ontbloot? Wat was Koot Vorster, as kerkregtelike en opkomende leier in die kerk, se standpunt? Om op hierdie vrae te antwoord is dit eers nodig om weer 'n keer goed te gaan kyk na die Gereformeerde Stelsel van regering.

Volgens prof. du Toit, 'n voormalige hoogleraar van die Gereformeerde Kerk, word die Gereformeerde stelsel deur 'n aantal kardinale uitgangspunte gekenmerk waarvan die belangrikste is:

1] Die feit dat elke plaaslike kerk [gemeente] 'n komplete openbaring van die liggaam van Christus is, en wel op voetspoor van die Heilige Skrif waar gespreek word van "die kerk [ekklesia] van Rome", "die kerk van Korinthe" ens. Oral waar gelowiges is, daar is die kerk en waar hulle oorgaan tot die instelling van die ampte en die bediening van Woord en Sakramente - daar word die kerk geinstitueer." [Du Toit 1955:193]

2] Die ampte in die kerk bestaan uit predikante, ouderlinge en diakens. "Die regeermag berus by die ouderlinge", en vandaar ook die naam 'Presbiteriale' [presbiter=ouderling] stelsel." Onder die ampte is daar gelykheid en die onderskeid tussen klerus [ampsdraers] en leke [gewone lidmate] bestaan nie. Die kerklike mag is aan die hele gemeente gegee, maar dit tree in werking deur die spesiale ampte wat Christus ingestel het. Die lidmate is geroepe en het die reg om die ampsdraers te kies en ander kerklike werksaamhede te kontroleer." [Du Toit 1955:194]

3] "Geen plaaslike kerk is egter die komplete openbaring van die liggaam van Christus nie. Daar is 'n groot getal plaaslike kerke en hulle hoort bymekaar en moet die kerkverband met mekaar soek. Die kerkverband is 'n goddelike instelling. Die eenheid van al die gelowiges as die geestelike liggaam van Christus eis die eenheid van die sigbare plaaslike kerke wat dieselfde geloof bely. Die Gereformeerde kerkregering word beheers deur die samehang van die selfstandigheid van die plaaslike kerk en die noodsaaklikheid van die kerkverband." [Du Toit 1955:194]

4] "Die sake van die kerkverband word gereël deur meerdere vergaderinge [geen hoëre besture wat van bo af dikteer nie, maar ook geen konferensies wat sonder enige gesag is nie.]

'n Hoogleraar van die Ned. Geref. Kerk, prof. van der Watt, vat hierdie stelsel se uitgangspunte in die volgende sinne saam: "die posisie van Christus in die kerk; die sentrale plek wat die Heilige Skrif inneem; die plaaslike gemeente [kerk] as primêre organisasie; die besondere funksionering van die ampte en dan die noodsaaklikheid en gesag van die kerkverband soos uitgedruk in verskillende kerklike vergaderinge." [Van der Watt 1983:3]

In aansluiting by wat so pas gesê is en met dit as agtergrond, kan nou weer na die Algemene Reglement van 1816 gekyk word om dit te beoordeel. Die aanname van hierdie Reglement het 'n nuwe hoofstuk geskryf in die kerk se geskiedenis. Volgens sommige was die aanname daarvan nie 'n verrassing nie. Alhoewel dit algemeen aanvaar was dat die Koning se optrede onwettig was, sê Algra, "was die Hervormde Kerk so diep versonke dat hy dit hom laat welgeval het." [Algra 1976:65] Proteste was daar wel deur 'n paar klassisse soos bv. die van Amsterdam wat nie alleen teen die nuwe organisasie beswaar gemaak het nie, maar "vreesde ook, dat het karakter der Hervormde Kerk schade zou lijden, dat haar belijdenis niet zou worden gehandhaafd en dat door zucht naar het nieuwe de godsdienst in haar hartader zou worden aangetast. Er zullen allerlei twisten ontstaan en het gevolg zal ten slotte zijn, dat de bedehuizen ledig zullen staan.." [Algra 1976:65]

Die beskuldiging is ingebring dat die kerk hiermee leervryheid in sy geledere toegelaat het aangesien leerverskille geduld is en elkeen na sy eie gewete moes handel. Spesiale reglemente het hulle verskyning gemaak en o.a. ook die wat betrekking gehad het op die toelatings-eksamens en die ondertekenings-formulier van voornemende predikante. Die ondertekenings-formulier het bepaal dat studente die Formuliere van Eenheid onderskryf vir soverre as wat dit met die Skrif ooreenstem. Algra [1976:66] beskou hierdie reëling as spitsvondig want dit beteken dat: "een candidaat met de ondertekening van dit formulier niets ondertekent, niets belooft, en zich voorbehoudt, om zelf uit te maken, wat in de belijdenis wel en wat niet in overeenstemming is met de Schrift."

Kollegialisme het dus in 1816 sy verskyning in die Hervormde Kerk van Nederland gemaak met die Koninklike Besluit van Koning Willem I en sou ook op Suid-Afrikaanse bodem neerslag vind. Terselfdertyd het die koning afgewyk van die term "kerkordeninge" toe hy 'n Algemeen Reglement vir die kerk uitgevaardig het. [Nauta 1971:9] Soos reeds gesien was die volledige naam daarvan: "Algemeen Reglement voor het bestuur der Nederlandsch Hervormde Kerk." [Van der Watt 1980:61] Volgens hierdie Reglement se bepalings sou daar 'n sinode kom wat uit 19 lede bestaan met provinsiale en klassikale besture wat, op 'n hiërargiese wyse, onder dit sou

funksioneer. Vir die 'laere' plaaslike bestuur sou die naam 'kerkraad' nog bestaan. Die eerste 'hoër' besture sou deur die staat benoem word en daarna sou die besture hulleself aanvul wanneer nodig. [Berkhof en De Jong 1967:265]

Hierdie sake was alles deel van die Reglement en die rede waarom sommige gemeentes in Nederland hulle later a.g.v. hierdie Reglement van die sinodale verband losgemaak het. Die interessante kerkgeskiedenis betreffende die doleansie word nie in besonderhede in hierdie studie bespreek nie, maar is 'n bewys van hoe lidmate geweier het dat hulle kerk op dié wyse regeer word.

### 8.3.3 Elemente van die Gereformeerde Kerkregering

Aangesien Koot Vorster later in sy lewe binne die kerkverband sterk leiding gegee het oor kerkregering word vervolgens gelet op sekere elemente wat tot die wese van die Gereformeerde Kerkregering behoort. Dit is tewens ook waaraan hy getoets moet word wanneer hy beoordeel word. Van die belangrikste elemente is:

#### 8.3.3.1 Kerkvergaderinge

Gegewens vanuit die Skrif is genoegsame bewys dat regering in die kerk nooit deur een persoon alleen geskied nie maar wel in groepsverband as vergaderinge. So tree die twaalf

apostels in ampsverband op en word as die "twaalf" aangedui in Hand. 6:2 en word die diens van barmhartigheid aan die "sewe" broeders toevertrou.[Hand. 6:3] Op ander plekke verwys Paulus gesamentlik na die ouderlinge en diakens of na die ouderlinge as groep. [Van der Watt 1983:9] Volgens die N.G.Kerk se Kerkorde [art. 18-19], word die opsig oor, die regering van en die tug in die kerk aan sy kerkvergaderinge toevertrou. Die vergaderinge wat hier ter sprake is, is die Kerkraad en die meerdere vergaderinge nl. Ring en Sinode.

8.3.3.2 Gesag van Kerkvergaderinge

Volgens die Gereformeerde Kerkreg ontvang kerkrade en meerdere vergaderinge gesag van God en daarom moet hulle besluite en uitsprake uitgevoer word. Die Kerkorde sê in hierdie verband: "Hierdie vergaderings het, elkeen na sy eie aard, 'n kerklike gesag deur Christus aan hulle verleen." [Kerkorde [Art.20] 1968:26] "Christus het aan niemand in die kerk gesag gegee wat oorgedra kan word nie. Die een kerkvergadering het nie minder of meer gesag as die ander nie. Alle vergaderinge het dieselfde gesag: die gesag wat in 'n meerdere vergadering werk, is dieselfde as die wat in die kerkraad werk, te wete die gesag wat Christus aan sy ampsdraers gegee het om volgens sy Woord die kerk te regeer." [Van der Watt 1983:11] Trouens, meerdere vergaderings het slegs gesag omdat die kerkraad gesag het. "Wanneer wij er niet van mogen uitgaan, dat reeds de

kerkeraad gezag bezit, heeft het spreken over het gezag der meerdere vergaderingen ten aanzien van de kerkeraad weinig zin." [Nauta 1971:123 So gesien, kry 'n meerdere vergadering soos die sinode slegs gesag deurdat die onderskeie kerkrade, met die gesag wat Christus aan hulle verleen het, daar verteenwoordig is.

In aansluiting hierby, het elke meerdere vergadering dus die bevoegdheid om besluite te neem en handelinge te verrig wat bindend is op mindere vergaderings. Hier staan die Gereformeerde Kerkreg dus lynreg teenoor die Independentisme wat aan meerdere vergaderings geen gesag gee nie.

8.3.3.3 Bevoegdheid van Kerkvergaderinge

Oor die vraag oor hoe ver die gesag van 'n vergadering strek erken die Gereformeerde Kerkreg, anders as die Kollegialisme, geen vorm van hiërargie in sy kerkvergaderinge nie. Mindere vergaderinge soos bv. die kerkraad is dus nie ondergeskik aan meerdere vergaderinge soos die ring of sinode nie. Hier is nie sprake van 'n "hoër" en "laer" gesag nie maar wel van gelyke outoriteit en gesag. Elke vergadering behandel slegs die sake wat op sy terrein lê en met die sake handel hy met die nodige bevoegdheid soos Art.22 van die Kerkorde dit duidelik stel: "In meerdere vergaderinge word alleen die sake behandel wat daar tuis hoort of daarheen verwys is deur mindere

vergaderinge, of wat nie in mindere vergaderinge afgehandel kon word nie." [Kerkorde 1968:26] Volgens die Kerkorde het die N G Kerk op die stadium toe "Bekommerd" sy brief geskryf het, nie so iets soos "hoëre" en "laere" regerende liggame erken nie en het Koot Vorster blykbaar die briefskrywer reg geantwoord. In die praktyk egter het dit geblyk 'n heeltemal ander storie te gewees het. "Bekommerd" het die vinger op 'n inkonsekwentheid gelê. Die Kerkorde het een ding gesê maar in die praktyk het iets anders gebeur. Niemand minder nie as Koot Vorster het hom dit laat welgeval om te hoor hoe die aanspreekvorms van die onderskeie voorsitters gewissel het. So, byvoorbeeld, is die voorsitter van die Ring as Weleerwaarde Heer aangespreek terwyl die voorsitter van die Sinode as Hoogeerwaarde Heer aangespreek is. Die onderskeie aanspreekvorms was maar een van die sake wat gedui het op die bestaan van "hoëre" en "laere" liggame in die kerk.

8.3.3.4 Besluite van Kerkvergaderinge

Op grond van 'n bepaalde bevoegdheid, soos hierbo gestel, word besluite ook geneem en toegepas. Voortvloeiend uit die voorafgaande dus, bepaal die Gereformeerde Kerkreg en die Kerkorde [art.23] dat "die besluite van 'n vergadering bindend is, maar vatbaar vir beroep op 'n meerdere vergadering." [Kerkorde 1968:27] Die besluite is bindend omdat "dit geneem is deur ampsdraers wat deur Christus aangestel is om kerkregering te beoefen en deur Hom met

gesag beklee is." [Van der Watt 1983:13] Calvyn het t.o.v. die bindende besluite van meerdere vergaderinge tot groot versigtigheid gemaan en 'n voorwaarde gestel. Volgens hom: "Het mag niet zo zijn dat de gewetens geacht worden door die voorschriften gebonden te zijn, als zou het heil er van afhankelijk zijn." [Nauta 1971:11] Hierdie feit van besluite wat deur meerdere vergaderinge geneem word en dan bindend was op mindere vergaderinge, gemeentes en lidmate, het soms beroering gebring in die geledere van die Gereformeerde Kerke. In die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis is daar bekende gevalle waar dit gebeur het. Maar die sogenaamde doleansie wat in die vorige eeu in Nederland plaasgevind het, en waarna reeds verwys is, is seker die bekendste voorbeeld in dié verband. Vorster het hom met Kuyper en die Vrye Universiteit vereenselwig. 'n Mens kan dus met reg die afleiding maak dat Vorster die Kerkregtelike beginsels van die "Doleansie" onderskryf en probeer handhaaf het.

## 9. Regering binne die Ned. Geref. Kerk in die 19de eeu

Volgens Van der Watt [1980:1], was die 19de eeu " in meer as een opsig 'n belangrike en bewoë tydperk in die geskiedenis van Suid-Afrika," en die Ned. Geref. Kerk, "sou dit as 'n besondere komplekse periode ervaar - talle uitdagings is aan die kerk gestel, waarteenoor hy homself telkens moes verantwoord." Dit was op die gebied van die kerkleer maar

ook op die terrein van die kerkregering. Die kerk het met mening die stryd aangeknoop teen staats-inmenging en 'n prominente rol gespeel in 'n tyd van ontwakende Afrikaner-nasionalisme. Teen 'n intense Engelse aanslag en 'n poging om die kerk as angliserings-instrument te gebruik, het die kerk hom algaande losgemaak van Engelse invloed en mettertyd ook van die Nederlandse moederkerk. Die Ned. Geref. Kerk was nie meer al kerk in Afrikaner-geledere nie, en bo en behalwe die stryd wat van tyd tot tyd tussen lidmate opgevlam het en selfs tot skeuringe gelei het, was inter-kerklike verhoudinge ook nie altyd baie goed nie.

"Aan teologiese invloede sou die Ned. Geref. Kerk nie ontkom nie. Die liberalisme en geestelike opwekkingsbewegings - laasgenoemde meermalle verbind aan die metodisme - was van die belangrikste strominge in die kerklik-godsdienstige lewe. Die Ned. Geref. Kerk het ferm teen die ongeloof opgetree - soos blyk uit die liberale stryd;" [Van der Watt 1980:2]

As prof. J A du Plessis van PU vir CHO die Geref. Kerk teen prof. Johannes du Plessis verweer, noem hy 'n hele aantal sake op wat aanleiding gegee het tot die Geref. Kerk se stigting. Hy noem onder andere verskille t.o.v die Metodisme, prediking, uitoefening van die erediens en toepassing van die tug oor leer en lewe. Voorts sê hy: "Daar is een prinsipieël verskil waarop Prof. du Plessis nou

nadruk lê, en wat tot nog toe nie prominent voor die aandag gebring is nie, en dit is die verskil in Kerkregering." [Du Plessis J A 1925:77] En, "verskille in die kerkregering," sê hy verder, "het gewoonlik as grondslag verskille in leer. Die Regering van die Kerk moet aanpas by die dogma oor die Kerk." [Du Plessis J A 1925:78-79]

Prof. J A du Plessis [1925:73], maak dit baie duidelik dat die, "aloude Geref. Kerk, die moederkerk ook van die Suid-Afrikaanse Kerk, nie die kerklike instituut, wat nou in Nederland bekend staan as die Hervormde kerk, was nie." En dan vervolg hy, "Die ou Gereformeerde Kerk was die Kerk van die Dordtse Sinode van 1618-19. Toe is die grondslae van die Belydenis vas gelê in die Drie Formuliere van Enigheid, nl. die Heidelbergse Kategismus, die Geloofsbelydenis en die Vyf Artiekels teen die Remonstrante, en die beginsels vir die Kerkregering in die Dordtse Kerkorde." [Du Plessis 1925:73] Hy vra voorts die vraag: "Wanneer is dan die kerklike instituut, onder die naam van die Hervormde kerk, ontstaan?", en antwoord, "Dit was lang na 1618-19. In die jaar 1816 is die Hervormde kerk ontstaan as 'n 'Staatskreatuur' van Koning Willem I, waardeur die beginsels in leer en in kerkregering van die ou Gereformeerde Kerk prys gegee is." [Du Plessis J A 1925:73] Hy brei dan verder uit en vertel hoe die Kristelik Gereformeerde Kerk in 1834 in Nederland deur afskeiding van die Hervormde Kerk Bestuur tot stand gekom het en weer gevestig is as die ou

Gereformeerde Kerk. In 1886 het daar, volgens hom, weer 'n groep gelowiges onder leiding van dr. A Kuyper uit die Hervormde kerk gegaan en in 1892 verenig met die Kristelik Gereformeerde Kerk onder die naam van die Gereformeerde Kerke van Nederland. [Du Plessis J A 1925:73-74] Vanuit die geledere van hierdie kerk, Gereformeerde Kerke van Nederland, was die volksplanter, Jan van Riebeeck en is die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika gestig in 1665, sê Du Plessis, "Bestuurd wordt deze gemeente naar de Dordtse Kerkenordening."

Die beskuldiging aan die adres van die Ned. Geref. Kerk is egter dat Kommissaris De Mist se nuwe regulasies van 1804 oor die bestuur van die kerk dit "Die Hervormde Kerkgenootskap" noem. 1804 word as die sterfjaar van die Gereformeerde kerk aangeteken.

10. Regering binne die Ned. Geref. Kerk in die 20ste eeu

'n Kerkregtelike soos prof. E.Brown erken dat "kollegialisme diep inslag en voortgang in die Ned. Geref. Kerk gevind het." [Brown 1979:278] Maar hy sê terselfdertyd dat die Ned. Geref. Kerk in hierdie eeu steeds besig gebly het om in haar kerkregering te hervorm. Volgens Brown, [1979:277], het die Ned. Geref. Kerk gedurende die 20ste eeu sy regering voortgaande verwerk. "Sy geskiedenis en teologiese

uitgangspunte is verantwoord. Kerkregering is gepaar met kerkregtelike besinning." [Brown 1979:277]

Die Ned. Geref. Kerk het veral gepoog om homself te suiwer van "kollegiale" elemente in sy regering. In 1870 is 'n kommissie benoem wat moes toesien dat die "genootskapsidee" en wette wat daarmee verband hou geskrap word en in die jaar 1897 is hierdie sg. Commissie van Revisie opdrag gegee om "het geheele wetboek tegen de volgende Synode te herzien met het oog op die verduidelijking van sommige en eene betere rangschikking van alle wetsartikelen,.." [Brown 1979:277]

Die volgende Sinode het in 1903 vergader en by daardie geleentheid het hierdie kommissie 'n uitgebreide rapport voorgelê en ook aanbevelings gedoen. [Brown 1979:278] Die sinode was positief vir 'n verdere suiwering van sy kerkregering. So het die sinode dan ook die woorde "hoogere" en "laegere", wat op 'n soort hiëargie dui, na "meerdere" en "mindere" verander. Voorts het die sinode daartoe oorgegaan om art. 57, wat die sinode as "de hoogste wetgevende, rechtsprekende en besturende macht" beskryf het, te skrap. 'n Besluit om die ou gereformeerde kerkordes se samestelling te volg het tot gevolg gehad dat "ampsopdrag" weer tot sy reg gekom het. Volgens Brown [1979:278], was dit 'n kardinale regstelling vir die bediening en regering van die Ned. Geref. Kerk [Brown 1979:278]  Dieselfde is ook reeds vroeër deur prof. Keet opgemerk: "Door de geschiedenis van

onze kerk heen vinden wij dus een steeds meer zuiver wordende vorm van de kerkelike regering." [Brown 1979:278] Keet beskou die kerk se afhanklikheid van die Hervormde kerk se reglement [1816] as die rede vir die kollegialistiese reste in die kerk.

Die reste waarvan Keet hier praat en wat by die Sinode van 1903 reeds geskrap is, wou maar net nie heeltemal verdwyn nie. Soos reeds daarop gewys is, toon die notules van die Sinodes, Ringe en Kerkraadsvergaderings in die dertigerjare dat die voorsitters van die vergaderings op verskillende wyses aangespreek is afhangende van watter rade dit was. In die praktyk het lidmate dus 'n mate van hiërargie geken en, meestal uit agting vir die amp, daarmee volgehou. Dit bevind Brown ook. Terwyl kerkregtelikes toegee dat die Ned. Geref. Kerk op 'n deurlopende basis hom vir groter suiwering laat vind het, sê Brown [1979:278], het hy tog nie heeltemal daarin geslaag nie.

So het die kerk, beweer hy, "in sy bediening die geloof in 'n genootskaplike verband en sin laat beoefen." [Brown 1979:278] 'n Verdere bewys hiervan is die onderskeie verenigings wat binne die kerk ontstaan het en die kerk se beskerming geniet het. Op sy beurt het die kerk ook weer die verenigings in sy bediening gebruik. Een van hierdie verenigings was 'De Strewersvereniging' wie se bestaan soms heftig gekritiseer is. Vanuit die geledere van die

Gereformeerde Kerke het dr. J D du Toit daarna verwys as iets wat nie kerklik gerig en beheer is nie. Vir hom was,"De Strevers Vereeniging is een Kerk in de Kerk, en doet wat der Kerk is, en is dus in strijd met de eenheid, het weze en de volkomenheid der Kerk als instelling." [Du Toit 1906:1]

Koot Vorster het in sy briefwisseling met "Bekommerd" kollegialisme heftig teëgestaan. Later, egter, in dieselfde jaar, Maandag 7 Oktober, sou hy as inleier optree by die Christelike Strewers se jaarlikse Opelugkonferensie te Bellville. Vorster se siening van die Strewers en ander verenigings in die Ned. Geref. Kerk het klaarblyklik verskil van dié van sy vriend en geesgenoot, J D du Toit. Hierdie beginsel-verskille wat tussen Vorster en Totius blootgelê is, is ook verder interessant gesien in die lig van die feit dat Vorster gedurende die "Bekommerd"-briefwisseling in 1935 as "dopper" geëtiketeer is. Volgens Brown wou Du Toit die Ned. Geref. Kerk bykom en het hy voortgegaan om die geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk onder verdenking te bring. In 1912 het prof. Johannes du Plessis, redakteur van <u>Die Kerkbode</u>, kennis geneem van die aanklag wat J D du Toit teen die Ned. Gerf. Kerk ingebring het en dit as "polemiek" afgewys. [<u>Die Kerkbode</u> 1912:14-15] Dit was egter nie die laaste keer dat die Gereformeerde Kerk die Ned. Geref. Kerk in die beskuldigingsbank sou plaas oor sy beweerde kollegialisme nie. Aan die Gereformeerde Kerk se Teologiese Skool te Potchefstroom sou studente die <u>Handboek</u>

der Geschiedenis gebruik waarin hierdie beskuldiginge teen die Ned. Geref. Kerk herhaal word en aan die Vrye Universiteit van Amsterdam het 'n lidmaat van die Gereformeerde Kerk, C J H de Wet, in 1921 in sy proefskrif: "Die Kollegiale Kerkreg" ook gewys op die kollegialisme in die Ned. Geref. Kerk. [Brown 1979:284] Hierdie student, die eerste een wat uit Suid-Afrika aan die Vrye Universiteit gepromoveer het en later professor geword het, het in 1923 ondersteuning gekry toe nog 'n Gereformeerde lidmaat, P J S de Klerk, by dieselfde universiteit gepromoveer het met die onderwerp: "Kerk en Sending" en hom daarin ook teen die kollegialisme van die Ned. Geref. Kerk uitgespreek het. [Brown 1979:285] Op dié wyse het die Gereformeerde Kerk gereeld vir die Ned. Geref. Kerk aan sy beweerde kollegialisme herinner.

Onder 'n skuilnaam het die Redakteur van Die Kerkbode, prof. Johannes du Plessis, in 1923 die proefskrif van P J S de Klerk in sy blad bespreek. Hy sê o.a.: "De Algemene Kerk vormt een ondeelbaar geheel, waarvan geen plaatselike gemeente zich kan afscheiden. Men is in de eerste plaats lid der Kerk en uit kracht daarvan 'n biezonder gemeente." [Die Kerkbode 1923:1757] Hiermee het die redakteur erken dat die aanklag van die Gereformeerde Kerk grond het. De Klerk was dan ook vinnig by om te sê: "Nog steeds het ek die hoop gekoester dat u beginsel van kerkregering meer presbiteriaal

dan kollegiaal is, maar nou het uself ons u standpunt uiteengesit." [Die Kerkbode 1924:118,119]

Prof. Keet het tussenbeide getree deur te sê dat die standpunt van Die Kerkbode nie noodwendig die standpunt van die Ned. Geref. Kerk is nie en het terselfdertyd die redakteur van 'n Rooms-Katolieke of kollegialistiese standpunt beskuldig. Hy het aan die redakteur gevra hoe 'n mens lid kan word van 'n Kerk (in die algemeen) en dan uit krag daarvan lid van 'n besondere gemeente en of die Sinode die doop waarneem en belydenis van geloof laat aflê? Dit is, volgens hom, tog almal funksies wat by die Kerkraad tuishoort. Daarom sy beskuldiging aan die redakteur van 'n Roomse of kollegialistiese standpunt. [Die Kerkbode 1924:218] Die redakteur het egter by sy standpunt gebly en gesê dat hy oordeel dat dit die beskouing van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika is en die kerkleiers moet sê of dit korrek is al dan nie. [Die Kerkbode 1924:218]
Ds. D S Botha, wat op daardie stadium Moderator asook 'n lid van die Kommissie vir die Kerkewet en Revisie was, het 'n week later in Die Kerkbode se uitgawe van 20 Februarie 1924 homself met die standpunt van die redakteur vereenselwig. [Die Kerkbode 1924:251]

Nog predikante sluit by hom aan as ds. H Pienaar verklaar: "As daar dan 'n gemeente ontstaan, dan ontstaan dit namens en krachtens en deur die kerk. En is men lidmaat van so 'n

gemeente, dan is men dit krachtens die Kerk!" en dr. H P van der Merwe sê dat die Ned. Geref. Kerk, syns insiens, met al sy gemeentes deel is van een groot geheel. [Die Kerkbode 1924:218] Prof. Keet het die saak nie hierby gelos nie en het in die volgende uitgawe van die blad daarop gewys dat die standpunt van die broers kollegialisties eerder dan gereformeerd is. [Die Kerkbode 1924:281,282]

Prof. Keet se kritiek op die redakteur van Die Kerkbode, en ander wat net soos hy oor die kerkreg gedink het, het tot gevolg gehad dat hy by die Kuratorium aangekla is. Volgens die klag het hy aan die Kweekskool 'n kerkreg gedoseer wat in stryd was met die gangbare opvatting van die kerk soos wat dit in die "Wette en Bepalinge" vervat is. [Brown 1979:286]

Prof. Keet het die verleentheid in 'n geleentheid omskep. By die sluiting van die Teologiese Skool in 1924 het hy die rede gevoer. Hy het as onderwerp geneem: "Na honderd jaar, de regeringvorm van de Nederduitse Gereformeerde Kerk aan de Gereformeerde Beginselen getoetst." In hierdie rede, waaraan Koot Vorster ook vir "Bekommerd" herinner het, behandel Keet eers die vraag oor wat die kerkreg is, daarna die onderskeidende kenmerke van die gereformeerde kerkreg om vervolgens te kom by 'n beoordeling van in hoeverre die kerkregering van die Ned. Geref. Kerk met die beginsels van die gereformeerde kerkreg ooreenstem. [Keet 1924:5]

In hierdie rede van Keet het hy as 'n goeie dogmatikus beindruk met sy prinsipiële denke oor die kerkreg en kerkregering. Hy het die onsigbare en sigbare kerk beskrywe in dieselfde terme as wat Kuyper dit gedoen het nl: "de kerk als organisme en de kerk als instituut" [Keet 1924:7] Hy sê: "dat het gereformeerde kerkrecht bewust gegrond wil zijn op de beginselen voor de kerkregering zoals die in het Woord van God zijn neergelegd.....Dit is het formele princiep van het gereformeerde kerkrecht, waaraan dan ook het materiële ontleend wordt nl. dat Christus alleen het Hoofd is van Zijn Kerk, niet alleen in organiese maar ook in institutaire zin." [Keet 1924:8]

Hy gaan voort en noem die besondere karakteristiek van die gereformeerde kerkreg: "de zelfstandigheid van de plaatselike gemeente, de presbyteriale vorm van kerkregering, de noodzakelikheid van het kerk verband, en de rechte verhouding van kerk en staat", voordat hy elkeen van die kenmerke verder bespreek. [Keet 1924:9]

Terwyl hy in sy rede erken dat die Ned. Geref. Kerk se ontwikkeling nie maklik verloop het nie, bevind hy egter dat die regering van die kerk waaraan hy behoort nie in stryd is met enige van die beginsels soos wat dit in die gereformeerde kerkreg vervat is nie." [Keet 1924:26] Dit sluit volgens Brown [1979:287] wel aanvanklik by die

Algemene Reglement van 1816 aan. "Ze is in haar wezen niet kollegialisties; ze is ook niet kongregationalisties; maar ze is de presbyteriaal synodale vorm van kerkregering, welke de plaatselike gemeente en het verband van de kerk op het zuiverst tot hun recht laten komen". [Keet 1924:26]

Koot Vorster het nie alleen by prof. Keet sy kerkreg geleer nie, maar ook by hierdie hoogleraar sy liefde vir hierdie dissipline ontvang. Van hierdie besondere rede van prof. Keet wat hierbo bespreek is, sê Koot Vorster dat dit 'n onberekenbare invloed op die kerk uitgeoefen het." [Vorster 1959:680] In November 1925 is die beweerde verskil tussen prof. Keet en die Kuratorium uit die weg geruim tydens 'n broederlike bespreking. Dit het geblyk dat die verskil nie wesenlik was nie. [Die Kerkbode 1925:1611] Vorster sê hiervan: "Hiermee is dit uitgewys dat die kollegialistiese gedagtes vreemd aan ons gangbare opvatting was." [Vorster 1959:680] Daarom kon Vorster ook met soveel selfvertroue vir "Bekommerd" reghelp. Maar of Vorster dit hier reg gehad het t.o.v die Ned. Geref. Kerk, is Brown [1979:288] nie so seker nie. Volgens hom was die lidmate in die kerk nie "almal oortuig dat die beklemtoning van die gesag van die plaaslike gemeente nie in die hand speel van kongregasionalisme of independentisme nie." Hy vra of hierdie kerkreg nie 'n regverdiging vir kerklike afskeiding is nie of op 'n afwyking dui nie. Die Ned. Geref. Kerk kon hom nie

vereenselwig met die Geref. Kerk se siening van die meerdere vergadering nie. [Brown 1979:288]

In die jare na 1924 moes die Ned. Geref. Kerk, volgens Brown [1979:288], die vraag na die gesag van die sinode en die gesag van die plaaslike kerk verwerk. Presbiteriaanse uitgangspunte is, volgens Brown [1979:288], onbewustelik in die geskiedenis en kerkregering van die Ned. Geref. Kerk opgeneem. Hy hou die gebeure rondom prof. Johannes du Plessis van die Kweekskool op Stellenbosch, en in besonder die reaksie van sy naamgenoot van Pochefstroom voor as motivering. [Brown 1979:288]

11. Kritiek teen die Ned. Geref. Kerk van die kant van die Gereformeerde Kerk.

In die voorafgaande paragrawe is aangedui hoe die Geref. Kerk die Ned. Geref. Kerk begin kritiseer het. Die vraag is of dit billik was. Vir beter perspektief word daar kortliks nog gekyk na die twee professore wat dieselfde van gedra het naamlik, Johannes du Plessis (Stellenbosch) en John du Plessis (Potchefstroom) en wat onderskeidelkik die standpunte van die Ned. Geref. Kerk en die Geref. Kerk gestel het. Prof. Johannes du Plessis van Stellenbosch, het soos reeds gesê, as redakteur van Die Kerkbode op die proefskrif van P J S de Klerk van die Gereformeerde Kerke gereageer. Die redakteur het in die uitgawe van 12 Maart

1924 die eerste van 14 stukke gepubliseer onder die opskrif: "De Gereformeerde Kerk in Wording en Werking." Sy inleidingssin in die eerste artikel het gelui: "De diskussie, die zich ontsponnen heeft naar aanleiding van het proefschrift van Dr. de Klerk over "Kerk en Zending in Zuid-Afrika" biedt een gunstige gelegenheid om de geschiedenis der Gereformeerde Kerk in Nederland en Zuid-Afrika eens weer na te gaan, ten einde het principieël verschil, dat er tussen onze Ned. Geref. Kerk en de Gereformeerden bestaat, andermaal in een helder daglicht te stellen." [Du Plessis J A 1925:4] Prof. J A du Plessis van Potshefstroom het in 'n reeks artikels in Die Kerkblad, mondstuk van die Gereformeerde Kerk, op prof. Johannes du Plessis se artikels in gereageer. Die Kalvyn Jubileum Boekefonds het hierdie artikels in 1925 in 'n boekvorm laat verskyn. In 'n voorwoord sê ds. C W M du Toit: "Deur stryd kom dikwels die waarheid aan die lig. Die K.J.B. Fonds gee hierdie geskrif dan ook uit, nie met die bedoeling om nodeloos verwydering te bevorder tussen die twee betrokke Hollandse kerke nie, maar dat die standpunt van die Gereformeerde Kerk des te beter mag verstaan word." [Du Plessis 1925:3] Ds. du Toit het die hoop uitgespreek dat die boekie vir lidmate van ander kerke groter duidelikheid sou bring betreffende die Gereformeerde Kerk se standpunt. "Mag dit egter in die eerste plek", sê hy, "dien om die jonge lidmate van genoemde kerk (Gereformeerde Kerk) nader te bring aan die stryd wat hulle vaders vroeër gevoer het, en as 'n seën gestel word om

ons nader te bring aan die suiwere Gereformeerde beginsels vir die inrigting en regering van die kerk van Kristus op die aarde." [Du Plessis 1925:3]

Prof. J A du Plessis motiveer sy verweer deur te sê: "Hierdie verweer was noodsaaklik omdat Prof.du Plessis die Geref. Kerk in sy wording bestempel het as 'n skeurkerk en in sy werking voorgestel het as Independentisties." [Du Plessis 1925:5] Du Plessis van Potchefstroom het verontwaardig hierop gereageer: "Die Geref. Kerk is dus nie 'n nuwe kerk nie, en die belastering van Prof. du Plessis, dat die Geref. Kerk 'n skeurkerk is, word weerspreek deur die geskiedenis." Hy roep uit: "Nee, die stigting van die Gereformeerde Kerk is die terugkeer tot die ou Gereformeerde Moeder Kerk." [Du Plessis J A 1925:76] Hy het die redakteur van Die Kerkbode as vertolker van die Ned. Geref. Kerk gesien: "...kan ons seker Prof. du Plessis beskou as die woordvoerder van die grootste gedeelte van die Ned. Geref. Kerk, en dat hy hier die vertolker is van die kerkregtelike beginsels van sy kerk is duidelik as ons sy beskouings vergelyk met die kerkwette van genoemde kerk en daarby inagneem die kennelike goedkeuring van De Kerkbode en van ouere predikante soos "Senex" in De Kerkbode van 14 Januarie 1925." [Du Plessis 1925:5] Die Ned. Geref. Kerk was dus hier in 'n situasie dat hy van kollegialisme verdink word, dat die redakteur van sy mondstuk dit toegee en dat kerke soos die Gereformeerde Kerk aanvaar dat die redakteur van

Die Kerkbode die beskouing van die meerderheid in die kerk vertolk. Prof. Johannes du Plessis het beweer: "Op het punt van kerkregering bestaat er tussen de Ned. Geref. Kerk in Zuid-Afrika en de Gereformeerde Kerk een gewichtig verskil." Hierop antwoord Du Plessis van die Geref. Kerk: "Ons erken volmondig hierdie verskil." [Du Plessis J A 1925:78] Du Plessis van Stellenboch sê voorts: "Eersgenoemde (NG) is 'Presbyteriaans' in regeringsvorm. Laasgenoemde (Ger.) is independentisties of Kongregationalisties." Hy verduidelik verder: "Die 'Presbyteriaanse regeringsvorm' verwerp 'de leer van de onbeperkte autonomie der gemeente.' Die Independentisme lê juis die nadruk 'op de autonomie (zelfregering) en onafhanklikheid van elke gemeente (church)." [Die Kerkbode 1925:125] Daarteenoor, sê hy, aanvaar die Presbiterianisme, 'een opklimming van kerkelike besturen.....waardoor de eenheid der Kerk gehandhaafd wordt, en het nodige wetgevende, uitvoerende en rechtelike gezag voor het kerkbestier verkregen wordt'. Brown merk hierby op hoedat, met die gebruik van hierdie taal, die kerklike gesag nog steeds in terme van staatsmag gesien word. [Brown 1979:288] Du Plessis van Potchefstroom het sy naamgenoot van Stellenbosch daarvan beskuldig dat hy voorgee om die Presbiteriale stelsel te bepleit terwyl die Gereformeerdes daarvan sou afgewyk het maar dat hy eintlik besig is om kollegialisme te bepleit. Die bewering word deur Du Plessis van Potchefstroom gemaak dat niemand minder as juis prof. Johannes du Plessis self deur sy uiteensetting verduidelik

dat hy nie Gereformeerd Presbiteriaal is nie maar wel Kollegialisties. [Du Plessis J A 1925:96]

Die suiwer Gereformeerde Kerkregering, wat ook Presbiteriaal is, word volgens J A du Plessis [1925:96], onderskei deur, "die belydenis dat alle bestuursmag dan ook berus by die ouderlinge of die Kerkraad, dat die ouderlinge of Kerkraad die enigste bestuursmag is, of in ander woorde dat elke plaaslike gemeente of kerk outonoom of selfbesturend is." Hy sê dit is, "die beginsel van die Dordtse Kerkorde wat ook Presbiteriaal is." [Du Plessis J A 1925:86] Daarom weier hy om sy kerk te laat tipeer as Independentisties. [Brown 1979:289]

Vorster moes, en was ook bereid om oor hierdie beskuldigings wat heen en weer tussen die Du Plessis's geslinger is vir homself rekenskap van te gee. Dit blyk dat Vorster, alhoewel hy sterk gestaan het op beginsels, tog bereid was om 'n ver pad saam te stap as dit gaan oor eenheid. Uit wat tot dusver van Vorster waargeneem is, is dit duidelik dat hy nie partyskappe in die kerk wou bevorder nie. Hy wou eerder mense oorhaal sonder om hulle af te skrik.

Ongelukkig het langdurige ongesteldheid en siekte hom ingehaal. Ten spyte van sy siekte vind hy tog die geleentheid om te antwoord op die beskuldigings wat ene "Ligsoeker" in Die Kerkbode van 8 Januarie 1936 teen hom ingebring het. Dit laat Koot Vorster o.a. sê: "Vooraf net

dit: ek is nie 'n Dopper nie en verag die insinuasie as sou ons die Ned. Ger. Kerk wil verraai en oorlei na die Gereformeerde Kerk. Ons leef en stry alleen vir die Kalvinistiese leer, omdat dit die skoonste vertolking is van die Evangelie van onse Heiland en Meester."

Hiermee het Vorster in 'n paar woorde sy liefde verklaar vir Calvinisme soos wat hy dit vertolk het. Hy gaan voort om in geen onsekere taal nie te verklaar dat hy die stryd aanknoop teen elkeen wat die waarheid van God sou aantas. Hy stel dit so: ".. en voel ons ons genoodsaak om in opdrag van die Skrif elkeen te bestry wat daardie suiwere waarheid aantas, al staan hy ook in die Ned. Ger. Kerk. Dit gaan immers nie om die handhawing van 'n Kerk nie, maar om die belydenis van die waarheid Gods, die Evangelie van Christus." [Die Kerkbode 1936:186] Hierdie standpunt was sy eerlike siening van Calvinisme en dit sou hy met oorgawe en in die sterkste woorde tot sy beskikking dwarsdeur sy hele bedieningstyd oral stel.

Verderaan in dieselfde brief gee Vorster 'n baie goeie verduideliking van die Calvinisme en heelwat van sy teologiese denke kom ook hierin na vore. Vir 'n beter verstaan van Vorster is dit daarom belangrik om verder na die brief te kyk. Hy skryf: "Nou, is die Kalvinisme en evangelieprediking te versoen? Versoening is nie nodig nie, want die twee is een, en kan nooit met mekaar stry nie. Wie

Kalvinis is, erken die gesag van God oor die hele lewe en buig daarom onvoorwaardelik voor die Heilige Skrif, die ganse Bybel? En omdat Christus, as Verlosser deur Sy soenbloed, die middelpunt van die Skrifte is, daarom wil Kalvinisme niks anders wees as 'n vertolker van die Kruisevangelie van Jesus nie. En daardie Evangelie van verlossing wil hy laat spreek oor die hele mens en al die sfere van die lewe."

Teenoor ander kerke stel Koot Vorster die Calvinisme as volg: "Want oor die eeue heen was dit altyd die Kalviniste wat die Kruisevangelie bely het en uitgedra het tot die wêreld. So het hulle onder die Hoër Hand die Kruisevangelie teen Roomse goeie werkeleer en Modernistiese en Metodistiese selfverlossingsleer verdedig en gehandhaaf. Dit kon hulle doen, omdat hulle deur genade vir genade gepleit het, met die verkondiging van die volle Christus."

Dan kom Vorster se afkeur van enige vorm van kompromie tog ook weer duidelik in hierdie brief te voorskyn as hy sê: "Kalvinisme en Metodisme kan nie sonder prysgewing versoen word nie" en hy dit as volg toelig: " omdat Metodisme die mens met sy behoeftes en wil bokant alles verhef, terwyl die Kalvinisme die wil van God, die Woord van God en die eer van God as die alles-dominerende beskou." [<u>Die Kerkbode</u> 1936:186]

Ter wille van 'n nog beter begrip van Koot Vorster, en veral wat sy latere optredes betref, kan hier nog kortliks verwys word na twee van sy ander lewenslange vriende en vertroulinge t.w. prof. F J M Potgieter en dr. A P Treurnicht. Albei persone was op een of ander stadium predikante in die N. G. Kerk voordat hulle onderskeidelik hoogleraar en politikus geword het.

Prof. F J M Potgieter is in 1907 in dieselfde landstreek as Koot Vorster gebore t.w. Barkly-Oos in die skilderagtige Noordoos-Kaapland. Hy studeer vir 7 jaar aan die Universiteit van Kaapstad waar hy 'n doktorsgraad in die Sielkunde verwerf. Vanaf 1932 tot 1935 is hy 'n student aan die Kweekskool in Stellenbosch. Vanaf 1936 tot 1939 studeer hy aan die Vrije Universiteit van Amsterdam waar hy sy tweede doktorsgraad verwerf met die onderwerp: "Die Verhouding tussen die Teologie en Filosofie by Calvyn." [Botes 1977:5] Hy sou later internasionale bekendheid verwerf vir sy kennis van Johannes Calvyn en die Calvinisme.

Dr. Andries Treurnicht, soos Potgieter, een van Vorster se lewenslange vriende, vertroueling en geesgenoot is 'n boorling van Piketberg. Alhoewel 'n groot distansie hulle ouerhuise geskei het, was die denkklimaat dieselfde. In die voetspore van Potgieter het Andries Treurnicht in 1957 aan die Universiteit van Kaapstad 'n Ph.D verwerf met die

onderwerp: Die verhouding van Staat tot Kerk by dr. Abraham Kuyper. [Treurnicht 1965]

Vorster het hom tuisgevoel in die geledere van Potgieter, Treurnicht, Kuyper, Stoker en andere wat soos hulle gedink en gevoel het. Dit het betekenis vir Vorster se latere optredes. Waar hy beheer gehad het oor sprekers wat moes optree of skrywers wat vir 'n geleentheid moes skryf het hy altyd, soos verwag kan word, teruggeval op sy geesgenote. In sy boek Veelvormigheid en Eenheid wat in 1978 verskyn het, het hy dan ook o.a. vir prof. Potgieter en dr. Treurnicht gevra om hoofstukke te skryf.

12. Verdere vorming in die bediening.

Langdurige en ernstige ongesteldheid het 'n groot impak gehad op die lewe van Koot Vorster. Die beperkinge wat dit meegebring het vir hom, sy huis en arbeid kan moeilik oorskat word. Vir sy later lewe het dit beslis 'n groot rol gespeel. Vir die gemeente was dit 'n groot skok toe hulle verneem dat ds. Vorster se gesondheid dermate verswak het dat hy, binne ses maande nadat hy in die gemeente georden is, onder operasie moes gaan. Die eerste van elf groot en twintig klein operasies o.a. vir probleme met sy gal en lewer is op hom uitgevoer. Soos sy geestelike vader, die kerkhervormer Johannes Calvyn, het die Here hom ook in die jare wat sou volg deur diep waters gelei. Sy vriend, die

bekende chirurg, prof. Francie van Zyl, wat hy as die "beste medikus wat ons volk nog opgelewer het" beskou het [Die Kerkbode 1979:781], het verklaar dat hy, wat Vorster was, 'n invalide sou bly en nooit weer sou kon werk nie. Ander geneeshere het met hierdie bevinding saamgestem. Die gemeente het baie gebid vir hul jong leraar en by die kerkraadsvergadering van Dinsdag 11 Februarie 1936 notuleer die skriba as volg: "De voorzitter spreecht zijn blydskap uit over het weerzien van brs. kerkraadsleden maar zijn leedwezen over de ziekte van ds. Vorster en hoopt dat hy spoedig geheel hersteld in ons midden mag terugkeeren." Ds. Ackermann en br. Smith word aangewys om te sorg vir 'n plaasvervanger solank as wat ds. Vorster afwesig is. Afgesien van ds. Vorster se operasies vir sy gal en lewer, pla sy mangels ook, want br. Van Ryswijk deel die vergadering mee dat, volgens die dokter, die gevaar by ds. Vorster gewyk het, maar dat hy op 'n later tydstip nog 'n operasie aan sy mangels moet ondergaan. Die dokter het ook gesê dat ds. Vorster op vakansie moet gaan. Hierop besluit die kerkraad om die saak aan ds. Vorster self oor te laat.

Ds. Vorster se herstel was in so 'n mate dat hy weer die kerkraadsvergadering van 10 Maart van daardie jaar bygewoon het. "De voorzitter spreecht zijn blijdskap uit over de aanwezigheid van ds. Vorster en hoopt dat hij gesterkt mag worden om de tweede operatie te doorstaan. Op Gods tijd geheel hersteld in ons midden mag terugkeeren." Die

voorsitter sê verder dat hy, na samesprekings met die skriba, prop. Theart 15 pond per maand aangebied het solank as wat ds. Vorster afwesig was. Hierna het ds. Vorster die kerkraad hartlik bedank vir hulle voorbidding en simpatie tydens sy siekte. 'n Rustige tyd is die jong siek leraar egter nie gegun nie, want op dieselfde vergadering kom die Wichtsaal ter sprake. Diaken Van Ryswijk dien 'n voorstel in dat die Wichtsaal, 'n geskenk van mev. Wicht, verkoop moet word indien 'n behoorlike prys gekry kan word en die koper die saal nie vir 'n "anti-Protestantse Christelike doel" sal gebruik nie. Volgens hom is De Nieuwe Kerk finansieël nie in staat om die saal in 'n goeie toestand te hou nie. Daar is volgens hom nie geld om 'n nuwe dak op te sit nie en die saal is in so 'n skandelike toestand dat mev. Wicht, as sy nog sou geleef het, seker spyt sou gewees het dat sy ooit die gebou aan hulle geskenk het. Verder is hy van mening dat De Nieuwe Kerk nie 'n kerksaal nodig het nie en die paar verenigings kan in die konsistorie vergader. Ds. Ackermann, as voorsitter, wys op die sentimentele waarde van die Wichtsaal, maar sê dat hy hom sal berus by die vergadering se besluit. Nadat ds. Ackermann gepraat het, verklaar br. Gobey dat hy nou van gedagte verander het en ook nou teen die verkoop van die saal is. Na 'n lewendige bespreking en repliek, word die voorstel met 10 teenoor 6 stemme aangeneem. Ds. Vorster stem ook vir die voorstel.

Hierdie saak loop egter uit op 'n spesiale kerkraadsvergadering wat op Woensdag 18 Maart 1936 gehou is. Dit is nodig om meer indringend na die gebeure op hierdie vergadering te kyk, aangesien belangrike karaktereienskappe van ds. Vorster hier na vore kom. Die voorsitter, ds. Ackermann, sê die vergadering is belê op versoek van 'n paar broers om uitvoering te gee aan die besluit rakende die verkoop van die Wichtsaal. Allereers word 'n brief van br. Blom voorgelees waarin hy sê dat hy beswaard voel oor die besluit om die Wichtsaal te verkoop en hy hom daarom op die Ring beroep. Die voorsitter oordeel dat na hierdie brief enige verdere bespreking onvrugbaar sal wees. Sy jonger kollega, ds. Vorster, staan egter op 'n punt van orde op en sê die vergadering is belê om te besluit wat die minimum prys van die Wichtsaal is en of die kerkraad dit vir 'n agent wil gee of uit die hand wil verkoop. Hy vra op watter artikels van die Wet br. Blom hom beroep want na sy, Vorster, se mening is die kerkraad "baas in zijn eigen huis". Vervolgens doen hy 'n beroep op br. Blom om sy brief terug te trek, want uit so 'n aksie sal daar niks goeds vir die gemeente kom nie. Br. Blom weier om dit te doen. Hy sê hy kan op die oomblik nie sê watter Wetsartikels hom die mag gee om hom op die Ring te beroep nie, maar hy is verwonderd oor die haas waarmee die verkope hanteer word. Volgens hom is die broers kerkraadslede by die vorige vergadering 'n rat voor die oë gedraai. Op 'n punt van orde eis ds. Vorster die onmiddellike terugtrekking van br. Blom se laaste sin. Ds.

Vorster dien 'n voorstel in wat deur br. Rosing gesekondeer is en wat sê dat die Wichtsaal nou op die mark is en dat 'n minimum prys van 4 000 pond vasgestel word en die verkoop daarvan in die hande van 'n agent geplaas word. Br. Blom trek die woorde terug, maar meen tog dat verskillende broers onder 'n verkeerde indruk is. Hierop reël die voorsitter ds. Vorster se voorstel buite orde want br. Blom se brief veroorsaak dat die Wichtsaal se verkoop al dan nie nou hangende is. Br. Rabe doen vervolgens 'n persoonlike aanval op ds. Vorster en die voorsitter reël hom buite orde. Nadat br. Du Toit ook protes aanteken teen die verkoop van die Wichtsaal, versoek die voorsitter ds. Vorster en sy sekondant om hulle voorstel terug te trek. Hulle doen dit dan ook uit praktiese oorweging. Die besluit om die Wichtsaal te verkoop bly egter staan totdat die Ring uitspraak gegee het. Op 'n vraag van ds. Vorster of die kerkraad nou die beklaagde is daar die minderheid die klaer is, antwoord die voorsitter bevestigend.

Intussen bly Vorster ook nog baie besig, soos sy gewoonte in latere jare ook was, om briewe aan die kerkblaaie en nuusblaaie te skryf indien hy dit nodig gevind het. Hierdie keer het dit oor die Calvinisme en die CSV gegaan. Dit het hy gedoen ten spyte van sy swak gesondheid en werkslas as mede-leraar in De Nieuwe Kerk. Wanneer Die Kerkbode in sy redaksionele kolomme melding maak van 'n moontlike bedreiging wat 'n paar jong manne, waarby Vorster ingesluit

is, vir die CSV inhou antwoord Vorster en sy geesgenoot en vriend die latere prof. F J M Potgieter met 'n brief in Die Kerkbode van 18 Maart 1936. In hierdie brief beklemtoon hy, getrou aan sy aard, sy weerstand teen kompromie-vorming, sy eerbied vir God se Woord en sy liefde vir die kerk se Belydenisskrifte as hy skryf: "Die genoemde studente beoog 'n groter beklemtoning van die konfessionele element as wat tans in die CSV [kragtens die huidige konstitusie] kan geskied. Met dit voor oë sou hulle graag sien dat die federasie-gedagte meer konsekwent in die CSV van SA deurgevoer word, m.a.w. dat lede uit die verskillende kerkgenootskappe nie in noue, uniale verband tot mekaar sal staan nie, maar dat 'n skeiding tussen Arminiaans- en Kalvinisties-gesinde lede aangebring sal word; verder dat elkeen van die afdelings die Woord van God, soos geinterpreteer deur hul respektiewe belydenisskrifte, tot grondslag sal hê." Vorster was dus bewus van die gevaar van verenigings binne die kerk en dat dit met omsigtigheid hanteer moet word. Dit kom na vore as hy verder sê dat al die vergaderings van die onderskeie afdelings plaaslik onder die beskerming van die plaaslike kerkraad sal plaasvind. Hierin bly hy getrou aan die feit in die kerkreg wat die plaaslike kerkraad tot sy reg laat kom. Verderaan in dieselfde brief voorsien hy dat die onderskeie afdelings soms saam sal vergader om "hul broederliefde teenoor mekaar te betoon en om sake van gemeenskaplike belang te bespreek". Maar, tiperend van Vorster se gehoorsaamheid aan die kerk se

leer, beveel hy ook afsonderlike byeenkomste, Bybelstudie-handleidings ens. aan om te sorg dat elke afdeling op sy eie grondslag kan staan en beginsels nie verflou en deurmekaar vloei nie. Hy sluit af: "Al eenheid wat Hom tot lig kan strek, is 'n prinsipiële eenheid gefondeer op SY onfeilbare Woord, en hiervoor moet 'n mensverankerde getalle-eenheid [hoe goed dit ook bedoel mag wees] wyk. Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid in der ewigheid." [Die Kerkbode 1936:582-583]

By die vergadering van die kerkraad op 7 April tree br. Rosing op die kerkraad se versoek op as voorsitter daar ds. Ackermann siek is. Br. Blom sê by die vergadering dat hy nie die uitdrukking "rad voor de ogen" teruggetrek het by die vorige vergadering nie. Hy neem die skriba kwalik dat hy nie opgeteken het wat hy gese het nie. Die voorsitter, br. Rosing, vra br. Blom om die uitdrukking "rad voor die oë" terug te trek---te meer met die oog op die eerskomende Nagmaalbediening. Blom was nie gewillig om dit te doen nie en beskuldig die skriba van eensydige notulering. Van Ryswijk sê hy het reeds aan die skriba meegedeel dat hy nie die vrymoedigheid het om aan die komende Heilige Avondmaal deel te neem nie.

Later in die vergadering blyk dit dat br. Blom nog nie die saak by die Ring aanhangig gemaak het nie. 'n Brief van br. Van Ryswijk word gelees waarin hy te kenne gee dat diegene

wat teen die verkoop van die saal is met 'n lysie in die gemeente rond gaan om ondersteuning te werf. Br. Blom beskuldig weer die meerderheidsgroep dat hulle met lyste rondloop en dat die skriba en sy vrou hieraan meedoen.

By die vergadering van 12 Mei is beide die leraars weer op hul pos. Met die aanhoor van die notule, merk ds. Vorster op dat hy met verwondering hoor dat br. Blom die gewraakte uitdrukking "rad voor de ogen draaien" nie teruggetrek het nie. Hy sê hy was onder die indruk dat dit wel gedoen was anders, sê hy, sou hy nie daarmee genoeë geneem het nie. Ds. Ackermann, brs. Rosing en Van Ryswijk sê hulle was ook onder daardie indruk. Hierop vra ds. Vorster vir br. Blom om die woorde terug te trek, waarop br. Blom antwoord dat hy geen kwaadwilligheid by die meerderheid in sy gedagte gehad het toe hy die woorde gebesig het nie. Na hierdie verduideliking van br. Blom aanvaar ds. Vorster dat die woorde teruggetrek is en is hy tevrede.

Die probleem rondom Blom en die skriba vlam weer op toe 'n brief van die skriba gelees word waarin Blom hom van eensydige notulering beskuldig. Ds. Vorster versoek Blom om dit te bewys of terug te trek. Hy sê die soort van beskuldiginge mag nie geskied sonder bewyse nie. Blom sê hy het dit nie so kwaad bedoel nie en sal in die toekoms versigtiger wees. Die skriba neem genoeë hiermee. Die voorsitter stel vervolgens die revisie van br. Van Reenen

aan die orde. Br. Van Reenen versoek br. Blom om die revisie m.b.t. die verkoop van die Wichtsaal in te lei. Voordat br. Blom dit kan doen, wys ds. Vorster hom op die rondgaan van 'n petisie.

Vorster het siekerig gebly maar voortgebeur en in Die Kerkbode van 13 Mei 1936 lui 'n berig dat prop. F J E Theart, wat vir twee maande in De Nieuwe Kerk gehelp het tydens Vorster se siekte, "vry is om ander werk te onderneem." [Die Kerkbode 1936:930]

Maar die beterskap was van korte duur, want op die 26ste Mei word 'n Spesiale kerkraadsvergadering in De Nieuwe kerk gehou om 'n plaasvervanger vir die siek ds. Vorster aan te wys: "Een ingekomen brief van Ds. Vorster wordt nu voorgelezen waarin hij mededeelt afstand te doen van zyn salaris voor agerende maand. Unaniem wordt besloten dit aanbod niet aan te nemen. Een brief van Dr. Steenkamp wordt voorgelezen, Deze geeft te kennen dat Ds. Vorster nog steeds in levensgevaar verkeerd en als zijn te kennen geeft dat Ds. Vorster zeker niet voor einde Augustus 1936 zijn werk sal kunnen aanvaarden. Br. v. Ryswijk deelt mede dat er misschien nog een operatie zal moeten geschieden. Ds. Vorster zelf zou graag zien dat Eerw. Prop. Strumpher zijn plek moet innemen daar Prop. Theart nu bezet is." Na heelwat bespreking het die vergadering toe wel op prop. Strumpher besluit en ook op die traktament van vyftien pond per maand. In dieselfde vergadering merk br. Gobey op dat "lysten in de gemeente rondgaan voor de uitgaven te dekken van Dokters en

hospitaalrekening van Ds. Vorster. Hij vraagt of dit niet met toestemming van den kerkeraad moest geschieden. Verschillende Brs. antwoorden Br. Gobey op bevredigende wijze."

In Die Kerkbode van 3 Junie 1936 word berig dat ds. Vorster van De Nieuwe Kerk Kaapstad na sy tergkeer van siekverlof weer ernsig siek geword het en dat sy toestand besorgdheid wek. [Die Kerkbode 1936:1086]

Tydens 'n gewone kerkraadsvergadering van Dinsdag 9 Junie 1936 neem die vergadering kennis van prop. Strumpher se bereidwilligheid om tydens ds. Vorster se afwesigheid in die gemeente te kom werk.

Die Kerkbode het in hierdie tyd baie oor Vorster se siekte gerapporteer. So verskyn daar ook 'n berig in die blad se uitgawe van 17 Junie 1936: "Die deel van die gemeente wat vir godsdiensoefening byeenkom in die Buitekantstraat is jarelank bearbei geword deur emeritus-predikante wat in die Kaapstad woon. By die stigting van die kerkgebou was die dienste gewoonlik in Engels gehou maar in die laaste tyd het soveel Afrikaners in hierdie wyk ingetrek dat die taal van die prediking nou heeltemal verander is. Die werk het wonderlik uitgebrei en die kerkraad was verplig om 'n afsonderlike predikant aan te stel. Ds. J.D.Vorster het die eerste beroep aangeneem en is in Augustus 1935 hier georden.

Van daardie tyd af het ruim honderd lidmate uit ander gemeentes hier by ons aangesluit. Ongelukkig is ds. Vorster vier maande gelede baie ernstig siek geword, en moes twee gevaarlike operasies ondergaan. Tussen die eerste en tweede operasie het hy probeer om sy werksaamhede te hervat, maar het in die Sondagskool so siek geword, dat hy vir die tweede maal na die hospitaal vervoer moes word. Sy laaste preek op daardie Sondag was oor die val van Adam en Eva in die paradys, toe hulle verlei geword is deur die slang. Ons is bly om te kan meedeel dat Ds. Vorster mooi beter word. In die tussentyd word die dienste waargeneem deur proponent Strumpher van Stellenbosch. Die Pinksterbidure is waargeneem deur Ds. Becker en Ds. Van Lingen. Ons is baie dankbaar vir al die hulp wat ons gekry het, terwyl die leraar in die hospitaal verkeer." [Die Kerkbode 1936:1182]

Kort daarna moes ds. Vorster egter weer hospitaal toe. Tydens die kerkraadsvergadering van Dinsdag 14 Julie 1936 het br. Van Ryswijk die vergadering meegedeel dat ds. Vorster vroeër die dag 'n operasie ondergaan het wat volgens die dokter bevredigend geslaag was. Die Kerkbode berig hieroor as volg: "Ds. JD Vorster, tweede leraar van De Nieuwe Kerk, Kaapstad, is nog steeds onder doktersbehandeling. Hy bevind hom nou in die Volkshospitaal, Kaapstad om die nodige kragte te versamel ten einde nogeens 'n operasie - die vyfde - te ondergaan. Ons verstaan dat hierdie operasie 'n baie ernstige is, en die beproefde

broeder maak aanspraak op die voorbidding van Gods volk. Hy het gedurende die laaste maande deur diepe waters gegaan, en soms is daar aan sy lewe gewanhoop, maar God is hom genadig gewees en het uit duisternis en swakheid hom telkens tot die lig opgebring en hom weer vryelik doen asemhaal. Mag die Hemelse Vader sy lewe genadiglik spaar, hom die kragte ten volle teruggee en hom rykelik met Sy genade begiftig tot Sy eer." [Die Kerkbode 1936:94]

Soos Die Kerkbode berig het, is daar inderdaad vir sy lewe gevrees en in so 'n mate dat mense die ergste verwag het. Op 19 Julie 1936 het die redaksie van die Kaapse koerant Die Burger 'n doodsberig voorberei en opgestel en vir die nagredaksie gegee vir publikasie indien ds. Vorster die nag sou sterwe. Hierdie persklaar doodsberig is natuurlik nooit geplaas nie en is deur die koerant aan dr. Vorster gegee by sy laaste en finale afskeid van die gemeente Tafelberg.

Die doodsberig wat toe nooit gepubliseer is nie lui as volg:

> "Ds. Vorster, mede-leraar van die Nieuwe Kerk, Kaapstad is na 'n lang siekbed in die Volkshospitaal in die ouderdom van ....jaar oorlede. In die afgelope vyf maande het die oorledene se gesondheid veel te wense oorgelaat en moes hy 'n aantal operasies ondergaan. Sy toestand het weinig verbeter, en Dinsdag is hy genoodsaak om weer 'n ernstige

operasie te ondergaan. Sy kragte het daarna vinnig afgeneem en .............is hy oorlede.

Ds. Vorster was ongetroud en het aan die einde van 1934 sy proponentseksamen aan die Kweekskool voltooi, waarna hy tydelik in die gemeente Prins Albert werksaam en later na Kaapstad beroep is. Ongeveer drie maande na hy sy werksaamhede in Kaapstad aanvaar het, het sy gesondheid afgeneem en moes hy van tyd tot tyd in die hospitaal opgeneem word vir operasies.

Die oorledene is in Grahamstad gebore, waar sy weduwee-moeder tans nog woonagtig is. Sy vader het hom ongeveer 'n jaar gelede in die dood vooruitgegaan.

Na hy sy skoolloopbaan in Grahamstad voltooi het, is ds. Vorster na Stellenbosch waar hy sy universiteitsopleiding ontvang het, en later student aan die Kweekskool was.

Ds. Vorster het hom besonder beywer vir die saak van die Calvinisme en het in sy studentejare reeds 'n leidende aandeel geneem in die bedrywighede van die Calvinistiese

> Bond. Hier in Kaapstad het hy hom ook vir die saak beywer en was ook veral 'n groot voorstander van Christelik Nasionale onderwys."

(In hierdie doodsberig is telkens verkeerdelik na Grahamstad verwys in plaas van Jamestown)

Hierdie doodsberig, wat Vorster beweer hy gesien het terwyl hy "dood verklaar is", was toe gelukkig nie nodig om te publiseer nie. In Cronje se woorde het Vorster bygekom - "nadat sy lewe vir 'n paar dae aan 'n draadjie gehang het, was die ergste gevaar verby." (Cronje 1978:14) Nog 'n operasie was egter om die draai. Die Kerkbode van 22 Julie berig: " Ds. J D Vorster - Die vyfde operasie in enige maande se tyd is verlede week op hierdie broeder leraar van die Nieuwe Kerk, Kaapstad, in die Volkshospitaal met sukses gedoen. Daar was wel grote besorgdheid, maar die Heer het genadiglik veler gebede vir Sy kneg verhoor." [Die Kerkbode 1936:140] 'n Week later was daar weer 'n berig: "Kranke evangeliedienaars - Ds. J D Vorster, wat in dieselfde hospitaal [Volkshospitaal] onder ernstige operasie was, is nog daar. Hy vorder mooi onder omstandighede. Ons lesers sal tog ook aan hom in hulle gebede dink." [Die Kerkbode 1936:186]

'n Verdere berig lui: "De Nieuwe Kerk, Kaapstad - Hierdie gemeente het vir 'n tydlank onder 'n donker wolk verkeer weens die ernstige siekte van sy mede-leraar, ds. J D Vorster. Ongeveer twee weke gelede het hy weer 'n baie delikate operasie ondergaan, maar dit het die Here behaag om andermaal sy lewe te spaar. Vir die teenswoordige is sy lewe buite gevaar en maak hy betreklik goeie vordering. Waarskynlik sal hy vroeg in Augustus die hospitaal kan verlaat, maar dit sal nog etlike maande duur alvorens hy sy werksaamhede kan hervat. Intussen treë Prop. J P Strumpher op as sy plaasvervanger. [Die Kerkbode 1936:189]

By die Kerkraadsvergadering van Dinsdag 18 Augustus 1936 is ds. Vorster nog steeds siek en prop. Strumpfer se tyd van einde Augustus amper verstreke. Kennis word geneem van die goeie werk wat prop. Strumpher in die afwesigheid van ds. Vorster in die gemeente doen en daar word, met 'n meerderheid van stemme, besluit om hom te versoek om langer in die gemeente aan te bly.

In die afwesigheid van ds. Vorster spreek die kerkraad geldelike probleme aan wat intussen ontstaan het en word die Wicht-saal onder meer bespreek. Sommige mense soos br. Van Ryswijk en nog 'n paar ander kerkraadslede wil die saal verkoop terwyl lede soos ds. Ackermann nie wil verkoop nie. Van Ryswijk lê by die Kerkraadsvergadering van 18 Augustus 1936 nie minder nie as twaalf redes aan die vergadering voor

ter ondersteuning van sy standpunt dat die saal verkoop moet word. Die beroep van ds. Vorster as tweede leraar is nie die oorsaak van die geldelike probleem nie, alhoewel ds. Ackermann tog dit nodig vind om te vra waarom 'n tweede leraar [ds. Vorster] beroep is as die Kerkraad nie met die betaling kon volhou nie. Verder word ook gevra waarom 'n proponent [Strumpher] teen vyftien pond 'n maand as plaasvervanger vir ds. Vorster aangestel is terwyl ander predikante dieselfde werk sou kon verrig teen vyf of ses pond per maand. Die Wicht-saal se verkoop al dan nie het later die gemoedere sodanig laat oplaai dat 'n skeuring in die gemeente gedreig het. Op die Kerkraadsvergadering van 18 Augustus besluit die Kerkraad met 'n meerderheid van 10 stemme teenoor 3 stemme om wel die saal te verkoop.

Die Gereformeerde Vaandel het in sy uitgawe van September 1936 ook 'n berig geplaas oor ds. Vorster se krankheid en sy operasie van 13 Julie. Die blad maak melding van die feit dat dit Vorster se 4de operasie in 5 maande was en wens hom sterkte toe. [Die Gereformeerde Vaandel Deel 4 No 9 1936:282]

Ds. Vorster het dermate herstel dat hy op Dinsdag 8 September 1936 die hospitaal kon verlaat. Anders as wat 'n mens sou verwag van iemand wat na so 'n ernsige siekte ontslaan word, het hy nog dieselfde aand 'n Gekombineerde en Gewone Kerkraadsvergadering bygewoon. As hierdie optrede van

hom mense verbaas het, was die feit dat hy so goed voorbereid na die vergadering gekom het nog meer verbasend. Dit het tydens die vergadering duidelik geblyk. Hierdie optrede van hom herinner 'n mens ook aan die bundel Veelvormigheid en eenheid wat hy in 1978 vanuit 'n hospitaalbed geinisieër, saamgestel en geredigeer het. Laasgenoemde boek se verskyning kon volgens hom nie langer wag nie en daarom het hy vanuit die hospitaal die onderskeie skrywers genader met die versoek om bydraes. [Vorster 1980] Uit sy optrede is dit baie duidelik dat Koot Vorster 'n geweldige wilskrag en stamina geopenbaar het wanneer hy gevoel het dat 'n "saak" angespreek moes word. Die indruk wat 'n mens kry is dat hy soms nie meer kon wag om uit die hospitaal ontslaan te word nie, omdat hy geweet en geglo het dat sy mense hom nodig het. 'n Mens kan ook nie anders as om te wonder of die langdurige siekte en baie operasies nie minder sou gewees het as dit nie was vir hierdie trek van indiwidualisme en "eiesinnigheid" wat hy ook geopenbaar het nie. Aan die ander kant was dit ook weer seker so dat dit juis sy sterk geloof en wilskrag was wat hom telkens, teen menslike verwagting in, weer uit die hospitaalbed laat opstaan het. Dit sou alles 'n bydrae lewer om hom as "geroepene vir sy volk" nog sterker en meer vasberade te maak om sy standpunte uit te dra.

By hierdie vergadering van 8 September het die voorsitter, ds. Ackermann, vir ds. Vorster in die besonder by die

vergadering verwelkom en terselfdertyd aan die vergadering meegedeel dat hy prop. Strumpher verlof gegee het om die vergadering as belangstellende by te woon. Ds. Vorster het soos 'n gesonde mens opgetree en die verkoping van die Wicht-saal ter berde gebring.

Terwyl hy in die hospitaal was het 'n kerkraadslid, wat by die vergadering van 18 Augustus teen die verkoop van die Wicht-saal was, ene Blom, hom op die Ring beroep. "Ds. Vorster vraagt of die notulen juist zijn waarin vermeld wordt dat Br. Blom zegt dat hy geweten heeft, dat de Ring geen zeggenskap heeft inzake verkoop eigendommen toen hij zich op den Ring heeft beroepen." Wanneer hy bevestiging vir sy vraag ontvang, gaan hy voort en "wijst hy daarop dat dit dan in stryd is met het klachtskrift door minderheid ingezonden. Ds. Vorster sekondeer vervolgens 'n voorstel van br. Rosing wat lui dat die Wicht-saal op 'n openbare verkoping verkoop sal word. "Ds. Vorster bedankt de Voorzitter voor zijn succesvolle onderhandelingen met stadsraad." Tipies van Koot Vorster se goeie voorbereiding voor vergaderings, al was dit vanuit die hospitaal, word daar vervolg: "Hij heeft de heele geschiedenis van Nieuwe Kerk Werkgezelschap en Strewers uit Notulenboeken nagegaan waaruit zeer duidelijk blijkt dat de Kerkeraad eigenaar is [van die Wicht-saal.] Wanneer hij door documenten overtuigd wordt dat dit gebouw aan Strewers behoort moet de geheele verkoopsom naar die vereniging gaan, zoo niet moet al het

geld in de kerkekas komen. Nu steldt hy voor dat de bestaande commissie uitgebreid wordt en nogmaals een onderhoud met de Strewers heeft om tot een oplossing te komen." Hierdie voorstel is aanvaar en is ds. Vorster se naam ook onder diegene wat bygevoeg is. Rosing vra die vergadering wanneer die verkoopsom uitbetaal word waarop die voorsitter antwoord dat dit sal geskied sodra die dokumente in sy besit onderteken is. Blom stel hierop voor dat die dokumente onderteken word. Vorster se hy sal die voorstel sekondeer met die voorwaarde dat 'n bedrag van 300 pond afgelos word by die Kerkkantoor en die balans by 'n bank gedeponeer word totdat die strydvraag omtrent die eienaarskap van die Wicht-saal uit die weg geruim is.

Intussen bedank ds. Vorster die lesers van Die Kerkbode vir hulle belangstelling tydens sy siekte: "Ds. J D Vorster, leraar van die Nuwe Kerk, Kaapstad, wat al 'n geruime tyd krank was, skryf nou as volg: "Nog nie volkome herstel nie, maar onder 'n oorweldigende gevoel van dankbaarheid en vreugde en met 'n skoner toekoms voor my, kon ek Dinsdag 8 September die Kaapstadse hospitaal verlaat. Daarvoor wil ek die Naam van die Here loof. In benoudhede is Hy baie beproef. My siel maak groot die Here. Daarby wil ek langs hierdie weg my innige dank betuig aan my kerkraad en gemeente, die dokter, die hospitaal-personeel en die vele vriende, bekend en onbekend wat met woord en daad, met belangstelling en voorbidding soveel vir my gedoen het. Al

die gebede is heerlik verhoor en die belangstelling was vir my 'n moedgewende krag, wat my met blye dankbaarheid vervul het. Baie dankie. Laat ons altyd vertrou op die Here, want in die Here Here is 'n Ewige Rots!" [Die Kerkbode 1936:536]

Ds. Vorster was egter nog nie heeltemal gesond nie want tydens 'n Kerkraadsvergadering op 6 Oktober 1936 vertel hy aan die vergadering dat die dokter hom verbied het om te werk. Hy sê ook verder dat hy nog baie moeilik loop en dat 'n verdere operasie gedurende Januarie of Februarie gedoen sal moet word. Ten spyte van sy siekte werk hy voluit en spandeer hy baie tyd aan die sake van die Kerkraad en in besonder die verkoop van die Wicht-saal.

Op die kerkraadsvergadering van 10 November 1936 word die kerkregtelike se stem gehoor as ds. Vorster voorstel dat slegs voorstelle, besluite, ammendemente, kennisgewings van voorstelle en aanbevelings genotuleer word. Later sou Vorster self hierdie advies gebruik toe hy vir jare as Skriba van die Ring dien. Verder deel hy ook die vergadering mee dat daar op die eerskomende Saterdag definitief besluit sal word watter grond geskik is vir die oprigting van'n kerkgebou. So bly hy onder moeilike omstandighede hard aan die werk en word dit waardeer want Van Ryswijk gee kennis van 'n voorstel wat by die volgende vergadering moet dien en wat oor hul siek predikant se salaris handel. Die voorstel behels dat die Kerkraad ds. Vorster se salaris verhoog tot

die minimum van 400 pond per jaar soos wat die kerkwet bepaal en dat die voorsitterskap van die kerkraad ook sal afwissel. Oor onreëlmatighede met die kollektelyste stel ds. Vorster voor dat die kassiere geen geld in ontvangs moet neem sonder die lys nie en by die laaste inbetaling moet die lys ook afgegee word. Sy voorstel word eenparig aangeneem.

Desember 1936 het aangebreek en Vorster het teruggekyk op 'n baie moeilike jaar. Aan die een kant was daar by hom die begeerte om as jong predikant berge te versit, en hy het ook hard gewerk wanneer hy gesond was. Aan die ander kant was die jaar gekenmerk deur sy lang tye in die hospitaal en sy ernstige en groot operasies. Die jaar waarin die verwagting was dat hy sou sterf. In hierdie trant het Die Kerkbode dit ook gerapporteer: "De Nieuwe Kerk, Kaapstad - Gedurende die afgelope jaar het daar nog maar steeds 'n wolk oor hierdie gemeente gehang weens die krankheid van die mede-leraar, ds. J D Vorster. Deur die genade van die Here was hy in staat om darem die sittings van die Sinode by te woon. Hy is tans op vakansie, en indien daar geen onvoorsiene kentering in sy gesondheidstoestand kom nie, hoop hy om vanaf Januarie aanstaande sy werk te hervat. Daarvoor wil ons die Here al die dank bring, en vertrou dat Hy ons geliefde leraar na ons sal terugbring met nuwe krag en ywer. Veel is vir hom in al die maande gebid, en ons weet: God hoor die gebed." [Die Kerkbode 1936:1107]

Ouderling Van Ryswijk se voorstel oor ds. Vorster se salaris en die afwisseling van die voorsitterskap by kerkraadsvergaderings kom by die kerkraadsvergadering van 8 Desember 1936 op die tafel en word met 'n meerderheid van stemme aanvaar. 'n Ongemaklikheid bestaan tussen ds. Vorster en ouderling Blom sodat lg. op hierdie vergadering 'n ammendement voorstel waarvolgens Vorster se salaris eers later in werking sal tree. Gelukkig vir Vorster word dit afgestem. Daar word op hierdie vergadering besluit dat die kwessie van grond vir die bou van 'n kerk eers sal wag totdat ds. Vorster weer gesond is. Dit moet net aangeteken word dat Vorster, vanweë sy swak gesondheid, selfs teen die einde van 1936 nog nie in 'n pensioenfonds kon deel nie.

Die gemeente was bly dat hulle jong leraar weer op sy pos was alhoewel hy nog baie swak was. Die feit dat hy weer die hospitaal kon verlaat is allerweë as 'n wonder beskou deur die spesialis en gemeente. Sy begeerte om na Holland te gaan vir verdere studie is egter deur sy siekte in die wiele gery. Hy het as gelowige dit alles egter aanvaar en daarin berus. Soos hy ook self verklaar het: "Tog was die Here so goed vir my dat ek net vir die res van my lewe verbande moet dra." Dit sou werklik so wees. Tot by sy dood, sou hy elke dag nie die huis kon verlaat voordat hy eers sy hele bolyf styf toegedraai het met verbande nie. So het hy op die kansel gegaan, agter kateders gestaan, die talle

vergaderings bygewoon en huisbesoek gedoen. Iets wat baie mense nooit van geweet het nie. As gevolg van al die operasies wat hy ondergaan het, het sy maag later soos 'n padkaart gelyk - snymerke wat kruis en dwars oor sy maag gelê het met 'n naeltjie wat "off centre" was, soos hy altyd spottend daarna verwys het!

Tydens die kerkraadsvergadering van die 12de Januarie 1937 open ds. Vorster as voorsitter die vergadering met die lees van Psalm 23 en gaan in gebed voor. Hy vra namens die Calvinistiese Bond om die Hertzog-saal te mag gebruik vir hulle vergadering. Die vergadering staan dit toe. Hy merk ook teenoor die vergadering op dat daar 'n bedrag van 800 pond in die bank lê. Hy sou wou sien dat dit vir beter rente vasbelê word. Die vergadering het dit toegestaan en besluit dat dit voorlopig by Sasbank belê sal word.

Tydens hierdie vergadering word Vorster ook op die Dingaansfeeskommissie verkies. Voortaan sou hy meer betrokke raak by die kulturele lewe van die Afrikaners in Kaapstad. By hierdie vergadering, waar Koot Vorster die voorsitter is, "vraagt en ontvangt br. Theunissen inlichting omtrent onze verhouding tegenover leden wat naar sectes overgaan. Ds. Vorster antwoordt dat zulke menschen na beaarbeiding onzer zijdes geschrapt moeten worden als leden onzer gemeente." Oudl. Blom het ook namens die kerkraad hulle hartlike blydskap en dankbaarheid teenoor die Here uitgespreek vir

ds. Vorster se beterskap en hoop dat die Here sy arbeid sal seën. Ds. Vorster bedank die kerkraad vir die wense en vir die salarisverhoging.

Op Sondag 24 Januarie 1937 word daar geskiedenis gemaak in De Nieuwe Kerk. Die notule van die Gekombineerde en Gewone kerkraadsvergadering van 9 Februarie verwys na hierdie geskiedkundige gebeurtenis: "Br. le Roux spreekt zijn blydschap uit en wil genotuleerd zien dat het Heilige Avondmaal formulier voor de eerst maal in't Afrikaans op Zondag 24 Januarie 1937 door ds. Vorster in de Nieuwe Kerk gelezen is. Ook stelt hij voor twee Afrikaanse formulier-boeken aan te kopen. Aldus besloten." Terselfdertyd gee hy ook kennis van 'n voorstel wat hy by die volgende vergadering sal indien waarvolgens die Afrikaanse Bybel voortaan op die kansel gebruik sal word.

Op die Gewone en Gekombineerde Kerkraadsvergadering van 9 Februarie 1937 neem ds. Vorster as voorsitter waar. Hy open die vergadering deur te lees van 1 Tim. 4 vanaf vers 6 en doen 'n gebed. Vervolgens versoek hy 'n paar persone om in gebed voor te gaan. Hy lees daarna artikel 18 sub 6 voor wat handel oor die verkiesing van kerkraadslede en wys daarop dat daar 'n ouderling vir die Hertzog-saal wyk gekies moet word. Die voorstel van br. Blom, waarvan hy op die vorige vergadering kennis gegee het, kom op die tafel. Die voorsitter, ds. Vorster reël egter vir br. Blom buite orde

en lees artikel 16 sub 26 voor. Hierop protesteer Blom teen die reëling van die voorsitter want hy sê hy verskil met die uitleg wat Vorster gegee het. Die voorsitter het hierna ds. Ackermann se advies gevra. Ds. Ackermann het verduidelik en gese dat "naar de eigen woorden van Br. Blom en toentertyd geen secodant voor die voorstellen geweest is en derhalwe niet als 'n voorstel bescouwd kan worden. Hy doet een beroep op Br. Blom om die zaken terug te trekken. Genoemde Br. willigt in." Op versoek van Blom gee ds. Vorster inligting omtrent die onderhandeling met die erfgename van die Hertzogsaal-trust.

By die volgende vergadering, 'n Gekombineerde en Gewone kerkraadsvergadering, wat op 2 Maart 1937 gehou word dien br. Le Roux se voorstel oor die gebruik van die Afrikaanse Bybel dan ook. Die voorstel word eenparig aanvaar met dien verstande dat besoekende leraars self kan kies waaruit hulle wil lees.

Soos by die vergadering van 2 Maart doen ds. Vorster, as voorsitter van die Hertzogsaal-kommissie, weer verslag by die Kerkraadsvergaderings van Dinsdag 13 April en Dinsdag 18 Mei 1937. Daar is groot waardering vir die werk van die kommissie in die verband. Daar is vordering ook want by die vergadering van die 18de Mei deel ds. Vorster die vergadering mee dat nog slegs gewag word op toestemming van enige van die erfgename voordat die saak na die

Hooggeregshof sal gaan. Ds. Vorster maak ook verder bekend dat die Transport van die Wichtsaal binnekort op die nuwe eienaar oorgedra sal word. Hy maak ook van die geleentheid gebruik om ds. Ackermann, wat intussen betrokke geraak het op die Vertalingskommissie vir die vertaling van die Gesange, te bedank vir sy beloofde skenking van 'n Afrikaanse Kanselbybel.

Aangesien ds. Ackermann by die kerkraadsvergadering van 13 April siek was het Vorster weer die voorsitterstoel ingeneem. Nadat hy Psalm 17 voorgelees het, het hy in gebed voorgegaan. Hy doen ook weer verslag oor die Hertzogsaal. Br. Theunissen raak 'n kerkregtelike punt aan as hy die vergadering vra of die laaste voorstelling van kerkraadslede in De Nieuwe Kerk nie onreëlmatig was nie aangesien nog ds. Vorster, as agerende voorsitter van die kerkraad, nog enige ander kerkraadslid van die Hertzogsaal-wyk daarvan geweet het. Ds. Vorster, as voorsitter, sê hy beskou dit nie as onreëlmatig nie, maar hoop dat dit nie weer in die toekoms sal gebeur nie. Miskien sou 'n mens 'n ondubbelsinnige ja of nee hier van Vorster verwag het. Hierdie optrede van hom hou waarskynlik verband met dit wat vroeër reeds gesê is, nl. dat hy deurgaans probeer het om nie 'n breker/skeurder te wees nie, maar mense bymekaar te hou. Die verkeerde wel aan te spreek, maar terselfdertyd met 'n genadige oog te kyk en vorentoe te beweeg.

Met die krankheid altyd nog teenwoordig, vra ds. Vorster ook dat sy jaarlikse vakansie aan hom toegestaan sal word om vanaf die helfte van Junie te strek sodat hy gedurende sy vakansie onder operasie kan gaan. Hierdie versoek van hom word op die volgende kerkraadsvergadering en wel die een van Dinsdag 8 Junie toegestaan op 'n voorstel van diaken Smith. Namens die kerkraad wens ouderling Blom vir ds. Vorster sterkte toe met die komende operasie en sê hy hoop dat dit die laaste operasie sal wees wat hy moet ondergaan. Op 'n vraag van ene Carstens sê ds. Vorster dat hy Teologiese Kandidate kan kry om gedurende sy afwesigheid vir hom by die eredienste op Sondae in te staan en wel teen 'n vergoeding van 1 pond per preek. Ds. Van Lingen sal teen 50 sjielings 'n keer vir bidure beskikbaar wees. Dit word so deur die vergadering besluit. "Mag diaken Brand op die kerkraad aanbly as hy as koster aangestel is?", is die vraag wat gevra word op die kerkraadsvergadering van 8 Junie 1937. Vreemd genoeg gee die kerkregtelike kenner, ds. Vorster, nie 'n antwoord nie maar stel voor dat die skriba oor hierdie aangeleentheid skriftelik advies inwin van die aktuarius, ds. Mentz van die Paarl en ds. Pienaar, skriba van die Regskommissie. Dis nie seker hoekom Koot Vorster so gereageer het in hierdie oënskynlik maklike saak nie. Dis onwaarskynlik dat hy self nie sou geweet het wat om in sulke omstandighede te maak nie. 'n Ander moontlikheid is dat die kerkraad nie sy advies wou aanvaar nie, of dat hy die kerkraad vroegtydig wou wys op die belangrikheid van die

kerkorde en kerklike bestuur - al sou dit nodig wees om advies in te win van die Regskommissie.

Op die gewone kerkraadsvergadering van 13 Julie 1937 maak die voorsitter, ds. Ackermann, verskoning vir ds. Vorster. wat nog siek is, maar hy maak darem met blydskap bekend dat ds. Vorster reeds die "ziekenhuis verlaten heeft." Briewe van di. Mentz en Pienaar word ook vervolgens voorgehou waarin hulle sê dat die Kerkwet nie vir br. Brand verbied om 'n diaken te bly terwyl hy koster word nie, maar dat hulle glo dat dit onwenslik is om die twee poste saam te beklee. Met ds. Vorster afwesig, besluit die vergadering om die Rosestraat-saal se bespreking te laat oorstaan na die volgende vergadering.

Ds. Vorster het na die operasie weer dermate herstel dat hy die kerkraadsvergadering van 10 Augustus kon bywoon. Hy open die vergadering met die lees van Ps. 95 voordat hy in gebed voorgaan. "Ds. Ackermann spreekt namens den Raad zijn blijdskap uit dat Ds. Vorster in zooverre hersteld is dat hij de Voorzitterstoel kan innemen", lui die notule van hierdie vergadering. En verder aan: "Ook stelt Br. Smith voor het bedrag wat Ds. Vorster uit eigen zak aan plaatsvervangers betaald heeft uit de kerkekas aan hem terug te betalen. Br. Albertyn secondeert. Aldus besloten. Ds. Vorster bedankt de Brs. voor hun welwillendheid."

Barmhartigheidswerk in die gemeente van De Nieuwe Kerk word by die kerkraadsvergadering van 7 September aangespreek as 'n alimentasie geval bespreek word. Ds. Vorster sê die betrokke gesin het broodsgebrek ondervind en hy het 'n pond aan hulle gegee vir die onmiddelike behoeftes. Hy sou egter graag wou sien dat die gesin permanent gehelp kan word. Hierop kies die kerkraad 'n kommissie om verder op die saak in te gaan. Verslae van hul onderskeie wyke word ook deur die twee predikante aan die vergadering voorgehou en goedgekeur.

Inligting betreffende die Wichtsaal se verkoping word op die Gekombineerde en Gewone kerkraadsvergadering van 12 Oktober deur ds. Ackermann deurgegee. As 'n kommissie hierna aangewys word vir die spoedige afhandeling van hierdie saak is ds. Vorster een van die vier lede en wel as "confirmer".

Die kerkraadsvergadering van Dinsdag 9 November 1937 hanteer 'n tuggeval: "De Voorz. [ds. Vorster] deelt mede dat hy Mnr. en Mevr. Alberts verzoecht heeft voor den kerkeraad te verschijnen, daar zij nadat zij wettiglijk gescheiden zyn weer saam zyn gaan wonen en hun een kind geboren is. Nu willen zij dit kind laten doopen, maar dit wil spreker niet doen. Hy geeft aan de hand dat de ouders gecensureerd worden totdat zij weer rechtens saam wonen. Br. Blom maakt hiervan

een voorstel Br. Rabe cecondeert. Aldus besloten. Mnr. Alberts wordt nu ingeroepen. Hy maakt verontschuldiging dat de moeder niet aanwezig kan zijn. De Voorz. stelt Br. Alberts in kennis van het kerkenraadsbesluit en belooft het kindje te zullen doopen zoodra zy weer gehuwd zijn. Dan is ook de censuur opgeheven". Dit is tot krediet van Vorster dat hy tugwaardige gevalle in sy wyk altyd opgevolg het en dit voor die kerkraad gelê het. Dit getuig ten minste van goeie bearbeiding deur die leraar. By deurgaan van al die notules blyk dit dat sy kollega nooit so iets voor die kerkraad gebring het nie. Minder goed, egter, is Vorster se hantering van sulke gevalle waar tug ter sprake is. Dit wil elke keer voorkom asof Vorster baie outoritêr optree in sulke omstanighede. Die indruk word nogal gewek dat hy self oor sensuur besluit en dit ook soms self toepas. Die kerkraad het sy optrede elke keer gekondoneer en hom dus in sy kwaad gesterk. Daardeur is die kerkordelike weg telkens gesystap. Vorster se aankondiging op dieselfde vergadering dat hy, "het huwelijk van Andries Jacobus Walters en Gertruida Olivier wat reeds voor de wet gesloten was ingezegend heeft," het ook nie die saak verbeter nie.

By hierdie selfde vergadering vra ds. Vorster ook verlof vir Sondag 12 Desember en se hy sal self vir 'n plaasvervanger sorg. Die versoek word toegestaan en diaken Smith gee kennis van 'n voorstel wat hy op die volgende vergadering wil laat

dien en waarin 'n maandelikse toelaag vir motor en telefoon aan ds. Vorster gevra sal word.

Op 'n kerkraadsvergadering van 8 Maart 1938 vra Vorster vir die kerkraad toestemming om vanaf die spesiale kerkraadsvergadering van 22 Maart vir 'n maand met verlof te gaan. Die versoek word sonder teenstem toegestaan.

Op die kerkraadsvergadering van 14 Junie 1938 wens ds. Ackermann vir ds. Vorster geluk met sy verlowing. Daarna open Vorster, as voorsitter, die vergadering met Skriflesing en gebed. Hy bring dadelik 'n sensuurgeval onder die kerkraad se aandag. Die notule lui: De Voorzitter brengt een geval van ontucht van een der zrs van zijn wyk onder de aandacht der Brz." Hy sê hy het die moeder, mej. Knoetze, wat 'n buite-egtelike kind het versoek om voor die kerkraad te verskyn. Hy lig die saak nader toe. Die suster word vervolgens ingeroep en nadat ds. Ackermann en br. Weich 'n paar vrae aan haar gestel het, is sy uit. Die kerkraad het 'n mosie, voorgestel deur br. Weich en gesekondeer deur ds. Ackermann, aangeneem wat behels het dat sy onder sensuur geplaas is tot na Oktober se Nagmaal. Op dieselfde vergadering vra ds. Vorster op 'n stadium vir ds. Ackermann om die stoel in te neem aangesien hy aan die bespreking wou deelneem. Die skriba notuleer: Ds. Vorster wil genotuleerd zien dat hij zich volgens Art. 16(21) inzake besluiten op vergaderingen en ook Art. 16(1) inzake bywoning van niet

kerkeraadsleden met die genoemde besluiten op die speciale kerkeraadsvergadering waarbij hy door vacantie niet tegenwoordig kon zijn, zijh niet verenigen kan."

By die Hertzog-saal, waar Vorster gearbei het, het sommige lidmate daaraan begin dink om van die De Nieuwe Kerk af te stig en 'n eie gemeente te vorm. 'n Kommissie is aangewys om die saak te ondersoek. Hulle doen dit dan ook en rapporteer by die kerkraadsvergadering van 9 Augustus 1938 dat die wyke eers nog so moet voortgaan. Dit beteken dus dat die wyk Buitekantstraat nie 'n afsonderlike gemeente word nie. Dit sou eers later geskied toe die gemeente Tafelberg gestig is.

Oor die saak van aparte woonbuurte spreek die kerkraad hom ook in hierdie vergadering uit. Daar word besluit om 'n skrywe aan die Administrateur te rig waarin die kerkraad die poging van "aparte woonbuurten voor blank en gekleurden van harte ondersteunt."

Vorster was versigtig vir inskakeling by wêreld-organisasies en lê met die oog hierop op die kerkraadsvergadering van 6 September 1938 'n mosie ter tafel: "Die Ring van Kaapstad wil die Sinodale Kommissie baie dringend versoek om geen deel te neem aan die Wêreld Sondagskool konferensie nie, en as dit nodig mag blijkt ook die nodige waarskuwing daarteen laat hoor." Hierdie mosie het eenparig die besluit van die

vergadering geword. Vervolgens het die vergadering ook die Ring uitgenooi vir die volgende jaar se ringsitting.

By dieselfde vergadering openbaar Vorster 'n ander karaktertrek van hom. Hy sekondeer 'n mosie van ene Carstens wat vra dat daar van tyd tot tyd "gemeentelijke gezellige samenkomsten zullen gehouden worden." Aan hierdie besluit is uitvoering gegee en soms het hierdie geselllighede op vakansiedae plaasgevind. Een van sy gemeentelede, J Theunissen, onthou hierdie gemeente-uitstappies baie goed. Sulke geleenthede het Vorster, volgens Theunissen, altyd saamgegaan en dit baie geniet. Hy het met almal teenwoordig 'n geselsie aangeknoop, grappies gemaak en lekker gelag. Hy het geen onderskeid getref tussen ryk of arm mense nie. Vir hom was al die gemeentelede gelyk. Theunissen sê Vorster was 'n gewilde mens in die gemeente. [Theunissen, AJ 1994] Hierdie uitstappies was die enkele kere wat Vorster nie die wit das gedra het nie.

Soms het hy by sy huis 'n braaivleis aangebied vir gemeentelede. By een van hierdie geleenthede was dit die enigste keer dat hy met 'n kortbroek gesien is. Hy het dit ook baie geniet om jukskei te speel wanneer die geleentheid daartoe hom voorgedoen het. [Theunnissen, J A 1994]

Op die Gekombineerde en Gewone kerkraadsvergadering van 11 Oktober 1938 vra en kry Vorster toestemming om op 3 Desember

'n Sondagskool-basaartjie te hou. Volgens persone wat vroeër by hom in die Katkisasie-klas was het Vorster baie klem geplaas op Bybelkennis. Hulle moes die Bybel vanaf Genesis tot by Paulus se reise ken. [Theunissen J A 1994] Katkisante moes ook die Kort Begrip goed ken. Gedurende die September-vakansie het hy gewoonlik die finalejaars vir 'n week intensiewe studie geneem. Hy was baie streng en by geleentheid het hy ook geweier om iemand toe te laat vir die aflegging van belydenis. [Theunissen J A 1994]

Vorster het t.o.v. diplomas en seëls ook 'n eie standpunt gehad. Hy het volstaan deur elke jaar aan die kinders boeke te gee in die plek van diplomas en seëls. Gewoonlik het hy voor in elke boek iets geskryf en dit geteken. Hy het dit duidelik gestel dat hy in die verband nie omgee wat die Sinode bepaal nie. [Theunissen J A 1994] Hierdie optrede lyk vreemd wanneer 'n mens in ag neem dat Vorster geweet het wat die gesag van die meerdere vergaderings is en wat die ordelike weg in so 'n geval is. 'n Mens kan net wonder watter advies hy later, gedurende sy lang termyn as Aktuarius, aan 'n kerkraad sou gegee het wat hom hieroor sou vra.

Vorster is as Voorsitter van die Dingaansfees-komitee vir die 1938 se herdenking van die Groot Trek gekies. Hierdie komitee het die kerkraad van De Nieuwe Kerk skriftelik versoek om ds. Vorster geheel of gedeeltelik vry te stel van

sy gemeentelike werk. Die kerkraad het die saak behandel en besluit aldus: "De Kerkeraad laat dit in volle vertrouwen aan Ds. Vorster over. Hy kan indien nodig een plaatsvervanger voor preekbeurten krygen op kosten van kerkekas." Die kerkraad besluit ook om die twee predikante wat by die Hervormingsfees opgetree het elkeen een pond te betaal. Vorster maak terselfdertyd ook aan die kerkraad bekend dat hy van voornemens is om DV einde Januarie 1939 in die huwelik te tree. "By monde van den Voorz. word zijn Wel. Eerw. met dit voornemen gelukgewenscht."

Die kerkraad slaan twee vlieë met een klap waneer hy op die Gekombineerde en Gewone vergadering van 6 Desember 1938 besluit om vir ds. en mev. Vorster na hulle troue met 'n "gemeentelike geselligheid" terug te verwelkom. Hierdie geselligheid sal ook sommer dien as 'n herdenking van die opknapping van die kerkgebou.

Die Vorsters het intussen hulle troudatum vir Vrydag 20 Februarie 1939 vasgestel en hy nooi alle broers daartoe uit op die kerkraadsvergadering van 10 Januarie 1939. Vorster verlaat die vergadering hierna, en onder voorsitterskap van ouderling Rosing, besluit die kerkraad dat donasies van al die broers wat tans dien en die wat rustend is, ingevorder sal word vir 'n trougeskenk. Die Sondagskool en susters van die Hertzogsaal-wyk sal die bydraes aanvul en br. Weich sal die geskenk oorhandig indien ds. Ackermann afwesig is. 'n

Komitee word aangewys om die geselligheid vir 3 Maart 1939 te reël.

Intussen voel die kerkraad steeds baie sterk oor "aparte woonbuurte" en dit weerspieël die politieke gees wat geheers het. So word op sy vergadering van 2 Februarie 1939 besluit dat die Stadsraad van Kaapstad "versoek word om br. Adams as afgevaardigde te stuur na die Kongres van Munisipaliteite sodat hy daar 'aparte woonbuurten voor blanken en gekleurden kan bepleiten'." Die stadsraad het hierdie versoek afgekeur want later word aan die kerkraad gerapporteer dat die stadsraad nie vir br. Adams na die kongres kan stuur nie. Ten spyte van hierdie sterk standpunt van die kerkraad het die Kleurling-bediende van die Vorsters baie keer die Eredienste bygewoon. Een van die Pinksterbidure is selfs deur 4 Kleurlingmans bygewoon. [Theunissen J A 1994]

Op Vrydag 20 Februarie 1939 is Koot Vorster toe, soos sy oud-hoogleraar en vriend prof. E E van Rooyen op dertigjarige leeftyd, met 'n verpleegster, mej. Louiza Monnik getroud. "Sy kon hom nie net wat die liggaam betref, versorg nie, maar was as iemand wat uit een van die vooraanstaande families uit Gereformeerde kring in Nederland gespruit het, vir hom steeds tot hulp en steun." [Potgieter NGTTXX4:273] Uit die huwelik is 'n seun en drie dogters gebore t.w. Willem Vorster getroud met Marie; Hannie,

getroud met Johannes Steyn; Liza, getroud met Piet Frick en Loelie, getroud met Johan Stone.

Na sy troue en kort "wittebrood" is Vorster op die 7de Maart op sy pos in die kerkraadsvergadering waar die voorsitter, ds. Ackermann, vir hom en mev. Vorster terug verwelkom en die hoop uitspreek dat hulle "met vernieuwde kracht aan die werk zal gaan."

As jonkgetroude is Vorster steeds besig met sr. Knoetze, die sensuurgeval, en val 'n besluit: "Ds. Vorster zal wederom trachten de kinderen van zr Knoetze welke door haar werk niet in staat is deze kinderen een behoorlijke opvoeding te geven ergens geplaatst te krygen."
Later moes hy rapporteer dat nog die Magistraat nog 'n welvaartsbeampte 'n tehuis kon verskaf vir die kinders van suster Knoetze.

Die kerkraad vaardig vir Vorster af om die Onderwyskongres in Bloemfontein by te woon op die 6de en 7de Julie. Die helfte van sy onkoste sal ook deur die kerkraad betaal word. Vorster het vroeg dus geleentheid gehad om ook op die belangrike gebied van die onderwys betrokke te raak. Later sou hy ook lank dien op die Bestuursraad van die Laerskool Jan van Riebeeck in Kaapstad. [Theunissen, J A 1994]

Die Onderwyskongres in Bloemfontein het Vorster baie beindruk. Hy sê dat hy, "nog nooit so 'n mooi en goedgeorganiseerde kongres bygewoon het nie. Dit was i.v.m. Christelik-nasionale onderwys en die referate was pragtig en opbouend." Verder beloof hy om by die eerskomende vergadering van die Calvinistiese Bond in die Hertzogsaal breedvoerig verslag te doen. Die kerkraad verneem ook dat die referate later in boekvorm uitgegee gaan word.

Soos in die vorige jaar reeds versoek, is die Ringsitting in hierdie jaar in De Nieuwe Kerk gehou. Daar sou ook weer 'n gemeentelike konferensie aangebied word tydens die sitting en die kerkraad wys vir Vorster en br. Weich aan om dit vir Woensdag 13 September 1939 te reël. Hierdie konferensie is gehou met ds. Van der Merwe as inleier oor die onderwerp: "Ons Geestelike erfenis", ds. Myburgh oor: "Bewaring van ons erfenis" en ds. Grobbelaar oor: "Uitbou van ons erfenis".

Op die kerkraadsvergadering van November sê Vorster dat die Hervormingsfees in die Hertzogsaal, die geseëndste was wat hy nog bygewoon het. Verder sê hy dat daar 'n gesin is wat in, "zeer arme omstanighede" is en dat hy en die diakens die saak verder sal ondersoek en 'n bedrag van 1 pond per maand sal toestaan solank as wat dit nodig is.

Gedurende die volgende jaar het ene Br. Carstens 'n behoefte geidentifiseer wat hy by die Gekombineerde en Gewone

kerkraadsvergadering van 13 Augustus 1940 geopper het. Hy het naamlik gevoel dat dit absoluut noodsaaklik was dat die gemeente ten minste een maal per jaar sosiaal bymekaarkom. Vir hom het die verjaarsdae van die leraars 'n goeie geleentheid daartoe gebied. Vorster sê egter dat hy die voorstel sal steun, indien dit verander word tot een dag per jaar of nog beter, indien dit op die dag van die gemeente se verjaarsdag val. Die besluit staan oor tot 'n latere geleentheid.

Op die 3de Oktober van hierdie jaar word Koot Vorster in hegtenis geneem. Hy word op borgtog uitgelaat en gaan voort met sy gemeentelike werksaamhede. Die Vorsters se eerste baba, 'n dogtertjie, is ook intussen gebore en br. Weich wens vir ds. en mev. Vorster namens die kerkraad geluk op die vergadering van 14 Januarie 1941. By hierdie vergadering, waarop Vorster voorsitter is, bespreek hy 'n tugsaak in sy wyk. Die kerkraad vra hom en die betrokke ouderling om die saak verder te behandel.

In Februarie vergader die kerkraad sonder ds. Vorster en in sy afwesigheid, wens br. Carstens vir ds. Ackermann geluk met sy verjaarsdag. Soos in al die ander kerkraadsnotules gedurende hierdie tyd word Vorster se inhegtenisname verswyg. Daar word slegs genotuleer: "...daar Ds. Vorster deur omstandighede aan ons almal bekend nie aanwesig kan wees nie.." Dit is in elk geval die eerste notule van die

kerkraad van De Nieuwe Kerk wat melding maak van Vorster se "omstandighede."

Die skriba verwys in Maart se vergadering na Vorster se "vakansie" as hy skryf: "Br. Leibbrandt het die dienste van verskillende predikante gekry tydens die vakansie van Ds. Vorster." Vorster was inderdaad op vakansie na 'n spesiale vergadering wat die kerkraad intussen gehou het. Die notule lui: "Br. Blom doen verslag van die spesiale vergadering wat op 25 Februarie 1941 gehou is in verband met die uitspraak van Hooggeregshof tegen Ds. Vorster. Hy sê dat die vergadering meer as 'n Broederlik onderhoud beskou moet word. Daar is toen als gewens beskou dat Ds. Vorster op sy jaarlikse vakansie gaan en is die optrek van 'n petisie toen oorweeg."

Volgens Theunissen, wat daardie tyd op die kerkraad gedien het, was baie lidmate kwaad vir Vorster oor sy betrokkenheid in die politiek. Hulle het gemeen dat hy buite die politieke vaarwaters moes bly. Tog is dit interessant dat die gemeente, volgens Theunissen, al het hulle nie daarvan gehou nie, bankvas agter hom gestaan het gedurende die jare toe hy 'n generaal in die Ossewa-Brandwag was. Of almal in die gemeente kennis gedra het van die feit dat hy 'n generaal in die Ossewa-Brandwag was is onseker. Van Theunissen kan afgelei word dat sommige beslis geweet het. Hulle het hom en

sy huis egter lojaal ondersteun gedurende sy tyd in die gevangenis. [Theuniussen A J 1994]

Hierdie besondere lojaliteit van die gemeente jeens Vorster kom ook verder tot openbaring in die gedagte van die petisie. Die kerkraad het dit aan die broers Blom en Leibrandt opgedra om met Vorster se advokaat te wete H A Fagan in verbinding te kom vir advies want, "Genoemde Adv. beskou 'n petisie om genade vir Ds. Vorster namens die Kerkraad indien unaniem daartoe besluit hoogs gewigtigs en gewens." Die feit dat br. Blom deel van die afvaardiging is, is nogal betekenisvol aangesien dit uit gesprekke met lidmate en uit kerkraadsnotules geblyk het dat Blom nie baie van Vorster gehou het nie. Miskien het die feit dat advokaat Fagan 'n "unanieme" petisie verlang het iets daarmee te doen.

Blom is dan ook die man wat 'n voorstel by die vergadering indien vir die opstel van 'n petisie in "goedgestelde bewoordinge". Die kerkraad besluit dan wel "unaniem 'n petisie op te trek en op die geskikte oomblik in te dien. Die opstel van die petisie word opgedra aan die Brs. Blom en Leibrandt. Indien nodig, met oorleg van 'n advokaat. By die volgende vergadering sal dit voorgelê word."

Vir die gemeente, en veral ook die kerkraad, moes hierdie tyd 'n spanningsvolle tyd gewees het. Hulle taak is geensins

vergemaklik toe hulle 'n versoek ontvang "vir gebruik van die Konsistorie by Hertzogsaal vir die hou van 'n basaartjie op 3 Mei 1941" nie. In die notule is woorde later hier deurgetrek en met ander vervang maar in die kantlyn het die naam Ossewa-Brandwag gebly en die kerkraad het die versoek toegestaan.

Tydens dieselfde vergadering wou die broers weet hoever die petisie insake "gratie Ds. Vorster" is, waarop die voorsitter 'n konsep voorlees en Blom die versekering gee dat die petisie op tyd opgestel sal wees en deur die kerkraadslede onderteken sal wees.

Die kerkraad se probleme het nie verminder nie, want by dieselfde vergadering, wat 'n petisie optrek om die swaard oor die kop van sy een leraar weg te neem, wens Blom vir ds. Ackermann geluk met sy benoeming as dosent by die Sending Instituut te Wellington. Op die gelukwensing antwoord Ackermann dat hy die benoeming aanvaar en vanaf 1 Julie 1941 op die rekening van die Sending Instituut sal wees. Om die kerkraad te help wou hy graag op 15 Junie demissie ontvang. Dit sou aan die kerkraad voldoende tyd gee om opdie 17de Junie 'n Gekombineerde en Gewone kerkraadsvergadering te hou met die oog op beroeping. Die kerkraad het hierop 'n kommissie aangewys om sake voortvloeiend uit die benoeming, te bekyk.

By die kerkraadsvergadering van 6 Mei 1941 lees br. Blom die petisie voor en dit word unaniem goedgekeur terwyl die kommissie vir hulle werk bedank word. Die voorsitter, ds. Ackermann, wys daarop dat, as Vorster nie "loskom" nie, 'n skrywe na die Rinskriba moet gaan om 'n konsulent aan te wys. "As die appél ongunstig is, kry Skriba die opdrag om 'n skrywe tot die Ring te rig dienaangaande en te versoek om by voorkeur Ds. P du Toit as konsulent aan te wys." Die kerkraad besluit verder om die eerskomende Dinsdag te vergader indien Vorster se veroordeling bly staan. By daardie geleentheid sal die kwessie van 'n plaasvervanger, salaris ens. bespreek word.

Sommige kerkraadslede was van mening dat daar nie 'n predikant in Ackermann se plek beroep moet word nie. Hulle wou die Groote Kerk vra om met die gemeentewerk te help. Lede soos Leibrandt het dit egter vertolk as dat hulle dan weer verplig word om terug te gaan na die Groote Kerk - iets wat vir baie lidmate onaanvaarbaar is. Hy dien dus 'n ammendement in tot dien effekte dat 'n predikant dadelik na ds. Ackermann se demissie beroep word. Hierdie ammendement is deur die kerkraad aanvaar en Blom het kennis van revisie gegee. 'n Kommissie is aangewys om 'n afskeidsgeselligheid vir die Ackermanns te reël.

Op die 20ste Mei vergader die kerkraad vir 'n spesiale vergadering om, in die woorde van die voorsitter, sake te

bespreek wat voortvloei uit die "veroordeling van Ds. Vorster." 'n Petisie wat aan die Minister van Justisie gestuur sal word, word gelees. In die petisie wat unaniem goedgekeur en geteken is, is op verskillende gronde genade vir hul predikant gevra. "Aangesien ds. Vorster", so lui die notule, "nie sy ontslag aangevra het nie besluit die Kerkraad met algemene stem 'n onbepaalde verlof aan hom toe te staan, buite beswaar van die kerkekas." 'n Salaris sou dus nie betaal word nie alhoewel die kerkraad terselfdertyd besluit het om aan mev. Vorster 'n maandelikse toelae van elf pond te gee totdat "Ds. Vorster weer vry kom."
Die Departement van Justisie het intussen die ontvangs van die petisie erken en gesê dat dit hulle aandag geniet. Mev. Vorster het in 'n brief die kerkraad "hartlik" bedank vir die twee besluite wat die kerkraad geneem het in belang van die pastoriepaar.

Op 16 Junie 1941 ontvang ds. Ackermann sy demissie tydens 'n kerkraadsvergadering en word 'n bediening van 19 jaar in die gemeente beeindig. Na goeie wense van ds. P. du Toit, ds. Latsky en br. Blom namens die kerkraad word die Akte van demissie aan hom oorhandig. Nou was die gemeente sonder 'n leraar - ten minste tydelik.

Terwyl Blom aan die een kant besig is met die petisie van genade vir Vorster, gee hy op die kerkraadsvergadering van 15 Julie 1941 kennis van revisie van die besluit om: "...

aan Mev. Ds. Vorster die toelae te betaal solank Ds. Vorster deur die ons bekende oorsaak nie in sy werk is nie." 'n Brief van die Departement van Justisie word voorgelees en die skriba notuleer: "Tot sy leedwese verneem die Kerkraad dat die minister van justisie sy pad nie oop sien om die straf aan Ds. Vorster opgelê te verminder." Op 'n vraag van br. Weich of die kerkraad die saak nie by die Ring ter sprake moet bring nie antwoord ds. Du Toit, die voorsitter, dat dit in die gemeentelike verslag kom en dat dit van die Ring afhang of hulle die saak wil bespreek.

Ds. W P Roux is op 'n Gekombineerde en Gewone kerkraadsvergadering van 19 Augustus 1941 as leraar beroep. Hy het bedank en na hom het ook ds. A S Cronje bedank. Die Ring betuig intussen sy meegevoel met die "moeilike toestand waarin die gemeente hom nou bevind en betuig ook sy simpatie met die familie van ds. Vorster. Prop. J A Kriel van De Aar is op 'n Gekombineerde en Gewone kerkraadsvergadering van 4 November 1941 as leraar beroep.

Op 'n soortgelyke vergadering in Desember word gerapporteer dat ds. Kriel die beroep aangeneem het. [Notule 9 Desember 1941:338] Hulle onthou hulle predikant in die gevangenis en besluit om vir hom 'n Kersfeespresentjie van vyf pond aan te bied. Mev. Vorster het die kerkraad later skriftelik vir die geskenkie bedank. Dit getuig van die wedersydse gevoel wat op daardie stadium tussen die gemeente en die Vorsters

geheers het. Hierdie gesindheid word selfs nog sterker uitgedruk in die kerkraad se besluit dat die borde by De Nieuwe Kerk sowel as by die Hertzogsaal "opnieuwd geskilder" word en dat ds. Vorster se naam daarop sal wees as leraar. Dis veelseggend dat 'n kerkraad besluit om 'n leraar se naam en adres op 'n bord aan te bring terwyl hulle weet dat hy vir drie jaar uit die gemeente sal wees.

Die leraar het die gemeente ook nie vergeet nie, want op die kerkraadsvergadering van 8 September 1942 lees die voorsitter 'n brief van Vorster voor wat br. Booysen ontvang het. Daar word besluit dat die voorsitter en Booysen die brief sal beantwoord. Br. Smith stel by die vergadering voor dat 'n versoek tot vrystelling of vermindering van Vorster se straf by die Minister van Justisie ingedien moet word. Dit word eenparig aangeneem en die voorsitter kry die opdrag om dit saam met Blom op te stel.

Tydens die Gekombineerde en Gewone kerkraadsvergadering van 6 Oktober 1942 sê die nuwe leraar, ds. Kriel, wat Vorster ook baie goedgesind was, dat die petisie aan die Minister gestuur is. Op een van die volgende vergaderings word egter reeds kennis gegee dat die petisie van die hand gewys is. By hierdie slegte nuus is darem die goeie nuus dat argitek Smit 'n rekening van sewe-en-twintig pond by die kerkraad ingedien het vir werk gedoen, maar dat hy versoek het dat

hierdie geld in die fonds gestort word waaruit mev. Vorster haar toelae ontvang.

Nog slegte nuus vir die gemeente was die tyding dat hulle vorige leraar, ds. Ackermann, wat maar sedert 12 Februarie van daardie jaar te Wellington begin het, oorlede is. 'n Mosie van roubeklaag is deur die kerkraad aangeneem op sy vergadering in November.

Die gemeente het die hele tyd solank as wat Vorster in die gevangenis was gespook om hom uit te kry. Op 'n kerkraadsvergadering in Februarie 1943 sê br. Bartels dat hy tydens sy reis vir ds. Vorster besoek het en dat lg. hom gevra het om hartlike groete aan die kerkraad oor te dra. Bartels vra dan ook weer of dit nie wenslik sal wees om 'n kommissie te benoem om die Minister van Justisie te gaan sien en hom te vra wanneer Vorster mag uitkom nie. Die vergadering voel egter op hierdie stadium dat dit ongewens is.

Intussen vra die Ossewa-Brandwag om een van die groot kamers in die kerkkompleks vir die oefening van volksliedere te mag gebruik op Dinsdagaand 16 Maart 1943. Die aansoek word toegestaan, maar later was die gevoel onder kerkraadslede dat die betrokke kamers slegs vir kerklike aktiwiteite gebruik moet word, en is 'n ander kamer aan die beweging gegee. Teenoor die Voortrekkerbeweging was die kerkraad ook

positief en hulle word in kennis gestel dat hulle hartlik welkom is om die oggenddiens op 2 Mei by te woon soos deur hulle gevra.

By die kerkraadsvergadering van Mei lees die voorsitter 'n brief van ds. Vorster aan die vergadering voor. In die brief spreek Vorster die vertroue uit dat hy op 14 Augustus ontslaan sal word en dat hy gewillig is om dadelik weer sy werk op te neem. Hy sê egter dat hy dit sou waardeer as hy nog 'n paar weke verlof kan neem om bronne te bestudeer en by sy moeder te wees. Die versoek van Vorster word goed ontvang en 'n paar weke vakansie sonder betaling word hom toegestaan. Daar word verder besluit om 'n kommissie aan te wys wat met die Sinodale Kommissie sal skakel i.v.m. die kerkraad se kerkregtelike posisie en die voorsitter word gevra om dit so aan Vorster oor te dra. Hierop sê die voorsitter dat hy ook aan Vorster sal sê dat die Ringsitting in September sal wees en dat dit miskien gewens sal wees as hy dan daar sal kan wees. Kriel rapporteer later dat hy met enkele lede van die Sinodale kommissies gepraat het en dat hulle aan hom gesê het dat Vorster by sy vrylating gewoon met sy werk kan aangaan. Die kerkraad benoem tog wel later 'n kommissie om vir Vorster voor die Ringsitting te ontmoet en mondeling met hom te spreek insake die kerkregtelike posisie tussen hom en die kerkraad.

Op die 14de Augustus 1943 is Koot Vorster na sy drie jaar gevangenisstraf vrygelaat uit die Sentrale Gevangenis in Pretoria. Die kerkraad het op 10 September, tydens 'n spesiale kerkraadsvergadering, die moontlikheid van 'n gemeentelike ontvangs vir hom bespreek. Op hierdie vergadering doen die kommissie ook verslag oor hulle onderhoud met Vorster. Ds. Kriel sê daar was onduidelikheid omtrent die kerkraad se kerkregtelike posisie in die lig van art. 217 maar, "Dit het egter geblyk dat die Leraars onder die jurisdiksie van die Ring val en die kerkraad het die versekering dat Ds. Vorster sy uiterste bes sal doen, om in al sy optrede in woord en daad met die oog op al die verskille so voorsigtig op te tree, dat die eenheid van die gemeente bewaar en bevorder sal word. Daar is dus geen beswaar dat Ds. Vorster die herderstaf weer opneem en hy is gretig om sy werk te aanvaar." Hierna stel van die lede vrae aan die kommissie en die antwoorde word deur o.a. Blom en Geldenhuys gegee.

Vorster se lidmaadskap van die Ossewa-Brandwag kom ook op hierdie vergadering ter sprake. Dit sou ook seker nie anders kon nie aangesien hierdie beweging gemengde gevoelens opgeroep het en die gemeente nie lus sou wees vir 'n herhaling van dit wat hulle die afgelope drie jaar gehad het nie. Blom antwoord met 'n uitlating wat nie reg klink as hy die broers verseker dat Vorster nie 'n generaal by die Ossewa-Brandwag is nie, en nie 'n leidende posisie in die

beweging het nie. Die saak sou weer opkom tydens 'n Gekombineerde en Gewone kerkraadsvergadering van 14 September 1943. By hierdie geleentheid vra Hattingh of hy reg gehoor het van Blom op die Spesiale vergadering dat hy sou gesê het dat Vorster nie 'n generaal is in die Ossewa-Brandwag nie, ook nie 'n leidende posisie beklee nie en ook nie lid is van die beweging nie. Blom antwoord en sê dat hy die laaste deel van die vraag nie gesê het nie en dat hy volstaan met wat in die notule van daardie vergadering staan. Hy sê ook verder dat die bespreking daaroor nou buite orde is aangesien die saak op die Spesiale vergadering afgehandel is, en hy stel voor dat daar van die punt afgestap word. Hierdie half beskermende houding wat Blom teenoor Vorster inslaan, doen vreemd aan.

Vorster se gewildheid in die gemeente blyk uit die feit dat 'n groepie lidmate op hul eie ook vir Vorster 'n verwelkomingsfunksie wou reël. Namens die groepie het brs. Van Ryssen en Bartels die gebruik van die kerk te Buitekantstraat daarvoor gevra. Op hulle beurt het die CJV van Buitekantstraat ook skriftelik om die gebruik van die groot kerksaal gevra vir 'n verwelkomingsfunksie vir Vorster. Die kerkraad het egter ten opsigte van albei groepe besluit om te volstaan met dit wat reeds i.v.m. die verwelkoming besluit is. Die volledige besluit m.b.t. die CJV se versoek lui: "Dat die CJV in kennis gestel word dat aangesien die Kerkraad besluit het om geen geselligheid te

reël nie, dit onvanpas vir 'n gemeentelike liggaam sal wees om 'n ontvangsgeselligheid te reël voor Ds. Vorster se weer aanvaarding van sy pligte, dat die CJV verder meegedeel word dat die Raad geen beswaar het teen die hou van 'n geselligheid in die Groot Kerksaal na e.k. Sondag, maar ag dit onwenslik dat dit gehou word binne die eersvolgende paar weke."

Die kerkraad het wel sy salaris aangepas nl. 450 pond per jaar plus 50 pond reistoelae plus lewenstoeslag plus 15 pond huistoelae per maand solank hy nog nie 'n huis het nie.

Koot Vorster is dus na sy "lang verlof" in Augustus 1943 feestelik [Tafelberg 25:32] en met ope arms in die gemeente terugontvang. [Potgieter NGTTXX4:273] Op die kerkraadsvergadering van 12 Oktober 1943 is hy vir die eerste keer sedert sy weggaan weer terug in die vergadering. Dis 'n verheugde ds. Kriel wat, as voorsitter, weer 'n slag vir die broers in 'n vergadering laat sing. Nadat hulle Gesang 12:1 gesing het, lees ds. Kriel uit Ps. 62, en spreek 'n paar woorde na aanleiding daarvan voordat twee broers in gebed voorgaan. Daarna verwelkom hy vir Vorster en spreek die hoop uit dat hulle lekker sal saamwerk in die twee wyke. Ds. Vorster antwoord vervolgens en bedank die kerkraad vir al die gunsbewyse ontvang asook vir die salarisverhoging.

Op die eerste kerkraadsvergadering wat Vorster na sy vrylating bywoon vra br. Viljoen sommer met die intrapslag vir Vorster of hy nog lid is van die Ossewa-Brandwag. Viljoen sê hy vra dit omdat mense vir hom die vraag stel en hy graag vir hulle wil antwoord. Hierop antwoord Vorster dat hy nie bedank het as lid nie, maar dat die Raad by monde van sy eertydse kommissie sy versekering het aangaande sy toekomstige beleid. Daarmee was almal blykbaar tevrede en is die saak afgehandel.

As iemand gedink het dat Vorster deur die maande se aanhouding sag sou geword het, sou so 'n persoon spoedig ontnugter word en die teendeel ontdek. Daarvan is sy eerste vergadering na sy ontslag die bewys. By hierdie vergadering is hy duidelik nog dieselfde Koot Vorster en sekondeer hy alweer 'n mosie van br. Leibrandt wat sê dat die kennisgewing wat in Engels van die stadsraad ontvang is eers van kennis geneem sal word as dit in Afrikaans opgestel is. Verder word die stadsraad ook gevra om toekomstige briefwisseling in Afrikaans op te stel. In 'n tweede mosie wat hy sekondeer word besluit dat die spesiale kollekte waarvoor die Sentraal-tak van die Reddingsdaadbond gevra het, toegestaan sal word en opgeneem sal word op 'n Sondag wat die kerkraad vasstel. Op dieselfde vergadering word Vorster op 'n kommissie verkies wat probleme met kinders

moes opneem en sluit ook op versoek van die voorsitter die vergadering met 'n gebed.

Vorster, wat tot nou toe nog buite die gemeente in Pinelands gewoon het, kry in Oktober die goeie nuus dat die kerkraad 'n huis in die gemeente vir hom gaan huur. Die nuus van hierdie gerieflike huis wat sentraal geleë is binne in die gemeente verneem hy op 'n Spesiale kerkraadsvergadering wat op die 20ste Oktober gehou is.

Die jaarlikse Hervormings Dankfees word gehou en Vorster tree weer op. By 'n kerkraadsvergadering later bedank br. Carstens vir Vorster vir sy "leersame en boeiende " redes. As lid van verskeie kommissies lewer hy verslag by hierdie vergadering en doen aan die hand dat Drieankerbaai se betrokke kommissie teenwoordig moet wees as hulle met die Groote Kerk oor grenslyne en transportering van eiendomme onderhandel.

By sy tweede vergadering na sy ontslag dien hy 'n mosie in dat die voorsitter namens die raad 'n skrywe aan die Administrateur sal rig om te protesteer teen die plan van die Roomse kerk om 'n kindersiekehuis vir 1 000 kinders op te rig. Die mosie word algemeen aanvaar. 'n Tweede voorstel van hom behels ondersteuning aan die pogings om die kroeë van Vrydagmiddae 12h00 tot Maandagoggende 10h00 gesluit te

hou. Die raad besluit om 'n brief in dié verband aan die lisensieraad te stuur.

Die laaste kerkraadsvergadering van die jaar is op die 30ste November gehou. Een van die rustende ouderlinge, Rosing, is intussen oorlede en Vorster lewer 'n kort huldeblyk. 'n Mens kom agter watter eienskappe in 'n mens vir Vorster belangrik was as hy drie besondere eienskappe van Rosing uitlig. Hierdie eienskappe wat Vorster belangrik gevind het was beginselvastheid, lojaliteit en entoesiasme. Nadat Vorster 'n baie belangrike inset gegee het t.o.v. die grenslyn-samesprekings en 'n paar gevalle van armoede in die wyk genoem het, word hy en ds. Kriel elkeen 'n week verlof toegestaan. Kerkraadslede wens die leraars 'n geseënde Kersgety toe en daarna vra die voorsitter vir Vorster om met 'n gebed te sluit.

Na die ontberinge van die vorige paar jare sou die Kersfees van 1943 uit die aard van die saak vir Koot Vorster iets besonders wees. As gesinsmens was hy altyd op sy gelukkigste tussen die lede van sy familie. Hoeveel te meer by sy jong vrou en dogtertjie wie se teenwoordigheid hy so lank moes ontbeer.

In die volgende jaar en wel op 25 Oktober 1944 is die gemeente Tafelberg gestig [Olivier 1952:223] en moes ds. Vorster in De Nieuwe Kerk agterbly, en daar dit selfs 'n

vraag was of hy in die bediening sou bly, is daar weer van hom afskeid geneem. [Olivier 1952:32]

Op 13 November 1944 het 'n gekombineerde vergadering onder voorsitterskap van die konsulent, ds. M A Janse van Rensburg, byeengekom om 'n leraar te beroep. Nadat al 17 lede teenwoordig ds. J D Vorster genomineer het, het die voorsitter hom eenparig as verkose verklaar. [Tafelberg 25:35]

Ds. Vorster het die beroep aangeneem en is op Sat. 9 Desember 1944 in die gemeente bevestig en het op Sondag 10 Desember die nuwe skof met 'n boodskap uit Openbaring 3 begin. [Tafelberg 25:35]

In 1949 het die gemeente grenslyne ontvang en is 'n tyd van nuwe bloei ingegaan.

# HOOFSTUK 5

## VORSTER SE BETROKKENDHEID OP DIE BREER KERKLIKE TERREIN EN DIE VORMING WAT DIT OP HOM GEHAD HET.

Met sy vele talente en besondere geaardheid sou dit vir Koot Vorster nie beskore wees om sy aandag net tot die een gemeente te beperk nie. Hy sou spoedig sy vleuels wyer uitsprei, sy stempel buite De Nieuwe Kerk op 'n wyer gebied begin afdruk en al meer en meer 'n pertinente rol binne die N.G.Kerkverband speel. Daarvoor was hy goed toegerus en is hy algaande ook verder gevorm.

Uit die aard van die saak het Koot Vorster reeds sedert die begin van sy bediening in die Ring van Kaapstad en die Kaapse Sinode sitting geneem. In daardie vergaderings het hy deelgeneem en soms insette gelewer, terwyl hyself ook in die proses gevorm is. Sedert die vyftigerjare, veral ook na die verwerwing van sy doktorsgraad in die Kerkreg, sou hy op meer rade dien en oor 'n wyer gebied sy invloed laat geld. Hierdie studie handel natuurlik slegs oor die vorming wat hy tot 1956 ondergaan het, maar ter wille van meer volledigheid word van die ander belangrike terreine waarop hy gedien het ook aangestip.

Oor die feit dat predikante, soos hyself ook ervaar het, se aandag soms op baie ander terreine buite die plaaslike gemeente geëis word het, hy geskryf: "Nou word daar soms gesê die predikant moet die vergaderinge en kommissies minder maak. Dis maklik gesê. Geen predikant word egter toegelaat om dit te doen nie. Dis my ondervinding: predikante soek nie werk van daardie aard nie; dit word op hulle gelaai." [Vorster NGTT,XX,4,1979:316]

1] Ringsverband

Soos in die geval van die meeste predikante, het sy betrokkenheid op die breër kerklike lewe ook by die werksaamhede van die ring begin. Om 3nm op Maandag 9 September 1935, 'n maand na Vorster se bevestiging as leraar van De Nieuwe Kerk Kaapstad, woon hy reeds sy eerste ringsitting in die kerkgebou te Simonstad by. 'n Berig oor hierdie sitting van die Ring van Kaapstad is deur die ringskriba, ds. E G du Toit van Observatory, geplaas in Die Kerkbode van 24 Julie 1935. Op 'n foto van afgevaardiges wat hier sitting geneem het, staan ds. Vorster in die agterste ry tussen die twee De Lange-broers wat albei predikante en geesgenote van Vorster was - ds. P W de Lange van Bellville [vroeër van De Nieuwe Kerk, Kaapstad] en ds. P N V de Lange van Goodwood.
Ander wat op die foto verskyn is o.a. ds. P B Ackermann en ouderling A Rosing van De Nieuwe Kerk en dr. A J van der

Merwe van die Groote Kerk. Gemeentes wat op daardie stadium die Ring van Kaapstad gevorm het was Kaapstad, Durbanville, Wynberg, Simonstad, St. Stephens, Drieankerbaai, De Nieuwe Kerk, Rondebosch, Kalkbaai, Maitland, Observatory, Parow, Woodstock, Goodwood, Chubut [Argentinië] en Bellville. Die gemeente Chubut van Argentinië was die enigste gemeente van die ring wat nie op hierdie vergadering sitting geneem het nie. Die aftredende Praeses, ds. P B Ackermann het sy openingsrede gehou na aanleiding van Numeri 11:11 waarna ds. D C de Villiers tot nuwe Praeses gekies is. Gedurende die sitting word ds. Vorster op die ring se Armsorgkommissie en C J en C S - verenigings gekies.

Die Ring van Kaapstad se 85ste vergadering is vanaf 13 tot 16 September 1937 in Woodstock se kerkgebou gehou en vanaf De Nieuwe Kerk was ds. Vorster, ds. Ackermann en ouderling Ackermann die afgevaardigdes. Die gebruiklike konferensie met die gemeente is die Dinsdagaand gehou en by hierdie geleentheid het di. N J S van der Merwe, J D Conradie en J D Vorster as sprekers opgetree oor die onderwerp: "Die Kerk: haar wese, haar boodskap en die eis aan haar gestel." By die samestelling van die onderskeie ringskommissies dien Koot Vorster saam met F S Malan, A M Meiring, P F Greyling, P B Ackermann en A J van der Merwe op die Armsorgkommissie. Saam met hom op die C J V- en C S V -Kommissie word E G du Toit, D C de Villiers, P F Greyling, A M Meiring en W Eckermans verkies. Wat die Sondagskool-Kommissie betref het

hy saam met P F Greyling, P S Latsky, N J S van der Merwe, A M Meiring en C J Vermeulen gedien. Mnre. Eckermans en Vermeulen was ouderlinge. [Die Kerkbode 1937:862]

Vir die doeleindes van hierdie studie is dit genoeg om te sê dat die ringsittings aan Koot Vorster 'n geleentheid gebied het om verder in die kerklike opset, en veral m.b.t. kerkregtelike sake, te groei. Dit het veral geskied gedurende die tydperk na 1956 en dit val gevolglik buite hierdie studie.

## 2 Kaapse Sinode

In 1936 het Koot Vorster sy eerste sinode bygewoon. As gevolg van ernstige siekte was hy in 'n invalidestoel en kon hy slegs vir enkele ure per dag die verrigtinge bywoon. [Die Kerkbode 1979:781] Dit sou die eerste van talle sinodale vergaderings wees, want vanaf 1936 sou die sinodes van die Ned. Geref. Kerk in Kaapland, en later ook die Algemene Sinode, die bekende gestalte en stem van Koot Vorster ervaar. Haas geen sinode sou verbygaan sonder dat Koot Vorster aan die besprekings deelneem en 'n duidelike standpunt t.o.v. aktuele sake stel nie.

Reeds hier by die eerste sinode waar hy sitting op neem, laat die jong Koot Vorster sy stem duidelik hoor. En die

kerk se mondstuk, Die Kerkbode, neem ook kennis van hom. In die blad se uitgawe van 18 November verskyn 'n verslag van die sinode en daarin word melding gemaak van die sinode se hantering van die sg. Oxford-groep en word verder gesê: "Van prinsipiële kant egter, en op voetspoor van die gemelde besware teen die Oxford-groep het verskeie lede hul uitgespreek, onder wie Dr. M W van der Westhuizen, Ds. J D Vorster, en ander." [Die Kerkbode 1936:996]

Kort na hierdie sinode is Koot Vorster in hegtenis geneem en was hy vir 'n lang tyd afwesig. Op sinodale gebied sou hy eers weer sedert die vyftigerjare in die prentjie kom toe hy in 1953 aktuarius van die Kaapse Sinode geword het. Hierdie belangrike pos het hy beklee tot in 1975. Volgens Potgieter, [NGTT,XX,4, 1979:273], het hy hierin "dienste van onskatbare waarde gelewer. Hy was nie alleen fyn akademikus nie, maar ook man van die praktyk." Potgieter betuig groot waardering vir Vorster se bekwaamheid in hierdie amp as hy voortgaan: "Gedurende 22 jaar het hy talle van kerkrade van advies gedien. So graag sou 'n mens sien dat die adviese, indien enigsins moontlik, gebundel en in die lig gegee word. Wat F.L.Rutgers vir die Gereformeerde Kerk in Nederland was, was hy vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika." [Potgieter, NGTT,XX,4,1979:273]

Van Vorster se 44 jaar in die bediening het hy altesaam 26 jaar agter die "groentafel" deurgebring en met sy laaste

optrede daar by die sinode van 1979 in sy openingsrede o.a. gesê: "Dit was vir my mooi jare want die Almagtige het my die voorreg gegun om vir 26 jaar my plek agter hierdie tafel in te neem en 'n rykdom van kennis en ervaring en genade op te doen." [Die Kerkbode 1979:781]

3. Lid van die Federale Raad van Nederduitse Gereformeerde Kerke

Hierdie raad het ten doel om "die Familie van Ned. Geref. Kerke saam te snoer in 'n gemeenskaplike Raad en die kragte van genoemde kerke te verenig in hulle getuienis vir die evangelie en die opbou van die koninkryk van God" [Jaarboek van die N G Kerke 1980:7]
In 1953 het Koot Vorster lid geword van die Federale Raad en daarvan lid gebly tot by die ontbinding daarvan in 1962.

4. Algemene Sinode

Vorster se vorming was van so 'n aard dat hy al meer en meer vertroue ingeboesem het op die breër kerklike terrein. Nadat pogings in 1911 en 1947 aangewend is om die organisatoriese eenheid in een sinode binne die Ned. Geref. Kerk te herstel maar dit misluk het, was dit op Vorster [en dr. D J Louw] se voorstel dat die kerkverband in een Algemene Sinode in 1962

tot stand gekom het. "Hy het hom voorts beywer vir 'n kerkorde wat tegelyk akte van vereniging sou wees. Die eerste vier hoofstukke is deur hom [voorsitter] opgestel. Na aanvaarding van die kerkorde deur die Federale Raad is hy deur die respektiewe sinodes versoek om die betekenis van 'n gemeenskaplike kerkorde nader te kom verduidelik." [Potgieter NGTT,XX,4,1979:274] Dit het meegebring dat hy binne 'n kort tydjie by al die sinodes moes optree.

In 1962 is hy gekies as aktuarius van die Algemene Sinode en het in die amp gedien tot in 1970 toe hy as moderator gekies is. Na voltooiing van sy termyn is hy as assessor gekies.

Hy het op verskeie Sinodale Kommissies gedien o.a. Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake [1980]

5] Ekumeniese betrekkinge

Die Ned. Geref. Kerk het soveel vertroue in hom gestel dat hy soms verkies is om die kerk in die buiteland te verteenwoordig. In 1963 was hy 'n afgevaardigde na die Gereformeerde Ekumeniese Sinode wat in Grand Rapids, VSA vergader het en in 1965 lid van 'n Interimkommissie wat in Nederland vergader het. Twee jaar later, 1967, was hy as kenner van die Kommunisme in Chicago om daar aan 'n internasionale simposium deel te neem. Aan die Bradley-Universiteit het hy voordragte gelewer en ook op televisie

verskyn. [Potgieter, NGTT,XX,4 1979:274] In 1968 was hy 'n afgevaardigde na die Ekumeniese Sinode te Luntern, in 1970 woon hy die Gereformeerde Kerke van Nederland se Generale Sinode as gas by en in 1972 weer as afgevaardigde die Ekumeniese Sinode se sitting in Sidney, Australië. [Potgieter, NGTT,XX,4 1979:274-275]

Binne in Suid-Afrika het hy al die Ned. Geref. Kerk verteenwoordig in gesprekke met die United Presbyterian Church of America, die Switserse Gereformeerde Kerke en van die inheemse kerke van Afrika. [Potgieter, NGTT,XX,4,1979:275]

6] Kuratorium

Koot Vorster was 'n lid van die Kuratorium van die Teologiese Seminarium te Stellenbosch sedert 1953 waar hy, volgens FJM Potgieter, veel bygedra het tot die vorming van studente in die teologie. [Potgieter NGTT,XX,4 1979:275]

7] Tussenkerklike Kommissie

Soos wat dit 'n bekende feit was dat Koot Vorster, as gevolg van sy ingesteldheid teenoor die Afrikanervolk, nie

geesdriftig kon raak oor samewerking binne die N.G.Kerk-familie nie, was dit 'n totaal ander saak t.o.v. ander kerke. Hy het hom as 'n groot voorstaander van nouer samewerking met die twee ander susterskerke t.w. die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Gereformeerde Kerke van S.A. laat vind. Oor baie jare sou hy dan ook baie gemoeid wees met die pogings van die Tussenkerklike Kommissie om samewerking [eenwording] tussen die drie kerke te probeer bewerkstellig.

Hy het hom veral beywer vir een gesangbundel vir al drie kerke. In 1937 pleit hy ernstig daarvoor as hy sê: "Iets moet gedoen word om die noodlottige stap te voorkom dat elke Kerk sy eie gesangbundel sal uitgee. Voordat ons Kerk daartoe oorgaan moet daar nogeens 'n poging aangewend word om die samewerking, nie alleen van die Ned. Hervormde Kerk te verkry nie, maar ook dié van die Gereformeerde Kerk." [Die Kerkbode 1937:185]

8] Regskommissie en Toesig en Kontrole, Kaapse Kerk

In 'n huldeblyk maak prof. FJM Potgieter melding van die besondere dienste wat Koot Vorster gelewer het as voorsitter van die Regskommissie en Toesig en Kontrole van die Kerk van Kaapland en later Wes-Kaapland. [Potgieter NGTT,XX,4 1979:275]

9] N G Kerk-Uitgewers

Koot Vorster was ook voorsitter van die Direksie van die N. G. Kerk-Uitgewers. In hierdie posisie het hy in die openbare pers die pleit gevoer vir die instelling en toekenning van 'n prys vir letterkunde wat aan die Skriftuurlike estetiese en etiese norme beantwoord. [Potgieter NGTT,XX,4 1979:275]

10] Kerklike verenigings en organisasies

As leraar het Koot Vorster betrokke gebly by kerklike verenigings uit sy studentedae soos die Christelike Strewers en Konvensionele Christen-Studentevereniging. Gesien in die lig van sy toegeneëntheid tot geesgenote in die Gereformeerde Kerke [soos Totius en andere] en sy ontkenning van enige Metodistiese trekke in die N G Kerk, is hierdie voortgesette betrokkenheid van hom by kerklike verenigings interessant. Van hierdie verenigings was o.a. :

10.1] Christelike Strewers

Vorster is o.a. genooi om as inleier op te tree by die Distriksunie no. 1 se jaarlikse Opelugkonferensie in 1935. Hierdie konferensie is op Maandag 7 Oktober, 'n vakansiedag, op die gewone plek in die bos naby Bellville-stasie gehou.

Die onderwerp van bespreking vir die oggend-sessie, wat van 10h00 tot 12h00 geduur het, was: "Die Christen as 'n dienaar van Christus." [Die Kerkbode 1935:645]

10.2] Konfesionele Christen-Studentevereniging

Die tydskrif, Die Soeklig, van 15 Augustus 1935:171 berig onder die opskrif: Maandkroniek [deur dr. B B Keet]: "K.C.S.V. is die verkorting vir Konfessionele Christen-Studentevereniging [ons haal die naam aan uit 'n openbare stuk van die here J.D.Vorster, F.J.M.Potgieter, C.S.Hattingh en J.F.de Vos, wat hulleself as voorlopige komitee van die K.C.S.V. teken], 'n beweging wat sy ontstaan op Stellenbosch gehad het en nou probeer om 'n algemene organisasie vir die hele land op die been te bring. Die naam verklaar homself: die Konfessionele Christen-Studentevereniging neem as sy grondslag "die Woord van God soos dit sy verklaring vind in die Drie Formuliere van Enigheid en sy doel is (1) die uitbreiding van Gods koninkryk deur die leiding van studente tot Christus, van verbondskinders in hul volle erfenis, en die verdieping van die geestelike lewe op bogenoemde grondslag. (2) Om by ons studente liefde tot, gehegtheid aan en agting vir Gods Woord, eie Kerk en konfessies aan te kweek. (3) Om studente op die bogenoemde grondslag te verenig teen die ongeloof en afwykende strominge op elke terrein van die lewe deur die positiewe, praktiese uitlewing van die geloof."

10.3] Anti-Kommunistiese Aksiekommissie

Vorster het sittingsreg gehad op hierdie interkerklike kommissie van die drie Afrikaanse kerke wat in 1946 op die kerklike kongres in sake Kommunisme gestig is. Hierdie kommissie se doel was en is om "die kommunistiese wêreldbeskouing in Suid-Afrika te bestry en doen veral inligtingswerk onder blankes en nie-blankes deur middel van brosjures en 'n nuusbrief ANTIKOM." [Jaarboek van die Ned. Geref. KerkJaarboek van die Ned. Geref. Kerk 1980:12]

Koot Vorster het oor die jare heen 'n goeie studie gemaak van die internasionale kommunisme, met die gevolg dat hy later as 'n kenner op dié gebied beskou is. By die Instituut van Eietydse Geskiedenis in Bloemfontein, waar sy boekery tans is, word daar in Vorster se Curriculum Vitae daarvan melding gemaak: "Vorster het vir baie jare 'n studie van die kommunisme gemaak en was 'n gesaghebbende oor hulle leer en metodes. Tydens sy reise in die VSA en Europa het hy kontakte opgebou met organisasies en persone wat belangstel in die bekamping van die kommunisme en het gevolglik inligting uit die bronne ontvang rakende die bedrywighede en bekamping van die ideologie in die buiteland. As gevolg van sy wye kennis rakende die kommunisme word hy in 1967 genooi om die Internasionale Simposium oor Kommunisme te Chicago by

te woon en lesing aan die Bradley Universiteit te gee." [INEG:1983]

11] Redaksies van Kerklike Tydskrifte

Iets wat altyd groot verantwoordelikheid verg en nuwe denke stimuleer, is redaksionele bydraes in tydskrifte. Hierdie geleentheid tot vorming en slyping het ook vir Koot Vorster te beurt geval. Hy het die voorreg gehad om op 'n hele paar redaksies te kon dien waarvan die volgende van die belangrikste was:

11.1] Koers in die Krisis.

'n Mooi onderskeiding val Vorster in Oktober, 1937 te beurt toe hy as redakteur benoem is van die blad Koers in die Krisis saam met prof. H G Stoker van die P U vir C H O. As adviseurs tot die redaksie word prof. J D du Toit [Totius], prof. E E van Rooyen, ds. J F Mentz en prof. J C van Rooy benoem. [Die Kerkbode 1937:688] Hierdie lys van adviseurs wys aan in watter geselskap Koot Vorster hom bevind het. In dieselfde uitgawe rig ds. Vorster en prof. Stoker 'n oproep aan die lede en ondersteuners van Die Federasie van Calvinistiese Studenteverenigings [FCSV] in Suid-Afrika insake die bande II en III van Koers in die Krisis wat in 1939 uitgegee sal word. Die oproep sê onder andere: "Die

FCSV wil graag ook hierdie twee bande so goedkoop as moontlik uitgee, om elkeen wat belangstel in ons Calvinistiese erfenis in staat te stel, hierdie werke aan te skaf. Daarom doen die FCSV 'n dringende oproep op alle bevriende liggame en welwillende persone om vir hierdie doel bydraes af te sonder. Bydraes moet gestuur word aan die penningmeester van die redaksie, mnr. P W Vorster, Hofmeyerstraat, Stellenbosch en sal in die pers verantwoord word." Die redaksie het ook te kenne gegee dat hulle dit sal waardeer as welwillende lesers wenke sal gee betreffende onderwerpe wat in die bande behandel behoort te word. Die oproep wat onder die name van H G Stoker en JD Vorster verskyn sluit met die volgende sinne af: "Laat ons tot die eer van God en heil van ons volk hartlik saamwerk en probeer om die uitgawe van bande II en III van Koers in die Krisis ook 'n sukses te maak. Ons volk het vandag Calvinistiese bolwerke meer as ooit nodig." [Die Kerkbode 1937:688]

## 11.2] Gereformeerde Vaandel

'n Handgeskrewe brief van sy oud-hoogleraar en vriend, prof. E E van Rooyen van 15de Laan, Stellenbosch gedateer 14 April 1947, het Vorster by sy adres te Anmar Mansions, Vredehoek, Kaapstad bereik. Dit het gelui: "Wel eerw. heer en Br. in Christus, Hiermee wens ek u beleefd en vriendelik te

verwittig van die feit dat u op 'n vergadering van die "Trustees" van die blad: Die Gereformeerde Vaandel, gehou op 9 April 1.1. benoem is tot lid van die Direksie van genoemde blad - dws as mede "Trustee" vir die beheer van die fondse van Die Gereformeerde Vaandel. Asook dat u gevra sal word om voortaan met die Redaksie-werk behulpsaam te wees. Hopende dat u die benoeming sal laat welgeval en u toestemmende antwoord so spoedig moontlik ontvangende en.......groetende, die uwe, namens "Trustees" van die Gereformeerde Vaandel, E E van Rooyen Skriba van die Raad van Trustees.

11.3] Ned. Geref. Kerk. Teologiese Tydskrif

Die Gereformeerde Vaandel is deur die Ned. Geref. Teologiese Studies opgevolg en Koot Vorster is weer op die redaksie benoem. Prof. Brown sê hieromtrent: "In sy betrokkenheid het hy geskrywe. Om sy standpunt te bedien, het hy na die pen gegryp. Op kongres na kongres het hy hom laat geld. Dit kon net hy wees wat so skrywe en so praat. " [Brown NGTT,XX,4, 1979:271]

13] Briefwisseling

Iets anders wat ook veel tot sy vorming bygedra het was sy betrokkenheid by briefwisselings - in die kerklike kringe

sowel as in die dagbladpers. Een van hierdie geleenthede het gedurende die laaste helfte van 1935 opgeduik toe die brief van 'n sekere persoon onder die skuilnaam "Bekommerd" in Die Kerkbode, amptelike orgaan van die kerk, verskyn het.

Die "Bekommerd"-briefwisseling

Een van die vernaamste wyses waarin Koot Vorster geskool is, is deur korrespondensie. Hy het elke keer na die pen gegryp en geskryf as hy gedink het dat dit nodig was. Nadat iemand in Die Kerkbode onder die skuilnaam "Bekommerd" 'n aantal sake onder die tema: "Christus die deur: Die twee rigtinge van die Kalvinisme" aangespreek het, het Vorster tot die debat toegetree. [Die Kerkbode 1935:637] In 'n totaal van 16 lang briewe wat vanaf 25 September 1935 tot 11 Maart 1936 in Die Kerkbode verskyn het, het hy hom o.a. uitgespreek oor:

* die doel van sy skrywe [25/9/1935:637]
* Evangeliese rigting in die N G Kerk [25/9/1935:637]
* die Kerkreg [2/10/1935:680]
* die Sigbare en Onsigbare kerk [9/10/1935:728]
* die Doop en Wedergeboorte [16/10/1935:774]
* Hoekom onder 'n skuilnaam? [23/10/1935:821]
* Interpretasie van die Calvinisme [23/10/1935:822]
* Predestinasieleer [30/10/1935:881]
* Christus die deur [6/11/1935:925]

* Prediking in die N G Kerk [13/11/1935:971]
* Kerksang [20/11/1935]
* Gebedsverhoring [27/11/1935:1088]
* Gebedsverhoring [11/12/1935:1195]
* Eksklusivisme van die Geref. Kerk [18/12/1935:1246]
* Stellenbosch se gees [1/1/1936:36]
* Kerkreg [26/2/1936:430]
* Slotbrief (Samevatting) [11/3/1936:521]

Of die briefskrywer dit voorsien het of nie, die feit is dat sy brief 'n lang en heftige briefwisseling tot gevolg gehad het met tot 82 bydraes wat van ander persone in Die Kerkbode verskyn het. Koot Vorster, wat op daardie stadium nog nie eens twee maande in die bediening was nie, was een van die eerste mense wat hierop gereageer het. Hy sou in 4 briewe, wat op die datums 23 Oktober 1935, 13 November 1935, 4 Desember 1935 en 22 Januarie 1936 in Die kerkbode verskyn het, reageer. Alhoewel ander persone se bydraes gedurende die briefwisseling waarskynlik van groter belangewas as syne, het sy eie betrokkendheid tog stimulerend en vormend op hom ingewerk. Deelname was altyd vir hom belangrik want dit was immers hy wat by geleentheid gesê het: "Besinning en bespreking oor kerkregtelike aangeleenthede moet altyd verwelkom word, nie net as teken van belangstelling nie, maar as uiting van gesonde lewe en die krag van 'n Gereformeerde Kerk wat steeds wil reformeer." [Vorster NGTT,XX,4, 1979:330]

"Bekommerd" het in sy briewe 'n saak aangeroer wat wyd getref het, want binne die Ned. Geref. Kerk was sommige lidmate bewus van die aanwesigheid van meer as een siening van die Calvinisme terwyl nog ander dit ontken het. Daar is wel deur homself [Die Kerkbode 1935:638] sowel as ander [Die Kerkbode 1935:726] gevra dat hy geleentheid sou kry om, in 'n paar briewe, eers sy saak volledig te stel voordat mense daarop reageer. Dit is hom egter nie gegun nie, want reaksie het onmiddellik gevolg en is ook gepubliseer. Dit het tot gevolg gehad dat hy in sy latere briewe al op ander briefskrywers moes antwoord terwyl hy eintlik nog besig was om sy saak te stel. Sy laaste brief het op 11 Maart 1936 verskyn, baie later as wat hy beplan het. Vroeg in Januarie het hy al gesê: "En nou'n afskeidswoord tot almal wat getrou aan ons Kerk en ons sienswyse en praktyke is......Ek doen by u almal nou aansoek om eervolle ontslag. Ek het gedoen, waartoe ek my geroepe gevoel het." [Die Kerkbode 1936:38] As gevolg van verdere reaksie op sy briewe was hy egter genoodsaak om nog 'n paar briewe hierna te skryf.

Hy het die doel van sy skrywe reeds in sy eerste brief [Die Kerkbode 1935:637], as volg uiteengesit: "Ek merk op hoe ons Ned. Geref. Kerk langsaam dog seker van gedaante verander, miskien minder in die leer self as in die toepassing en aanpassing daarvan in die lewe." Dan gaan hy verder deur te sê: "Maar nou is daar onder die aanhangers van die

Kalvinisme, en seer bepaald ook in ons land en in ons Kerk, twee rigtinge. Die een rigting vind sy beliggaming in die [Enkele] Gereformeerde Kerk en die ander in die Ned. Geref. Kerk. Ek herhaal dit: elkeen onder die aanhangers van die twee rigtinge beskou homself en het ook die reg om hom so te beskou - as egte Kalviniste. Verder, elkeen van die twee seksies of rigtinge het sy eie interpretasie van Kalvinisme, en ooreenkomstig die verskillende interpretasies is hulle ook verskillende sienswyses toegedaan, wat somtyds taamlik ver van mekaar verskil, en natuurlik ook op hulle lewensbeskouinge en handel en wandel invloed uitoefen, en somtyds, vrees ek, in botsing met mekaar kom." Dit laat die briefskrywer se groot bekommernis dan ook duidelik blyk as hy verder sê: "En wat sien ons nou, veral in die jongste tien of vyftien jare of so? Dit, dat daar geweldige magte aan die werk is om ons Ned. Geref. Kerk van ons karakteristieke kenmerke te beroof en al meer en meer Enkel-Gereformeerd te laat word."

Samevattend noem hy die verskille kortliks: "Die [Enkele] Geref. Kerk verhef die Wet, die Ned. Geref. Kerk verhef die Evangelie. Die [Enkele] Geref. Kerk verheerlik die Ou Testament, natuurlik nie met verbygaan van die Nuwe nie, terwyl die Ned. Geref. Kerk die Nuwe Testament verheerlik, natuurlik nie met verbygaan van die Oue nie. Hieruit volg dan ook as vanself dat die [Enkele] Geref. Kerk meer wetties is as haar Susterskerk, terwyl in die Ned. Geref. Kerk die

wyere gees van die Evangelie op die voorgrond tree." [Die Kerkbode 1935:638] "En die doel van hierdie gehele skrywe", sê hy, "is om teen hierdie doelbewuste poging, teen hierdie gevaar wat ons dreig, met al die erns, waaroor ek te beskik het, te waarsku, en as waarsku nie help nie, te protesteer." [Die Kerkbode 1935:637]

Volgens "Bekommerd" het die "streng Evangeliese gees" van die Ned. Geref. Kerk hom groot en roemryk gemaak sodat die kerk in die buiteland as die "mees Evangeliese Kerk in die wereld" beskryf is. Dit was, volgens hom, hierdie sterk evangeliese rigting wat deur die meer "wettiese" benadering van die Enkel-Gereformeerde kerke bedreig is. Daarteen wou hy waarsku. Volgens hom wou hy nie hê dat lesers sy brief as 'n aanval op die Gereformeerde Kerke beskou nie, maar hy wou slegs maar protesteer teen die optredes wat hy as propaganda vir hulle siening van Calvinisme gesien het. [Die Kerkbode 1935:638]

Baie lesers het van hom verskil oor die bestaan van twee rigtinge in die Calvinisme en skerp op sy openhartige getuienis gereageer. Verbaas daaroor vra hy in'n volgende brief: "Maar wat in die wereld beteken die vloed van briewe dan nou wat op die arme redakteur reën? Die twee rigtinge bestaan daar en kan deur niemand en niks weggeredeneer word nie." En dan gaan hy verder om die verskillende rigtings meer kaalkop uit te spel as hy sê: "Laat my hulle nou maar

noem: Die suiwere evangeliese rigting van die Kalvinisme, wat ons Kerk vir 'n driekwart eeu gekenmerk het, en die Neo-Kalvinistiese rigting wat in die jongste kwarteeu [hoogstens] vir hom in ons land laat geld het. Die laasgenoemde rigting dagteken van veel vroeër jare, maar het vir hom taamlik skuil gehou, en slegs onlangs sy hoof fier omhoog verhef. Maar dit het hy dan ook geweldig gedoen: tydig en ontydig, waar dit van pas en waar dit van onpas was, by feesgeleenthede, deur konferensies en vereniginge en bonde en wat nie al nie. Sy kampvegters het hom behoorlik geadverteer." [Die Kerkbode 1935:822]

'n Week later het 'n tweede brief van hom verskyn. Waar hy vir hom in sy eerste brief uitgespreek het oor die bedreiging van die Ned. Geref. Kerk se sterk evangeliese karakter, het hy in sy tweede brief die Kerkreg aangespreek. Volgens hom was daar ook twee "sterk belynde rigtinge van die Kalvinisme" in die ideë van die Kerk. Hy gee dadelik toe dat hy nie 'n wetgeleerde is nie maar dat hy tog, ten spyte daarvan, hierdie twee rigtinge t.o.v. die Kerkreg duidelik kan onderskei. Hy sê daar word in die Ned. Geref. Kerk sterk onderskeid gemaak tussen Kerk en gemeente waar die gemeente die kleinere liggaam is wat deur bepaalde grense die een van die ander geskei word, terwyl die Kerk die vereniging [aaneensmelting van die verskillende gemeentes] is. Daarteenoor, sê hy, bestaan hierdie onderskeid nie in die Enkel-Gereformeerde Kerke nie aangesien hulle nie van

gemeentes praat nie maar wel van Kerke. [Die Kerkbode 1935:681]

Dis in hierdie brief van hom dat hy, sonder om name te noem, 'n sydelingse hou na dr. PJS de Klerk, 'n lidmaat van die Geref. Kerke, gegee het. Die rede daarvoor was natuurlik omdat De Klerk in sy doktorale dissertasie aan die Vrye Universiteit van Amsterdam die Ned. Geref. Kerk se sendingwerk as "onwettig" beskou het. De Klerk het met sy onderwerp: "Die Kerk en Sending in Suid-Afrika" die Ned. Geref. Kerk te na gekom toe hy in 'n groot deel van sy tesis probeer bewys het dat die doen van sendingwerk deur ringe en sinodes, soos wat die Ned. Geref. Kerk dit gedoen het, nie Gereformeerd is nie maar kollegiaal. [Die Kerkbode 1935:1162] Hierop was dr J H Eybers, wat ook aan die briefwisseling deelgeneem het, se reaksie dat De Klerk se Gereformeerde maatstaf heeltemal verkeerd is en dus ongereformeerd. [Die Kerkbode 1935:1162] "Bekommerd" het dus alle reg daartoe gehad om die Gereformeerde Kerk daarvan te beskuldig dat hulle, die spot dryf met "ons sisteem en byname met ons Sinode, wat ons as die hoogste regerende liggaam van ons Kerk beskou en eer. Hulle maak groot beswaar teen die uitdrukking hoëre en laere kerklike besture. Smalend spreek hulle soms van ons Sinode as die Protestantse Pous." [Die Kerbode 1935:681] Daarvan het "Bekommerd" nie gehou nie. Vir sy gevoel kon die Gereformeerde Kerke hulle kerkregering, wat volgens hulle "ongeskonde op die Kerkorde

van Dordrecht gebou is", geniet solank hulle dit net nie in die Ned. Geref. Kerk propageer nie. "Ons Kerkregering", sê hy, "is gebaseer op die Kerkorde van Dordt soos dit in die loop van jare gewysig en aangepas is op ons tyd en die omstanighede, waarin ons verkeer. En ek meen dat ons die volste reg daartoe het. Ek laat my dit eenvoudig nie vertel dat dit haarfyn in die Nuwe Testament beskrewe en verorden is, hoe 'n Kerk [ek spreek nie van 'n gemeente nie] regeer moet word nie." [Die Kerkbode 1935:681]

Dis nadat "Bekommerd" in hierdie tweede brief van hom op die terrein van die Kerkregering beweeg het, dat Vorster vir die eerste keer gereageer het. Kerkreg was natuurlik Vorster se eerste liefde, die terrein waarop hy hom tuisgevoel het en waarin hy later sou promoveer. Dit is dus te verstane dat hy die pen opgeneem het. Onbewustelik sou sy deelname aan hierdie briefwisseling hom help vorm het vir die bydrae wat hy jare later sou maak as aktuarius van die Kaapse Sinode en nog later as aktuarius van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk. Vorster was afwysend oor die bewering van "Bekommerd" dat daar twee rigtings van die Calvinisme in die Ned. Geref. Kerk aanwesig was. Daarin het Vorster ook nie alleen gestaan nie want ander briefskrywers, soos later aangetoon sal word, was dit met hom eens. So, byvoorbeeld, het ene D G Cillie ook vir "Bekommerd" verkwalik en veral vir die veglustige bui waarin hy die gevaar, wat hy gesien kom het, wou afweer en, te meer nog, dit so kort na die

bittere kerkstryd met prof. Du Plessis. [<u>Die Kerkbode</u> 1935:773] Vorster het "Bekommerd" dus van skeurmakery beskuldig en sê voorts: "..omdat onverantwoordelike dinge op onverantwoordelike wyse gesê word, en daardeur skeiding en stryd aangebring word wat nie op beginsels berus nie, vra ek u 'n kleine plekruimte." [<u>Die Kerkbode</u> 1935:821] Volgens Vorster se oordeel was "Bekommerd" besig om iets na vore te probeer bring wat nie bestaan het nie en dat hy dus in die proses tweedrag en stryd verwek het sonder dat beginsels ter sprake sou wees. Hiermee het Vorster dus nie alleen regverdiging van sy skrywe aangedui nie, maar ook die doel van sy brief en sy deelname. In sy eie woorde wou hy "nie juis kritiek uitoefen nie, maar net 'n vriendelike wenk gee". [<u>Die Kerkbode</u> 1935:821] Dit sou baie gou blyk dat "Bekommerd" en baie ander die "wenk" inderdaad as kritiek ervaar het! Asof Vorster voorsien het dat hy so 'n etiket sou ontvang, het hy reg aan die begin van sy brief dit duidelik gestel dat hy nie die Gereformeerde Kerk wil verdedig nie, maar tog wil poog om "die verkeerde voorstellinge van ons Kerkregering in die lig te stel." [Die Kerkbode 23 Oktober 1935:821] Dan gaan hy daartoe oor om op die inhoud van "Bekommerd" se brief te antwoord. Hy verwys na die stelling wat "Bekommerd" gemaak het betreffende die feit dat die Nuwe Testament nie haarfyn beskryf hoe die Kerk regeer moet word nie. Daarop reageer Vorster: "Hierdie aanhaling getuig van 'n skreiende gebrek aan beginselinsig en tas seker die genoegsaamheid van die Skrif op hierdie

punt op bedenklike wyse aan." [Die Kerkbode 1935:821] Met hierdie woorde het Koot Vorster die eerste skote van sy kant af gevuur en heelhuids in hierdie maandelange briefwisseling beland. Dit sou nie alleen vormend op hom ingewerk het nie, maar heelwat aspekte van Koot Vorster se teologie en sy wyse van debatvoering kom hierin na vore. Wanneer Vorster se reaksie bestudeer word is dit sy kenmerkende styl van redevoering wat dadelik die oog vang.

Reg aan die begin van die korrespondensie het Vorster, soos wat sy geaardheid was, in aansluiting by di. J J Krige van Krugersdorp [Die Kerkbode:774] en P N de Lange van Goodwood [Die Kerkbode 1935:773] vir "Bekommerd" gekritiseer omdat hy onder 'n skuilnaam skryf. Sy teregwysing is baie reguit en amper smalend as hy skryf: "Tereg ignoreer ons hooglerare en ouer predikante die anonieme geskryf van "Bekommerd"; as "Bekommerd" die werk: Na Honderd Jaar van dr. B B Keet gelees het voordat hy sy brief geskryf het sou hy iets geskryf het waaronder hy sy naam sou kon teken! [Die Kerkbode 1935:821] Die stuk waarna Vorster hier verwys is natuurlik die rede wat prof. B B Keet gelewer het by die sluiting van die Teologiese Seminarium, Stellenbosch in 1924 onder die titel: "Na honderd jaar, de regeringsvorm van de Nederduitse Gereformeerde Kerk aan die Gereformeerde Beginselen getoetst." [NGTT 1979:286] Ds. P Nico de Lange se kritiek teen "Bekommerd" was baie skerp aangesien hy van mening was dat "Bekommerd" "die publieke opinie veral in

ons kerk op 'n gewetenlose wyse beinvloed. 'n Wig indrywe, omdat ons ons nie bewus is van 'n tweërlei interpretasie van die Kalvinisme nie." [Die Kerkbode 1935:773] Wat sy styl van redevoering betref, is dit amper verbasend dat die jong Vorster op so 'n reguit en ietwat snedige wyse reageer op 'n briefskrywer wat, vir al wat hy geweet het, heel waarskynlik 'n groot geleerde en hoogs gerespekteerde persoon met 'n groot aanhang kon gewees het. Klaarblyklik het "Bekommerd" dan ook nie in hierdie briefwisseling alleen gestaan nie, want in Die Kerkbode van 6 November skryf ds. Francois du Toit: "Bekommerd moet tog nie miskien dink dat dit regtig waar is wat ds. J D Vorster sê, naamlik dat al ons ouer predikante en hoogleraars vir 'Bekommerd' ignoreer nie." [Die Kerkbode 1935:923] Uit 'n latere brief van "Bekommerd" kan 'n mens die sinnetjie: "En nooit het ek in my hele lange bediening, en al my tydgenote saam met my, anders gepreek en geleer as dit nie", aflei dat hy waarskynlik 'n predikant of selfs 'n Teologiese Professor kon gewees het. [Die Kerkbode 1935:774] Uit latere briewe blyk dit egter dat hy 'n emeritus-leraar was. Hy was in werklikheid ds. A A Weich wat vroeër ook in De Nieuwe Kerk predikant was.

Maar Koot Vorster het gestaan by wat hy gesê het en soos wat hy dit gesê het - iets waaroor Koot Vorster na hierdie briefwisseling nog baie keer deur mense verkwalik sou word omdat hulle nie altyd gelukkig gevoel het oor die wyse waarop hy op mense se beskouings en optredes gereageer het nie. Persone sou dikwels sy optrede as hard en liefdeloos

veroordeel terwyl Koot Vorster self dit nie so bedoel het nie. Met verwysing na sulke kritiek, het dit in persoonlike gesprekke met hom baie duidelik aan die lig gekom dat hy sy optrede heeltemal anders gesien het. Hy het homself geregverdig deur te verklaar dat dit bloot eenvoudig iets was wat hy geglo het wat gesê of gedoen moes word en wat met groot beslistheid en oortuiging moes geskied. Dat ander mense 'n "byt" in sy optrede ervaar het en sy beslistheid nie altyd as iets onskuldig vertolk het nie, het hom, oppervlakkig gesien, oënskynlik min ontstel. Volgens hom kon hy nie anders optree nie en sou hy in soortgelyke gevalle weer so optree. Bewustelik of onbewustelik het hy egter daarin geslaag om meestal sy teenstaander met sy reaksie heeltemal te ontsenu.

Aan die ontvangkant van snedige opmerkings, het die briefskrywer "Bekommerd" vroeg reeds daarop geantwoord. Hy gee sy motivering vir die gebruik van 'n skuilnaam as hy skryf: "Heftig word fout met my gevind, omdat ek onder 'n skuilnaam skrywe. Maar waarom dit? Natuurlik, as iemand in sy skrywe teen 'n persoon optrek, dan eis die manlikheid en die fatsoenlikheid dit dat hy met sy naam voor die dag sal kom. Dit is hier nie die geval nie. Met die meeste nougesetheid het ek dit vermy om selfs die skyn te gee, asof ek dit met enige persoon te doen het. Ek het dit enkel met die groot saak te doen, waarvoor ek opkom: Die twee rigtinge in die Kalvinistiese kerk. Wat op aarde het dit nou met die

skrywer te doen?" [Die Kerkbode 1935:821] Ander korrespondente soos H J Potgieter van Dutoit-stasie het "Bekommerd" hierin ondersteun en gesê: "In hierdie geval is dit tog nie van so groot belang wie die skrywer is nie, maar wel wat geskrywe word." [Die Kerkbode 1935:819]

Oor die erns van sy skrywe het "Bekommerd" niemand in die duister gelaat nie. Hy bedank die Redakteur vir die opname van sy briewe in die kerkblad en vervolg: "Ek moes skrywe", sê hy. "Daar het 'n vuur in my binneste gebrand, wat nie kon geblus word nie. Ek skryf onder die diepste oortuiging. Ek weet nie wat van my sou geword het as ek aan die oortuiging geen uiting kon gee nie." En in dieselfde trant later in dieselfde brief: "Al sal die pen ook vir altyd uit die hand van die skrywer val, dan sal daar ander skrywers opstaan, wat die lieflike evangeliese rigting, wat ons Kerk die tientalle van jare gekenmerk het en die glorie van ons Ned. Geref. Kerk was, met gloed sal handhaaf. Ons laat ons die skat nie ontneem nie. Amen! So mag God ons help! " [Die Kerkbode 1935:821 ] So ernstig het die briefskrywer oor hierdie saak gevoel. Hy het ook al sy ondersteuners bedank as hy sê: " Ek gaan nou eenvoudig voort met my skrywe oor die "Twee Rigtinge," en laat dit aan die duisende, wat hart en siel met my saamstem, oor om my teen verdere aanvalle te verdedig. Ek vertrou, nee, ek weet hulle sal my nie alleen laat getuig nie." [Die Kerkbode 1935:821]

In 'n volgende Kerkbode verwys hy weer na sy ondersteuners: "Maar dan verder wil ek my opregte dank betuig aan almal wat my in hierdie stryd gehelp het en gewis nog verder sal help. Ek waardeer dit ten volle." En dan 'n hou na kritici, "maar bo al die ander wil ek die drie jeugdige broeders, ds. P W de Lange, P N V de Lange en J D Vorster my opregte dank toebring vir die hulp wat ek van hulle ontvang het. Ek wil in alle opregtheid nadruk lê op "opregte" dank. Ek het groot hulp van hulle ontvang." [Die Kerkbode 1935:1089] Dan vervolg hy: "Wat my skrywe self betref, was dit my groot bekommernis: 'Of ek die [Enkel] Gereformeerde Kerk en die ander Neo-Kalviniste wel reg laat wedervaar het, of, wat ek hulle in die mond lê wel juis is. Dit het my baie hoofbrekens gekos, maar die briewe in die korrespondensiekolomme van u hooggeagte blad van die hand van die jeugdige broeders het baie gehelp om my op die punt gerus te stel en daarvoor is ek opreg dankbaar en ek hou my ook vir hulle verdere hulp aanbevole." [Die Kerkbode 1935:1089] Hierdeur het "Bekommerd" natuurlik vir Koot Vorster ook as 'n pleitbesorger van die sg. Neo-Kalvinisme uitgesonder en moes hy verdere reaksie van Vorster verwag het.

"Bekommerd" het met hierdie brief nie alleen sy hou ingekry teen die "jonge broeders" wat hom teëgegaan het nie, maar van veel groter belang, tog probeer om sy vinger te lê op die bestaan van twee strome in die Gereformeerde Kerke.

Volgens hom sou niemand die bestaan van hierdie twee strome kon ontken nie. Hy skryf: "Dit moet waarlik 'n 'vreemdeling in Jerusalem', of 'n ware ignoramus wees wat daar geen kennis van dra dat daar twee rigtinge in die Kalvinistiese Kerk... " is nie. [Die Kerkbode 1935:821] Desondanks sy versekerde houding was daar tog, soos reeds gesê, mense wat met hom verskil het. So, bv. het iemand soos ds. P N de Lange van Goodwood gemeen dat hierdie twee rigtinge in die Ned. Geref. Kerk glad nie bestaan nie. Lg. skryf: "....ons nie bewus is van 'n tweërlei interpretasie van die Kalvinisme nie." [Die Kerkbode 1935:773] En 'n ander korrespondent, ds. J J Krige van Krugersdorp, het dit beaam as hy skryf: "As Soli Deo gloria die standpunt is van ons almal, dan is daar nie twee rigtinge of seksies nie. Daar is geen verskil in interpretasie of sienswyse nie. Waar is nou die ver van mekaar verskil of die veronderstelling of vrees van botsing waaroor "Bekommerd" bekommerd is?" [Die Kerkbode 1935:774]

Die gedagte van twee rigtinge in die kerk wou egter nie gaan lê nie en talle briefskrywers, Vorster inkluis, het met hulle briefwisseling die bestaan van hierdie twee strome verder blootgelê en geaksentueer. Oor 'n tydperk van etlike maande sou die kerk se amptelike orgaan die gedagtewisseling rondom die "Twee Rigtinge van die Kalvinisme" onder lidmate se oë hou sodat geen leser sou kon sê dat hy nie daarvan kennis dra nie. Sedert Vorster se eerste reaksie op

"Bekommerd" het hy in sy beredenering deurentyd gebruik gemaak van die insigte en geskrifte van sy ou leermeester, dr. B B Keet. In die eerste plek beskuldig hy vir "Bekommerd" daarvan dat hy nog altyd by die "genootskapsideë" van die Hervormde Kerk van Nederland sou staan terwyl die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika in 1870 reeds daarvan wegbeweeg het. Wat hom eintlik in die verband gehinder het was die feit dat "Bekommerd", volgens hom, die gesag van die Bybel aangetas het. Vorster stel dit so: "Daarby vind ons dit jammer dat 'n bedienaar van die Woord die Skrifaanwysinge hieromtrent, al is dit volgens hom karig, verwerp ter wille van 'n onskriftuurlike teorie van die genootskapsideë van kerkregering". [Die Kerkbode 1935:821] [Alhoewel Vorster hier na "Bekommerd" verwys as "bedienaar van die Woord" is dit nie seker of hy geweet het wie hy was en of hy dit maar net vermoed het nie.] Vorster haal dan vervolgens weer sy hoogleraar aan as hy sê: "Voorop staat dat de Gereformeerde Kerkrecht bewust gegrond wil zijn op de beginselen voor de kerkregering zoals die in het Woord van God zijn neergelegd; dat Woord dan beschouwd niet als 'n codex van wetsartikelen, maar als bevattende zekere beginselen die geldig zijn voor de instituering van de Kerk van Christus." [Die Kerkbode 1935:821] Vorster het die bestaan van enige vorm van 'n "genootskapsidee" binne die Ned. Geref. Kerk se regering ontken en driftig teengestaan. Ander teoloë binne die kerk, maar veral ook van die kant van die Gereformeerde Kerk, het egter die teendeel probeer

uitwys. Hierin sou Koot Vorster, as 'n behoudende student van Stellenbosch en later ook van Potchefstroom voor 'n groot toets te staan kom.

Behandeling van die tweede saak, t.w., dié rondom die outomie van die plaaslike kerk sou Vorster se dilemma juis verder toelig. Vorster herinner vir "Bekommerd" daaraan dat hoogleraars in die Ned. Geref. Kerk rondom hierdie saak dieselfde leer as diegene binne die Geref. Kerke van S.A. Om sy stelling te staaf haal Vorster oudergewoonte weer vir Keet aan: "Beide uit de Schrift en uit de geschiedenis blikt ontegenzeggelik dat de plaatselike gemeente 'n volledige zelfstandige Kerk is die voorhaar bestaan niet afhankelik is van welke algemene instituut ook al, dat eerst aan haar recht van bestaan zou toekennen." Daarop sê Vorster dat diegene wat die teendeel beweer, Rooms is. [Die Kerkbode 1935:821] Hy gaan verder deur te verklaar dat die Ned. Geref. Kerk sy hele regeringstelsel vanuit die outonomiteit van die plaaslike kerk neem. Die kerkraad met eie mag en die meerdere vergadering met afgeleide mag. Vorster beskuldig "Bekommerd" daarvan dat hy 'n verkeerde begrip van die wese van die kerk openbaar. Keet word aangehaal waar hy konstateer dat die plaaslike gemeente nie uit die algemene verband van die kerk ontstaan nie, maar dat dit juis andersom is--eers die gemeente of plaaslike kerk en dan die verband wat met ander gemeentes gesluit word. [Die Kerkbode 1935:821] Vorster beskou "Bekommerd" se siening dat die Ned.

Geref. Kerk op die standpunt van die Hervormde Kerk van Nederland sou staan en dus ook 'n kollegialistiese kerkregering sou hê met 'n idee van 'n genootskap wat deur laer en hoër besture regeer word, as 'n "onvergeeflike dwaling". Daarmee is Vorster in lyn met sy leermeester, Keet, en haal hy hom weer aan: "Wat het wezen betreft, verschillen de Wetten en Bepalingen van onze Kerk hemelsbreed van het Reglement van de Hervormden." [Die Kerkbode 1935:821] Vorster gee wel toe dat die genootskapsidee voor 1870, "in teorie veral 'n mate van ingang in ons Kerk gehad [het]." Maar volgens Keet het daar sedert 1873 'n prysenswaardige suiwering en verbetering gekom: "Deze verandering is zeer betekenisvol; de genootschapsidee is verdwenen; niet langer is men lid van de genootschap in het algemeen zonder lid van de gemeente te zijn; maar men is lid van de gemeente die staat in het verband van de Ned. Geref. Kerk in Zuid-Afrika." Vorster sluit sy brief af deur nogeens te herhaal: "Die bewering dat die Ned. Geref. Kerk hoëre en laere regerende liggame het, lok noodwendig 'n glimlag uit. Immers dis 'n onskriftuurlike iets, wat alleen pas by die genootskapstelsel van die Hervormde Kerk van Nederland. Daarom het ons kerk in 1903 reeds die woorde "hoër" en "laer" vervang deur "meerdere" en "mindere", en het die artikel verval wat aan die Sinode "die hoogste wetgewende, regsprekende en besturende mag" toeskryf.

"Dr. Keet", se hy, "is dan ook vierkant teen die kollegialisme waarvoor "Bekommerd" die pleit voer. En gewis alleen wanneer ons voort stoel op die aan ons eie Gereformeerde wortel, sal ons kerk sy soewereiniteit in sy eie kring kan behou, en daardeur tot eer van God sy taak volbring". [Die Kerkbode 1935:821] Dis tog opmerklik dat die jong Vorster, al het hy so swaar geleun op dr. Keet, na so 'n kort tydjie in die bediening, hom toe reeds so tuis gevoel het op die gebied van die Kerkreg dat hy tot hierdie briefwisseling toegetree het.

Die "Bekommerd"-korrespondensie was vir baie lidmate van die Ned. Geref. Kerk 'n saak van groot hartseer. Die groot kerkstryd rondom prof. Johannes du Plessis was pas agter die rug en nog vars in die geheue en vir talle het dit gelyk of hulle al weer aan die vooraand van groot verdeling gestaan het. Die feit dat "Bekommerd" van onder 'n skuilnaam sy kritiek teen 'n susterskerk geloods het, het sake net vererger. Talle het hom versoek om nie verder te skryf nie, ander het hom vermaan en gekritiseer terwyl party ongelukkig was dat hy onder 'n skuilnaam skryf. Aan die ander kant het baie lesers hom weer bedank vir sy moed om te skryf oor dit wat, volgens hulle oordeel, gesê moes gewees het. "Bekommerd" het dit egter sy plig geag om lidmate, en veral ook die leidsliede, van sy geliefde kerk op te roep om wakker te word en te sien hoe die ander, "vreemde" interpretasie van die Calvinisme [soos dit deur die Geref.

Kerk. gedoen word] besig was om in die kerk ingang te vind. Soos hy dit gestel het gepropageer word. Hy het sy kerk, en dus ook kerkregtelikes soos Koot Vorster, tot verantwoording geroep. Die vraag wat rondom hierdie briefwisseling beantwoord moet word is of "Bekommerd" dit reg gehad het toe hy twee rigtinge binne die Calvinisme in die Ned. Geref. Kerk ervaar het en of hy verkeerd was. Was dit werklik 'n wesenlike probleem wat hy aangeraak het of was hy onnodig alarmisties oor 'n saak wat maar net verskillende aksente gehad het? Uitsluitsel hieroor sal dan meer duidelikheid werp op mense soos Koot Vorster. Indien daar werklik wesenlike verskille was is die vraag of mense soos Koot Vorster nie die nodige insig gehad het om dit raak te sien nie. Of was hulle miskien daarvan bewus maar het dit probeer wegpraat of verdedig? Of was mense soos Koot Vorster, terwyl hulle dit ontken het, wel bewustelik of onbewustelik besig om 'n ander interpretasie van die Calvinisme, en dan wel die interpretasie van die [Enkel] Geref. Kerk. binne die Ned. Geref. Kerk te propageer? Wie was reg?

Wanneer 'n mens hierdie vraag in die lig van Koot Vorster se agtergrond en geaardheid, soos reeds in hierdie studie beskryf is, beskou kom daar groter duidelikheid. Dit blyk dat "Bekommerd" dit reg gehad het oor die feit van 'n "twee rigtinge van die Calvinisme" Koot Vorster moes daarvan bewus gewees het en hy was waarskynlik ook. 'n Moontlike verklaring vir sy optrede mag wees dat hy so seker was van

sy besondere siening van sake, dat hy as te ware die bestaan van 'n ander siening "weggeredeneer" het - in die onderbewussyn probeer dooddruk het. Uit die studie blyk dit dat Vorster, ten spyte van sy "onverbiddelikheid", ook 'n ver pad met mense sou stap om 'n skeuring te vermy. Dit gee prof. B Marais [1994], een van Vorster se grootste teenstanders, ook geredelik toe. Volgens hom was Vorster in sy diepste wese iemand wat eenheid voorgestaan het. Marais gaan selfs so ver as om te sê dat hy glo dat Vorster, wat in dieselfde denkklimaat as prof. Willie Lubbe beweeg het, ook nie in 1987 te vinde sou gewees het vir die stigting van die A P K nie. Volgens hom sou Koot Vorster baie geprotesteer het en selfs so ver gegaan het om op 'n komitee te dien wat gesprek met die N G Kerk bly voer het, maar nie op 'n ander weg sou opgaan nie. As Marais reg is verklaar dit waarskynlik waarom Vorster, miskien teen sy beterwete in, vir "Bekommerd" so teengegaan het. Hy wou die blootlê van verskille sommer by die wortel afsny.

Die vraag wat Koot Vorster in 1987 sou gedoen het met die stigting van die A P K is egter 'n saak wat 'n baie interessante studie op sigself sal wees. Dit lê egter buite hierdie studie se terrein.

# HOOFSTUK 6

## DIE VORMING WAT BETROKKENHEID OP DIE KULTURELE EN POLITIEKE TERREINE VAN DIE VOLKSLEWE OP DR J D VORSTER GEHAD HET.

Koot Vorster se intrek in Kaapstad was tot groot seën vir die lidmate van die gemeente De Nieuwe Kerk in Buitekantstraat. Soos reeds aangetoon, het hy hom ten volle uitgeleef as predikant en die bediening baie geniet. Maar sy invloed het tot ver buite die gemeentegrense gestrek want hy sou spoedig op baie terreine van die volkslewe sy gewig ingooi. Die Afrikaner in die Kaapse Skiereiland, en veral die konserwatiewe Afrikaner, sou baie baat by sy insigte, betrokkenheid en leiding.

Sy belangstelling het natuurlik, soos reeds gesien, baie sterk gelê in die Afrikanervolk se godsdienstige-, kulturele- en politieke uitlewing. Gesien in die lig van die Afrikanervolk se geskiedenis tot op daardie stadium en Koot Vorster se eie agtergrond, is dit verstaanbaar waarom dit vir hom meer as 'n blote belangstelling was. Vir hom was die Afrikanervolk se toekoms en welwese op die spel en sy betrokkenheid in die bevordering van die volk se strewe na volkome vryheid, 'n roeping. 'n Roeping wat hom so sterk aangevuur het dat hy binne 'n paar jaar met die gereg gebots het en tronkstraf opgelê is. Aanloop daartoe was o.a. dit

wat hy onverskrokke in belang van die Afrikanervolk se strewe in toesprake, artikels en briewe kwytgeraak het.

In een van hierdie artikels spel hy sy volk se strewe so uit: "Saamgestel uit die Hollanders wat die vryheid so hoog geskat het dat hulle nie geskroom het om die stryd teen 'n oormag aan te bind en dit 80 jaar vol te hou nie, en uit Hugenote wat alles vir die vryheid opgeoffer het en die Duitse volk wat nie 'n slawevolk is nie, het die Afrikanervolk van sy wieg af vryheid begeer, verwerf en verdedig. Maar wat hulle gesoek het, was nie blote staatkundige vryheid nie. Natuurlik wou hulle staatkundig vry wees, maar hulle het na veel meer, 'n groter vryheid, gestrewe: die vryheid om hulself te wees as volk. Kultureel is dit die ideaal van die Afrikaner om 'n selfstandige eiendomlike eenheid te wees, vry en fier onder die ander nasies van die wereld." En asof met groter drif en nadruk word herhaal: "Ons wil nie net staatkundig vry wees nie. Ons wil 'n eie identiteit, 'n Afrikanervolk wees onderskeie vry van alle ander nasies." [Vorster, NGTTXX4:350]

Nadat koerante in die Kaap oor 'n toespraak van hom berigte geplaas het reageer hy daarop. Aan die redakteur van Die Suiderstem skryf hy op 17 September 1940: "U berig gee die indruk dat ek 'n nazi-stelsel vir Suid Afrika sou bepleit het met "Mein Kampf" as rigsnoer. Dit is beslis onjuis en die plasing daarvan onverantwoordelik." Dan gee hy sy eie

vertolking, wat 'n mens amper as 'n credo van hom kon beskou, as hy skryf: "As Christen en Afrikaner het ek, aan die hand van ons geskiedenis vanaf die volksplanting, bepleit dat ons ons toekoms moet basseer op ons eie Christelik Calvinistiese geloofsoortuiging en dit uitwerk in 'n Christelik nasionale staat." [Vorster 1940] 'n Soortgelyke brief in Engels is aan die Argus-groep in Kaapstad gerig en albei briewe, in Vorster se eie handskrif, is bylaes tot die Hofverslae van 24 Oktober 1940. [Kroon teen Vorster 1940] Die Burger het op sy voorblad van 4 Oktober 1940 'n soortgelyke berig gedra.

Hierdie intense betrokkendheid van hom op vele buite-kerklike terreine was een van die sake wat hom onbewustelik gebrei en gevorm het tot die invloedryke leierfiguur wat hy later geword het.

Van die belangrikste van hierdie buite-kerklike terreine was o.a. die volgende:

1. Groot Trek Eeufees 1938

Teenoor genl. Hertzog se beleid van samesmelting gedurende die dertigerjare, is dr. Malan se beleid van Afrikaner-onafhanklikheid en Afrikanersupremasie deur baie Afrikaners ondersteun. Duvenage stel dit as volg: "Ook die kern van die Afrikaanse Calviniste, wat slegs die soewereiniteit van God

erken en die gesag van aardse prinse van vreemde oorsprong verwerp het, het Malan se party bevoordeel." [Duvenage 1978:132] Sodanige mense was, "uiteraard onversoenlik gekant teen Britse imperialisme en liberalisme - trouens, alles wat vreemd aan Suid-Afrika en die Afrikaner was, is verwerp." [Duvenage 1978:132]

Gedurende hierdie belangrike dertigerjare het onderwysers, dosente en skrywers, volgens Duvenage, die Afrikaner se nasionale bewussyn en strewe na vryheid binne 'n republiek lewendig gehou. Hierdie hernieude opwelling van nasionalisme in volksgeledere is volgens hom ook toe te skryf aan die arbeid van predikante van die drie Afrikaanse Kerke. "In hierdie verband", se hy, "het die Voortrekkereeufees en simboliese ossewatrek van 1938 'n onberekenbaar belangrike rol gespeel om die Afrikaners te begeester."

'n Gedagte van mnr. Henning Klopper om die Groot Trek van die vorige eeu in 1938 te herdenk met 'n simboliese trek het dermate geesdrif opgewek dat die A.T.K.V. se kongres in 1936 reeds daarvan kennis geneem het. Tydens die volgende kongres in 1937 is 'n vaste besluit geneem wat daarop neerkom dat, "twee gesinne in Voortrekkerdrag gekleed in die Groot Trek simbolies uitbeeld met twee waens na Pretoria ry. Die voorstel is geesdriftig aanvaar." [Duvenage 1988:21] Die waens sou van Johannesburg na Pretoria getrek word.

Oplaaiende geesdrif in Afrikanergeledere het veroorsaak dat die beginpunt van die trek eers na Bloemfontein verskuif is en nog later na Hartenbos en uiteindelik na Kaapstad. In plaas van die oorspronklike gedagte van twee waens, sou 9 waens uiteindelik op 14 verskillende trekroetes die land deurkruis op pad na die Voortrekkermonument in Pretoria. So het Klopper, stigterslid van die Broederbond en A.T.K.V. en latere LV en Speaker van die Volksraad, se klein gedagte uitgekring tot 'n grootse volksfees. So groot in omvang en intens in diepte dat Duvenage 1978:133 sê: "Vanaf 1936 is geheel die Afrikanerdom by hierdie fees betrek." [Duvenage 1978:133]

Dit sou tot 'n omvangryke en belangrike volksfees uitgroei en dit sou in Kaapstad afskop. En hier by die belanrike vertrekpunt sou die mantel op die jong predikant Koot Vorster val om alles te koordineer. Dit is te begrype dat Koot Vorster, uit die aard van sy agtergrond en ideale vir sy volk, heelhartig hierin sou opgaan. Sy meelewing met betrekking tot hierdie onderneming op die ouderdom van 29 jaar was seker een van die redes waarom juis hy gekies is as Voorsitter van die Reëlingskomitee wat die fees in Wes-Kaapland moes organiseer. Uit die aard van die saak was dit 'n groot voorreg wat hom te beurt geval het, maar ook terselfdertyd 'n groot verantwoordelikheid wat hiermee op sy skouers gelaai was. Koot het die taak met entoesiasme aangepak. Hieroor word berig: "Toe die tyd vir die

feesvieringe naderkom, het Koot 'n tent op die Rosebankse skougrond opgeslaan en die finale werk van daar af gedoen." [D'Oliveira 1977:35] Daar het sy broer John en ds. Van Rhysen, waarskynlik van die Gereformeerde Kerk, saam met hom gebly.

Die Simboliese Ossewatrek het op 8 Augustus 1938 om 15:00 by die standbeeld van Jan van Riebeeck begin. Daar het 'n geesdriftige skare van sowat 25 000 die twee waens, wat deur J M Jonker van Knysna gebou is, weggesien. Die twee waens sou later die name Andries Pretorius en Piet Retief ontvang. "Die vorige dae is deur middel van byeenkomste, vurige toesprake, 'n erediens in die Groote kerk en die sing van volksliedere, belangstelling en entoesiasme vir die Trek geskep. Die optimisme en verwagting dat die Trek sou slaag en tot 'n herontwaking van die Afrikaner se nasionale bewussyn sou lei, was die opvallende kenmerk van die voorafgaande verrigtinge." [Duvenage 1988:32]

Koot Vorster kon met groot dankbaarheid op die belangrike fees terugkyk. Die Simboliese Ossewatrek het 'n groter uitwerking op die volk se lewe gehad as wat ooit bedink kon word. En daaraan het hy, wat Koot Vorster was, 'n belangrike aandeel gehad - nogal by die belangrike vertrekpunt. Die sukses hiervan en sy bydrae daaraan moes aan hom baie selfvertroue gegee het en hom gehelp het in sy vorming as leier.

Oor die fees sê Koot Vorster self later: "Die hele ding was vir ons baie werklik. John het my op elke moontlike manier gehelp en sy hulp was van groot waarde. Ons het nooit die trek of die betekenis van die honderdjarige herdenking bespreek nie. Jy moet besef dat ons eenders oor die dinge gedink het. Ons betrokkenheid was volkome natuurlik en ons het ons eenvoudig in die organisasiewerk ingewerp met ons hele hart - ons was deel daarvan, 'n natuurlike deel van die hele ding." [D'Oliveira 1977:35]

2. Aparte Woonbuurte-organisasie

Vorster het as jong leraar in Kaapstad reeds 'n baie duidelike siening van die politiek gehad en, soos verwag kon word, het hy as lid van die Nasionale Party hom beywer vir die skeiding tussen die onderskeie volksgroepe. Hy het hier opgetree ooreenkomstig met dit waaraan hy geglo het as hy later skryf: "Die Afrikaner se vryheid lê ten grondslag van ons strewe en wil om ons bloed suiwer te hou en ons volk nie te laat verbaster nie. Ons verag geen ander volk nie, maar ons het ons eie lief en soek sy behoud en krag en oorwinning. Dit vorm die basis van die kultuurstrewe van die Afrikaner. Ons soek nie maar 'n menigte wat Afrikaans praat nie, maar ons begeer die behoud van die identiteit van die Afrikanervolk." [Vorster NGTTXX4, 1979:350]
En in Bloemfontein sê hy oor identiteit: "'n Volk wat trots is, moet sy eie beskerm, en die Afrikaner het juis 'n trotse

volk geword omdat sy identiteit vir hom belangrik is. [Die Burger 16/9/1980]

In 1938 en 1939 is hy verkies as Voorsitter van die Aparte Woonbuurte-organisasie. In aansluiting hierby sou die Unie-parlement later die Groepsgebiedewet proklameer wat die onderskeie bevolkingsgroepe tot sekere woongebiede beperk het. By 'n byeenkoms van die Bloemfonteinse Senior en Junior Rapportryers, Junior Afrikaanse Sakekamer en Kovsie 10:31 laat hy hom in 1980 goedkeurend oor die Groepsgebiedewet uit as hy sê: "....as daar geen Groepsgebiedewet was nie, sou die Afrikaner nooit in staat gewees het om sy identiteit te bewaar nie." En voeg dan by: "Dit is baie jammer dat daar mense is wat die wet uit die wetboek wil skrap." [Die Burger 16/9/1980]

Die Groepsgebiedewet het hy gesien as 'n maatreël om 'n beleid van Afsonderlike Ontwikkeling in S.A. te laat slaag. Hy het dit Eiesoortige Ontwikkeling genoem. Hy definieër dit as volg: "Onder eiesoortige ontwikkeling verstaan ons die beleid wat integrasie van blank en nie-blank deur die uitwissing van die volksgrense verwerp en aan elke groep volle ontwikkeling na sy eie aard en vermoë met beskerming en behoud van sy eie identiteit bied en dit deur 'n regverdige behandeling bewerk en handhaaf. Dis 'n beleid wat in alle eerlikheid en erns probeer om vreedsame naasbestaan

vir alle groepe in 'n veelrassige land te verseker."
[Vorster NGTTXX4,1979:360]

Wat Vorster se taak in die gemeente vergemaklik het was die feit dat De Nieuwe Kerk se kerkraad eenparig vir hierdie organisasie was. Soos reeds gesien, het hulle selfs so ver gegaan as om mense afgevaardig te kry na munisipale kongresse om seker te maak dat aparte woongebiede gevestig en behou word.

3. Nasionale Party [Kaapland]

Koot Vorster het, soos reeds gesien, in 'n huis opgegroei waar politiek aan die orde van die dag was. Vandat hy vir die eerste keer lid kon word van 'n politieke party, was hy lid van die Nasionale Party. Alhoewel hy baie polities ingestel was, het hy enige versoeke om in die aktiewe politiek betrokke te raak van die hand gewys. Hy was baie seker van sy roeping as predikant en wou dit bly. Hy wou niks anders wees en word as 'n Evangeliebedienaar nie.

Uit die aard van die saak was daar noue skakeling met sy broer John, wat as Volksraadslid en later Minister en selfs Staatspresident, lang tye in Kaapstad gewerk en gewoon het. In my gesprekke met Volksraadslede het dit geblyk dat sy jonger broer by tye, veral wanneer Christelik-morele kwessies in die parlement ter sprake gekom het, sy ouboet se

raad gesoek en gekry het. Behoudende Volksraadslede het ook gereeld by Koot Vorster aan huis gekuier. Gesien in die lig van die godsdienstige huis waaruit hy gekom het, is dit te begrype dat John Vorster geneig sou wees om, wanneer nodig, by 'n teoloog en volksman soos sy broer kers op te steek. Hulle agtergrond in ag geneem, sou Koot met verreweg die meeste optredes van sy broer en die Nasionale Party saamstem. Hy bevestig dit ook self deur rondborstig te verklaar: "Ons het op politieke gebied volkome saamgestem." [D'Oliveira 1977:48]

Vir die meeste lede van die Nasionale Party van die sestiger en sewentiger jare sou Koot Vorster ook iemand gewees het wie se oordeel gerespekteer is. Die Nasionale Party se beleid van Afsonderlike Ontwikkeling is immers ook 'n uitvloeisel van die werk van die Aparte Woonbuurte-organisasie waarvan hy vroeër voorsitter was. Wat die Nasionale Party betref, is dit veilig om te sê dat Koot Vorster so betrokke daarby was soos wat 'n predikant kon wees sonder om sy eintlike roeping te skend.

Koot Vorster se belangstelling in die politiek word ook deur die volgende insident onderstreep. Op 7 September, 'n dag na die sluipmoord op dr. Verwoerd, wou 'n paar parlementslede vir John Vorster op 'n stil plek ontmoet met die versoek dat hy hom beskikbaar sou stel as kandidaat vir die pos van Eerste Minister. [D'Oliveira 1977:168] Volgens Beaumont

Schoeman was die groepie manne S P Botha, J A Marais, G de K Maree en J de Wet. [Schoeman 1974:12] Koot Vorster vertel verder: "Hulle wou 'n plek hê waar hulle privaat kon gesels en het my gevra of hulle my studeerkamer kon gebruik. Ek het saam met hulle na die studeerkamer gegaan en daar gebly omdat ek so nuuskierig was. Hulle het of nie omgegee dat ek daar bly nie of hulle het so opgegaan in dit waarmee hulle besig was, dat hulle my nie raakgesien het nie. [D'Oliveira 1977:169]

Koot Vorster onthou ook baie goed dat sy broer se reaksie op die manne se versoek was dat hy, wat John is, bang was dat hy as junior Minister nie 'n sukses van die belangrike pos sou kon maak nie en in elke geval nie bereid was om stemme te werf. Koot moes hier terggedink het aan sy vader wat destyds op Sterkstroom ook nie bereid was om stemme te werf vir die munisipale verkiesing nie. Sy vader is destyds toe wel verkies en nou het die manne ook vir John verseker dat hulle oortuig was dat hy die regte man was. "Dit", se Koot, "was vir my 'n baie roerende oomblik. Ek het geweet ek luister na hoe die geskiedenis gemaak word." [D'Oliveira 1977:170] 'n Paar dae later sou Koot op een van die balkonne van die Marksgebou staan en luister hoe sy broer, aan die oorkant van die straat op die trappies van die parlement sy eerste toespraak as Eerste Minister hou. 'n Groot skare mense was teenwoordig en Koot het teenoor 'n vriend opgemerk: "John lyk lus vir die werk." [Schoeman

1974:13] Wat verder in Koot se gemoed omgegaan het op daardie dag is onseker, maar 'n mens kan net dink dat hy in daardie omstanighede trots sou gevoel het, maar tog ook hartseer dat albei hulle ouers reeds dood was en dit nie kon beleef nie.

Die Nasionale Party het in 1973, na 25 jaar se bewind, 'n boek uitgegee met die naam: Die Nasionale Boek. As Moderator van die Algemene Sinode van die N.G.Kerk het dr. Koot Vorster 'n bydrae gelewer onder die naam, Vader ons nader, waarin hy o.a. die Here dank vir die besondere leiers wat aan ons volk geskenk is. [Van Schoor 1973:10]

4. Afrikaner-Broederbond

Wanneer 'n studie gemaak word van die vorming van 'n leiersfiguur in die Afrikanergemeenskap, sal hierdie organisasie se betrokkendheid en invloed vanselfsprekend onder die loep geneem moet word. Sedert hierdie organisasie se stigting het hy duisende jongmanne met leierspotensiaal vroegtydig "uitgevang" of eerder "opgevang" in die kraal waar hy onder die leiding van ouer "broers" verder gevorm is om te word dit wat hulle vir hom in gedagte gehad het. Min Afrikaners het in die verlede "iewers" gekom sonder die begeleiding en wakende oog van hierdie vertroulike organisasie. Koot Vorster is een van hierdie min Afrikaners wat gevorm is en presteer het sonder hierdie organisasie se

hulp. Dit kan verhelderend wees om te kyk waarom hy, wat met sy besondere agtergrond en lewens-en wêreldbeskouing 'n ideale kandidaat vir die AB was, die organisasie se hulp en mag moes ontbeer.

Mag het die organisasie beslis gehad. Mnr. Henning Klopper het nie in leë woorde gespog toe hy in 1968 by die 50jarige feesviering van hierdie organisasie verklaar het: "Besef u watter sterk mag vanaand tussen hierdie vier mure byeen is? Wys my 'n groter mag op die hele kontinent van Afrika! Wys my 'n groter mag enige plek...." [Wilkens & Strydom 1978:Skutbladsy] As eerste voorsitter van die organisasie het hy geweet waarvan hy praat.

Dit het alles lank gelede begin - die aand van 13 April 1918 om presies te wees. Op hierdie dag het dr. D F Malan, as leier van die Nasionale Party in Kaapland en redakteur van Die Burger 'n toespraak gehou in die Selbornesaal in Johannesburg. Afrikaners wat swaarmoedig was oor die landsomstanighede het die Engelse vlag agter in die saal afgeruk en later het 'n geveg buite die saal losgebars.

'n Jong man met die naam van Henning Klopper het die aand die gebeure gadegeslaan en met 'n paar van sy vriende t.w. H W van der Merwe, D H C du Plessis en ds. Bertie Naude bespreek. Ds. Naude, vader van Beyers Naude, was in 1902 een van die 60 afgevaardiges by die vredesluiting in Vereeniging

en een van die 6 manne wat geweier het om die twee Boere Republieke onvoorwaardelik oor te gee. Hy was dus 'n goeie keuse om hierdie saak mee te bespreek. Na verdere raadpleging, wat alles in die veld plaasgevind het, is daar besluit dat die Afrikaner nie anti-alles moes wees nie maar eerder pro-Afrikaner. Vir hierdie doel sou 'n organisasie nodig wees - 'n organisasie wat bokant die gewone party-politieke vraagstukke staan en slegs vir een ding streef nl. die Afrikaner self. [Serfontein 1978:31]

So is die beweging, Jong Suid-Afrika, op die 24ste Mei 1918 in ds. Naude se huis in Roodepoort gestig met 'n ledetal van 14 jongmanne en Henning Klopper as die eerste voorsitter. Dit is opgevolg met nog 'n byeenkoms in Danie du Plessis se huis in Marathonstraat 32, Malvern op die 5de Junie van dieselfde jaar. Hierdie datum word amptelik deur die Broederbond erken as sy stigtingsdatum. [Serfontein 1978:32] Die doel was baie duidelik nl. om Afrikaners in daardie verwarrende tye bymekaar te maak en saam te werk vir die behoud van die Afrikanervolk en om sy belange te bevorder. Presies dit waarvoor Koot Vorster sy lewe lank ook sou stry. By hierdie vergadering het Klopper voorsitter gebly en Danie du Plessis, wat later Algemene Bestuurder van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens geword het, het sekretaris geword. [Serfontein 1978:32]

Op die 18de Junie 1918 was daar reeds 27 lede in die organisasie toe die naam verander is na Afrikaner Broederbond en ds. Naude die eerste president geword het. Hierdie ledetal van 27 het deur die jare gegroei tot meer as 10 000 in 1978. Bykans elke prominente Afrikaner wat op die onderskeie terreine, die politiek, kerk, skool en staatsdiens veral, leiding geneem het, het deel uitgemaak van hierdie elite korps. Dat iemand soos Koot Vorster eers op 57 jarige leeftyd in 1966 lid geword het, is 'n interessante feit en die rede waarom hy uitgesonder word in die boek wat Serfontein oor die Broederbond geskryf het.

Volgens hulle was die probleem rondom sy lidmaatskap te wyte aan die feit dat hy as prominente kerk- en kultuurleier te konserwatief was vir die meer liberale "broeders" in Kaapstad. Hulle het hom uit die beweging gehou al het invloedryke lede en politici hulle bes probeer om hom te betrek. [Serfontein 1978:183]
Jaloesie en persoonlike verskille sou waarskynlik ook 'n rol gespeel het omdat slegs twee teenstemme genoeg was om iemand uit die organisasie te hou. Die feit dat enige misdryf of tronkstraf 'n potensiele Broederbond-lid gediskwalifiseer het, mag in Koot Vorster se geval, wat vroeër natuurlik in die tronk was, ook teen hom getel het. Tog hou dit nie steek nie want haas almal wat gedurende die OB-jare in die tronk was, John Vorster ingesluit, het lede van die organisasie geword. Of die ware redes ooit ontbloot sal word is te

betwyfel. Die feit is Koot Vorster, besig om die een na die ander invloedryke posisies in die kerk in te neem, kon nie meer langer buite gehou word nie en hy moes ingeneem word, kom wat wil. Terugskouend wil dit voorkom of die AB-selle in Kaapstad van bo af aangesê is om hom in te trek met sy broer John se verkiesing as Eerste Minister.

Wat vir die doeleindes van hierdie studie belangrik is, is die feit dat Koot Vorster sonder die hulp van die AB uitgestyg het as leier in die kerk en in die breër volkslewe. Vir 'n Afrikaner wat in die vyftiger en sestiger jare dit sonder hierdie organisasie reggekry het, is dit 'n groot prestasie. Dit vertel vir ons iets meer van die natuurlike leierseienskappe van hierdie man en kan as 'n besondere suksesverhaal aangeteken word.

## 5. Die Ossewa-Brandwag beweging

Nadat die OB gestig is, het dit 'n tydjie geneem voordat dit in Kaapstad posgevat het. Gedurende September 1939 is 'n klompie manne, Koot Vorster en sy broer John ingesluit, genooi na 'n byeenkoms in die konsistorie van die Groote Kerk in Kaapstad waartydens besluit is om 'n tak van die OB in die stad te stig. [D'Oliveira 1977:36] Koot Vorster het lid geword van hierdie beweging en tot Generaal gevorder.

Die feit dat hy 'n lid van hierdie beweging geword het, moet gesien word teen die agtergrond van sy liefde vir die Afrikanervolk en sy strewe na vryheid. Hiervoor moes daar, in sy eie woorde, hard gestry word: "Dis nie maar staatkundige vryheid, 'n sterk ekonomie of 'n groot en sterk Afrikanertaal wat ons soek nie. Ons ideaal is 'n Afrikanervolk, sterk en trou, en daarom bou ons aan alle fronte, handhaaf ons ons taal, beskerm ons ons tradisies, bewaak ons ons staatkundige vryheid. Ons doen al hierdie dinge vir die Afrikanervolk omdat ons niks anders kan wees en niks anders wil wees nie. [Vorster NGTTXX4,1979:350]

Vorster sê van die OB: "In daardie dae was ons absoluut daarvan oortuig dat ons, as Afrikaners, ons volk alleen deur die OB kon dien. Ek kan my nog so goed my gevoelens van daardie tyd herinner - en dit is nou nie 'n nagedagte nie, want ek het dit alles uitdruklik te kenne gegee aan 'n amptenaar wat my daardie dae 'n petrolkoepon geweier het omdat hy beweer het ek is pro-Duits. Ek het aan hom gesê dat as die Duitsers na Suid-Afrika sou kom en aan ons probeer doen wat die Engelse aan ons gedoen het en nog besig was om te doen, dan sou ek die eerste wees om hulle hand en tand te beveg." [D'Oliveira 1977:48] "My idee" se hy, "was dat ons Afrikaners was. Ons het geen appeltjies met die Duitsers te skil gehad nie. Ons tradisionele vyand was die Britte en ons het dit baie sterk aangevoel. Ons was nie soseer pro-Duits as anti-Engels en pro-Afrikaans nie." En dan herhaal hy wat

hy so baiekeer al gesê het: "Ons wou vry wees van die Engelse en ons wou ons republiek hê. Ek kan hier op die Bybel sweer dat as die Duitsers hiernatoe sou gekom het en die supermoondheid by ons wou kom speel, ek die eerste man sou gewees het wat teen hulle sou opgeruk het. Ons in die OB wou 'n organisasie skep wat in staat sou wees om die land op die regte tydstip oor te neem en dan met die Duitsers te onderhandel, om op die manier ons republiek te verkry." [D'Oliveira 1977:48]]

In antwoord op 'n vraag van advokaat Fagan, tydens sy hofsaak, of die beweging enige iets onwettig of subversief gedoog het of sou doog, het Vorster geantwoord: "Beslis nie."
Fagan vra verder: "'n Vreedsame beweging?" Waarop Vorster antwoord: "Ons lê ons daarop toe om dissipline onder die Afrikaners te verkry en daarop te staan, en nie dat hulle tot onverantwoordelike dade geja sal word nie." [Kroon teen Vorster 1941:158]

Lidmaatskap van die beweging het ook gedurende die hofsaak van Vorster ter sprake gekom. Die hof het 'n getuie, P W Botha, die latere Staatspresident, uitgevra oor die wyse waarop hy 'n rang in die Ossewa-Brandwag gekry het: "Kry u 'n rang in die Ossewa-Brandwag? - Nie 'n militere rang nie. Ek is benoem deur die hoofde as Lid van die Beheer Raad bloot uit my belangstelling vir die beweging. Hoekom is u

uitgesoek? - Omdat ek van die begin af een van die mense was wat te doen gehad het met die oprigting van die Ossewa-Brandwag. Ds. Vorster ook? - Ja " [Kroon teen Vorster 1941:85]

As Generaal het Vorster op 'n stadium met 3 Hoofkommandante saamgewerk t.w. Dr. A D Wassenaar [later voorsitter van Sanlam], dr. D Boonstra [Hoof van die biblioteek in Kaapstad] en mnr. P W Botha [later Minister en Staatspresident] [Vorster in onderhoud op 6/9/81]

Teen September 1940 was Vorster Generaal van die Westelike Area wat Kaapstad, Strand, Wellington, Paarl, Franshoek en Stellenbosch ingesluit het. Volgens Vorster self het die beweging so uitgebrei dat daar later 3 Generaalskappe was. Hy was Generaal vir die groot area en dus verantwoordelik vir Kaapstad en omstreke. [Kroon teen Vorster 1941:156]

Uit hoofde van sy pos as Generaal was hy ook lid van die Beheerraad van Kaapland. Hierdie Raad het uit sowat dertig tot veertig lede bestaan en het selde vergader. [Kroon teen Vorster 1941:156] Die leierskorps van die beweging het as die Groot Raad bekend gestaan en daarvan was Vorster natuurlik ook 'n lid. Volgens Vorster het die Groot Raad baie selde vergader en slegs wanneer daar iets voorval. Gewoonlik was dit minstens een maal per jaar. [Kroon teen Vorster 1941:156] Koot Vorster het by sulke vergaderings

belangrike insette gemaak. Die eerste vergadering van die Groot Raad is op die 9de Julie 1940 in die Ossewa-Brandwag se kantore in Bloemfontein gehou. Op die teenwoordigheidslys van hierdie vergadering verskyn baie bekende name soos bv.: Komdt. Genl. J C C Laas, ds. J D Vorster [Kaapstad], dr. F D du T van Zijl [Kaapstad], Eerw. J J Kruger [Nelspruit], adv. J D Jerling [Johannesburg], ds. C R Kotze [Bloemfontein], adv. C R Swart [Bloemfontein], mnr. R Meyer [Greytown] en mnr. O L Nel [Greytown] Op hierdie vergadering maak Koot Vorster belangrike insette insake die OB se grondwet en neem deel aan die besprekings. So ook op die Raad se vergadering van 29 Augustus 1940 in die Kinderhuissaal, Bloemfontein. [Kroon teen Vorster 1941]

Die Beweging was baie bedrywig in die Skiereiland en het hulle strewe vir 'n suiwer Afrikaner-republiek duidelik te kenne gegee. Rondom die verpligte bidpouses op die middag was daar baie ongelukkigheid in Afrikanerkringe. In die verband het Koot Vorster vertel hoe hulle by geleentheid by die kantore van Die Burger byeengekom het om 'n pamflet te druk wat ene Erasmus opgestel het. Daardie Woensdagaand het hulle die hele Skiereiland met pamflette beplak. 'n Sekere sers. Goosen het nog met hierdie taak gehelp. Alles het amper skipbreuk gely want op die Woensdagaand voor biduur het Koot Vorster tyding gekry dat die polisie 'n eksemplaar in die hande gekry het. Vorster het eers die biduur klaar gehou en toe met behulp van mnre. P W Botha [latere

Staatspresident] en Jaap de Vos [later Regter in Kaapstad] die nag plakate opgeplak. Hy kan goed onthou dat mnr. Botha in Seepunt opgeplak het, maar hy kan ook onthou dat die hele Adderleystraat beplak was. Die volgende dag was die publiek baie onseker oor die bidpouses. [Vorster 1981]

Volgens Vorster was daar gedurende hierdie jare baie antagonisme teen die Ossewa-Brandwag. Hy het dit te kenne gegee nadat Fagan hom gevra het: "As een van die hoofde van die beweging, het u informasie gehad van pogings om die Ossewa-Brandwag in diskrediet te bring? - Ja, ek het informasie gehad. Ons het beslis geweet die kampanjes loop daarop uit om die Ossewa-Brandwag en die Afrikaners in die besonder op te hits." [Kroon teen Vorster 1941:157]

Fagan: "Het u gedink dat die mense agter u is? - O ja, daar was alle bewyse dat hulle agter my is."
Fagan: "U het by die begin gesê daar was 'n sterk kampanje teen die Ossewa-Brandwag, en is daar ook aan die kant van die Polisie getoon geword, of aan Regeringskant getoon geword, dat hulle blykbaar die leiers van die Ossewa-Brandwag wil dophou? - Ja. "
Deur die Hof: "Het die Polisie toe vir u die indruk gegee dat hulle teen die Ossewa-Brandwag gekant is? - Ja, by monde van Kol. Devenish."
Fagan: "U was eendag geroep gewees? - Kol. Devenish het my eenmaal voor die Hoofmagistraat laat roep en het my 'n

waarskuwing gegee dat ek besig is met gevaarlike dinge. Dit was in Julie, Augustus, ek kan nie sê watter tyd nie. Ek weet presies watter tyd in die maand maar nie die datum nie."
Deur 'n assessor: "Verlede Jaar? - Ja."
Deur die Hof: "Goed 'n maand vantevore? - Ja omtrent 'n maand of 'n maand en 'n half. Dit was die eerste Saterdag wat hier in die Kaap se strate 'n opstootjie gekom het. Daardie Saterdagoggend het Kol. Devenish vir my laat waarsku en toe het ek die volgende week met Kol. Devenish 'n gesprek gehad oor my persoon." [Kroon teen Vorster 1941]

"Daardie waarskuwing, was daar enigeiets wat u gedoen het waaroor u enige waarskuwing verdien het? - Absoluut nie. Kol. Devenish het my verseker hy het nie my persoonlik - daardie ding het met my niks verbinding gehad nie. Die rede waarom Kol. Devenish my laat waarsku het is omdat hy vermoed het dat agter die georganiseerde optog daardie Saterdag, het hy vermoed dat die OB daaragter sit en dat ek as hoof van die OB hier verantwoordelik daarvoor is. Ek het hom verduidelik dat ek daarmee niks te doen het nie en dat daar op hierdie tydstip nog nie 'n OB op Stellenbosch gestig was nie. Hy het blykbaar my woord daarvoor geneem en ons is heeltemal goed uitmekaar." [Kroon teen Vorster 1941:187]

Soos uit hierdie getuienis blyk, was daar wel 'n sterk antogonisme van die regering se kant teenoor hierdie

organisasie en moes Vorster seker verwag het dat hy dopgehou word. Hy het egter voortgegaan om te doen wat hy geglo het in belang van die Afrikaner en sy vryheid was.

Koot Vorster se betrokkenheid binne die OB en die leiersposisie wat hy daarbinne beklee het, moes hom verder gebrei en geskool het vir die toekoms. Binne en buite die beweging het hy respek afgedwing en daar is na hom geluister. Hy het ook in die gedissiplineerde wêreld van die uniform gewoond geraak aan gesagsstrukture en die feit dat mense sy bevele gehoorsaam. Dit alles het bygedra tot groter selfvertroue wat selfs tot outokratiese optredes of manipulasie van mense kon lei. Of hy hom later hieraan sou skuldig maak of nie, is stof vir verdere studie.

6. Kroon teen Vorster

Een van die sake wat bygedra het tot Koot Vorster se interessante en kleurryke lewe, maar hom terselfdertyd ook op 'n besondere wyse gevorm het vir sy latere lewe, was die tydperk wat hy in die tronk deurgebring het. Aangesien sy vorming in hierdie studie ter sprake is, sou hierdie fase in sy lewe in twee dele ingedeel en behandel kon word naamlik:

1] Sy arrestasie en die hofsaak en

2] Sy tronkstraf en studie binne die tronk.

Sy arrestasie en die hofverrigtinge word verder in hierdie hoofstuk behandel, terwyl sy tronkstraf en verdere studie in die volgende hoofstuk aan die orde kom.

Arrestasie en Hofverrigtinge

Potgieter verwys daarna as hy sê: "Die jaar 1939 herinner 'n mens aan die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog. Gedurende hierdie veelbewoë jare is ds. Vorster gearresteer, in Kaapstad verhoor en soos hy dit stel 'met drie jaar langverlof na die gevangenis'." Potgieter NGTTXX4 1979:273] Ander stel dit so: "In die troebele jare van die oorlog is die leraar vir drie jaar met langverlof van die Kerkraad en met toestemming van die Ring weggepak." [Tafelberg 25, 1969:32]

Met sy betrokkenheid in die OB het hy geleidelik in die politieke vaarwaters beland. Die Kaapse koerant, Die Burger, van 4 Oktober 1940 het eerste met die nuus gekom - nogal op die voorblad tesame met 'n foto van Koot Vorster! Die opskrif lui: "Ds. J D Vorster aangekla. Optrede kragtens noodregulasies." En dan die berig verder: "Ds. J D Vorster, van Kaapstad, is gisteroggend in hegtenis geneem en is later kragtens die Noodregulasies aangekla. Hy is op 500 pond borgtog vrygelaat en die verhoor is tot 16 Oktober verdaag. Hy het gisteroggend vroeg 'n oproep van die speurders ontvang en is versoek om om 09h15 sy opwagting by die

kantoor van maj. P H Golby, hoof van die plaaslike speurdiens te maak. Na sy aankoms daar is hy in hegtenis geneem. 'n Rukkie later het hy voor die hoofmagistraat, mnr. G Thackwray, in laasgenoemde se kantoor verskyn waar hy kragtens die Noodregulasies aangekla is. Twee persone is as borge vereis." [Die Burger 4 Oktober 1940:1] Later verskyn die name: Pierre Daniël Rousseau, Heuwelkruin, Glencoeweg, Oranjezicht en Francois Daniël du Toit van Zyl as die twee borge vir Jacobus Daniël Vorster. Soos die beskuldige, is die twee borge se tweede naam ook Daniël!

In hierdie paar vol sinne is die dramatiese gebeure beskryf wat die jong Koot Vorster se lewe die volgende paar jaar ingrypend sou verander. Op die 17de Oktober het die koerant berig: "Ds. J D Vorster, mede-leraar van De Nieuwe Kerk Kaapstad, het gisteroggend vir sowat twee minute voor mnr. H L Corder in die plaaslike magistraatshof verskyn." en sluit af met: "Geen getuienis is afgelê nie en die staatsaanklaer, mnr. J M Burger, het die magistraat versoek dat die verhoor tot Donderdag 24 Oktober, uitgestel word. Die versoek is toegestaan." [Die Burger 17 Oktober 1940:1]

Op die 25ste Oktober 1940 was Die Burger weer eerste met die nuus: "Die voorlopige verhoor van ds. J D Vorster, medeleraar van De Nieuwe Kerk, Kaapstad, het gisteroggend voor mnr. M R Hartogh in die Kaapstadse magistraatshof begin. Die hof was stampvol. Ds. Vorster word aangekla kragtens Artikel

1(1)c van die Wet op Staatsgeheime van 1911 wat lui (uit Engels vertaal) : "Indien iemand vir 'n doel wat nadelig is vir die veiligheid of belang van die staat, 'n skets, plan, model, voorwerp of aantekening, of ander dokument of informasie wat vir die vyand direk of indirek van nut sou kan wees, verkry of aan 'n ander meedeel, dan is hy skuldig aan 'n misdaad en word gestraf met dwangarbeid van minstens drie jaar en hoogstens sewe jaar.

Adv. H A Fagan, K.C., gelas deur die firma D P de Klerk en Van Gend, tree op ten behoewe van ds. Vorster. Die staatsaanklaer is adv. C du Plessis, waarnemende Prokureur-generaal." [Die Burger 25 Oktober 1940:2]

Meer amptelik lui die vorm wat by die voorlopige ondersoek ingevul is as volg: " 1] Oortreding van Art.1(1)(c) van die Staats of Ampsgeheime wet van 1911 2] Aanhitsing van die misdaad van oortreding en artikel 1(1)(c) van die Staats of Ampsgeheime wet van 1911 volgens Artikel 15(2)(b) van Wet 27 van 1914 soos gewysig te pleeg." Vorster se ouderdom [31 jaar] en sy adres ["Montarene", Yeovilleweg, Vredehoek, Kaapstad] verskyn ook op die vorm. [Bylae by Kroon teen Vorster 1941] Insy eie handskrif het Koot Vorster ook op die vorm geskryf: "Ek is onskuldig en behou my verdediging voor." Die handskrif is ondubbelsinnig syne alhoewel dit slordiger is as gewoonlik - iets wat 'n mens in sulke spannende oomblikke sou verwag. Indien dit nie van spanning

was nie, is 'n ander interessante moontlikheid nie uitgesluit nie naamlik dat hy miskien in ergerlikheid die sin op 'n ongeërgde wyse "gekrap" het om sy misnoë te kenne te gee.

Sy inhegtenisneming op 3 Oktober 1940, na 5 jaar in die gemeente, moes vir die Ned. Geref. Kerk sowel as die gemeente De Nieuwe Kerk, as 'n groot skok gekom het alhoewel sommige lidmate waanskynlik iets moes vermoed het. Een van die lidmate, ouderling H E Smit, het in die hof getuig dat Vorster een oggend voor die erediens in die konsistorie aan hulle gesê het dat iemand gedurende die week iemand na hom gestuur het om "wapens aan hom af te smeer." Smit het toe nog daarop geantwoord: "Dominee moet versigtig wees as dit so is." [Kroon teen Vorster 1941:140

Vir die jong predikant self, sy gesin en familie moes dit traumaties gewees het. Veral ook omdat die swaard oor sy kop gehang het dat hy vir 'n lang tyd van sy vrou en hule eerste kind, 'n dogtertjie, geskei sou wees indien tronkstraf opgelê word. Deel van sy hartseer moes ook gewees het die feit dat hy, soos gebruiklik by hofsittings, ook in die fynste besonderhede weer in die hof sy onaangename arrestasie-besonderhede moes beskryf het - iets wat hy waarskynlik so gou as moontlik sou wou vergeet het. Op Fagan se vrae antwoord hy dan as volg: "Deur mnr. Fagan: Die 3de Oktober is u toe gearresteer? - Die 3de Oktober - ek sal nou

moet dink: Ek was die dag met die sonsverduistering, dit was die 1ste Oktober, dink ek, by Carnarvon gewees. Die volgende dag het ek teruggekom en die volgende oggend is ek gearresteer, dit wil se die 3de." [Kroon teen Vorster 1941:192]

'n Logiese vraag om mee te begin sou wees waar en wanneer alles begin het. Namate die hofsaak op dreef gekom het en getuienis aangehoor is, het meer feite oor die aanloop tot die arrestasie bekend geword. So, byvoorbeeld, sou speurder Hoof-konstabel Johannes Christiaan van der Merwe getuig en erken dat die huise van Vorster en ander OB-leiers asook die OB-kantore reeds op die 24 ste September deurgesoek is. [Kroon teen Vorster 1941:73]

In sy uitspraak het die regter die begin van die probleme min of meer as volg aangedui: "Op 4 September, onder buitengewone omstandighede, het hy [Vorster] in aanraking met ene Wiesner gekom. Hy was vir die man jammer gewees; hy het hom na sy huis geneem, en ete gegee, en daar het 'n gesprek in die loop van die namiddag ontstaan oor boeke en filosofie in die algemeen." [Uitspraak, Kroon teen Vorster 1941:1]

In Vorster se eie getuienis het 'n klein Kleurling die onbekende man om ongeveer ses-uur die Woensdagaand van die 4de September na sy huis gebring. Hy het die man nog glad

nie vantevore gesien nie. Die man was blind en as gevolg daarvan was sy klere, volgens Vorster, voorlangs 'n bietjie vuil. Die man was beslisnie 'n bedelaarstipe nie en het homself aan Vorster voorgestel as "dr. Wiesner van Suid-Wes." [Kroon teen Vorster 1941:158]

Oor hierdie ontmoeting het adv. Fagan vir Vorster uitgevra: "U as Ds., is u gewoond daaraan dat vreemde mense dikwels by u kom? - Daar kom snaakse mense by 'n pastorie aan - alle soorte mense. " [Kroon teen Vorster 1941:158] Fagan gaan voort: "En het gesit en gesels met u? - Ek het gesê waar kom jy aan my, en wat kom jy maak? Hy het eers aan my gevra of ek vroeër in Suid-Wes was, en hy sê toe dit is eienaardig want hy kom onder die indruk dat ek Eerw. Vorster van Suid-Wes was. Ek sê toe ek was nog nooit in Suid-Wes nie. Hy sê toe dit is maar goed dat hy by my uitkom. Ons het toe gesit en praat. Hy kon baie gesels." [Kroon teen Vorster 1941:158]

Vorster getuig oor sy Calvinistiese siening as Fagan vir hom verder oor hulle gesprek die dag uitvra: "Eers gepraat oor Godsdiens. Dit doen die mense gewoonlik wat by die pastorie kom. Hy het my gevra wat my geloofsoortuigings is, en ek het gesê ek is Calvinisties, en hy het gesê hy is Luthers. Ons het verder gepraat en hy het gesê hy kan nie Calvinisties wees nie, want hy kan nie in die Pre-Destinasie glo nie. [Kroon teen Vorster 1941:159] Vorster sê verder dat hy die

man die aand nie daar kon wegkry nie. "My vrou het tweemaal gekom kyk of ek nie gereed was nie. Die aand was biduur. Eindelik het sy gesê hy moet saam eet." [Kroon teen Vorster 1941:159] Martin Slabber Leibrandt het getuig dat hy die aand saam met Vorster na die biduur, wat gewoonlik op Woensdae van 20h00 tot 21h00 gehou is, gery het. Wiesner was ook in die motor en omdat Vorster die biduur moes lei het hy, wat Leibrandt is, aangebied om Wiesner na die bushalte te neem. Aan hom het Wiesner gesê dat hy blind geword het a.g.v 'n skoot deur die nek, dat hy in Suid-Wes met karakoelskape boer, 1 000 pond aan die Duitse Bond gegee het, elke week met 'n Packard [en 'n swart bestuurder] na Kaapstad kom en dat hy nou vir Vorster kom vra het om 'n tak van die OB in Suid-Wes te kom stig! [Kroon teen Vorster 1941:134]

Meer omtrent Wiesner en sy rol in die hele saak blyk uit verdere getuienis. Theo Wiesner alias Theodore Wiesner alias Jan Visser alias Andries Visser alias Theodore Carl Jacobus Visser was eintlik Johannes Gerhardus Jakobus Visser wat in 1929 'n leerling in die Skool vir Blindes te Worcester was. [Kroon teen Vorster 1941:52] Onder die naam van Jan Visser was sy vordering by hierdie skool bo gemiddeld, maar hy word tog in 1935 in sy ouers se sorg geplaas omdat hy, volgens die prinsipaal, 'n vrugbare verbeelding gehad het en 'n paar keer oor bedrog in die moeilikheid was. [Kroon teen Vorster 1941:53]

Aan die begin van 1936 was die seun, wat vir 'n prokureur wou studeer, terug by die skool, net om weer in November van daardie selfde jaar huis toe gestuur te word. Die hoof het hom probeer dissiplineer maar was onsuksesvol daarin. Hy het soos klokslag weggeloop van die skool of sy ouerhuis af. [Kroon teen Vorster 1941:53] Na gelang van omstandighede het hy sy naam verander en hy was ook al 'n keer "Visserowsky" toe die Magistraat van Springbok vir Johannes Gysbertus Visser na Valkenburg, oord vir geestelik versteurde mense, gestuur het en waar hy op 21 Februarie 1938 toegelaat is. [Kroon teen Vorster 1941:54] In Valkenburg is hy as 'n psigopaat geklassifiseer en het hy sy voornemens om prokureur te word laat vaar omdat hy hom daar verbeel het dat hy reeds 'n advokaat is! [Kroon teen Vorster 1941:54]

Dis hierdie man wie se pad op 4 September 1940 met dié van die predikant in Kaapstad gekruis het en groot veranderinge ten gevolg gehad het. En hulle paaie kon kruis omdat hy toe lankal nie meer in Valkenburg was nie. Gedurende 1939 het hy by twee geleenthede t.w. 11 April en 1 November te Victoria-Wes as Andries G Visser [nogal die beroemde digter A G Visser se name !] 'n opgeskorte vonnis gekry vir diefstal onder valse voorwendsels. Nog was dit nie die einde nie, want op die 25ste Julie 1939 word "Dr. Theodore Carel Visser" in Bloemfontein vir bedrog gevonnis. Sy doppie het

uiteindelik geklap want hy word summier as Goewerneur-Generaal pasiënt na die Bloemfontein Mental Hospital gestuur vanwaar hy later weer ontsnap het! Met sy ontsnapping op 26 Junie 1940 het die hospitaal-owerhede hom 42 dae kans gegee voordat hulle hom afgeskryf het as Goewerneur-Generaal pasiënt. [Kroon teen Vorster 1941:56] So het dit gebeur dat hy twee maande later as vrye mens by Koot Vorster uitgekom het.

Terugskouend is dit ongelooflik dat so 'n versteurde persoon so lank daarin kon slaag om ongesteurd in die samelewing te bly en so baie mense, Koot Vorster inkluis, om die bos te kon lei. As rede hiervoor is moontlik die feit dat hy, volgens 'n dokter se getuienis, 'n leuenaar by uitstek was. 'n Glibberige mens wat so goed gelieg het dat hy selfs 'n intelligente persoon by hulle eerste ontmoeting kon mislei. Die dokter, Gordon James Key, het ook in sy getuienis erken dat Visser ook al vir hom mislei het. Hy noem Visser 'n "clever fool" en sê verder, "That is how these people make their livelihood. They take in people. That is a well-established thing in the world." [Kroon teen Vorster 1941:59]

Hoe lank Vorster en Wiesner gesels het voordat Vorster deur alles kon sien, is onbekend. Vorster het egter later getuig dat hy, nadat hy agterdogtig geraak het, met 'n spesifieke

rede met die gesprek voortgegaan het. Dit is belangrik om op die verdere gesprek te let.

Wiesner het aan Vorster gesê dat hy 'n boek geskryf het wat, "min of meer om die teorieë van Jung en Springer gehandel het, meer op die kinderleer", en dat hy dit aan, "die Nasionale Pers oorhandig het, en dit feitlik 'n populêre roman is." Aangesien die boek oor jeugmisdaad handel, wou hy weet of Vorster aan hom 'n lys van al die Afrikaanssprekende polisiemanne kon gee. Vorster was hiertoe nie ongeneë nie omdat die meeste van sy lidmate in die polisiediens was. [Kroon teen Vorster 1941:159]

Mnr. S A van Zyl, verbonde aan Nasionale Pers, het getuig dat 'n mnr. Visser rondom die 25ste Augustus 'n manuskrip met die titel: "Rooitas" aan hulle voorgelê het met die oog om dit uit te gee, maar die firma het nie daarvoor kans gesien nie. [Kroon teen Vorster 1941:78]

Wiesner het ook aan Vorster gesê dat hy 'n lid is van die Deutsche Bund. Vir 'n generaal van die OB in 1940 sou dit meer aktueel wees as 'n boek oor jeugmisdaad. [Alhoewel jeugmisdaad vir die predikant Vorster in normale omstanighede interessanter sou gewees het.] Wiesner het vertel van die oorlogstoestande in Duitsland en dat hy teenwoordig was met die mislukte Putsch van Hitler toe lg. in die tronk gesit is. Op Fagan se vraag of Vorster dit

geglo het antwoord Vorster beslissend: "Natuurlik nie," en gaan voort:"Hy het blykbaar die saak so voorgestel om 'n indruk op my te maak dat die oorlogsplanne van Hitler hang af van hom en, kennende die deeglikheid van die Duitsers, kon ek sien dit is nie so nie." [Kroon teen Vorster 1941:160]

Op hierdie punt het Vorster reeds agtergekom waarmee hy te doen het. Veral toe Wiesner gesê het dat hy 'n plan het om die Afrikaners in opstand te bring, en dat hy 'n groot hoeveelheid wapens het en ook presies weet waar die Duitse "depots" is. Hy het hulp gesoek om te help met die oorhandiging van die wapens. Volgens Vorster het hy toe agtergekom dat iemand besig is om hom in 'n lokval te lei en het hy gevolglik besluit om 'n bietjie met Wiesner aan te hou om te kyk wie sit agter die man. [Kroon teen Vorster 1941:160]

'n Sekere Johannes Andreas van Wyk het oor hierdie saak ook getuig dat Wiesner aan hom gesê het dat hy in diens van die Duitse Spioenasie was en 'n aantal gewere gehad het wat hy in die Westelike Provinsie wou versprei. Daarvoor het hy die hulp van mense nodig gehad. [Kroon teen Vorster 1941:114]

Wiesner het sy eerste besoek aan Vorster op die Woensdag opgevolg met 'n tweede besoek die dag daarna. By hierdie geleentheid het Vorster aan hom die name van die polisie

gegee. Fagan aan Vorster: "Het dit daarby gebly? - Ek het gedink dit is verby, maar later het hy weer gekom." Fagan: "Hy het toe oor ander dinge gepraat? - Ja, elke dag meer en oor groter dinge." [Kroon teen Vorster 1941:160]

Die feit van die saak was egter dat hierdie half blinde psigopaat drie dae nadat hy vir die eerste maal by Vorster was, met die afdeling Militêre Inligting in aanraking gekom het. Kapt. Paul Johannes Retief, hoof van hierdie afdeling, het getuig dat Wiesner vir hom op die 7de September gebel het en sekere informasie oor Koot Vorster gegee het. Hierna, het Retief getuig, het hy Wiesner as informant gebruik en dus sy losies, telefoonkostes, petrol en ander uitgawes betaal het solank as wat hy inligting deurgegee het. In antwoord op 'n vraag, het hy in die hof getuig dat hy bereid was om Wiesner te gebruik solank as wat die informasie nuttig was. Oor die karakter van Wiesner, sy lys van vorige veroordelings, sy rekord van leuens en bedrog of oor die metodes wat hy sou gebruik om inligting te bekom, het hy hom nie bekommer nie. [Kroon teen Vorster 1941:64] So het die man wat dr. Key van Valkenburg "a moral imbecile" genoem het [1941:54] en 'n ander getuie, Willem Johannes Henoch Marsh, " 'n gewetenlose skurk" vanaf die 7de September 1940 as betaalde agent van Militêre Inligting op Koot Vorster en die OB gespioeneer.

Charles Herbert Blaine, Sekretaris van Verdediging, het bg. eties-morele kwessies van minder belang as informasie geag toe hy sy departement se handelswyse verdedig en onder eed verklaar het: "Gemelde Visser het uit eie beweging hoogs waardevolle inligting aan my departement kom gee. En aangesien die Unie van Suid-Afrika in 'n staat van oorlog verkeer sou dit skromelike pligsversuim aan die kant van my departement gewees het as hy nie behoorlik kennis van genoemde inligting geneem en dit van tyd tot tyd nagespoor het nie. [Kroon teen Vorster 1941:Bylae tot hofverslag]

Twee dae later, en wel op Maandag 9 September, was daar nog 'n kinkel in die kabel. P W Botha [Assistent-sekretaris van die Verenigde Nasionale Party in Kaapland] het op hierdie datum vir Koot Vorster gevra of hy vir hom sou instaan om op Vrydag die 13de 'n toespraak te hou voor Ikey-studente se ASB in Observatory, aangesien dit vir hom nie meer gepas het nie. Vorster het op hierdie kort kennisgewing tog ingewillig en die Vrydagaand opgetree. Die volgende dag, Saterdag, het die koerante baie aanvallende berigte oor Vorster se toespraak geskryf. Volgens hulle het hy Nazisme verkondig. Dit was duidelik dat die media hulle mes ingehad het vir die OB en na rede gesoek het om slegte publisiteit vir die beweging te gee.

Op dieselfde Saterdag, die 14de, het 'n gemeente-dogter van De Nieuwe Kerk, Caroline Gerber, in die huwelik getree met

'n soldaat van Simonstad. Sy naam was Karel Wilhelm Puchert, die seun van 'n padmaker in die Komgha-distrik en een van 8 kinders. Met standerd 6 as sy hoogste kwalifikasie, het hy voorheen as 'n arbeider op die Spoorwee gewerk voordat hy soldaat te Simonstad geword het. Die bruidspaar was albei by die Groot Trek-Eeufeesvieriren het vir Vorster daar gesien in die posisie van Voorsitter. Op die dag van hul troue het Puchert vir Vorster gebel. "Hulle is albei Afrikaners en daar hulle 'n nuwe lewe wil ingaan wou hulle graag weet of dit 'n goeie ding vir hulle sou wees om by die Ossewabrandwag aan te sluit. Met die telefoonoproep het ds. Vorster vir hulle verduidelik dat dit miskien nie wenslik sal wees om aan te sluit nie daar die Militêre owerheid daarteen gekant was dat soldate aan die beweging sou behoort; maar Ds. het vir Puchert te kenne gegee dat hy hom later oor die saak sou sien." [Kroon teen Vorster 1941:4]

Dit sou nie te lank neem nie, want op die volgende dag, Sondag die 15de, is Vorster en Wiesner, op lg. se versoek, na die pasgetroude Puchert se huis. Vorster was teësinnig om 'n jong man die dag na sy troue te pla, maar het later ingewillig. In die nagtelike ure het Vorster en Wiesner vir Puchert opgespoor, wakkergemaak en saamgeneem na die pastorie. Daar aangekom, het die drie mans om 'n tafel stelling ingeneem en Wiesner het begin om Puchert uit te vra oor al die wapens, ammunisie, stellings, wagwoorde ens. in die Simonstad-hawe. Wiesner het vir Vorster gevra om as

sekretaris op te tree. Vorster het op 'n blou skryfblok alles sorgvuldig neergeskryf en, waar iets onduidelik of baie tegnies was, Puchert self laat skryf of teken. Hierdie blou velletjie papier sou in die hofsitting die middelpunt van lang getuienisse word en is vandag nog as 'n bylae tot die gebinde hofverrigtinge te sien. In die hof het Puchert getuig dat hy bewus was van die feit dat hy nie geheime inligting vir ander mense moes gee nie, maar dat hy vir Vorster vertrou het: "Hulle het my gevra vir die informasie, en ek het gedink voor 'n Domini van die Afrikaanse kerk kan jy enige informasie gee en dit sal geen kwaad wees vir Afrikaanse mense nie, en ek het gedink ek is self 'n Afrikaner en Ds. is 'n Afrikaanse leeraar, 'n man wat jy kan vertrou en dit sal nie verder gaan nie." [Kroon teen Vorster 1941:7] Kapt.Retief van Militêre Inligting het getuig dat hy Puchert op die 23ste September met opdragte na Vorster gestuur het. Puchert het op die 24ste vir Vorster besoek om meer inligting uit hom te kry. Die situasie het dus in 'n regte spioenasie-drama ontwikkel deurdat Vorster gesprekke met Wiesner en Puchert volgehou het om te verneem in wie se diens hulle is, terwyl die twee manne al die inligting vanaf Vorster na Militêre Inligting oorgedra het.

Die hoofsaak van die hofsaak? In die hofsaak sou Vorster getuig dat hy gedurende die gesprek slegs neergeskryf het wat die twee manne bespreek het, nooit vrae gestel het nie en dus nie die inligting vir homself nodig gehad het nie.

Die staat, aan die anderkant, sou beweer dat Vorster inderdaad aan die gesprek deelgeneem het en die inligting vir iets anders wou gebruik. Op Koot Vorster sou die las wees om te bewys dat hy onskuldig was.

Volgens die hof kon Vorster dit nie doen nie en het die staat dus gewen met die uitspraak teen Vorster: "Met betrekking tot die tweede aanklag, is dit onnodig om in besonderhede te tree. Hierdie aanklag berus bloot op Puchert se getuienis. Hy het in sy getuienis baie billik verklaar dat hy nie bereid was om te sê dat Ds. Vorster hom gevra het om die notaboek en die wagwoorde aan Wiesner te verskaf nie....Op die tweede aanklag vind ons hom dus onskuldig.

Die bevinding van die Hof op die kwessie van feite wat in die saak betrokke is, is dat met betrekking tot die eerste aanklag Ds. Vorster hom beslis nie van die bewyslas wat op hom berus gekwyt het nie. Hy is dus skuldig gevind van 'n oortreding soos in die eerste aanklag uiteengesit van art. 1(1)(c) van die Staatsgetuie wet 1911." [Kroon teen Vorster 1941:48]

'n Amptelike vorm stel dit soos volg:

Albertonie Herman Broeksma

Prokureur-Generaal Kaap Provinsie

VONNIS

"In die Hooggeregshof van Suid-Afrika [Kaapse Provinsiale Afdeling]

21ste Februarie, 1941

Die Kroon teen Vorster

per Regter de Villiers: Ds. Vorster dit is 'n pynlike taak wat my voor die deur lê. Meer kan ek nie sê nie, en meer wil ek nie sê nie. Die strafbepalings van die wet is uiters streng. Dit stel net 'n tydperk van hoogstens sewe jaar en minstens drie jaar. In die uitvoering van hierdie diskressie sal ek laasgenoemde tydperk aanvaar. Dus is die vonnis van die Hof drie jaar gevangenisstraf met dwangarbeid."

'n Teleurgestelde Vorster het dadelik deur sy verteenwoordigers die weg van appél probeer volg. Hy en sy familie was hoopvol dat dit sou slaag - seker ook aangesien hulle geweet het dat tannie Bettie se neef, Hoofregter, N de Wet, deel sal wees van die span wat dit moes oorweeg. 'n Telegram, gedateer 14 Mei 1941, is aan "Supreme Kaapstad" gerig met die kort boodskap: "Jacobus Daniël Vorster teen Kroon. Uitspraak vandag gelewer lui applikasie vir spesiale verlof om te appélleer geweier en voorbehoue regspunte

beslis ten gunste van Kroon skuldigbevinding en vonnis bekragtig. "Appeal"

Die amptelike vorm begin as volg:

" In die Hooggergshof van Suid-Afrika

(Appel Afdeling)

Voor Sy hoogedelagbare Regter de Wet [Hoofregter]

Sy Edelagbare Regter Watermeyer

Sy Edelagbare Regter Tindall

Sy Edelagbare Regter Centlivres

Sy Edelagbare Regter Feetham

Insake Jacobus Daniël Vorster

teen

Die Kroon"

Hierna word al die oorweginge en besluite uiteengesit en sluit dan af met: "Daarna op Woensdag die 14de dag van Mei 1941 beslis hierdie Hof die voormelde regspunte ten gunste van die Kroon, bekragtig die skuldigbevinding en vonnis van die laer Hof, en wys die Hof die applikasie vir verlof om te appeleer van die hand.

Op Las van die Hof.

Geteken: N J de Wet. [Hoofregter]

# HOOFSTUK 7

## DIE VORMING WAT GEVANGENIS EN VERDERE STUDIE OP DR. J D VORSTER GEHAD HET

Belangrike vorming van Koot Vorster het in die gevangenis plaasgevind. Nie net alleen met dit alles wat hy daar deurgemaak het nie, maar ook omdat hy in die gevangenis sy volle aandag aan sy nagraadse studie kon gewy het.

Op die 21ste Februarie 1941 het Koot Vorster dus die treurige nuus verneem dat hy tronk toe moes gaan. Vir hom en sy vrou was dit 'n baie groot teleurstelling. Vir die Vorstergesin, wat intussen van Sterkstroom af na Jamestown teruggetrek het, was dit net so 'n groot slag. Dit het hulle, volgens D'Oliveira [1977:49], selfs dieper geraak as toe John later geinterneer is en albei seuns tegelykertyd vir 'n tydjie in die tronk was. Maar oor die ontsteltenis oor Koot se tronkstraf sê sy suster Mona: "Onthou nou, Koot was 'n predikant en dit was 'n vreeslike ding vir 'n predikant om tronk toe te gaan." [D'Oliveira 1977:49] Sy vertel dan meer van haar gewaarwordinge op die klein dorpie na die slegte nuus hulle bereik het: "Ek sal nooit die dag vergeet toe Koot se vonnis bekragtig is nie. Dit was Nagmaal en op 'n klein plekkie soos Jamestown weet die mense mos gou

alles van wat met ander gebeur. En nou moet ons kerk toe gaan, reg tussen die mense deur na ons ou sitplek, net voor die dominee. Ek vra my ma toe of sy daardie dag wou kerk toe gaan, of die hele ding haar nie te erg sou oorstuur nie. Sy was woedend. Sy vra my hoe ek dit nou moontlik kan dink. Wat was daar om voor skaam te wees? En toe sê sy: 'Nou goed, ek sê vir jou ons gaan kerk toe en die dominee sal iets in die gebed sê, en as ek een van julle 'n traan sien afvee, dan is daar moeilikheid.' Toe moes ons maar deur die kerk loop, reg voor gaan sit en die hele diens deursit sonder om enige teken van emosie te toon. Dit was nie maklik nie, want dit is immers nie lekker om aan jou broer in die tronk te dink nie; ook nie aangenaam om te dink dat jy hom drie lange jare nie weer sal sien nie - maar dit was nou eenmaal my ma se houding. Ek onthou die dominee het gebid dat ons die krag sal kry." [D'Oliveira 1977:49]

Aansoek vir verlof tot appêl is dadelik gedoen. Koot Vorster, sy vrou en hulle dogtertjie Hannie het intussen vir 'n kort vakansie na Jamestown vertrek. Op die 5de April, so het hy my persoonlik meegedeel, is hy na Bloemfontein en toe weer terug na Jamestown. Vandaar het hy ongeveer die 8ste April alleen per motor na Kaapstad vertrek om hom in die Kaap aan die gevangenisowerheid oor te gee. Kort nadat hy in die Kaap aangeland het, het hy weer siek geword. Hy het gevolglik vir sy vrou en dogter, wat in Jamestown by sy moeder agtergebly het per telegram laat weet dat hulle maar

kan afkom Kaap toe, aangesien hy op die 17de April in die Volkshospitaal opgeneem is. [Vorster 1981]

Aangekom in die Kaap, het mev. Vorster en haar dogter toe by haar moeder in Pinelands gaan bly. Haar vader was toe ook alreeds oorlede. Hulle het gereeld een keer per week vir Koot Vorster in die hospitaal besoek. Gewoonlik het hulle met sulke besoeke die hele middag vanaf 13h00 tot 18h00 by hom gebly. [Vorster 1981]

Veel beter as die gevangenis, sou die Volkshospitaal teen die voet van Tafelberg vir die volgende 8 maande sy adres wees. Sy huisdokter en die man wat hom in die hospitaal laat opneem het was sy goeie vriend, dr. Francie van Zijl. Goeie vriende was hulle inderdaad, want hierdie knap dokter wat later 'n bekende knap chirurg geword het en na wie Huis Francie van Zijl by die Tygerberg Hospitaal vernoem is, was saam met Vorster by die OB se Grootraad-vergadering op 9 Julie die vorige jaar. Hy was ook een van Vorster se vriende wat die helfte van Vorster se borggeld op die 28ste Oktober betaal het.

Van Zijl het, soos dit 'n lojale vriend betaam, sy vriendskap met 'n ou OB-vriend gestand gedoen en "gesukkel" om Vorster gesond te kry! Koot Vorster het aan my gesê dat die owerhede later nie meer wou glo dat hy siek is nie. Afgesien van die mense wat hulle in die gang buite sy kamer

geplaas het om seker te maak dat hy nie ontsnap nie, het hulle van tyd tot tyd kom vasstel hoe siek hy is. By een so 'n geleentheid, sê Vorster, was hy bewus van hulle koms. Hy het gewag tot hy hulle gehoor het en toe vinnig 'n tandeborsel, wat hy vir die doel naby hom gehad het, so diep as moontlik in sy keel afgedruk. Die tandeborsel het sy ongewone werk deeglik gedoen, want die gevolg was dat hulle by hulle aankoms by sy bed 'n baie naar pasiënt aangetref het! Hulle bevinding was dus dat hy wel nog siek is en nie na die Sentrale Gevangenis in Pretoria kan gaan nie. Vorster sê hy weet nie in hoeverredie dokters die naarheid verstaan het nie, [of hulle hul eie oë kon glo nie] maar vir hom was die uitslag voordelig. Dit het beteken dat hy langer tussen sy familie en gemeentelede kon wees. By tye was hy egter werklik ernstig siek en het hy twee groot operasies ondergaan. Vanuit sy gemeente, maar ook van heinde en verre is petisies van begenadiging na die Minister van Justisie gestuur. Dit het egter ook misluk en die dreigende tronkstraf het 'n al groter werklikheid geword.

Die dag het aangebreek dat hy uit die Volkshospitaal ontslaan sou word en dit het dan ook op die 5de Januarie 1942 gebeur. 'n Afrikaanse koerant het die berig geplaas onder die opskrif: "Ds. J D Vorster na Pretoria

Skare op die stasie teleurgestel."

Die berig het verder gelui: "Ds. J D Vorster, wat siek gelê het in die Volkshospitaal, waar hy twee ernstige operasies

ondergaan het, het gisteraand per trein onder geleide na Pretoria vertrek. 'n Groot aantal lede van die Ossewa-brandwag, wat vir die geleentheid saamgetrek is, asook ander mense, het lank voor vertrektyd op die perron saamgedrom om hulle belangstelling te betoon. Die skares het toegestroom om die spoorwa wat op die rooster aangegee is as dié waarin ds. Vorster die reis na die noorde sou aflê. Ds. Vorster se kompartement was egter leeg en merkbare onsekerheid het onder die aanwesiges ontstaan toe geen teken van die vertrekkende waargeneem kon word nie. 'n Klein groepie het egter geweet dat ds. Vorster die trein nie in Kaapstad sou haal nie, maar vermoedelik op 'n stasie verder van Kaapstad af.

Toe die trein uit die stasie stroom en die leë spoorwa langsaam verby beweeg, is drie harde hoeras ds. Vorster toegeroep en is volksliedere gesing. Ds. Vorster is sowat 'n uur voor die vertrek van die trein uit die Volkshospitaal verwyder." [Die Burger 6 Januarie 1942:1] Wat in werklikheid die aand plaasgevind het, het Vorster my persoonlik meegedeel dat 'n mnr. De Reuck, die Superintendent van Gevangenis, hom met sy eie motor na 'n stasie voor Bellville geneem het. Dit was vermoedelik Parow se stasie. Daar het Vorster en mnr. De Reuck in Vorster se eie woorde, "soos twee gewone passasiers staan en gesels voordat hy opgeklim het en dit terwyl die massa mense op die Kaapstad-stasie saamgetrek was. [Vorster 1981]. By sy

aankoms in Pretoria het niemand iets gemerk nie. Dit was eers toe hy in die vangwa geklim het, dat alle mense begin het om belang te stel. Hy sê hy kon nie anders as om weer aan hierdie insident terug te dink, toe hy jare later een keer dieselfde pad weer gery het nie, maar hierdie keer in die ampsmotor van sy broer, toe Minister van Justisie. [Vorster 1981]

Uit die aard van die saak was die tronklewe vir Vorster, as gevangene no. C.1533, nie aangenaam nie. Kruideniersware vir 'n maand was bv.: "Gort - 1 sjieling

Apricot Jam [2pond] - 1 sjieling en drie pennies

Tomato Jam [2pond] - 1 sjieling en twee pennies

Totaal = 3 sjieling en 5 pennies"

Iets wat darem vir Vorster in die tronk bemoedig het was dat die bewaarders vir hom die selle gewys het waarin Afrkaner-helde soos generaal Christiaan de Wet en ook Jopie Fourie in geplaas was. Dit, sê Vorster, het hom met trots en dankbaarheid vervul dat hy in dieselfde plek as hulle aangehou is. [Vorster 1981]

Volgens Vorster het al die gevangenes punte gekry vir goeie gedrag. Goeie gedrag het beteken dat 'n gevangene 3 maande

per jaar afgekry het op sy vonnis. Vir sy goeie gedrag het hy elke jaar van sy 3 jaar straf, 3 maande ontvang sodat hy in totaal 9 maande afgekry het. In Mei 1941 het hy 48 punte ontvang vir goeie gedrag en daarna elke maand 90 punte tot by sy ontslag. Hy sê hy het later self sy punte [90] opgeskryf vir goeie gedrag! [Vorster 1981]

Hierdie kosbare afslag van 9 maande het amper in die slag gebly. Dit was nadat hy baie gewaag het. Hy het naamlik 'n adres wat 'n mede-gevangene, Julian Visser, gemaak het en deur mede-gevangenes onderteken is uit die tronk gesmokkel. Die adres was onder 'n skildery wat in 'n skinkbord was. Met sy ontslag wou hulle hom nie met die skinkbord laat gaan voordat die OB-wapen in die middel van die skildery doodgeverf is nie. Hugo Moller het toe tot Vorster se redding gekom en onderneem om die skildery oop te skroef, die skildery te neem en die wapen te laat doodverf. Moller Hugo het toe die adres uitgehaal, weggesteek en die skildery na die skilder geneem. Vorster het hom gevra om enige iets, al is dit koning George se kop, op 'n papiertjie te skilder en net bo-oor die wapen te plak. Dit is toe so gedoen en 'n papiertjie met die Uniegebou op is bo-oor geplak. Op die dag van Vorster se ontslag het Moller Hugo die skinkbord gebring met die kosbare adres intussen weer veilig onder die skildery ingesit en vasgeskroef! Vorster is huis-toe met die kosbare adres veilig in sy besit. Later toe hulle in teenwoordigheid van Hans van Rensburg, leier van die OB, die

skinkbord oopmaak om die adres uit te haal, het die Uniegebou-prentjie vanself afgeval en die OB-wapen blootgelê." [Vorster 1981]

In die tronk sou Vorster steeds, soos altyd, by sy volk betrokke bly - wel dan nou op 'n ander manier. D.m.v. verdere studie sou hy hom hier voorberei om nog beter met sy kerk op weg te gaan. Prof. E Brown het dit so gestel: "Omdat hy student gebly het, veral in die gereformeerde kerkreg, was hy met sy kerk op weg." [Brown 1979:271]

Studie het vir hom belangrik gebly en in die <u>Gereformeerde Vaandel</u> van Julie 1948:8-10 en 16, stel hy sy standpunt oor die belangrikheid van verdere studie vir 'n predikant baie duidelik: "Moet ek 'n skrifwoord tot besondere voorskrif vir die leraar stel, sou ek graag Eks. 27:20 in elke studeerkamer wil hang: 'Jy moet die kinders van Israel beveel dat hulle vir jou suiwer uitgestampte olyfolie vir die kandelaar bring....' Dis die hooftaak van die leraar." [Vorster NGTTXX4,1979:312]

Volgens hom word daar met die bou van die pastorie veral voorsiening gemaak vir 'n studeerkamer. Daarsonder, sê hy, is bediening nie moontlik nie: "Wat die werkswinkel vir die ambagsman is, en die kantoor vir die prokureur, is die studeerkamer vir die predikant." [Vorster NGTTXX4,1979:312] Hy sê verder: "Die studie aan die Kweekskool word tereg 'n

voorbereidende studie genoem. Onder leiding van Hooglerare leer ons daar hoe om te studeer, word die fondamente gelê, die groot lyne getrek en die minimum kennis bygebring. Aan die Kweekskool word die terrein verken, en word die student in die studie ingelei. In sy eie studeerkamer moet hy sy studies voortsit. Soos sy studieskuld verminder moet die deeglike boeke op sy rakke vermeerder. [Vorster NGTTXX4, 1979:313]

Asof hy voorsien het dat hy latere jare op baie kommissies en rade sou dien, het hy geskryf: "Ook moet die leraar in die dae van sy jonkheid studeer voordat die kwaaie dae kom dat hy op te veel kommissies moet dien." [Vorster NGTTXX4 1979:316]

Wanneer hy hom uitlaat oor die predikant se groot rol in die gemeenskap sê hy: "Hy moet deur sy kennis en persoonlikheid, sy wysheid en takt waarlik 'n leier wees. Die lewe is vandag geweldig vinnig en gejaagd en oppervlakkig. Die leraar moet deur sy studie leiding en diepte gee."
[Vorster,NGTTXX4,1979:315]

Hy het erken dat die studieveld groot is en dat die tyd van die predikant min is. Daarom beveel hy aan dat die leraar vir hom 'n bepaalde vak as 'n "lieflingstudie" sal kies vir verdere studie. Dit moet 'n vakterrein wees en 'n "..eie

gebied waar hy vir ontspanning met liefde sal werk."
[Vorster NGTTXX4,1979:315]

Sy eie "lieflingstudie op 'n vakterrein waar hy vir ontspanning met liefde gearbei het", was die Kerkreg. Sy liefde vir hierdie vak het hy by sy professor B B Keet geërf. Hy sou vir hierdie "lieflingstudie" oral tyd en plek inruim - al was dit dan ook wat hy nou in die gevangenis sou doen!

In die Sentrale Gevangenis het hy sy vonnis uitgedien maar ook sy tyd ten beste benut. Aan hom is verlof verleen om verder te studeer en kon hy hom in sy vakgebied, Kerkreg, verdiep. Hy het by die P U vir C H O ingeskryf vir die graad M.Div. En die NGTT [1979:273] berig daaroor as volg: "In 1943 behaal hy na eksamen en voorlegging van 'n verhandeling oor die Kerk en Kerkregering van die Voortrekkers die M.Div.-graad met lof." [NGTTXX4,1979:273]

Dit was vir hom 'n groot geleentheid toe hy die M.Div-graad, onder sulke moeilike omstandighede met lof verwerf, op die 27ste Mei 1944 tydens 'n gradedag-plegtigheid uit die hand van prof. F. Postma ontvang. Die feit dat hy hierdie graad verwerf het terwyl hy in die gevangenis was is nogal met groot openbare belangstelling bejeën. So, byvoorbeeld, het Die Kerkblad van die Gereformeerde Kerk in sy uitgawe van 9 Junie 1944 ook verwys na Vorster se prestasie terwyl hy,

soos die blad dit saggies gestel het, "met gedwonge verlof" was. Onder die opskrif: Kerk en Skool - Gradedag, 1944 rapporteer hy: "Op die 27ste Mei het die P.U.K. vir CHO weer sy jaarlikse promosie-plegtigheid gehou. Daar was 'n groot opkoms en die ruim saal van die Grand-teater was van hoek tot kant gevul van studente en hul ouers en lede van die publiek."

Die blad berig voorts oor Vorster: "Onder die eksterne studente wat teenwoordig was, wil ons graag in besonder noem ds. J D Vorster van Kaapstad wat die Magistergraad in die heilige Godgeleerdheid ontvang het. Sy dissertasie gaan oor die kerk en kerkregering van die Voortrekkers. Ds. J D Vorster het etlike jare gedwonge verlof geniet en het die tyd benut om verder te studeer. Soos begryplik, het die studie met heelwat moeilikhede gepaard gegaan. Die geagte broeder het nie toegang gehad tot biblioteke nie." [Die Kerkblad 9 Junie 1944:9]

Vorster het die eksamen vir die M.Div.-graad in die gevangenis geskryf en sy eksaminator prof. H G Stoker het die laaste twee vraestelle in die interneringskamp nagesien! Hy het al sy vakke in die oggend vanaf 09h00 - 12h00 geskryf en wel op die volgende dae:

| | |
|---|---|
| S.A.Kerkgeskiedenis | Woensdag 18 November |
| Dogmageskiedenis | Vrydag 20 November |
| Kerkreg van S.A. | Maandag 23 November |

| | |
|---|---|
| Kerkreg in Calv.lande | Woensdag 25 November |
| Eksegese N.T. | Vrydag 4 Desember |
| Kultuurhistoriese agtergrond van N.T. | Dinsdag 8 Desember |
| Holistiese filosofie | Vrydag 11 Desember |
| Barthianisme | Maandag 14 Desember |

'n Ander koerant berig: "Hy moes bedags in die gevangenisbiblioteek werk en kon saans van sesuur tot tienuur [wanneer die ligte afgeskakel word] studeer. Toe hy later die eksamen afgelê het, was prof. Stoker ook geinterneer en na Koffiefontein gestuur. Omdat hy hoofeksaminator in een van die vakke was, moes die antwoordstelle soontoe gestuur word. Dr. Vorster het met onderskeiding geslaag en onmiddellik na sy ontslag in 1943 aan sy proefskrif begin werk."

Met Vorster se voortgesette studie in die kerkreg is hy by uitnemendheid gevorm vir die rol wat hy later in die kerklike lewe sou speel. Uit die aard van die saak is dit gewoonlik kerkregtelikes wat by kerklike vergaderings met hul kennis van kerkregering en die kerkorde waardevolle insette lewer. Dis dan ook heel dikwels kerkregtelikes wat op Ring- en Sinodesittings die leiding neem. Met Vorster het dit ook so gebeur op die kerklike vergaderings waarop hy later sitting geneem het.

Met groot stelligheid kan seker verklaar word dat Vorster nie in die latere jare so op die voorgrond sou getree het as hy in 'n ander vakrigting soos byvoorbeeld Ou Testament, Praktiese Teologie ens. sou gestudeer het nie. Met sy spesifieke kennis in die kerkreg en sy navorsing oor die vroeër kerkregtelike ontwikkelig in Suid-Afrika was hy in die latere jare die regte man op die regte tyd en plek om leiding te neem. Veral ook met die totstandkoming van die eerste Algemene Sinode op 16 Oktober 1962.

Met die verwerwing van sy doktorsgraad het 'n koerant 'n foto van Vorster geplaas met 'n berig daarnaas waarin hy met die saaklikheid van 'n joernalis die feite weergegee het sonder om doekies om te draai: " 'n Predikant wat in die stormagtige jare van die Tweede Wêreldoorlog meer as twee jaar in die gevangenis deurgebring het en sy M.Div. graad ontvang het kort nadat hy ontslaan is, het verlede week sy doktorsgraad in godgeleerdheid by geleentheid van die jaarlikse gradeplegtigheid van die Universiteit van Potchefstroom ontvang.

Die man is dr. J D Vorster van die N G gemeente Tafelberg wat sy graad met die proefskrif Die Kerkregtelike Ontwikkeling van die Kaapse Kerk ontvang het. Dr. Vorster is na die Sentrale Gevangenis in Pretoria gestuur, waar hy ondanks sy swak gesondheid kort na sy aankoms met die hulp

van Prof. dr. H G Stoker van die Universiteit van Potchefstroom aan sy meestersgraad in die godgeleerdheid begin werk het."

Soos alles een of ander tyd tot 'n einde kom het sy 19 maande gevangenisstraf in Pretoria ook tot 'n einde gekom en die dag van sy ontslag nader gekom. Die datum van ontslag was vasgestel vir Taaldag, 14 Augustus 1943. In die Kaap het die koerante die berig gedra: "Ds. J D Vorster, van die gemeente Nieuwe Kerk [Buitekantstraat] sal na Die Burger verneem op 14 Augustus uit die Sentrale Gevangenis in Pretoria vrygelaat word. Ds. Vorster is op 3 Oktober 1940 in hegtenis geneem kragtens die Noodregulasies en op 21 Februarie 1941 deur die Hooggeregshof tot drie jaar dwangarbeid gevonnis weens beweerde oortreding van die Wet op Staatsgeheime. hy was sedertdien ernstig siek en het geruime tyd in die hospitaal deurgebring."

Met die voorbereidings vir sy ontslag is 'n 3de klas treinkaartjie aan Vorster uitgereik. Daarvoor was hy nie te vinde nie en sou liewer verkies om langer in die tronk te bly as om die kaartjie in besit te neem. Alhoewel alle gevangenes tot op daardie stadium met 3de klas kaartjies uitgereik is, het hy as blanke op 'n 2de klas kaartjie aangedring. So het dit gebeur dat die eerste 2de klas treinkaartjie wat ooit in Suid-Afrika aan 'n gevangene uitgereik is aan hom uitgereik is. Deur die jare het Koot

Vorster die 2de klas treinkaartjie no. AU 1843 Pretoria na Jamestown oor Bloemfontein, met die reisgeld wat as 3 pond 4 sjielings aangegee is en wat vir een maand geldig was, as kosbare kleinnood bewaar.

Op die dag van sy vrylating was daar groot vreugde en Totius het hom ook gebel. 'n Amptelike vorm in Afrikaans is vir oulaas nog in Engels ingevul. Ironies genoeg was dit die Engelse taal wat die laaste woord ingekry het. Engels - die taal waarvan die gevangene juis niks gehou het nie.

" Unie van Suid-Afrika

Departement van Gevangenisse

9 Junie 1943    no. 21202

Naam:   Jacobus Daniël Vorster

Losgelaat op:   14th August 1943

Uit:   Pretoria Central

Datum van vonnis:   21st February

Misdaad:   c/3 Sect. 1(c)   Secret Act of 1911

Out on bail until appeal was dismissed 14.5.41

Admitted to Cape Town Gaol on 15/5/41

Vonnis: 3years IHC

Dit was nie die laaste woord wat die owerhede van Koot Vorster sou hoor nie. Alles tot sover was ryke belewenisse en goeie vorming vir die jare wat voorgelê het.

# SLOT

Die Ned. Geref. Kerk is oor 'n tydperk van dekades deur buitestaanders gekritiseer omdat hy, volgens hulle, die Nasionale Party goedkeurend sou gevolg het in sy beleid van, soos hulle dit gestel het, "Apartheid". Binne die kerk was daar deurlopend ook stemme wat oor dieselfde saak opgegaan het. Gedurende die sestiger- en sewentigerjare het al hoe meer teoloë, predikante en lidmate binne die kerk begin vra dat die kerk se lidmaatskap vir alle Christene in Suid-Afrika oop moes wees.

Dr. Koot Vorster was een van die persone wat so 'n gedagte konsekwent teengestaan het. Daarom was hy vir die meer behoudende lidmate, wat op daardie stadium in die meerderheid was, iemand wat op die regte tyd op die regte plek was. Hulle het hom elke keer weer na die "groen tafel" terug gestuur om daar as Aktuarius en later as Moderator sy stem te laat hoor.

Koot Vorster het dan ook sy stem telkens duidelik laat hoor en die kerk met hom meegeneem. Meegeneem op die pad wat hy van sy kinderdae af geken het en geglo het die regte pad is vir die Christen-Afrikaner.

Die vraag wat ontstaan is watter faktore Koot Vorster se leierskap binne die Ned. Geref. Kerk voorafgegaan het. Wat hom vir hierdie leierskap gevorm het. Hierdie studie het ten doel gehad om aan te toon watter faktore 'n vormende invloed op hom as kerkleier gehad het.

Daarvoor was dit, in die eerste plek, nodig om eers te gaan kyk na die landstreek waar hy vandaan gekom het. Hy is gebore en getoë in die Stormberge in Oos-Kaapland en hierdie feit het al meer geblyk 'n besondere vertrekpunt te wees. Die rede hiervoor is omdat die Stormberggebied, soos aangetoon is, 'n harde wêreld is vir enige mens wat daar die eerste lewenslig aanskou en opgegroei het. Die ruwe landskap, hewige storms, ongenaakbare, koue winters en oorloë met die Tamboekies het die trekboere destyds in so 'n mate ontmoedig dat dit lank geneem het voordat permanente vestiging in hierdie gebied plaasgevind het. Slegs die Boere wat die nodige moed en deursettingsvermoë gehad het, het kans gesien om hulle op die "stukkie weggooigrond" te vestig. Vir hulle, met hulle besondere karaktereienskappe, het die Stormberge 'n bekoring ingehou.

Dit was dus ook nodig om 'n studie te maak van die besondere karaktereienskappe wat mense van hierdie kontrei, en dus ook Koot Vorster se voorsate, gehad het. Eienskappe soos trots, grootdoenerigheid, indiwidualisme, selfvertroue, leierskap, dryfkrag, gasvryheid, mensliewenheid, jammerhartigheid,

godsdienssin en storievertellings is aan die Wagenaar-kant opgeteken. Die Vorster-voorgeslagte het weer besondere eienskappe soos liefde vir die kerk, naasteliefde, volksliefde, liefde vir politiek, beginselvastheid onbuigsaamheid en hardwerkendheid geopenbaar.

Van hierdie karaktertrekke het Koot Vorster reeds in sy plaasskooldae in Jamestown en sy hoërskooldae in Sterkstroom geopenbaar. Dit sou egter eers gedurende sy studiejare aan die Universiteit van Stellenbosch sterk na vore kom. Gedurende hierdie jare was die bekende Du Plessis-saak op die spits en is hy deur mede "Oupajane" in die Kweekskool as leier aanvaar. Afgesien van sy siening van die leerkwessies rondom prof. du Plessis, moes hy ook rekenskap gee van sake soos sy besondere siening van Calvinisme, die Doleansie, die Metodisme, die Oxford-groep en die plek van verenigings in die kerk om 'n paar te noem. Dit alles het bygedra tot sy vorming.

In 1935 het hy tydelik as hulpprediker te Prins-Albert gearbei voordat hy na De Nieuwe Kerk, Kaapstad 'n beroep aangeneem het. In hierdie gemeente, wat in 'n jarelange stryd met die Groote Kerk, Kaapstad gewikkel was het Koot Vorster sy hele bediening van 43 jaar deurgebring. Van die begin af het hy las gehad van sy gesondheid en moes talle operasies ondergaan. Dokters het gedink dat hy nie lank sou lewe nie. Hy sou in elk geval vir meer as 40 jaar verbande

om sy bolyf moes dra. Met 'n vasberadenheid wat eie aan hom was het hy deur dit alles in die bediening gebly. Van tyd tot tyd sou hy in die hospitaal behandeling ontvang, maar elke keer weer, wanneer hy ontslaan word, met nuwe lus met sy werk voortgaan.

As 'n baie patriotiese Afrikaner is hy op 'n jong ouderdom gekies tot voorsitter van die Eeufees-komitee wat in 1938 die fees in die Kaap moes reël. Dit het 'n baie groot invloed op sy latere lewe gehad. In die oorlogsjare het hy by die Ossewa-Brandwag betrokke geraak en in 1940 in 'n saak waar militere inligting bekom is. Die vonnis van 3 jaar gevangenisstraf met dwangarbeid het ook 'n baie groot invloed op sy latere lewe gehad.

Hy was deurentyd 'n vurige Afrikaner wat nie onder die Engelse wou buig nie en dus lid was van die Nasionale Party. Kort na sy vrylating het die Nasionale Party aan bewind gekom en was dit nie meer vir hom nodig om hom teen die regering te verset nie. Hy kon sy aandag voltyds aan die bediening wy en sy studie tot sy reg laat kom. In sy lieflingvak, Kerkreg, kon hy hom verdiep - reeds in die tronk al sodat hy die grade M.Div. net na vrylating ontvang het en die doktorsgraad in 1954.

Met hierdie studie van hom as basis is daar by Ringsittings en Sinodesittings na hom opgesien vir leiding. Hy het dan

ook Ringskriba geword en dit gebly terwyl hy later ook vir jare groot diens gelewer het as Aktuarius. Sy verkiesing as Moderator terwyl sy broer, John, reeds Staatspresident was, was waarskynlik vir hierdie Stormbergseun 'n hoogtepunt.

Met hierdie studie het ek hopelik daarin geslaag om aan te dui hoe Vorster se vorming daartoe bygedra het dat hy later tot kerkleier in die Ned. Geref. Kerk gevorder het.

# BRONNE GERAADPLEEG

Algra, H 1976. Het wonder van de negentiende eeuw. 4de druk,Franeker: T Wever Uitgeverij B.V.

Aucamp, H 1968. Karnaatjie. Kaapstad: HAUM

Aucamp, H 1971. Neem die beker, drink die bloed, in Op die Stormberge. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Aucamp, H [red]. 1971. Op die Stormberge. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Aucamp, H. 1994. Onderhoud met skrywer. Kaapstad.

Berkhof, H en De Jong, O 1967. Geschiedenis der Kerk. Nijkerk: Uitgeverij G F Callenbach N.V.

Berkouwer, G C en Toornvliet, G [reds]. 1949. Het dogma der Kerk. Groningen: Jan Haan

Beukes, D P M 1978. Inleiding in Veelvormigheid en eenheid. Kaapstad: N G Kerk-Uitgewers.

Botes, D H 1977. Lewensskets en bibliografie van prof. F J M Potgieter in Woord en Wetenskap. Bloemfontein: V C H O

Botha, M C 1952. Die Huldejaar 1949. Pretoria: Beheerraad van die Voortrekkermonument.

Brandwag, Die 9.8.1946, 11.12.1964

Breytenbach, J H 1978. Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902. Deel 1 - 5, Pretoria: Ministerie van Nasionale Opvoeding.

Brink, A B J 1991. Die kerk aan die voet van Leeukop. [Geskiedenis van die N G Gemeente, Tamboerskloof. 1891-1991. Kaapstad: Belmordruk

Broom, R 1935. Brief aan J D Vorster. 24.7.1935

Broom, R 1946. In Die Brandwag. 9.8.1946 en 6.9.1946.

Brown, E 1979. Die spoor wat die Ned. Geref. Kerk in sy kerkregering en kerkreg gedurende die 20ste eeu gevolg het. Ned. Geref. Teologiese Tydskrif. Deel XX, Nommer 4, September 1979. Kaapstad: N.G.Kerk-Uitgewers.

Brown, E [red]. 1983. Calvyn Aktueel. Kaapstad: N G Kerk-Uitgewers.

Burger, Die: 4.10.40, 25.10.40, 16.9.1980

Calvijn, J [s a]. Institutie of onderwijzing in de Christelijke Godsdienst. Uit het Latijn vertaald door Dr. A. Sizoo. Derde Deel, Boek 1V. Delft: W.D.Meinema N.V.

Coertzen, P 1981. Die Regering en opbou van die kerk, in Stellenbosse Teologiese Studies. No.7 Kaapstad: Teologiese Fakulteit, Universiteit Stellenbosch

Coertzen, P 1984. Die Ring. Sy samestelling en werksaamhede. Kaapstad: N G Kerk-Uitgewers

Cronje, H 1978. Ontmoet Koot Vorster, in Die Voorligter. April, Deel 41, No. 5. Kaapstad: Tydskriftemaatskappy van die Ned. Geref. Kerk. p14-15

Deist, F 1986. _Die wa van Ussa ofte wel Johannes du Plessis en die Belydenisskrifte, in Theologia Evangelica XIX -1

De Klerk, P J S 1970. Handboek Gewyde Geskiedenis. Pretoria: J L van Schaik Bpk.

De Nieuwe Kerk, Kaapstad. Notules van Gekombineerde en Gewone Kerkraadsvergaderings, 11.2.1935 - 12.5.1936.

D'Oliveira, J 1977. Vorster die Mens. Johannesburg: Perkor Uitgewery

Du Plessis, J A 1925. Die Gereformeerde Kerk en Kerkregering [gehandhaaf teen Prof. Dr. J du Plessis van Stellenbosch. Bloemfontein: Nasionale Pers.

Du Preez, A B 1946. Korrespondensie in Die Brandwag. 6.9.1946.

Du Preez, J 1966. Ongepubliseerde brief van 'n familielid, Jacoba du Preez, aan dr. Koot Vorster.

Du Toit, S 1955. Handleiding vir die studie van die Kerkgeskiedenis. Potchefstroom: Pro Rege-Pers Beperk

Duvenage, G D J 1978. Imperialisme en Nasionalisme. (Kerngeskiedenis van Suid-Afrika). Johannesburg: McGraw-Hill Boekmaatskappy.

Duvenage, G D J 1988. Die Gedenktrek van 1938. Pretoria: G D J Duvenage

Eeufees van die gemeente Prins Albert 1842-1942. 1942. s v Kaapstad: Nasionale Pers.

Engelbrecht, B 1982. Ter wille van hierdie wêreld. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Erasmus, A S 1986. Die bediening van Johannes du Plessis [1868-1935 in die Ne. Geref. Kerk., met besondere verwysing na sy teologiese denke. Ongepubliseerde D.Th.-verhandeling, Universiteit, Stellenbosch.

Erasmus, A S 1986. Onderhoud in Die Burger. 13.12.1986:13

Gaum, F 1991. Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke 1980. Jaargang 142, Kaapstad: Tydskriftemaatskappy van die Ned. Geref. Kerk.

Gerdener, G B A 1968. Handboek by die katkisasie. Kaapstad: N G Kerk-Uitgewers.

Gereformeerde Vaandel, Die Mei 1933, Junie 1933, Julie 1933, Sept 1936

Goosen, D P [red] 1953. Die Triomf van Nasionalisme in Suid-Afrika. Kaapstad: Impala Opvoedkundige Dienste [Edms.] Bpk.

Gouws, R 1971. Huis, werf en verder aan, in Op die Stormberge. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Gouws, R 1971. Wilde-als en Kiesieblaar, in Op die Stormberge. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Hanekom, T N 1951. Die Liberale Rigting in Suid-Afrika. Stellenbosch: Die Christen-Studentevereniging-Maatskappy van Suid-Afrika.

Hanekom, T N [s a] Kerk en Volk. Kaapstad: N G Kerk-Uitgewers.

Heyns, J A en Jonker, W D 1974. Op weg met die teologie. Pretoria: N G Kerkboekhandel.

Hofmeyer, J W 1986. Johannes du Plessis in Kerkhistoriese perspektief: Ketter of profeet?, in Theologia Evangelica. XIX-1

Instituut vir Eietydse Geskiedenis, 1985. Curriculum Vitae van dr. J D Vorster. Bloemfontein:INEG, Leër 8/1/7

Jordaan, J 1971. Voor spijs en drank, in Op die Stormberge. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Kaapstad, Ring van: Notules 1935-1944

Kapp, P H 1975. Ons Volksfeeste. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Keet, B B 1925. Na honderd jaar: De regeringsvorm van de Nederduitse Gereformeerde Kerk. Stellenbosch: Pro Ecclesia.

Kerkblad, Die 9.6.1944

Kerkbode, De 4.1.1912, 26.12.1923, 23.1.1924, 13.2.1924, 20.2.1924, 27.2.1924,

Kerkbode, Die 2.1.1935 - 31.12.1944

Kerkbode, Die 28.10.1959, 19.12.1979

Kerkraad Prins-Albert 1942. Eeufees van die gemeente Prins-Albert. Kaapstad: Nasionale Pers

Koch, A 1979. Onderhoud met skrywer. Kaapstad.

Kotze, C R 1932. Die Dwaling in ons Kerk. Bloemfontein: Nasionale Pers.

Kotze, D J 1968. Positiewe Nasionalisme. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Kroon teen Vorster, 1941 Hofverslag in Nasionale Argief, Kaapstad.

Kruger, D W [red] 1965. Geskiedenis van Suid-Afrika. Kaapstad: Nasionale Opvoedkundige Uitgewery Bpk.

Louw, E 1983. Onderhoud met skrywer. Goodwood.

Malan, D F 1959. Afrikaner Volkseenheid. Kaapstad: Nasionale Boekhandel Bpk.

Malan, F S 1933. Ons Kerk en Prof. Du Plessis. Kaapstad: Nasionale Pers.

Marais, B 1994. Onderhoud met skrywer. Pretoria.

Marais, B 1987. Ons Kerk van toe en nou, in Die Voorligter. November 1987, 8-10.

Meintjies, J 1971. Die Slag by Stormberg, in Op die Stormberge. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Meiring, P 1991. Hy het ses mense se skoene volgestaan, in Die Kerkbode. 25 Oktober 1991.

Nauta, D 1971. Verklaring van de Kerkorde van de Gereformeerde Kerken in Nederland. Kampen: J H Kok N.V.

Ned. Geref. Kerk, 1968. *Kerkorde (Insluitende die Kerkorde van die Algemene Sinode 1966) vir die regering van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Ornaje-Vrystaat.* Bloemfontein: N G Kerk-Uitgewers

Ned. Geref. Kerk, 1970. Landswye Kongres. (30 Junie tot 2 Julie 1970, Universiteit van Pretoria, *Soeklig op ons sedes.* Pretoria: Algemene Kommissie vir Openbare Sedelikheid.

Nel, C J 1991. *N.G.Kerk Jamestown 1891-1991.*

Norman, C 1978. John Vorster The man and his life, in *Scope Supplement*. 13 Oktober 1978, 1-12.

Notules

Kerkraadsvergadering De Nieuwe Kerk 11 Feb. 1935 p.2-3

Kerkraadsvergadering De Nieuwe Kerk 9 April 1935 p.4-6

Kerkraadsvergadering De Nieuwe Kerk 7 Mei 1935 p.7-8

Kerkraadsvergadering De Nieuwe Kerk 11 Junie 1935 p.9

Kerkraadsvergadering De Nieuwe Kerk 23 Julie 1935 p.10

Spesiale Kerkraadsvergadering De Nieuwe Kerk 30 Julie 1935 p.11

Kerkraadsvergadering De Nieuwe Kerk 12 Augustus 1935 p.13

Gekombineerde en Gewone kerkraadsvergadering De Nieuwe Kerk 16 Sept 1935 p.14-17

Kerkraadsvergadering De Nieuwe Kerk 8 Oktober 1935 p.18-20

Gekombineerde en Gewone Kerkraadsvergadering De Nieuwe Kerk 10 Desember 1935 p.21

Kerkraadsvergadering De Nieuwe Kerk 11 Februarie 1936 p.22

Kerkraadsvergadering De Nieuwe Kerk 10 Maart 1936 p.23-25

Spesiale Kerkraadsvergadering De Nieuwe Kerk 18 Maart 1936 p.26

Kerkraadsvergadering De Nieuwe Kerk 7 April 1936 p.27

Kerkraadsvergadering De Nieuwe Kerk 12 Mei 1936 p.28

Spesiale Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 26 Mei 1936 p.119

Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 9 Junie 1936 p.122

Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 14 Julie 1936 p.124

Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 18 Augustus 1936 p.134

Gekombineerde en Gewone Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 8 September 1936 p.135-139

Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 6 Oktober 1936 p.141- 143

Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 27 Oktober 1936 p.145-146

Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 10 November 1936 p.148-149

Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 8 Desember 1936 p.152 - 153

Kerkraadsvergadring Tamboerskloof 12 Januarie 1937 p.154 en 156

Gekombineerde en Gewone Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 9 Februarie 1937 p.158-162

Gekombineerde en Gewone Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 2 Maart 1937 p.163

Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 13 April 1937 p.167

Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 18 Mei 1937 p.171-173

Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 8 Junie 1937 p.175-178

Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 13 Julie 1937 p.179

Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 10 Augustus 1937 p.183

Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 7 September 1937 p.187

Gekombineerde en Gewone Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 12 Oktober 1937 p.191

Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 9 November 1937 p.194-196

Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 8 Maart 1938 p. 207

Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 14 Junie 1938 p.218-220

Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 9 Augustus 1938 p.223

Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 6 September 1938 p.226

Gekombineerde en Gewone Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 11 Oktober 1938 p.232

Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 8 November 1938 p.234

Gekombineerde en Gewone Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 6 Desember 1938 p.238

Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 10 Januarie 1939 p.241

Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 2 Februarie 1939 p.245

Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 7 Maart 1939 p.246

Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 9 Mei 1939 p.254

Gekombineerde en Gewone Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 13 Junie 1939 p.256

Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 18 Julie 1939 p.262

Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 15 Augustus 1939 p.264

Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 14 November 1939 p.271

Gekombineerde en Gewone Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 13 Augustus 1940 p.292

Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 14 Januarie 1941 p.302 303

Gekombineerde en Gewone Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 11 Februarie 1941 p.306

Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 11 Maart 1941 p.308-309

Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 8 April 1941 p.311

Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 6 Mei 1941 p.313-314

Spesiale Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 20 Mei 1941 p.315

Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 3 Junie 1941 p.318-320

Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 16 Junie 1941 p.321

Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 15 Julie 1941 p.323-325

Gekombineerde en Gewone Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 19 Augustus 1941 p.327

Gekombineerde en Gewone Kerkraadsvergadering Tamboerskloof 4 November 1941

Olivier, B M H 1994. Onderhoud met skrywer. Kaapstad.

Olivier, P L 1952. Ons gemeentelike Feesalbum Kaapstad. Kaapstad:

Olivier, A R 1990. Die Kerk en die Du Plessis-saak met besondere verwysing na die ekklesiologiese situasie. Ongepubliseerde D.Th.-proefskrif. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.

Ou Paaie, Die 1926-1932

Pama, C 1964. Die Brandwag. Vrydag 11 Desember 1964

Pienaar, S W 1964. Glo in U Volk. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Plomer, W 1971. Op die plaas, in Op die Stormberge. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers

Prins, L 1992. Onderhoud met skrywer. Sterkstroom.

Potgieter, F J M 1980. Calvyn vir vandag. Kaapstad: Die Verenigde Protestantse Uitgewers.

Potgieter F J M 1979. Jacobus Daniel Vorster 1909- 'n Voorlopige oorsig van sy lewe - en huldeblyk. NGTT,XX,4 Kaapstad:N.G.Kerk-Uitgewers

Reitz, H en Oost, H 1931. Die Nasionale Boek. Johannesburg: Nasionale Boek Maatskappy (Eiendoms) Beperk.

Rietmann, E 1994. Onderhoud met skrywer. Kaapstad.

Schoeman, B M 1974. Vorster se 1000 dae. Kaapstad: Human en Rousseau Uitgewers (Edms.) Bpk.

Serfontein, J H P 1979. Brotherhood of Power. London: Rex Collings Limited.

Smith, N J , O'Brien Geldenhuys, F E en Meiring, P 1981. Storm-kompas. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

Soeklig, Die 1933-1936

Spoelstra, B, Pont, A D en Keet, G R 1973. Kerkgeskiedenis Standerd 9. Potchefstroom: Interkerklike Uitgewerstrust.

Steenkamp, B 1992. Onderhoud met skrywer. Jamestown.

Steyn, J en H 1980. Onderhoud met skrywer. Steynsburg.

Steyn, W en S 1971. Die Boesman en sy kuns, in Op die Stormberge. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Stoker, H G 1970. Oorsprong en Rigting. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Stretton, S 1971. Die Stormberge: sy aard en klimaat, in Op die Stormberge. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Stretton, S 1971. Die plante-, diere- en voëllewe op die Stormberge, in Op die Stormberge. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Tamboerskloof, Kaapstad. Notules van Gekombineerde en Gewone Kerkraadsvergaderings, 26.5.1936 - 13.11.1944.

Theunissen, A J 1994. Onderhoud met skrywer. Kaapstad.

Theunissen, J A 1994. Onderhoud met skrywer. Kaapstad.

Urba, E S 1977. Brief aan J D Vorster. 3.2.77

Van Blerk, H S 1989. Stormjaer. Morgenzon: Oranjewerkers Promosies.

Van der Vyver, G C P, Coetzee, P J en Buys, P W 1975. "Revival" of Reformasie? 'n Studie oor Metodisme. Potchefstroom: PU vir CHO.

Van der Watt, P B 1980. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1824-1905. Pretoria: N G Kerkboekhandel.

Van der Watt, P B 1987. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905-1975. Pretoria: N G Kerkboekhandel.

Van der Watt, P B 1983. Kerkregering deur kerkvergaderinge. Kaapstad: N G Kerkboekhandel.

Van der Watt, P B en Hanekom, T N 1974. Na 150 Jaar op die weg van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, in Stellenbosse Teologiese Studies. Nommer 1, Oktober 1974. Stellenbosch: Teologiese Fakulteit, Universiteit Stellenbosch.

Van Rooyen, J 1956. Die Nasionale Party. Sy opkoms en oorwinning - Kaapland se aandeel. Kaapstad: Hoofraad van die Kaaplandse Nasionale Party

Van Schoor, A M 1973. Die Nasionale Boek. Gewy aan 25 jaar van Nasionale Bewind (1948-1973). Braamfontein: Edupress, (Edms) Bpk.

Van Wyk, C P 1983. 'n Kritiese evaluering van Dr. J D Vorster op die gebied van die Kerkreg. Ongepubliseerde Lisensiaat-skripsie, Oktober 1983. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.

Vorster, J D 1974 en 1977. Briewe aan dr. R Broom. 17.1.74 en 14.1.77.

Vorster, J D 1979, 1980 en 1981 Onderhoude met skrywer. Steynsburg.

Vorster, J D 1944. Kerk en Kerkregering van die Voortrekkers. Ongepubliseerde M. Div.-tesis. Potchefstroom: PU vir CHO.

Vorster, J D 1981. Die Kerkregtelike ontwikkeling van die Kaapse Kerk onder die Kompanjie 1652-1795. Kaapstad: N. G. Kerk-Uitgewers.

Vorster, J D 1979. Die leraar en sy studeerkamer, in Ned. Geref. Teologiese Tydskrif. Deel XX,4,September, Kaapstad: N G Kerk-Uitgewers.

Vorster, J D 1979. Die Kultuurstrewe van die Afrikaner, in Ned. Geref. Teologiese Tydskrif. XX,4

Vorster, J D 1969. Tafelberg 25. Kaapstad: Feeskomitee, Kerkraad, Tafelberg.

Vorster, J D 1974. Jamestown 1874-1974.

Vorster, J D [red] 1978. Veelvormigheid en eenheid. Kaapstad: N G Kerk-Uitgewers.

Vorster, L 1980. Onderhoud met skrywer. Steynsburg.

Wagenaar, E 1971. Oom Willem en tant Bettie, in Op die Stormberge. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Wagenaar, E 1974. Jamestown 1874-1974. 'n Feesbrosjure. Queenstown: Daily Representative.

Wagenaar, E 1971. Die vestiging van die Blanke en die Bantoe, in Op die Stormberge. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Wagenaar, E 1971. Louwrens (Louw) Jacobus Wepener, in Op die Stormberge. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Wilkens, I en Strydom, H 1978. The Super-Afrikaners. Johannesburg: Jonathan Ball Publishers.

Woord en Daad: Jaargang 3, no.7, Augustus 1958

Zoeklicht, Het 1923-1932